CONTENTS • INHOUD

No.		Page No.	Gazette No.
	ALGEMENE KENNISGEWING		
70	Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels 2000: Verskeie konsep munisipale verordenings: Vir openbare kommentaar	266	1127

ALGEMENE KENNISGEWING

KENNISGEWING 70 VAN 2007

KHARA HAIS MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING KRAGTENS ARTIKEL 12 (3) (b) VAN DIE WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STELSELS, 2000: PUBLIKASIE VIR OPENBARE KOMMENTAAR: VERSKEIE KONSEP MUNISIPALE VERORDERINGS

Die konsep munisipale verordenings vervat in hierdie kennisgewing, word hierby vir openbare kommentaar gepubliseer. Belangstellendes moet nie later nie as 14 dae na die publikasie van hierdie kennisgewing, skriftelik kommentaar lewer aan—

Die Kantoor van die Munisipale Bestuurder
Privaasak X6003
UPINGTON
8800
Faks: (054) 332-1762
pro@kharahaismunicipality.co.za

E. NTOBA

MUNISIPALE BESTUURDER

INHOUDSOPGAWE

VERORDENINGE

1. Wetstoepassing
2. Begraafplase
3. Beheer oor Aanhou van Honde
4. Beheer oor Aanhou van Diere, Pluimvee en Bye
5. Beheer van Straathandel
6. Beheer oor Advertensietekens en Ontsiering van Voorkante of Fronte van Strate
7. Waterdienste
8. Boubeheer
9. Munisipale Taxistaanplek
10. Elektrisiteit
11. Brandweer
12. Verwydering van Afvalstowwe
13. Karavaanparke
14. Swembad
15. Munisipale Meent
16. Vuurwerke
17. Tariewe, Kredietbeheer en Skuldinvordering
18. Antennestelsels
19. Reglement van Orde

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die voorkoming van misdaad in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

"**motorwag**" 'n persoon wat aan 'n ander persoon op 'n openbare plek of op 'n plek wat gewoonlik deur die publiek of enige deel daarvan gebruik word, ooreenkomstig 'n reëling met so 'n ander persoon, teen vergoeding homself of haarself beskikbaar stel vir die beskerming van voertuie, en het "**motorwagorganisasie**" 'n ooreenstemmende betekenis;

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit;

"**openbare eiendom**" ook 'n brug, gebou, struktuur of vaste aanhegting wat deel uitmaak van 'n openbare plek of wat in, op of by 'n openbare plek voorkom of wat regtens openbare eiendom is;

"**openbare plek**" ook grond, 'n park of oop ruimte, pad, straat, nagstraat of deurgang, brug, gebou of struktuur wat gewoonlik deur die publiek gebruik word, wat die eiendom van die Munisipaliteit is, of waarvan die beheer, tot die volle uitsluiting van die eienaar in die Munisipaliteit gevestig is, of waartoe die inwoners van die Munisipaliteit 'n gemeenskaplike reg of toegang het;

"**straat**" ook 'n sypaadjie; en

"**wetstoepassingsbeampte**" iemand wat by of kragtens die een of ander wet gemagtig word om 'n verordening van die Munisipaliteit te polisieër of toe te pas.

Beskadiging van openbare eiendom verbode

2. Niemand mag openbare eiendom verwyder, beskadig, ontsier, verberg of daarmee peuter nie.

Oppervlakte van strate mag nie geskend word nie

3. Behalwe in die uitvoering van sy of haar ampspligte, mag niemand die oppervlakte van 'n straat merk, verf of op enige manier ontsier nie.

Vertoon van uithangborde, plakkate en baniere beheer

4. (1) Niemand mag -

(a) in, op of by 'n openbare plek; of

(b) op so 'n manier dat dit geredelik sigbaar is van 'n openbare plek,

'n uithangbord, plakkaat of banier wat onwelvoeglik, aanstootlik of onkuis is vertoon nie.

(2) Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en ooreenkomstig die voorwaardes deur die Munisipaliteit bepaal, mag niemand -

(a) op 'n openbare plek; of

(b) op private eiendom (uitgesonderd private eiendom wat gesoneer is vir besigheidsverwante doeleindes of industrieëlverwante doeleindes by of kragtens die een of ander wet, gidsplan, dorpsaanlegskema of titelakte) op so 'n manier dat dit geredelik sigbaar is van 'n openbare plek,

adverteer deur die vertoon van 'n uithangbord, plakkaat of banier nie.

Aanbring van straatnommers

5. Die eienaar of okkupant van 'n beboude perseel moet die straatnommer deur die Munisipaliteit aan die perseel toegesê op 'n opvallende plek wat na die betrokke straat front aanbring, op so 'n manier dat dit geredelik leesbaar is van die straat.

Beskadiging van straatname en straatnommers verbode

6. Niemand mag -

(a) 'n bord waarop 'n straatnaam vertoon word;

(b) 'n straatnommer beoog in artikel 5; of

(c) 'n uithangbord deur die Munisipaliteit gemagtig of opgerig,

beskadig, ontsier, verwyder of onleesbaar maak nie.

Beheer van bedel op of vanaf openbare plekke

7. (1) Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en ooreenkomstig die voorwaardes deur die Munisipaliteit bepaal, mag niemand –

(a) in of vanaf 'n openbare plek bedel of aalmoese insamel nie;

(b) van deur tot deur bedel of aalmoese insamel nie.

(2) Voorwaardes in subartikel (1) beoog moet -

(a) afbakening van die gebied waarbinne die persoon mag bedel of aalmoese insamel;

(b) tye waartydens die persoon mag bedel of aalmoese insamel;

(c) plekke waar die persoon nie mag bedel of aalmoese insamel nie; en

(d) die tydperk (wat nie langer as een jaar mag wees nie) waarvoor die toestemming verleen word,

insluit, maar is nie daartoe beperk nie.

(3) Iemand wat bedel of aalmoese insamel ooreenkomstig 'n geskrewe toestemming in subartikel (1) beoog, moet die toestemming in sy of haar besit hê en dit op versoek toon aan -

(a) iemand wat deur daardie persoon genader word;

(b) enigiemand met 'n klaarblyklike belang in sy of haar optrede; of

(c) 'n wetstoepassingsbeampte.

Beheer oor motorwagte

8. (1) Niemand tree as 'n motorwag op nie tensy –

(a) hy of sy geregistreer is as 'n sekuriteitsdiensverskaffer ingevolge die Wet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2001 (Wet No. 56 van 2001); en

(b) hy of sy in diens is van 'n motorwagorganisasie en in die uitvoering van sy of haar pligte en onder die beheer van daardie organisasie optree.

(2) 'n Motorwagorganisasie lewer nie 'n motorwagdiens nie tensy die organisasie -

(a) vooraf die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit verkry het en optree ooreenkomstig die voorwaardes in die toestemming aangedui;

(b) 'n "sekuriteitsbesigheid" is soos omskryf in die Wet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2001 en voldoen aan die bepalings van artikel 20(2) van die Wet;

(c) toesien dat enige van sy werknemers wat diens as 'n motorwag lewer -

(i) te alle tye behoorlik geregistreer is as 'n sekuriteitsdiensverskaffer ingevolge die Wet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2001; en

(ii) voldoen aan die bepalings van die gedragskode vir sekuriteitsdiensverskaffers bedoel in artikel 28 van die Wet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2001.

(3) Voorwaardes in subartikel (2)(a) beoog moet -

(a) afbakening van die gebied waarbinne die motorwagorganisasie 'n motorwagdiens mag lewer;

(b) tye waartydens die motorwagorganisasie 'n motorwagdiens mag lewer;

(c) plekke waar die motorwagorganisasie nie 'n motorwagdiens mag lewer nie; en

(d) die tydperk (wat nie langer as een jaar mag wees nie) waarvoor die toestemming verleen word,

insluit, maar is nie daartoe beperk nie.

Verbode handelinge met betrekking tot openbare plekke

9. (1) Niemand mag in, op of by 'n openbare plek enige voorwerp of stof -

(a) wat die sindelikheid van die openbare plek mag belemmer; of

(b) wat 'n steurnis of gevaar vir enige mens, dier of voertuig wat die openbare plek gebruik mag veroorsaak,

agterlaat, mors, laat val of neersit nie.

(2) Niemand mag in, op of by 'n openbare plek spoeg, urineer of ontlas nie.

(3) Niemand mag in, op of by 'n openbare plek dronk wees nie.

Inaseming, verskaffing of wegdoening van sekere stowwe verbode

10. (1) Behoudens die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992 (Wet No. 140 van 1992), mag niemand die dampe van gom, 'n hegmiddel of vlugtige stof wat 'n bedwelmende of hallusinerende uitwerking het, inasem nie.

(2) Niemand doen weg met die houer van 'n stof in subartikel (1) bedoel -

(a) deur middel van die munisipale vullisverwyderingstelsel nie; of

(b) deur dit in, op of by 'n openbare plek te los nie.

(3) Behoudens die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992, verskaf niemand, teen betaling of andersins, 'n stof in subartikel (1) bedoel aan enigiemand indien dit redelikerwys duidelik is dat die stof verkry word met die doel om daardie subartikel te oortree nie.

Storting van vullis, agterlaat of ophoping van sekere voorwerpe of stowwe in openbare plekke verbode

11. (1) Niemand stort, vergaar, of laat enige tuinvullis, motorwrak of onderdeel, bourommel, vullis of ander afval agter -

(a) in, op of by 'n openbare plek nie;

(b) behalwe op 'n plek deur die Munisipaliteit vir storting toegewys nie.

(2) Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en ooreenkomstig enige voorwaarde deur die Munisipaliteit bepaal, plaas niemand, of laat toe dat iemand 'n voorwerp of stof in subartikel (1) bedoel vanaf 'n perseel waarvan die persoon die eienaar of okkupeerder is in, op of by 'n openbare plek plaas nie.

Verbode handelinge met betrekking tot bome in openbare plekke

12. (1) Niemand mag –

(a) 'n boom in 'n openbare plek breek of beskadig nie; of

(b) so 'n boom merk of verf nie.

(2) Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, mag niemand -

(a) 'n advertensie op 'n boom in 'n openbare plek vertoon nie;

(b) 'n boom in 'n openbare plek afknot, top, snoei, afsaag of verwyder nie.

Vergader of versperring van strate verbode

13. Behoudens die Wet op die Reëling van Byeenkomste, 1993 (Wet No. 205 van 1993), mag niemand op só 'n manier in 'n straat vergader, sit, lê of stap, dat 'n versperring van die verkeer veroorsaak word of dat enigiemand anders wat die straat gebruik gestamp of verontrief word nie.

Verbodsbepalings met betrekking tot plekke van aanbidding

14. (1) Niemand mag onmiddellik voor, gedurende of na die samekoms, sonder goeie rede, in die onmiddellike nabyheid van 'n plek van aanbidding draal nie.

(2) Niemand mag 'n lidmaat van 'n godsdienstige groep wat 'n samekoms bywoon of wat op pad is na of vertrek vanaf 'n plek van aanbidding treiter, hinder of vertraag nie.

Oorlas verbode

15. Niemand mag in, op of by 'n openbare plek -

(a) onwelvoeglike, aanstootlike of onkuise taal gebruik nie.

(b) rommel of vullis aan die brand steek of verbrand nie;

(c) enigiets wat 'n aanstootlike rook afgee verbrand nie;

(d) 'n aanstootlike reuk veroorsaak nie;

(e) baklei, iemand met geweld dreig of ander mense versteur deur te skree of te argumenteer nie;

(f) buitensporige geraas veroorsaak deur -

(i) te sing nie;

(ii) musiekinstrumente te bespeel nie;

(iii) 'n engin te laat loop nie;

(iv) die gebruik van 'n luidspreker, radio, televisie of soortgelyke toestel nie; of

(v) dit op enige ander manier te maak nie.

Rusverstoring verbode

16. (1) Niemand mag die rus in 'n woongebied versteur deur buitensporige geraas te maak of deur luidrugtig te baklei, te skree of te argumenteer nie.

(2) Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en ooreenkomstig enige voorwaarde wat die Munisipaliteit mag bepaal, mag niemand 'n klapper of enige ander vuurwerk wat 'n harde geraas maak afvuur nie.

(3) Die bepalings van subartikel (1) word nie sò uitgelê dat dit geraas afkomstig van 'n *bona fide* kulturele- of godsdienstige saamtrek verbied nie.

Beheer van adverteer met klankversterkers

17. Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en ooreenkomstig enige voorwaarde wat die Munisipaliteit mag bepaal, mag niemand deur die gebruik van 'n klankversterker op 'n besigheidsperseel en op 'n manier dat dit van 'n openbare plek gehoor kan word -

(a) musiek speel nie; of

(b) 'n mikrofoon of opname gebruik om enige lid van die publiek uit te nooi om die perseel binne te gaan of daar besigheid te doen nie.

Beheer oor werk bedel

18. Behalwe in 'n gebied deur die Munisipaliteit toegewys en gedurende tye deur die Munisipaliteit bepaal, mag niemand in of vanaf 'n openbare plek -

(a) werk bedel nie; of

(b) op enige manier aan 'n lid van die publiek sy of haar bereidwilligheid om teen vergoeding werk te doen of 'n taak te verrig te kenne gee nie.

Beheer oor vertoon van onwelvoeglike beeldmateriaal

19. (1) Uitgesonderd in 'n aparte private lokaal, waartoe toegang alleen verkry kan word deur 'n deur waarop duidelik in drukskrif die woorde "Toegang slegs vir persone van 18 jaar en ouer" aangebring is en wat geleë is binne die betrokke sakeperseel, stal niemand wat sake doen in –

(a) die verkoop, verhuring of vertoning van films; of

(b) die verkoop van publikasies,

'n film of publikasie uit waarvan die houer of buiteblad, na gelang van die geval, 'n tekening, prent, illustrasie, skildery, foto, beeld of kombinasie daarvan bevat wat seksuele gedrag uitbeeld nie.

(2) Vir die doeleindes van subartikel (1) beteken –

"**film**" –

(a) enige reeks visuele beelde wat op enige stof, hetsy 'n film, magnetiese band, skyf of ander materiaal, opgeneem is op so 'n wyse dat daardie beelde deur gebruikmaking van daardie stof as 'n bewegende prent gesien kan word;

(b) die klankbaan verbonde aan en 'n vertoonde illustrasie wat betrekking het op 'n film soos in paragraaf (a) omskryf;

(c) 'n prent wat bestem is om deur middel van 'n meganiese, elektroniese of enige ander toestel vertoon te word;

"**publikasie**" –

(a) 'n koerant, boek, tydskrif, pamflet, aanplakbiljet of ander drukwerk;

(b) 'n geskrif of tikwerk wat op enige wyse gedupliseer is;

(c) 'n tekening, prent, illustrasie of skildery;

(d) 'n afdruk, foto, gravure of litografie;

(e) 'n plaat, magnetiese band, klankbaan, behalwe 'n klankbaan verbonde aan 'n rolprent, of ander voorwerp waarin of waarop klank vir weergawe opgeneem is;

(f) rekenaarprogrammatuur wat nie 'n film is nie;

(g) die omslag of verpakking van 'n film;

(h) 'n afbeelding, kerfwerk, standbeeld of model;

(i) 'n boodskap of mededeling, met inbegrip van 'n visuele aanbieding wat op 'n verspreide netwerk geplaas word, waarby inbegrepe is, maar nie beperk is nie tot, die Internet; en

"**seksuele gedrag**" die vertoon van 'n geslagsorgaan, masturbasie, geslagsverkeer, wat anale geslagsverkeer insluit, die streling, of aanraking met enige voorwerp, van 'n geslagsorgaan, die penetrasie van 'n vagina of 'n anus met enige voorwerp, mondelinge genitale kontak, of mondelinge anale kontak.

(3) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing op iemand bedoel in artikel 24(1) van die Wet op Films en Publikasies, 1996 (Wet No. 65 van 1996), wat die houer is van 'n lisensie om die besigheid van volwasse persele te bedryf, terwyl so iemand op sodanige persele besigheid doen nie.

Parkering van swaar voertuie, sleepwaens of karavane

20. Niemand parkeer –

(a) 'n voertuig met 'n bruto massa van meer as 9000 kg, of 'n sleepwa met 'n bruto massa van meer as 1000 kg, vir langer as 2 uur; of

(b) 'n karavaan vir langer as 24 uur,

in 'n straat nie.

Verspreiding van strooibiljette gereguleer

21. Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, mag niemand –

(a) 'n strooibiljet of soortgelyke advertensiestuk in of op enige voertuig wat in 'n openbare plek geparkeer is plaas of laat plaas nie; of

(b) in of op 'n openbare plek aan enigiemand 'n strooibiljet of soortgelyke advertensiestuk uitdeel of laat uitdeel nie.

Strafbepaling

22. (1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie Verordening of 'n vereiste of voorwaarde daarkragtens oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1) is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

Kort titel

23. Hierdie Verordening heet die Verordening op Wetstoepassing, 2007.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die uitlê en bestuur van begraafplase in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1
Interpretasie

1. Woordomskrywing

HOOFSTUK 2
Uitlê en bestuur van begraafplase

2. Uitlê van begraafplase
3. Amptelike ure
4. Register
5. Nommering van grafte
6. Reservering van grafte en nisse in munisipale begraafplase
7. Oordrag van gereserveerde regte
8. Aantal lyke in 'n enkelgraf in 'n munisipale begraafplaas

HOOFSTUK 3
Begrafnisse

9. Aansoek om 'n begrafnis
10. Begrawing van 'n lyk
11. Begrawing van as
12. Begrawing van 'n kadawer
13. Persone wat buite die gebied van die Munisipaliteit te sterwe kom
14. Afmetings van grafte

HOOFSTUK 4
Verassing

15. Verassing

HOOFSTUK 5
Opgrawing

16. Opgrawing uit 'n munisipale begraafplaas

HOOFSTUK 6
Gedenkwerk

17. Gedenkwerk
18. Grafte voorsien van 'n berm

HOOFSTUK 7
Instandhouding

19. Instandhouding van grafte

HOOFSTUK 8
Algemene gedrag in munisipale begraafplase

20. Algemene gedrag in munisipale begraafplase

HOOFSTUK 9
Privaat begraafplase

21. Uitlê van privaat begraafplase
22. Aansoek vir die uitlê van privaat begraafplase
23. Die Munisipaliteit moet rekord van privaat begraafplase byhou
24. Grond waarop 'n privaat begraafplaas uitgelê is, word alleen vir begrafnisse gebruik
25. Opgrawing van lyke uit privaat begraafplase

HOOFSTUK 10
Diverse

26. Beserings en skade
27. Vuurwapens en tradisionele wapens
28. Strafbepaling en koste
29. Kort titel

HOOFSTUK 1
Interpretasie

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**as**" die oorblyfsels van 'n lyk nadat dit verbrand is;

"**begraafplaas**" grond of deel daarvan, insluitende die geboue en werke daarop, wat behoorlik afgesonder en gereserveer is vir doeleindes van begrafnisse en ook 'n kolumbarium;

"**begrafnis**" die begrawing in die grond of enige ander metode van beskikking oor 'n lyk, as of 'n kadawer op die wyse in hierdie Verordening voorsien;

"**begrafnisorder**" 'n order uitgereik kragtens die bepalings van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet No. 51 van 1992) wat 'n begrafnis magtig;

"**boubeheerbeampte**" iemand wat ingevolge artikel 5 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977), as boubeheerbeampte aangestel is of geag word aangestel te wees;

"**doodgebore**" met betrekking tot 'n kind, dat die kind na 'n binne-baarmoeder bestaan van minstens 26 weke en na 'n volledige geboorte geen teken van lewe getoon het nie;

"**graf**" 'n stuk grond in 'n begraafplaas wat uitgesit, voorberei en gebruik is vir 'n begrafnis;

"**gedenkplaat**" 'n plaat wat op die kolumbarium aangebring word vir identifiseringdoeleindes;

"**gedenkwerk**" enige grafsteen, monument, inskripsie of ander soortgelyke werk of deel daarvan, opgerig of bedoel om opgerig te word op 'n graf of 'n kolumbarium;

"**houer**" 'n persoon aan wie 'n reserveringsertifikaat vir 'n spesifieke graf in 'n munisipale begraafplaas uitgereik is ingevolge artikel 6 of 'n wet herroep by artikel 29;

"**inwoner**" 'n persoon wat tydens sy of haar dood gewoonlik woonagtig was binne die Munisipaliteit of regtens aanspreeklik was vir betaling van eiendomsbelasting, huur, dienstegelde of heffings aan die Munisipaliteit;

"**kind**" (waar die woord gebruik word om 'n lyk te beskryf), 'n lyk wat begrawe word in 'n kis wat in 'n graf vir 'n kind pas, soos in artikel 14 bedoel;

"**kolumbarium**" 'n gedenkmuur of 'n muur van herinnering deur die eienaar van 'n begraafplaas voorsien vir die begrawing van as;

"**lyk**" 'n dooie menslike liggaam en ook die liggaam van 'n doodgebore kind;

"**munisipale begraafplaas**" 'n begraafplaas wat die eiendom is van en deur die Munisipaliteit beheer en van tyd tot tyd vir openbare gebruik beskikbaar gestel word.

"**Munisipale Bestuurder**" die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit;

"**nis**" die holte in 'n kolumbarium voorsien vir die begrawing van as;

"**ontwikkelde gebied**" dié gedeelte van die regsgebied van die Munisipaliteit wat –

(a) deur werklike opmeting in erwe onderverdeel is;

(b) omring is deur opgemete erwe; of

(c) 'n informele nedersetting is;

"**opsigter**" die beampte deur die Munisipaliteit aangestel vir die beheer van en toesig oor 'n munisipale begraafplaas of munisipale begraafplase, en sy gedelegeerdes;

"**privaat begraafplaas**" 'n begraafplaas geleë –

(a) binne die regsgebied van die Munisipaliteit; en

(b) buite 'n ontwikkelde gebied,

wat nie die eiendom is van, of beheer word deur die Munisipaliteit nie, deur die eienaar daarvan van tyd tot tyd beskikbaar gestel vir privaatgebruik en ook 'n enkele graf;

"**Stadsgeneesheer**" die beampte van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit in sodanige posisie aangestel en sy of haar gedelegeerdes;

"**verantwoordelike persoon**" die naaste oorlewende familielid van 'n oorledene of 'n persoon deur sodanige oorlewende gemagtig, of indien die opsigter tevrede is dat sodanige persoon nie bestaan nie of dat die handtekening van sodanige oorlewende of gemagtigde persoon nie betyds verkry sal kan word vir doeleindes van voltooiing van die vereiste aansoekvorms nie, enige ander persoon wat die opsigter tevrede stel betreffende sy identiteit, belang in die begrafnis, vermoë om die voorgeskrewe gelde te betaal en om die toepaslike bepalings van hierdie Verordening na te kom;

"**voorgeskrewe gelde**" die gelde soos van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal; en

"**volwassene**" (waar die woord gebruik word om 'n lyk te beskryf), 'n lyk wat begrawe word in 'n kis wat in 'n graf vir 'n volwassene pas, soos in artikel 14 bedoel.

HOOFSTUK 2
Uitlê en bestuur van begraafplase

Uitlê van begraafplase

2. (1) Die Munisipaliteit kan van tyd tot tyd geskikte munisipale grond binne die Munisipaliteit opsysit en reserveer vir die uitlê en bestuur van 'n munisipale begraafplaas.

(2) Die Munisipaliteit kan, ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk 9, 'n aansoek vir die uitlê en instandhouding van 'n privaat begraafplaas of 'n privaat kolumbarium op privaat grond, oorweeg en goedkeur.

(3) 'n Begraafplaas uitgelê kragtens 'n wet by hierdie Verordening herroep, of wat andersins bestaan het toe hierdie Verordening van krag geword het, word geag kragtens hierdie artikel uitgelê te wees.

(4) Die Munisipaliteit kan binne 'n munisipale begraafplaas, ooreenkomstig 'n goedgekeurde uitlegplan, sodanige gebiede opsysit, reserveer en afbaken as wat die Munisipaliteit dienstig ag vir eksklusiewe gebruik deur lede van 'n besondere godsdiens of kerkverband, of vir die begrawing van volwassenes, kinders, lede van veiligheidsmagte of oorlogshelde, of vir die skepping en bestuur van –

(a) 'n berm area waar gedenkwerk van 'n beperkte grootte opgerig mag word slegs op 'n sement basis deur die Munisipaliteit voorsien op die bo- en onder ente van 'n graf, terwyl die oppervlakte van die graf gelykgemaak word;

(b) 'n monumentale area waar gedenkwerk wat opgerig word die totale graf area beslaan;

(c) 'n semi-monumentale area waar gedenkwerk, sonder 'n beperking op die grootte, opgerig mag word slegs op 'n sement basis by die bo ent van die graf, welke basis nie deur die Munisipaliteit voorsien word nie;

(d) 'n natuurlike gras area waar die oppervlakte van grafte gelykgemaak word en deur middel van nommers geïdentifiseer word wat bo-op grafte aangebring word op so 'n wyse dat 'n grassnyer gebruik kan word om die natuurlike gras te sny sonder beskadiging van die nommers;

(e) 'n tradisionele area waar die oppervlakte van grafte gelykgemaak word, en gedenkwerk nie die totale oppervlakte van 'n graf hoef te beslaan nie, en opgerig mag word op 'n graf wat nie met 'n sement basis voorsien is soos wat by die berm area vereis word nie;

(f) 'n kolumbarium area waar as in 'n nis in 'n gedenkmuur of 'n muur van herinnering wat deur die Munisipaliteit voorsien word, begrawe kan word.

Amptelike ure

3. (1) 'n Munisipale begraafplaas en die opsigter se kantoor is oop gedurende die tye deur die Munisipaliteit bepaal en die begraafplaaskantoor van die opsigter is oop van Maandag tot Vrydag.

(2) Begrafnisse in 'n munisipale begraafplaas vind plaas op die dae en gedurende die tye deur die Munisipaliteit bepaal.

(3) Die Munisipaliteit het die reg om 'n munisipale begraafplaas of enige gedeelte daarvan vir die publiek te sluit vir sodanige periodes en vir sodanige redes as wat die Munisipaliteit mag goeddunk.

(4) Niemand mag in 'n munisipale begraafplaas wees of daarin teenwoordig bly voor of na die tye deur die Munisipaliteit bepaal, of gedurende enige periode wat dit vir die publiek gesluit is, sonder die toestemming van die opsigter nie.

Register

4. 'n Register van grafte en begrafnisse word deur die opsigter van 'n munisipale begraafplaas bygehou en sodanige register word so ver as moontlik onmiddellik na die uitvoering van 'n begrafnis ingevul met verwysing na die voorgeskrewe besonderhede vervat in die toepaslike begrafnisorder.

Nommering van grafte

5. (1) Alle grafte in 'n munisipale begraafplaas wat geokkupeer word, of waarvoor 'n begrafnis gemagtig is ingevolge die bepalings van artikel 9, word deur die Munisipaliteit genommer.

(2) Die nommer word op 'n graf aangebring en word aangedui op 'n plan wat in die kantoor van die opsigter beskikbaar gehou word.

Reservering van grafte en nisse in munisipale begraafplase

6. (1) Iemand wat 'n spesifieke graf vir latere gebruik in 'n munisipale begraafplaas wil reserveer, doen by die opsigter van daardie begraafplaas aansoek, en die aansoek –

(a) word skriftelik op die vorm deur die Munisipaliteit voorsien gedoen; en

(b) gaan vergesel van die voorgeskrewe gelde.

(2) Die Munisipaliteit staan die aansoek toe of weier dit.

(3) Indien die aansoek toegestaan word, reik die Munisipaliteit 'n reserveringsertifikaat aan die aansoeker uit waarin die voorwaardes waar behoudens die sertifikaat uitgereik is aangedui word.

(4) Indien die Munisipaliteit die aansoek weier, dui hy die redes vir sy weiering skriftelik aan en stuur die gelde in subartikel (1)(b) genoem aan die aansoeker terug.

(5) Die reservering van 'n graf gedoen kragtens 'n wet by artikel 29 herroep en in die amptelike rekords van die Munisipaliteit opgeteken, word geag kragtens hierdie artikel gedoen te wees.

(6) Die bepalings van subartikels (1) tot (5) geld *mutatis mutandis* ten opsigte van die reservering van 'n spesifieke nis in 'n munisipale kolumbarium.

Oordrag van gereserveerde regte

7. (1) 'n Gereserveerde reg soos in artikel 6 bedoel, mag nie sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit oorgedra word nie.

(2) Aansoek om sodanige reg oor te dra, moet skriftelik by die opsigter gedoen word deur die voltooiing en inhandiging van 'n voorgeskrewe aansoekvorm.

(3) Indien die aansoek goedgekeur word, word 'n sertifikaat ten gunste van die oordragnemer uitgereik, wat sodoende die houer word.

(4) 'n Gereserveerde reg kan op versoek van die houer daarvan gekanselleer word en as die versoek deur die Munisipaliteit toegestaan word, word die bedrag deur die houer betaal (indien daar is), min 10 % administrasiefooi aan die houer terugbetaal.

Aantal lyke in 'n enkelgraf in 'n munisipale begraafplaas

8. (1) Slegs een lyk mag in 'n graf met mates soos in artikel 14(1) of (2) bedoel, begrawe word.

(2) Slegs twee lyke mag in 'n graf met mates soos in artikel 14(4) bedoel, begrawe word: Met dien verstande dat aansoek vir die begrawe van twee lyke in skrif by die opsigter gemaak is deur inhandiging van 'n aansoek bedoel in artikel 9(1) alvorens die eerste lyk begrawe is.

(3) Na die oopmaak van 'n graf vir doeleindes van die begrawe van'n tweede lyk soos bedoel in subartikel (2) in daardie graf, moet 'n sementlaag van nie minder as 25 mm dik gegiet word bo die kis wat voorheen begrawe is.

(4) Indien by die oopmaak van enige graf, deur die Stadsgeneesheer gevind word dat die grond aanstootlik of gevaarlik vir die algemene gesondheid van mense is, word die situasie in oorleg met die Stadsgeneesheer hanteer.

HOOFSTUK 3
Begrafnisse

Aansoek vir 'n begrafnis

9. (1) 'n Aansoek om toestemming vir 'n begrafnis in 'n munisipale begraafplaas word op die voorgeskrewe aansoekvorm by die opsigter gedoen en gaan vergesel van –

(a) die voorgeskrewe begrafnisorder;

(b) die voorgeskrewe gelde; en

(c) die reserveringsertifikaat, indien van toepassing.

(2) Niemand mag in enige ander plek in die Munisipaliteit as in 'n munisipale begraafplaas, 'n begrafnis of die begrawing van as of 'n kadawer onderneem, laat plaasvind of toelaat tensy die toestemming van die Munisipaliteit vooraf verkry is nie.

(3) Aansoek om toestemming vir 'n begrafnis moet by die opsigter van 'n munisipale begraafplaas ingedien word minstens 24 werksure voor die beplande begrafnis, by gebreke waaraan die opsigter die aansoek kan afkeur.

(4) Geen persoon mag 'n begrafnis in 'n munisipale begraafplaas onderneem, laat plaasvind of toelaat tensy skriftelike goedkeuring vir die begrafnis verkry is, 'n spesifieke graf toegeken is vir doeleindes van die begrafnis en 'n datum en tyd vir die begrafnis met die opsigter gereël is nie.

(5) Die opsigter neem die gewoontes en geloof of kerkverband van die familie van die oorledene in ag by toekenning van die datum en tyd van die begrafnis.

(6) Die toekenning van 'n spesifieke graf is die alleen verantwoordelikheid van die opsigter, en 'n begrafnis word slegs uitgevoer in 'n graf deur hom of haar toegeken: Met dien verstande dat by die toekenning van 'n graf, die opsigter so ver as prakties moontlik aan die verantwoordelike persoon toegang moet verleen tot 'n plan van die begraafplaas waarin die verskillende afdelings aangedui word, en hom of haar toelaat om die afdeling van sy of haar keuse, maar nie die graf van sy of haar keuse nie, te kies.

(7) Die Munisipaliteit kan volgens sy diskresie 'n begrafnis sonder betaling van die voorgeskrewe gelde en op sodanige wyse as wat die Munisipaliteit goedvind toelaat in 'n deel van 'n munisipale begraafplaas opsygesit vir sodanige doeleindes.

(8) Kennisgewing van die kansellasie of uitstel van 'n begrafnis, word minstens 4 werksure voor die tyd gereël vir die begrafnis, aan die opsigter gegee.

(9) Die verlening van toestemming vir 'n begrafnis en die toekenning van 'n spesifieke graf in 'n begraafplaas, verleen nie aan die aansoeker, die verantwoordelike persoon of enige ander persoon enige reg ten opsigte van sodanige graf anders dan om 'n lyk in die graf te begrawe nie.

Begrawing van 'n lyk

10. (1) Alle grafte in 'n munisipale begraafplaas word deur die opsigter voorberei, uitgesonderd grafte wat met bakstene of beton uitgevoer word, in welke geval die messelwerk of betonwerk deur die ondernemer onder die toesig van die opsigter en ooreenkomstig die spesifikasie wat vir gewone grafte geld, verrig word.

(2) Daar moet minstens 1200 mm grond wees tussen die bokant van 'n kis van 'n volwassene en die grondoppervlakte, en minstens 900 mm grond tussen die bokant van 'n kis van 'n kind en die grondoppervlakte.

(3) Alle lyke moet in 'n kis geplaas word vir doeleindes van die begrafnis, behalwe soos voosien vir die Moslem gemeenskap.

(4) Niemand mag sonder die voorafverkreë toestemming van die opsigter, enige godsdienstige plegtigheid of diens volgens die kerkgebruik van enige kerkgenootskap in enige gedeelte van enige munisipale begraafplaas, wat deur die Munisipaliteit ingevolge artikel 2(4) vir die gebruik van 'n ander kerkgenootskap gereserveer is, hou nie.

(5) Geen persoon mag toelaat dat 'n lykswa die paaie wat in 'n munisipale begraafplaas voorsien is verlaat nie en 'n lykswa moet 'n begraafplaas so gou moontlik na afloop van die begrafnis waarvoor dit gebruik is verlaat.

(6) Elkeen wat aan 'n begrafnisstoet of –plegtigheid deelneem, moet aan die aanwysings van die opsigter gehoor gee ten opsigte van die roete wat binne 'n munisipale begraafplaas gevolg moet word.

(7) Niemand vervoer 'n lyk of lê enige deel daarvan bloot op 'n onbetaamlike wyse in 'n straat, begraafplaas of publieke plek nie.

(8) Elke aansoek, en elke dokument in verband met 'n begrafnis in 'n munisipale begraafplaas moet gemerk word met 'n nommer wat ooreenstem met die nommer in die register waarna in artikel 4 verwys word, en moet deur die Munisipaliteit geliasseer en bewaar word vir 'n periode van nie minder as 10 jaar nie.

Begrawing van as in munisipale begraafplase

11. (1) As kan in 'n kis in 'n munisipale begraafplaas begrawe word, en slegs twee sodanige kiste wat as bevat mag in 'n ekstra diep graf begrawe word, soos bedoel in artikel 14(4): Met dien verstande dat 'n kis nie die gemiddelde liggaamsgewig van 70 kg mag oorskrei nie, en verdermeer dat die graf aangepas word tot die voorgeskrewe diepte en afmetings.

(2) Geen persoon mag 'n begrafnis van as in 'n munisipale begraafplaas onderneem, laat plaasvind of toelaat tensy die skriftelike goedkeuring vir die begrafnis verkry is, 'n spesifieke graf of nis toegeken is vir doeleindes van die begrafnis en 'n datum en tyd vir die begrafnis met die opsigter van die munisipale begraafplaas gereël is nie.

(3) Aansoek vir die begrawing van as vir 'n spesifieke tyd of onbepaald, of vir die voorsiening van 'n gedenkplaat van goedgekeurde materiaal om aangebring te word op 'n gebou, kolumbarium of ander fasiliteit, word by die opsigter van die munisipale begraafplaas op die voorgeskrewe vorm gedoen.

(4) Behoudens artikel 6, word nisse deur die opsigter van die munisipale begraafplaas toegeken streng ooreenkomstig die volgorde waarin die aansoeke daarvoor ontvang is.

(5) Aansoek om toestemming vir die begrawing van as moet ten minste 24 werksure voor die beplande begrafnis ingedien word, by gebreke waaraan die opsigter die aansoek kan afkeur.

(6) 'n Kruik of kissie wat as bevat wat in 'n gebou, kolumbarium of ander fasiliteit van die Munisipalieteit gedeponeer is, mag nie verwyder word sonder dat die skriftelike toestemming van die opsigter vooraf verkry is nie.

(7) Elke nis wat as bevat word geseël deur middel van 'n plaat wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, en word slegs oopgemaak vir doeleindes van die onttrekking van die kruik of kissie daarin vir beskikking daaroor elders, of vir doeleindes van die deponering van 'n addisionele kruik of kissie daarin, waarna dit weer geseël word.

(8) Aansoek vir die oopmaak van 'n nis word by die opsigter van die munisipale begraafplaas op die voorgeskrewe aansoekvorm gedoen.

(9) Niemand bring enige materiaal in 'n kolumbarium vir doeleindes van die konstruksie of oprigting van enige gedenkwerk daarin, tensy en totdat –

(a) goedkeuring vir die begrafnis verkry is ooreenkomstig die bepalings van artikel 9 nie;

(b) goedkeuring vir die oprigting van die gedenkwerk verkry is ooreenkomstig die bepalings van artikel 17(1) nie; en

(c) die voorgeskrewe gelde betaal is nie.

(10) Enigeen wat betrokke is by werk in die kolumbarium, voer sodanige werk tot die tevredenheid van die opsigter uit, en sodanige werk word gedurende die amptelike ure van die opsigter onderneem soos in artikel 3 uiteengesit.

(11) Geen permanente kranse, ruikers, blomme of blomme-huldeblyke mag in of op 'n kolumbarium geplaas word nie.

(12) Die kolumbarium mag daagliks besoek word gedurende die amptelike ure uiteengesit in artikel 3.

(13) Gedenkplate moet gemaak word van materiaal wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, en moet opgerig word gelyktydig met die plasing van die as, en binne 30 dae nadat goedkeuring verkry is.

Begrawing van 'n kadawer

12. Die oorblyfsels van 'n lyk wat gebruik is by 'n opvoedkundige inrigting vir die opvoeding van studente, algemeen bekend as 'n kadawer, mag in een kis begrawe word en twee sodanige kiste wat kadawers bevat mag in 'n ekstra diep graf begrawe word, soos bedoel in artikel 14(4): Met dien verstande dat 'n kis nie die gemiddelde liggaamsgewig van 70 kg mag oorskrei nie, en verdermeer dat die graf aangepas word tot die voorgeskrewe diepte en afmetings.

Persone wat buite die gebied van die Munisipaliteit te sterwe kom

13. Die bepalings van hierdie Verordening geld *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n begrafnis in 'n begraafplaas van 'n persoon wat buite die Munisipaliteit te sterwe gekom het.

Afmetings van grafte

14. (1) Die uitgrawing van 'n graf vir 'n volwassene moet minstens 1820 mm diep, 2300 mm lank en 760 mm wyd wees.

(2) Die uitgrawing van 'n graf vir 'n kind moet minstens 1370 mm diep, 1520 mm lank en 610 mm wyd wees.

(3) Indien 'n groter, langer of wyer graf as dié hierbo gespesifiseer verlang word, moet sodanige aansoek, tesame met die verskuldigde bykomende voorgeskrewe gelde, saam met die aansoek om toestemming vir die begrafnis by die opsigter van die munisipale begraafplaas ingehandig word.

(4) Die uitgrawing vir 'n ekstra diep graf vir die begrawing van twee lyke, moet ten minste 2400 mm diep, 2300 mm lank en 760 mm wyd wees.

(5) Toegelate afwyking van afmetings vir grafte is soos volg:

Ekstra wyd	2300 mm lank 840 mm wyd
Ekstra lank	2530 mm lank 760 mm wyd
Reghoekig klein	2300 mm lank 810 mm wyd
Reghoekig groot	2400 mm lank 900 mm wyd

Steenmesselwerk	2600 mm lank 1050 mm wyd

(6) Die oppervlakte van 'n reghoekige graf vir 'n volwassene is 1500 mm wyd en 2600 mm lank.

(7) Die oppervlakte van 'n graf vir 'n volwassene is 1210 mm wyd en 2430 mm lank.

(8) Die oppervlakte van 'n graf vir 'n kind is 1210 mm wyd en 1520 mm lank, en indien die kis te groot is, moet 'n graf vir 'n volwassene gebruik word.

HOOFSTUK 4
Verassing

Verassing

15. Verassing binne die Munisipaliteit geskied slegs in 'n goedgekeurde krematorium wat vir die doel opgerig is, en ooreenkomstig die bepalings van die Verassingsordonnansie, 1926 (Ordonnansie No. 6 van 1926).

HOOFSTUK 5
Opgrawing

Opgrawing uit 'n munisipale begraafplaas

16. (1) Niemand grawe sonder die skriftelike magtiging bedoel in artikel 3 van die Ordonnansie op die Opgrawing van Menslike Oorskot, 1980 (Ordonnansie No. 12 van 1980), en dan alleen nadat die Munisipaliteit sodanig ingelig is, 'n lyk op of onderneem die opgrawing of laat toe dat 'n lyk of die oorblyfsels daarvan opgegrawe word uit 'n munisipale begraafplaas nie.

(2) Enige persoon behoorlik daartoe gemagtig om 'n lyk op te grawe soos hierbo uiteengesit, moet sodanige magtiging aan die opsigter voorsien ten minste 8 werksure voor die tyd voorgestel vir die opgrawing van die lyk en moet terselfdertyd die voorgeskrewe gelde betaal.

(3) Die opgrawing en verwydering van 'n lyk uit 'n munisipale begraafplaas geskied alleenlik in die teenwoordigheid van die opsigter of 'n gemagtigde begraafplaaspersoneellid, vergesel van die begrafnisondernemer en ooreenkomstig die wetgewing van toepassing op opgrawings en herbegrawings.

(4) 'n Graf waaruit 'n lyk verwyder gaan word, moet indien so deur die opsigter vereis, effektief van die publieke oog afgeskerm word vir die duur van die opgrawing.

(5) Die persoon wat om die opgrawing van 'n lyk aansoek gedoen het, moet 'n aanvaarbare houer voorsien waarin die oorblyfsels van die lyk geplaas moet word, en moet sodanige oorblyfsels na die opgrawing verwyder.

(6) Niemand word toegelaat om 'n graf in 'n munisipale begraafplaas weer oop te maak tensy hy of sy die opsigter tevrede gestel het dat hy of sy daartoe gemagtig is nie.

(7) Na die opgrawing en verwydering van die oorblyfsels van 'n lyk uit 'n munisipale begraafplaas, val alle regte tot die graf in 'n munisipale begraafplaas die Munisipaliteit toe en die hergebruik van die graf word in oorleg met die Stadsgeneesheer gedoen.

(8) Indien dit op enige stadium en vir welke rede ookal nodig word om 'n lyk op te grawe en na 'n ander graf oor te plaas, mag die Munisipaliteit, nadat die familie van die oorledene ooreenkomstig ingelig is, die lyk opgrawe en oorplaas na 'n ander graf.

HOOFSTUK 6
Gedenkwerk

Gedenkwerk

17. (1) Aansoek vir die oprigting van gedenkwerk word by die opsigter van die munisipale begraafplaas gedoen op die voorgeskrewe aansoekvorm.

(2) Die oprigting van traliewerk om 'n graf is verbode.

(3) Niemand bring enige materiaal in 'n begraafplaas in of laat toe dat dit ingebring word vir doeleindes van die konstruksie of oprigting van enige gedenkwerk daarin, tensy en totdat –

(a) goedkeuring vir die begrafnis verkry is ooreenkomstig die bepalings van artikel 9 nie;

(b) goedkeuring vir die oprigting van die gedenkwerk verkry is ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) nie; en

(c) die voorgeskrewe gelde betaal is nie.

(4) Grafte van oorloggesneuweldes wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Oorlogsgrafte of enige ander erkende liggaam of deur die regering van 'n vreemde land versorg of onderhou word, kan na aansoek by die Munisipaliteit van die vereiste betaling van die voorgeskrewe gelde vrygestel word.

(5) Die Munisipaliteit kan weier om toestemming te verleen vir enige voorgestelde werk in verband met 'n gedenksteen waarvan die plan en spesifikasie aan die lig bring dat dit van minderwaardige gehalte sal wees of 'n begraafplaas moontlik kan ontsier, of wat 'n grafskrif daarop het wat aanstoot mag gee aan gebruikers van die munisipale begraafplaas of besoekers daarvan.

(6) Geen persoon wat in 'n munisipale begraafplaas besig is met enige werk in verband met 'n gedenksteen, mag op engie stadium 'n aangrensende grafperseel versteur nie en na voltooiing van sodanige werk laat hy of sy die graf en die begraafplaas in 'n skoon en netjiese toestand en verwyder alle boumateriaal of oortollige grond vanaf die begraafplaas.

(7) Iemand wat werk in 'n munisipale begraafplaas verrig in verband met die oprigting van 'n gedenksteen, moet –

(a) vooraf reëlings met die opsigter tref rakende die datum en tyd van die beplande oprigting;

(b) alle afsonderlike dele van enige gedenksteen behalwe messelwerk, vasheg met koper- of gegalvaniseerde yster tappenne, wat lank en dik genoeg is om die permanente stewigheid van die werk te verseker;

(c) enige deel van sodanige werk wat op klip of 'n ander fondament rus, redelik haaks afwerk en voeg;

(d) seker maak dat die onderkant van elke plat klip-gedenksteen, en die basis of platform van elke grafsteen minstens 50 mm onderkant die natuurlike vlak van die grond is;

(e) alle grafstene stewig aan die basisse vasheg;

(f) seker maak dat gedenkstene in alle gevalle uit een soliede stuk bestaan;

(g) seker maak dat alle grafstene van graniet, marmer of brons of sodanige ander duursame staal of steen deur die Munisipaliteit goedgekeur is;

(h) seker maak dat alle randstene of gedenkwerk op grafte op betonfondamente opgerig word wat, in die geval van grafte vir volwassenes, minstens 1210 mm breed en 200 mm diep oor die hele breedte is en 910 mm breed en 200 mm diep oor die hele breedte in die geval van kindergrafte is;

(i) seker maak dat die grootte van 'n monumentale grafsteen (alles insluitend) soos volg is:

Enkelgraf	2440 mm lank 1070 mm wyd
Kindergraf	1370 mm lank 760 mm wyd
Dubbelgraf	2440 mm lank 2290 mm wyd;

(j) alle randstene op grafte groter as enkelgrafte by die vier hoeke en by alle laste op soliede betonlae bevestig;

(k) enige beton fondament op enige graf, indien dit as gevolg van die gewig van die gedenkwerk nodig geag word, op instruksie van die Munisipaliteit versterk.

(8) Geen persoon mag enige gedenkwerk binne enige munisipale begraafplaas oprig nie, tensy die nommer en blokletter van die graf waarop sodanige werk geplaas moet word, daarop gegraveer is op 'n plek waar dit ten alle tye vanaf die voetpad leesbaar is en alleen met die toestemming van die familie van die oorledene, mag die naam van die maker van sodanige gedenkwerk op die voetsteen aangebring word.

(9) Gedenkwerk mag slegs gedurende die amptelike kantoorure soos in artikel 3 bedoel, in 'n munisipale begraafplaas opgerig word.

(10) Geen persoon mag enige gedenkwerk in 'n munisipale begraafplaas oprig of plaas in ongure weer of indien die grond in 'n ongeskikte toestand is.

(11) Elke persoon wat werk in 'n munisipale begraafplaas uitvoer, kom onder alle omstandighede die instruksies van die opsigter na.

(12) Die Munisipaliteit mag, na behoorlike kennisgewing, te enige tyd die posisie van enige gedenkwerk in 'n munisipale begraafplaas verander of wysig, onderhewig daaraan dat waar die gedenkwerk oorspronklik in daardie posisie geplaas is, met die uitdruklike toestemming van die opsigter, enige verandering van daardie posisie ingevolge die bepalings van hierdie Verordening op koste van die Munisipaliteit geskied.

Grafte voorsien van 'n berm

18. (1) Nieteenstaande enigiets tot die teendeel in hierdie Verordening vervat, is 'n graf wat van 'n berm voorsien is, onderhewig aan die voorwaardes in subartikel (2) uiteengesit.

(2) (a) Geen randsteen mag by sodanige graf aangebring word nie.

(b) Die berm deur die Munisipaliteit voorsien, moet 1200 mm lank, 500 mm breed en 300 mm diep wees.

(c) Die basis van die gedenkwerk wat op die berm van 'n enkelgraf opgerig gaan word, mag nie groter wees nie as 1000 mm lank en 230 mm breed en die gedenkwerk, tesame met die basis, mag nie hoër as 1200 mm vanaf die grond wees nie.

(d) Gedenkwerk mag nie verby die basis van die berm steek nie.

(e) Geen voorwerp mag op 'n graf geplaas en gehou word nie: Met dien verstande dat gedenkwerk of 'n vaas vir blomme of lower wat in die opening wat in die berm voorsien is, geplaas is op 'n graf geplaas en gehou mag word totdat die grondoppervlakte bo-op die graf gelykgemaak is.

HOOFSTUK 7
Instandhouding

Instandhouding van grafte

19. (1) (a) Gedenkwerk wat op enige graf opgerig is, moet te alle tye deur die verantwoordelike persoon in goeie orde en toestand gehou word.

(b) Indien enige sodanige gedenkwerk toegelaat word om te verval of om gevaarlik te word of die munisipale begraafplaas ontsier, kan die Munisipaliteit by wyse van 'n skriftelike kennisgewing per aangetekende pos, wat aan die verantwoordelike persoon by sy of haar jongsbekende posadres gerig is, van hom of haar eis om sodanige herstelwerk te doen as wat nodig geag word.

(c) By versuim om die vereiste herstelwerk binne 1 maand vanaf die datum van sodanige kennisgewing te doen, kan die Munisipaliteit na goeddunke, die herstelwerk laat doen of die gedenkwerk laat verwyder, en die koste van sodanige herstelwerk of verwydering van die verantwoordelike persoon verhaal.

(2) Tensy anders in hierdie Verordening voorsien, is die Munisipaliteit verantwoordelik om munisipale begraafplase in 'n skoon en netjiese toestand te hou.

(3) Gras mag deur die naasbestaandes van 'n oorledene op 'n graf geplant word, onderhewig aan die instruksies van die opsigter: Met dien verstande dat die Munisipaliteit 'n graf, as deel van 'n begraafplaas, op eie koste en in ooreenstemming met sy eie standaarde en programme onderhou.

(4) (a) Alle gedenkwerk wat uitmekaar gehaal is vir doeleindes van 'n verdere begrafnis, moet binne 2 maande na die datum van sodanige uitmekaarhaal, heropgerig of verwyder word.

(b) By versuim om hieraan te voldoen, kan die Munisipaliteit sonder enige verdere kennisgewing, die uitmekaargehaalde gedenkwerk vanuit die begraafplaas verwyder, en die koste vir die verwydering van die verantwoordelike persoon verhaal.

(5) Niemand mag enige boom, struik, bos of enige ander plant op of in die omgewing van 'n graf aanplant nie.

(6) Die Munisipaliteit kan enige plant wat verby die grense van enige graf strek of wat onnet is, verwyder, snoei of knip.

(7) Niemand laat enige blom, gras, saad of enige ander materiaal wat vanaf 'n graf verwyder is, op enige ander graf, in die pad of op enige ander plek in 'n begraafplaas, behalwe in 'n afvalhouer vir die doel voorsien, agter nie.

HOOFSTUK 8
Algemene gedrag in munisipale begraafplase

Algemene gedrag in munisipale begraafplase

20. (1) Tensy onder die sorg van 'n volwassene of met die goedkeuring van die opsigter, gaan niemand onder die ouderdom van 12 jaar 'n munisipale begraafplaas binne nie.

(2) Niemand gaan 'n munisipale begraafplaas binne of verlaat dit, behalwe deur die hekke vir die doel voorsien, en niemand gaan enige kantoor of geslote ruimte in enige begraafplaas binne, behalwe om sake te doen of met die toestemming van die opsigter nie.

(3) Niemand lê 'n vals verklaring af of verstrek vals inligting in 'n aansoek of enige ander vorm of dokument wat ingevolge die bepalings van hierdie Verordening voltooi en ingehandig moet word nie.

(4) Niemand verrig of beoefen binne enige munisipale begraafplaas of enige publieke plek binne 30 m vanaf die grens van 'n begraafplaas, enige handelsberoep of smousaktiwiteit of werf bestellings vir enige besigheid, of mag enige besigheidskaart of advertensie vertoon, versprei of agterlaat nie, behalwe met die skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit en op sodanige voorwaardes wat die Munisipaliteit mag bepaal.

(5) Niemand mag op of oor enige grafsteen, gedenkwerk, hek, muur, heining of gebou in enige munisipale begraafplaas sit, staan of klim nie.

(6) Niemand mag enige betoging van welke aard ookal in 'n munisipale begraafplaas hou, dit toelaat of daaraan deelneem nie.

(7) Niemand mag enige dier in 'n munisipale begraafplaas inbring of toelaat dat dit ingebring word nie, en enige dier wat in 'n begraafplaas aangetref word, kan geskut word.

(8) Voorskrifte uitgereik deur die opsigter ten einde die ordelike verloop van die verrigtinge in 'n munisipale begraafplaas betreffende die plasing van strukture, stoele, mikrofoon-toerusting en die tipe musiek wat gespeel mag word te verseker, moet nagekom word.

(9) Niemand mag binne enige munisipale begraafplaas, die opsigter of enige beampte van die Munisipaliteit in die uitoefening van sy of haar amptelike pligte verhinder, weerstaan of teenwerk nie, of weier om enige redelike opdrag van die opsigter of enige beampte van die Munisipaliteit na te kom nie.

(10) Niemand verwyder enige grond, sand of ander stof of ding van 'n soortgelyke aard vanuit 'n munisipale begraafplaas sonder die uitdruklike toestemming van die opsigter nie.

(11) Niemand mag enige graf, grafsteen, monument, muur, gebou, heining, pad of ander verbetering binne enige munisipale begraafplaas roekeloos of moedswillig vernietig of beskadig of laat beskadig nie, of enige advertensie, plakkaat of aanplakbiljet daarop aanbring, teken of oprig nie of dit op enige ander manier skend nie.

(12) Niemand mag enige beampte van die Munisipaliteit met geld, geskenke of enige ander voordeel omkoop of poog om hom of haar om te koop in verband met enige aangeleentheid wat met 'n begraafplaas verbandhou nie.

(13) Niemand mag sonder die toestemming van die opsigter, enige grond binne 'n munisipale begraafplaas verstoor of enige plant, struik of blomplant ontwortel of op enige manier met enige graf of verbetering peuter nie, tensy dit uitdruklik in hierdie Verordening toegelaat word.

(14) Niemand mag enige spel of sport binne 'n munisipale begraafplaas speel, of enige vuurwapen daarbinne afvuur, behalwe as 'n saluut by 'n militêre begrafnis, of enige windbuks of rekker afskiet, of enigiemand binne sodanige begraafplaas hinder of lasting val nie.

(15) Geen musiekinstrument mag in 'n munisipale begraafplaas bespeel word sonder die toestemming van die opsigter nie.

HOOFSTUK 9
Privaat begraafplase

Uitlê van privaat begraafplase

21. (1) Die eienaar van grond geleë buite 'n ontwikkelde gebied kan, met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en behoudens die voorwaardes deur die Munisipaliteit bepaal, 'n privaat begraafplaas op die grond uitlê: Met dien verstande dat 'n privaat begraafplaas wat slegs uit 'n kolumbarium bestaan, ook binne 'n ontwikkelde gebied uitgelê kan word.

(2) 'n Bestaande privaat begraafplaas word geag uitgelê te wees kragtens subartikel (1).

(3) Die eienaar van grond waarop 'n privaat begraafplaas geleë is, is verantwoordelik om daardie begraafplaas in 'n skoon en netjiese toestand te hou.

Aansoek vir die uitlê van privaat begraafplase

22. (1) Die eienaar van grond geleë buite 'n ontwikkelde gebied, van voorneme om 'n privaat begraafplaas op die grond uit te lê –

(a) rig sy of haar aansoek aan die Munisipale Bestuurder op die vorm deur die Munisipaliteit voorsien;

(b) voorsien die Munisipale Bestuurder van 'n plan wat –

(i) die ligging van die voorgestelde privaat begraafplaas op die betrokke stuk grond aantoon; en

(ii) die detailuitleg, wat die presiese ligging en nommer van elke graf van die voorgestelde privaat begraafplaas aantoon, bevat; en

(c) voorsien die verdere inligting wat die Munisipale Bestuurder mag verlang.

(2) Die Munisipale Bestuurder verwys die aansoek na die boubeheerbeampte, wat 'n inspeksie van die onderhawige grond doen of laat doen en 'n aanbeveling aangaande die aansoek aan die Munisipaliteit maak.

(3) Nadat die Munisipaliteit die aanbeveling van die boubeheerbeampte oorweeg het -

(a) verleen hy die toestemming in artikel 21(1) bedoel; of

(b) weier die aansoek, met opgaaf van redes,

en verwittig dadelik die aansoeker per brief dienooreenkomstig.

(4) Die eienaar van grond waarop 'n privaat begraafplaas geag word uitgelê te wees kragtens artikel 21(1) moet, ten opsigte van daardie begraafplaas, binne 'n jaar na die inwerkingtreding van hierdie Verordening, die Munisipaliteit voorsien van –

(a) die plan in subartikel (1)(b) bedoel; en

(b) 'n verklaring waarin die naam van die oorledene in elke graf begrawe vermeld word, indien dit aan die eienaar bekend is.

Die Munisipaliteit moet rekord van privaat begraafplase byhou

23. (1) Die Munisipaliteit hou behoorlik rekord van alle privaat begraafplase, uitgelê of geag uitgelê te wees, binne sy regsgebied.

(2) Die Munisipaliteit werk die rekords van privaat begraafplase binne sy regsgebied by ten opsigte van -

(a) elke nuwe graf deur die eienaar van grond tot 'n privaat begraafplaas toegevoeg wat nie reeds op die plan in artikel 22(1)(b)(ii) bedoel aangetoon word nie;

(b) elke begrafnis wat in 'n privaat begraafplaas plaasvind.

(3) Die eienaar van grond waarop 'n privaat begraafplaas geleë is, voorsien die Munisipaliteit binne 7 dae nadat 'n begrafnis plaasgevind het, van die besonderhede in subartikel (2) genoem, tesame met 'n afskrif van die begrafnisorder en 'n verklaring waarin die nommer van die graf waarin die oorledene begrawe is aangedui word.

Grond waarop 'n privaat begraafplaas uitgelê is, word alleen vir begrafnisse gebruik

24. 'n Privaat begraafplaas word alleen vir begrafnisse gebruik, behalwe waar die Munisipaliteit skriftelik toestemming aan die eienaar van die grond gee om die gebruik van die privaat begraafplaas vir begrafnisse te staak en bepaal hoe daar verder oor die stoflike oorskot van mense in die begraafplaas begrawe, beskik moet word.

Opgrawing van lyke uit privaat begraafplase

25. Niemand mag, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en behoudens enige wet wat die opgrawing van lyke reël, 'n lyk uit 'n privaat begraafplaas opgrawe nie.

HOOFSTUK 10
Diverse

Beserings en skade

26. Iemand wat 'n munisipale begraafplaas gebruik, doen dit op eie risiko, en die Munisipaliteit aanvaar geen aanspreeklikheid hoegenaamd vir enige persoonlike beserings wat so 'n persoon mag opdoen nie of vir enige verlies van of skade aan so 'n persoon se eiendom wat in verband staan met of voortspruit uit die voormelde gebruik van 'n begraafplaas nie.

Vuurwapens en tradisionele wapens

27. Geen vuurwapen of tradisionele wapen word by 'n munisipale begraafplaas toegelaat nie.

Strafbepaling en koste

28. (1) Iemand wat enige bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding deur 'n hof, strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n periode van nie meer as 3 jaar nie, of met beide so 'n boete en daardie gevangenisstraf.

(2) Enige koste wat deur die Munisipaliteit aangegaan is as gevolg van 'n oortreding van hierdie Verordening, of by die doen van enigiets wat iemand by of kragtens enige sodanige bepaling van die Verordening opgedra is om te doen, wat hy of sy versuim het om te doen, kan deur die Munisipaliteit verhaal word van die persoon wat die oortreding begaan het of versuim het om sodanige ding te doen.

Kort titel

29. Hierdie Verordening heet die Verordening op Begraafplase, 2007.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir beheer oor die aanhou van honde in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**aanhou**" met betrekking tot 'n hond, om toesig of beheer daaroor te hê of om dit in bewaring te hê of om skuilplek te bied aan sodanige hond;

"**eienaar**" met betrekking tot 'n hond, iemand wat 'n hond aanhou en ook enige persoon aan wie 'n hond toevertrou is of wat beheer oor 'n hond het ten opsigte van enige terrein binne die regsgebied van die Munisipaliteit waar sodanige hond aangehou word of toegelaat word om te lewe of te bly;

"**gemagtigde beampte**" –

(a) 'n vredesbeampte, soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977) in diens van die Munisipaliteit;

(b) enige ander persoon, hetsy in diens van die Munisipaliteit of nie, wat as gemagtigde beampte deur die Munisipaliteit aangestel is;

"**hond**" vir doeleindes van artikel 3(1) en (2), 'n hond bo die ouderdom van ses maande;

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit;

"**openbare plek**" ook grond, 'n park of oop ruimte, pad, straat, nagstraat of deurgang, brug, gebou of struktuur wat gewoonlik deur die publiek gebruik word, wat die eiendom van die Munisipaliteit is, of waarvan die beheer, tot volle uitsluiting van die eienaar in die Munisipaliteit gevestig is, of waartoe die inwoners van die Munisipaliteit 'n gesamentlike reg of toegang het;

"**soneer**" 'n grondgebruik aan 'n perseel gekoppel kragtens enige wet, die dorpsaanlegskema of 'n titelakte; en

"**straat**" ook 'n sypaadjie.

Toepassing van Verordening

2. Die bepalings van artikels 3(1) en 5 is nie van toepassing op 'n perseel wat vir landboudoeleindes gesoneer is nie: Met dien verstande dat iemand wat honde aanhou op 'n perseel wat vir landboudoeleindes gesoneer is nie van voldoening aan enige ander bepaling van hierdie Verordening of enige ander wetgewing wat van toepassing mag wees, vrygestel is nie.

Getal honde

3. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), hou niemand, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, meer as twee honde op enige erf of perseel aan nie.

(2) 'n Hondeteler wat meer as twee honde –

(a) op 'n perseel wat vir landboudoeleindes gesoneer is wil aanhou, is geregtig om dit te doen;

(b) op 'n perseel wat vir enige ander doeleindes as landboudoeleindes gesoneer is wil aanhou, moet die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit verkry.

(3) 'n Aansoek om die Munisipaliteit se goedkeuring ingevolge subartikel (2), word alleen deur die Munisipaliteit oorweeg, indien –

(a) die Munisipaliteit oortuig is dat die perseel waarop die honde aangehou sal word nie kleiner as 5 000 vierkante meter is nie; en

(b) die aansoek vergesel gaan van 'n aansoek om verandering van die grondgebruikbeperkings van toepassing op die perseel, waar dit nodig is.

(4) Die Munisipaliteit se toestemming ingevolge subartikel (2)(b) om meer as twee honde op 'n perseel aan te hou, word verleen –

(a) alleen in daardie gevalle waar, na aanleiding van advertensie ingevolge die betrokke wetgewing, geen besware ontvang word teen die voorgestelde afwyking van grondgebruikbeperkings nie; en

(b) onderworpe aan die voorwaardes en beperkings wat die Munisipaliteit nodig ag.

(5) Die Munisipaliteit kan, nadat behoorlike prosedure gevolg is, 'n toestemming ingevolge subartikel (2)(b) toegestaan, terugtrek.

Beheer oor honde

4. Niemand –

(a) laat toe dat 'n hitsige teef wat deur hom of haar besit of aangehou word, in 'n openbare plek kom nie;

(b) moedig 'n hond aan om enige mens of dier aan te val of skrik te maak nie, behalwe waar dit nodig is vir beskerming van sy of haar persoon of goed of van enigiemand anders;

(c) abandoneer 'n hond deur hom of haar besit of aangehou nie;

(d) hou 'n hond aan wat –

(i) deur te blaf, kef, tjank of te huil;

(ii) deur die gewoonte aan te geleer het om motors, diere, pluimvee, duiwe of mense buite die perseel waar dit aangehou word, te jaag; of

(iii) deur op enige ander manier op te tree,

die normale gemak, gerief, vrede of stilte van sy of haar bure versteur nie; of

(e) laat 'n hond wat deur so iemand besit of aangehou word –

(i) toe om, terwyl dit aan brandsiekte of enige ander besmetlike of aansteeklike siekte ly, in 'n openbare plek te wees nie;

(ii) wat wild, kwaai of gevaarlik is in 'n openbare plek toe, indien dit nie gemuilband is en aan 'n leiband onder die beheer van 'n verantwoordelike persoon gehou word nie;

(iii) toe om op privaatgrond te oortree nie;

(iv) toe om 'n gevaar te wees vir verkeer wat enige pad of straat gebruik nie;

(v) toe om 'n bron van gevaar of besering te wees of, volgens sy of haar kennis, om waarskynlik 'n bron van gevaar of besering te wees vir iemand buite die perseel waar die hond aangehou word nie; of

(vi) toe om in 'n openbare plek te wees, behalwe aan 'n leiband en onder beheer van 'n verantwoordelike persoon nie.

Omheining van persele

5. Niemand hou 'n hond aan op 'n perseel wat nie behoorlik en genoegsaam omhein is om die hond binne te hou wanneer dit nie aan 'n leiband is nie.

Honde mag nie 'n bron van gevaar wees nie

6. Iemand wat 'n hond op 'n perseel aanhou –

(a) neem redelike voorsorg om seker te maak dat die hond nie 'n bron van gevaar vir werknemers van die Munisipaliteit wat die perseel binnegaan om hul pligte uit te voer, uitmaak nie; en

(b) vertoon, in 'n opvallende plek, 'n kennisgewing tot die effek dat 'n hond op die perseel aangehou word.

Verwydering van aanstootlike stowwe

7. Indien 'n hond in 'n openbare plek ontlas, verwyder die persoon in beheer van die hond sonder verwyl die ontlasting, plaas dit in 'n plastiek- of papiersak of omhulsel en gooi dit weg in 'n houer vir die weggooi van rommel of vullis.

Honde op persele waar kos verkoop word

8. Enigeen wat die eienaar is of in beheer is van 'n winkel of ander plek waar kos voorberei, verkoop of uitgestal word vir verkoop, laat nie toe dat 'n hond in die winkel of op die plek is of bly nie.

Inbeslagneming, skut en afmaak van honde

9. (1) Enige hond wat in 'n openbare plek aangetref word en wat aan brandsiekte of 'n ander besmetlike of aansteeklike siekte ly, of wat kwaai, wild of gevaarlik is of ernstig beseer is, kan deur 'n gemagtigde beampte van die Munisipaliteit in beslag geneem en van kant gemaak word.

(2) 'n Gemagtigde beampte kan op enige hond wat in 'n openbare plek gevind word strydig met die bepalings van hierdie Verordening, beslag lê en dit skut op 'n plek deur die Munisipaliteit bepaal.

(3) 'n Hond wat ingevolge subartikel (2) geskut is, kan –

(a) aan die eienaar van so 'n hond vrygelaat word teen betaling van 'n bedrag deur die Munisipaliteit bepaal, bykomend tot enige koste, boete of belasting wat ten opsigte van die hond uitstaande mag wees; of

(b) na verloop van 30 dae, deur die Munisipaliteit van kant gemaak word of mee gehandel word na goedunke van die Munisipaliteit.

Aanspreeklikheid

10. Nóg die Munisipaliteit nóg enige gemagtigde beampte of enige werknemer van die Munisipaliteit is aanspreeklik vir of ten opsigte van enige besering of siekte opgedoen deur of skade aangerig aan enige hond as gevolg van of gedurende die inbeslagneming, skut, aanhouding of afmaak daarvan kragtens hierdie Verordening.

Strafbepaling

11. (1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie Verordening of 'n vereiste of voorwaarde daarkragtens oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1) is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

Kort titel

12. Hierdie Verordening heet die Verordening op die Beheer oor Aanhou van Honde, 2007.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die beheer oor aanhou van diere, pluimvee en bye in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

DEEL 1
WOORDOMSKRYWING

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**diere**" enige voëls aangehou vir aanteel- of besigheidsdoeleindes, perde, muile, donkies, beeste, varke, skape, bokke, inheemse soogdiere en enige ander wilde diere;

"**Munisipale Bestuurder**" die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit;

"**ontwikkelde gebied**" dié gedeelte van die regsgebied van die Munisipaliteit wat –

(a) deur werklike opmeting in erwe onderverdeel is;
(b) omring is deur opgemete erwe; of
(c) 'n informele nedersetting is;

"**oorlas**" onder meer, enige handeling, versuim of toestand wat na die mening van die Munisipaliteit skadelik vir die gesondheid of aanstootlik of nadelig is of wat wesenlik inbreuk maak op die gewone gemak of gerief van die publiek of die veiligheid van die publiek nadelig raak of wat inbreuk maak op die stilte van die omgewing;

"**pluimvee**" 'n hoender, gans, eend, kalkoen, pou, tarentaal, makou of duif, hetsy mak of wild;

"**spesiale besluit**" 'n besluit deur 'n meerderheid van die volle getal lede van die Munisipaliteit geneem; en

"**troeteldiere**" enige honde, katte, marmotjies, hamsters, konyne, pelsmuise, slange of voëls wat nie vir aanteel- of handelsdoeleindes aangehou word nie.

DEEL 2
DIERE

HOOFSTUK I
ALGEMEEN

Skriftelike toestemming

2. (1) Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit enige diere (uitgesonderd troeteldiere) op enige perseel of eiendom aanhou of toelaat dat dit daarop aangehou word nie, en sodanige toestemming kan teruggetrek word indien daar te enige tyd 'n oorlas ontstaan of die vereistes van hierdie Verordening nie nagekom word nie.

(2) Die Munisipaliteit kan, van tyd tot tyd, diere ooreenkomstig subartikel (1) aangehou, laat ondersoek deur 'n veearts of 'n beampte van die Nasionale of Provinsiale Departement van Landbou, ten einde die pligte voorgeskryf by of kragtens enige wet met betrekking tot vee- of dieresiektes uit te voer.

Getal diere

3. Ten einde die aanhou van diere op grond wat nie landbougrond is nie te beheer en te beperk, kan die Munisipaliteit van tyd tot tyd by spesiale besluit die getal, soorte en geslag diere wat per eenheidsgebied aangehou mag word, bepaal asook die gebiede waarbinne sodanige diere verbied word.

Planne vir strukture moet goedgekeur word

4. (1) 'n Aansoek om toestemming om diere aan te hou, moet vergesel gaan van 'n gedetailleerde terreinplan waarop alle bestaande en voorgestelde strukture en heinings op die perseel aangedui word.

(2) Gedetailleerde planne en spesifikasies moet voorgelê word aan en goedgekeur word deur die Munisipaliteit ten opsigte van alle strukture waar diere gehuisves gaan word.

(3) Die getal, soorte en geslag van diere moet op die plan aangedui word.

(4) Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie Verordening vervat, kan die Munisipaliteit weier om die aansoek en planne goed te keur indien hy van mening is dat die eiendom, vanweë die ligging of geografiese kenmerke daarvan, ongeskik is vir die aanhou van diere daarop.

Strukture moet aan vereistes voldoen

5. (1) Alle strukture waarin diere gehuisves word, moet op 'n deeglike wyse gebou word en van materiaal wat die Munisipaliteit goedkeur.

(2) Geen struktuur mag geleë wees binne 'n afstand van 15 m van enige woning en personeelkamers of die grens van 'n woonperseel en 8 m van enige padgrens nie.

(3) Elke deel van die struktuur moet behoorlik in stand gehou en geverf word so dikwels as wat die Munisipaliteit nodig ag.

(4) Geen diere mag aangehou word in 'n struktuur of op grond wat na die mening van die Munisipaliteit onwenslik of aanstootlik is vanweë die ligging of bou daarvan of die wyse waarop dit gebruik word nie.

Perseel moet skoon gehou word

6. (1) Alle mis wat van diere afkomstig is, moet opgeberg word op 'n wyse wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is en moet op 'n gereelde grondslag weggedoen word ten einde te verhoed dat 'n oorlas ontstaan.

(2) Alle voer moet op 'n knaagdierdigte plek opgeberg word.

(3) Die perseel moet in so 'n toestand gehou word dat dit nie knaagdiere aanlok of 'n skuilplek daaraan bied nie.

Diere wat op 'n onbevredigende wyse aangehou word

7. Wanneer ook al, na die mening van die Munisipaliteit, enige diere wat op enige perseel aangehou word, ongeag of sodanige perseel kragtens hierdie Verordening deur die Munisipaliteit goedgekeur is of nie, 'n oorlas of gevaar vir die gesondheid is, kan die Munisipaliteit by wyse van 'n skriftelike kennisgewing die eienaar of okkupeerder van sodanige perseel aansê om, binne 'n tydperk wat in sodanige kennisgewing aangedui moet word, maar minstens 24 uur na die datum van sodanige kennisgewing, die oorsaak van sodanige oorlas of gevaar vir die gesondheid te verwyder en genoemde oorlas of gevaar vir die gesondheid te verhelp en om die werk te verrig of die dinge te doen wat die Munisipaliteit vir genoemde doel nodig ag.

HOOFSTUK II
HONDE- EN KATTEHERBERGE

Perseelvereistes

8. Niemand mag 'n honde- of katteherberg aanhou nie tensy daar aan die volgende vereistes voldoen word:

(a) Elke hond of kat moet aangehou word in 'n omheinde plek wat aan die volgende vereistes voldoen:

(i) Dit moet van duursame materiaal gebou wees en die toegang daartoe moet toereikend vir skoonmaakdoeleindes wees.

(ii) Die vloer moet van beton of ander duursame en ondeurdringbare materiaal gebou wees wat glad afgewerk is en afgeskuins is na 'n geut van 100 mm breed wat strek oor die volle breedte van die vloer en geleë is binne die omheinde plek, welke geut afgeskuins moet wees en moet dreineer na 'n rioolput wat met die Munisipaliteit se rioolstelsel verbind is deur middel van 'n erdepyp of 'n pyp van enige ander goedgekeurde materiaal met 'n deursnee van ten minste 100 mm, of met 'n ander goedgekeurde rioolstelsel.

(iii) 'n Rand met 'n hoogte van 150 mm moet oor die volle lengte van die geut in subparagraaf (ii) gemeld, en aan dié kant daarvan wat langs die omliggende buite-gebied is, verskaf word om te verhoed dat vloedwater uit sodanige gebied die geut binnekom.

(b) Elke omheinde plek in paragraaf (a) gemeld, moet 'n oordekte skuiling vir die huisvesting van honde en katte hê wat aan die volgende vereistes voldoen:

(i) Elke muur moet van baksteen, klip, beton of ander duursame materiaal gebou wees en moet 'n gladde binneoppervlak hê sonder barste of oop voeë.

(ii) Die vloer moet van beton of ander ondeurdringbare en duursame materiaal gebou wees wat glad afgewerk is sonder barste of oop voeë, en die oppervlak tussen die vloer en die mure van 'n permanente struktuur moet holrond wees.

(iii) Elke skuiling moet toereikende toegang daartoe hê vir die skoonmaak daarvan en die vernietiging van ongediertes.

(c) In die geval van honde kan 'n hondehok van gevormde glasvesel of ander soortgelyke materiaal, wat verplaasbaar is en geplaas is op 'n voetstuk van beton of ander duursame materiaal met 'n afwerking wat maklik skoongemaak kan word, sonder barste of oop voeë verskaf word in plaas van 'n skuiling soos beoog in paragraaf (b), en as die voetstuk van sodanige hondehok nie waterdig gemaak is nie, moet 'n slaapplank wat die hond in staat stel om droog te bly in elke sodanige hondehok verskaf word.

(d) 'n Betonskort wat tot ten minste 1 m breed is, moet by die ingang van die omheinde plek, oor die volle breedte daarvan, verskaf word, welke skort afgeskuins moet wees sodat dit water van die omheinde plek af wegvoer.

(e) 'n Toevoer drinkbare water wat toereikend is vir drink- en skoonmaakdoeleindes moet in of aanliggend aan die omheinde plek verskaf word.

(f) Alle voedsel moet opgeberg word in 'n knaagdierdigte pakkamer, en alle onverpakte voedsel moet opgeberg word in knaagdierdigte houers met digsluitende deksels in so 'n pakkamer.

(g) Daar moet ten minste 5 m oop en onbelemmerde ruimte verskaf word tussen enige skuiling of omheinde plek en die naaste punt van enige woonhuis, ander gebou of struktuur wat vir menslike bewoning gebruik word of enige plek waar voedsel vir menslike verbruik opgeberg of berei word.

(h) Afsonderingsgeriewe vir honde en katte wat siek is, moet ten genoeë van die Munisipaliteit verskaf word.

(i) As hokke voorsien word vir die aanhou van katte, moet sulke hokke van duursame, ondeurdringbare materiaal wees en so gebou word dat dit maklik skoongemaak kan word.

HOOFSTUK III
TROETELDIERWINKELS

Perseelvereistes

9. Niemand mag die saak van 'n troeteldierwinkel op enige perseel dryf nie tensy die perseel ooreenkomstig die volgende vereistes gebou en toegerus is:

(a) Elke muur, met inbegrip van enige afskorting van enige gebou, moet gebou wees van baksteen, beton of ander duursame materiaal, 'n gladde binneoppervlak hê en met 'n ligkleurige wasbare verf geverf wees of 'n ander goedgekeurde afwerking hê.

(b) Die vloer van enige gebou moet van beton of ander duursame en ondeurdringbare materiaal wat glad afgewerk is, gebou wees.

(c) Die plafon van enige gebou moet van duursame materiaal gebou wees, glad afgewerk wees, stofdig wees en met 'n ligkleurige wasbare verf geverf wees.

(d) Sanitêre geriewe moet voorsien word ingevolge die Nasionale Bouregulasies.

(e) 'n Knaagdierdigte pakkamer moet voorsien word ten genoeë van die Munisipaliteit.

(f) Fasiliteite vir die was van hokke, panne en ander toerusting moet voorsien word ten genoeë van die Munisipaliteit.

(g) Kleedkamer- of sluitkasfasiliteite moet, indien vereis, voorsien word ten genoeë van die Munisipaliteit.

(h) Geen deur, venster of ander opening in enige muur van 'n gebou op die perseel mag nader as 2 m wees van enige ander deur, venster of ander opening in enige ander gebou waarin voedsel berei, opgeberg of vir menslike verbruik verkoop word of deur mense verbruik word nie.

(i) Daar mag geen direkte toegang tot enige bewoonbare vertrek of enige vertrek waarin klere of voedsel vir menslike verbruik opgeberg word, wees nie.

Sakevereistes

10. Elke persoon wat die saak van 'n troeteldierwinkel bedryf, moet –

(a) Aparte, verwyderbare hokke verskaf vir die huisvesting van diere, pluimvee of voëls, en die volgende vereistes moet nagekom word:

(i) Die hokke moet geheel en al van metaal of ander duursame, ondeurdringbare materiaal gebou wees en toegerus wees met 'n verwyderbare metaalpan onder die vloer daarvan om die skoonmaak daarvan te vergemaklik.

(ii) Elke hok moet vry van enige duik of holte wees wat nie redelik toeganklik vir die skoonmaak daarvan is nie en die binneholte van elke buis-of hol toebehore wat in verband daarmee gebruik word, moet verseël wees.

(iii) Indien konyne in 'n hok aangehou word, moet die metaalpan in subparagraaf (i) gemeld, in 'n verwyderbare houer dreineer.

(iv) Elke hok moet toegerus wees met 'n drinkbak wat vol water gehou moet word en vir troeteldiere wat in die hok aangehou word, toeganklik is;

(b) knaagdierdigte houers van ondeurdringbare materiaal en met digpassende deksels in die pakkamer verskaf waarin alle troeteldierkos opgeberg moet word;

(c) die perseel en elke hok, pan, houer, bak, mandjie en alle apparaat, toerusting en toestelle wat in verband met die troeteldierwinkel gebruik word, in 'n skoon, higiëniese en goeie toestand en vry van ongedierte in stand hou;

(d) doeltreffende maatreëls tref om te voorkom dat vlieë, kakkerlakke, knaagdiere en ander ongediertes geherberg word of uitbroei en dit te vernietig, en om aanstootlike reuke wat uit die aanhou van troeteldiere op die perseel voortspruit, te voorkom;

(e) oorpakke of ander beskermende klere verskaf vir die gebruik van persone wat in verband met die troeteldierwinkelbedrywighede staan en toesien dat sodanige klere deur elke werknemer gedra word wanneer hy of sy op diens is;

(f) te alle tye elke troeteldier in die gebou op die perseel hou tensy die Munisipaliteit andersins goedkeur;

(g) afsonderingsfasiliteite verskaf waarin elke troeteldier wat siek is of lyk, aangehou moet word terwyl dit op die perseel is;

(h) toesien dat daar 'n standhoudende toevoer drinkbare water vir drink- en skoonmaakdoeleindes is;

(i) toesien dat die perseel te alle tye so geventileer is dat daar genoegsame beweging van lug vir die gerief en oorlewing van die troeteldiere is; en

(j) toesien dat die getal troeteldiere per hok nie sodanig is dat die vrye beweging van sodanige troeteldiere aan bande gelê word nie.

HOOFSTUK IV
TROETELDIERSALONNE

Perseelvereistes

11. Niemand mag die saak van 'n troeteldiersalon in of op enige perseel dryf nie tensy die perseel gebou en toegerus is in ooreenstemming met die volgende vereistes:

(a) 'n Vertrek moet voorsien word wat 'n minimum vloeroppervlakte van 6,5 m^2 het vir die was en droogmaak van honde of katte en die knip van hul hare.

(b) Die vloer van so 'n vertrek moet gebou wees van beton of ander duursame, ondeurdringbare materiaal wat glad afgewerk is en afgeskuins is na 'n geut wat in ooreenstemming met die Nasionale Bouregulasies dreineer.

(c) Die oppervlak tussen die vloer en die muur van so 'n vertrek moet holrond wees en die holrond gedeelte moet 'n minimumstraal van 75 mm hê.

(d) Elke binnemuuroppervlak moet glad afgepleister wees en geverf wees met 'n ligkleurige, wasbare verf.

(e) Die vertrek moet toegerus wees met die volgende –

(i) 'n bad of dergelike fasiliteit met 'n konstante toevoer warm en koue water, wat dreineer ingevolge die Nasionale Bouregulasies;

(ii) 'n tafel met 'n ondeurdringbare blad; en

(iii) 'n vullishouer van duursame, ondeurdringbare materiaal met 'n digsluitende deksel vir die opberging van afgesnyde hare totdat dit verwyder word.

(f) As hokke voorsien word vir die aanhou van katte en honde moet sodanige hokke van duursame materiaal wees en so gebou wees dat dit maklik skoongemaak kan word.

Sakevereistes

12. Elke persoon wat die saak van 'n troeteldiersalon bedryf moet –

(a) verseker dat alle hokke, met inbegrip van die bodem, van metaal gemaak is en verskuif kan word;

(b) verseker dat alle plaagbestrydingmiddels en middels vir die was van honde en katte en die skoonmaak van toerusting en materiaal, opgeberg word in aparte metaalkaste;

(c) toesien dat alle tafels wat vir die droogmaak en versorging van honde en katte gebruik word, van metaal is, met duursame en ondeurdringbare blaaie;

(d) die perseel en elke hok, pan, houer, bak, mandjie en alle apparaat, toerusting en toestelle wat in verband met die troeteldiersalon gebruik word, in 'n skoon, higiëniese en goeie toestand en vry van ongediertes in stand hou;

(e) te alle tye elke hond of kat in die gebou op die perseel hou, tensy die *Munisipaliteit andersins* goedkeur;

(f) verplaasbare opberghouers van ondeurdringbare materiaal met digpassende deksels verskaf vir die opberg van honde- en kattemis; en

(g) alle mis en ander afvalmateriaal minstens een keer al om die 24 uur uit die omheinde plek en skuiling verwyder en dit in opberghouers in paragraaf (f) gemeld, plaas.

DEEL 3
PLUIMVEE

Bepalings van hierdie Deel moet aan voldoen word binne 'n sekere tyd

13. Niemand wat op die datum waarop hierdie Verordening afgekondig word, pluimvee in 'n pluimveehok of –kamp aanhou of laat aanhou of toelaat dat dit daarin aangehou word, mag voortgaan om ná 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum waarop hierdie Verordening in werking tree, pluimvee aan te hou of te laat aanhou nie, tensy daar ten volle aan al die vereistes van hierdie Deel voldoen is.

Toestemming van Munisipaliteit moet verkry word

14. (1) Niemand mag enige pluimvee op enige perseel aanhou of laat aanhou sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit nie.

(2) 'n Aansoek om sodanige toestemming moet vergesel word van 'n terreinplan waarop die ligging van alle strukture waarin die pluimvee aangehou gaan word, aangetoon word, asook die materiaal wat gebruik gaan word en die soort en getal pluimvee wat aangehou gaan word.

(3) Die Munisipaliteit het die reg om by die verlening van toestemming om pluimvee aan te hou, die getal en soort pluimvee te bepaal wat aangehou kan word, en niemand mag 'n groter getal pluimvee of pluimvee van 'n ander soort aanhou as dié wat die Munisipaliteit bepaal het nie.

(4) As dit uit die terreinplan blyk dat die vereistes van hierdie Deel nie nagekom kan word nie, verleen die Munisipaliteit nie toestemming vir die aanhou van pluimvee nie.

(5) Die Munisipaliteit kan sodanige toestemming intrek indien die vereistes van hierdie Deel in enige stadium nie nagekom word nie.

(6) Die Munisipaliteit kan verbied dat enige pluimvee in enige gebied aangehou word indien die omgewing of digtheid van die bevolking sodanig is dat die aanhou van enige pluimvee 'n oorlas of gevaar vir die gesondheid skep of kan skep.

Pluimvee moet in goedgekeurde strukture aangehou word

15. (1) Niemand mag pluimvee in 'n ander pluimveehok, pluimveekamp of struktuur aanhou as in 'n pluimveehok, pluimveekamp of struktuur waarvoor die Munisipaliteit toestemming verleen het nie, en niemand mag sodanige hok, kamp of struktuur verander of verskuif sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit nie.

(2) Niemand behalwe lede van 'n *bona fide*-duiweklub mag pluimvee buite die pluimveehok of pluimveekamp waarvoor daar toestemming verleen is, loslaat nie.

Spesifikasies vir strukture

16. Niemand mag 'n pluimveehok of pluimveekamp oprig of gebruik vir die doel om pluimvee aan te hou nie waarvan enige gedeelte –

(a) binne 1,5 meter is van 'n deur of venster na 'n woning, huiswerkerskwartiere of bewoonde buitegeboue, of van 'n gebou waar voedsel gehanteer, opgeberg of berei word, of van 'n straat; of

(b) nader as 1,5 meter is van enige gebou wat in paragraaf (a) genoem is, of van enige heining; of

(c) hoër as 2,4 meter of laer as 1,2 meter by enige punt is: Met dien verstande dat waar duiwe aangehou word, die totale hoogte nie 3,6 meter mag oorskry nie.

Vereistes vir konstruksie van strukture

17. Niemand mag 'n pluimveehok oprig of gebruik vir die doel om pluimvee aan te hou nie, wat nie aan die volgende vereistes voldoen en op vakkundige wyse ten genoeë van die Munisipaliteit opgerig is nie:

(a) Die mure, vloer en dak mag geen hol plekke, omheinde tussenruimtes of gate hê wat skuiling aan knaagdiere, ongediertes of pluimveeparasiete kan verleen nie.

(b) Die vloer moet van baksteen, beton, asfalt of ander materiaal wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, wees, en die oppervlak daarvan moet glad wees en skuins loop sodat alle vuil en spoelwater kan wegloop.

(c) Die mure moet van baksteen of beton of ander geskikte materiaal wees wat vir dié doel deur die Munisipaliteit goedgekeur is, en moet, behalwe in die geval van 'n hok vir die aanhou van duiwe, met glad afgewerkte sementpleister gepleister wees, en moet aan die binnekant en buitekant afgewit of met olieverf geverf wees.

(d) Die dak moet van glasvesel of golfyster of ander geskikte materiaal wees wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is.

Vereistes vir die aanhou van pluimvee

18. Elke persoon wat pluimvee in 'n pluimveehok of pluimveekamp aanhou of laat aanhou –

(a) moet sodanige pluimveehok of pluimveekamp te alle tye in 'n deeglik skoon toestand en vry van knaagdiere, ongediertes en parasiete hou;

(b) moet alle pluimveemis behoorlik opberg in 'n nie-gegolfde metaalbak met 'n dig passende deksel of ander houer soos deur die Munisipaliteit goedgekeur;

(c) moet sodanige pluimvee op 'n behoorlike wyse voer sodat dit nie 'n oorlas veroorsaak of knaagdiere, vlieë of ander ongediertes aanlok nie, en alle oorskietkos of ander verderfbare stof moet minstens een maal elke dag uit die pluimveehok of pluimveekamp verwyder word;

(d) moet alle pluimveekos in metaal- of ander bakke bêre wat vir knaagdiere ontoeganklik is; en

(e) mag nie 'n groter getal pluimvee in een besondere pluimveehok of pluimveekamp as een voël, en in die geval van duiwe, twee voëls, per 0,36 m^2 van die totale vloerruimte van sodanige pluimveehok of pluimveekamp aanhou of laat aanhou nie, en mag geen pluimvee aanhou wat 'n oorlas veroorsaak deur te kraai of te kekkel nie.

Gesondheidsvereistes

19. Niemand mag pluimveeskropgoed, -vullis of –mis op so 'n wyse of vir so 'n tydperk op 'n perseel plaas, gooi, laat of toelaat dat dit daarop bly sodat dit die uitbroei van vlieë bevorder of knaagdiere of ander ongediertes daardeur na sodanige perseel aangelok word nie.

Munisipaliteit mag die gebruik van sekere strukture verbied

20. Die Munisipaliteit kan, deur middel van die betekening van 'n skriftelike kennisgewing aan iemand wat pluimvee in 'n pluimveehok of pluimveekamp aanhou of laat aanhou, die gebruik van sodanige pluimveehok of pluimveekamp verbied indien dit na die mening van die Munisipaliteit ongeskik, ongewens of aanstootlik is weens die ligging of bou daarvan of die wyse waarop dit gebruik word.

Spesifikasies vir kratte

21. Niemand mag pluimvee in kratte wat nie aan die volgende vereistes voldoen plaas nie:

(a) Die vloerruimte van 'n krat wat kalkoene of ganse bevat, moet minstens 0,09 m^2 per voël wees wat daarin geplaas word, en die hoogte van sodanige krat moet minstens 750 mm wees.

(b) Die vloerruimte van 'n krat wat ander pluimvee bevat, moet minstens 0,045 m^2 per voël wees en die hoogte van sodanige krat moet minstens 500 mm wees.

(c) Die vloere van sodanige kratte moet van soliede hout of ander soliede materiaal wees.

(d) Twee drinkbakke met vars water, wat in teenoorgestelde hoeke van die krat aangebring is, moet in elke krat verskaf word. Sodanige bakke moet van die onstortbare soort en minstens 125 mm diep en 100 mm in deursnee wees.

(e) Elke krat moet geskikte bakke met kos bevat.

(f) Verskillende soorte pluimvee mag nie in dieselfde krat geplaas word nie.

DEEL 4
AANHOU VAN BYE

Aanhou van bye binne ontwikkelde gebiede verbode

22. Niemand hou bye -

(a) binne 'n ontwikkelde gebied; of

(b) binne 'n radius van 3 kilometer van 'n ontwikkelde gebied,

aan nie.

DEEL 5
STRAFBEPALING EN KORT TITEL

Strafbepaling

23. Enige persoon wat enige van die voorafgaande artikels oortree of weier om gehoor te gee aan 'n bevel wat wettig daarkragtens gegee is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

Kort titel

24. Hierdie Verordening heet die Verordening op die Beheer oor Aanhou van Diere, Pluimvee en Bye, 2007.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die beheer oor straathandel in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk beteken –

"**aangewese gebied**" 'n gebied gelys in die Bylae waarbinne straathandel, behoudens hierdie Verordening, toegelaat word;

"**eiendom**", met betrekking tot iemand wat sake doen as 'n straathandelaar, enige artikel, houer, voertuig of struktuur wat gebruik word of bedoel is vir gebruik in verband met sodanige onderneming;

"**gemagtigde beampte**" 'n beampte in diens van die Munisipaliteit wat deur die Munisipaliteit gemagtig is om hierdie Verordening uit te voer;

"**Munisipale Bestuurder**" die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit;

"**openbare plek**" ook grond, 'n park of oop ruimte, pad, straat, nagstraat of deurgang, brug, gebou of struktuur wat gewoonlik deur die publiek gebruik word, wat die eiendom van die Munisipaliteit is, of waarvan die beheer, tot die volle uitsluiting van die eienaar in die Munisipaliteit gevestig is, of waartoe die inwoners van die Munisipaliteit 'n gemeenskaplike reg of toegang het;

"**sake doen**" die koop, verkoop of ruil van enige ware of om enige diens te lewer of aan te bied om dit te lewer;

"**soom**" daardie gedeelte van 'n pad, straat, nagstraat of deurgang, met inbegrip van 'n sypaadjie, wat 'n openbare plek is of deel vorm van 'n openbare plek, wat nie verbeter, gebou of bedoel is vir die gebruik van voertuie nie;

"**straathandelaar**" iemand wat sake doen in, op of vanaf 'n openbare plek, maar nie ook iemand wat koerante verkoop nie, en het "**straathandel**" of enige soortgelyke woord 'n ooreenstemmende betekenis.

(5) Die bepalings van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), geld *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n appèl teen 'n besluit van die Munisipale Bestuurder beoog in subartikel (4).

Duur, hernuwing, verval en terugtrekking van geskrewe toestemming

4. (1) 'n Geskrewe toestemming om sake te doen as 'n straathandelaar –

(a) word toegestaan vir 'n tydperk nie langer as 12 maande nie;

(b) word verleng vir 'n tydperk van 12 maande op 'n keer indien betaling van die gelde deur die Munisipaliteit vasgestel deur die straathandelaar gedoen word voor die einde van die aanvanklike tydperk van 12 maande of, na gelang van die geval, elke verdere tydperk van 12 maande;

(c) verval indien die gelde beoog in paragraaf (b) nie betyds betaal word nie.

(2) Die Munisipaliteit kan sy toestemming aan iemand om as straathandelaar sake te doen terugtrek indien die straathandelaar –

(a) versuim om te voldoen aan of teenstrydig optree met enige voorwaarde uiteengesit in die toestemming;

(b) enige bepaling van hierdie Verordening of enige ander wet oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(c) versuim om 'n wettige bevel of versoek deur 'n gemagtigde beampte gegee of gerig te gehoorsaam of daaraan te voldoen;

(d) die bepalings van 'n teken of kennisgewing wat deur die Munisipaliteit ingevolge hierdie Verordening vertoon word verontagsaam of oortree.

Aangewese gebiede en handelstye

5. (1) Die gebiede gelys in Deel 1 van die Bylae is aangewese gebiede waarbinne sake, behoudens die bepalings van hierdie Verordening, deur straathandelaars gedoen mag word.

(2) Niemand doen sake as 'n straathandelaar, behalwe gedurende die tye 08:00 tot 18:00.

Straathandel beperk

2. (1) Niemand doen sake as 'n straathandelaar –

(a) behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en ooreenkomstig die voorwaardes in die toestemming uiteengesit nie;

(b) indien hy of sy nie 'n Suid-Afrikaanse burger is of permanente verblyfreg of 'n werkpermit van die immigrasie owerhede ontvang het nie;

(c) buite 'n aangewese gebied nie; en

(d) gedurende enige ander tyd as die tye aangedui in hierdie Verordening nie.

(2) Enigiemand wat sake doen as 'n straathandelaar, moet die skriftelike toestemming in subartikel (1)(a) genoem in sy of haar besit hê en dit op versoek aan 'n gemagtigde beampte toon.

(3) Die Munisipaliteit kan skriftelik en onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag bepaal, vir die duur van 'n spesifieke gebeurtenis, aan 'n persoon of groep persone, vrystelling van voldoening aan 'n spesifieke bepaling of al die bepalings van subartikel (1) verleen.

Aansoek en uitreiking van skriftelike toestemming

3. (1) 'n Aansoek vir toestemming om sake te doen as 'n straathandelaar –

(a) word gerig aan die Munisipale Bestuurder;
(b) word gedoen in die vorm deur die Munisipaliteit bepaal; en
(c) gaan vergesel van die gelde deur die Munisipaliteit vasgestel, sowel as gelde vir dienste of strukture deur die Munisipaliteit by die aangewese gebied voorsien, indien van toepassing.

(2) Die Munisipale Bestuurder oorweeg die aansoek en staan dit toe of keur dit af binne 30 dae na ontvangs van die aansoek.

(3) Indien die aansoek slaag, reik die Munisipale Bestuurder sonder versuim die skriftelike toestemming uit waarin die voorwaardes onderworpe waaraan dit uitgereik word uiteengesit word.

(4) Indien die aansoek nie slaag nie, laat weet die Munisipale Bestuurder die aansoeker sonder versuim dienooreenkomstig en gee in skrif redes vir sy of haar besluit.

Algemene optrede van straathandelaars

6. Niemand wat sake doen as straathandelaar –

(a) plaas sy of haar eiendom of ware in 'n publieke plek wat nie 'n aangewese gebied is nie;

(b) laat toe nie dat sy of haar eiendom of ware meer ruimte beslaan as sy of haar toegewese perseel of stalletjie in 'n aangewese gebied gelys in Deel 2 van die Bylae nie, indien van toepassing;

(c) plaas of stapel sy of haar eiendom of ware so dat dit 'n gevaar vir enigiemand of enige eiendom is, of dat dit waarskynlik enigiemand sal beseer of eiendom beskadig nie;

(d) rig, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die aangewese beampte, enige struktuur wat bedoel is om skuiling te verskaf by die aangewese gebied op nie;

(e) versper die toegang tot 'n brandkraan of gebied afgebaken vir die uitsluitlike gebruik van noodvoertuie of nooddienste nie;

(f) los sy of haar eiendom of ware voor of na besigheidstye by die aangewese gebied, behalwe in 'n permanente struktuur deur die Munisipaliteit vir daardie doel voorsien nie;

(g) laat na of versuim om sy of haar eiendom of ware te skuif wanneer aldus versoek deur 'n werknemer of agent van die Munisipaliteit of enige verskaffer van telekommunikasie- elektrisiteits- of ander dienste, sodat werk met betrekking tot 'n openbare plek of enige sodanige diens gedoen kan word nie;

(h) heg in, op of by 'n openbare plek, enige voorwerp of ding aan 'n gebou, struktuur, plaveisel, boom, parkeermeter, lamppaal, elektriese paal, telefoonhokkie, posbus, padverkeersteken, heining, bank of ander straatmeubelstuk nie;

(i) maak 'n oop vuur by die aangewese gebied of onder omstandighede waar dit iemand kan beseer of 'n gebou of voertuig beskadig nie;

(j) verrig 'n handeling of hou brandstowwe in hoeveelhede aan strydig met die bepalings van enige wet rakende die voorkoming of bestryding van brande nie;

(k) verontagsaam 'n redelike vereiste gestel deur 'n beampte van die Munisipaliteit, wat met die voorkoming of bestryding van brande belas is, rakende sy of haar bedryf nie;

(l) bêre sy of haar ware in 'n mangat, stormwaterpyp, busskuiling, openbare toilet of boom nie;

(m) verkoop sy of haar ware deur 'n megafoon, radio of luidspreker te gebruik, of deur 'n aanhoudende geskree of gesing, op so 'n manier dat dit 'n oorlas of steuring kan veroorsaak nie;

(n) verkoop enige eiendom of ware wat 'n gevaar of risiko vir die openbare gesondheid inhou nie.

Sindelikheid

7. (1) Iemand wat sake doen as 'n straathandelaar –

(a) hou sy of haar eiendom of ware en die aangewese gebied in 'n skoon en higiëniese toestand;

(b) gooi die rommel wat deur sy of haar besigheid voortgebring word in enige houer, insluitende herwinnings- en stortingsvergaderplekke, wat deur die Munisipaliteit voorsien word en doen nie weg met rommel deur dit in 'n mangat, stormwaterpyp of enige ander plek wat nie bedoel is vir die storting van rommel, te gooi nie;

(c) maak seker dat die aangewese gebied vry is van rommel wanneer besigheid vir die dag afgehandel is;

(d) neem sodanige voorsorg as wat nodig mag wees of deur die Munisipaliteit vereis word om te voorkom dat enige vet, olie, vetterigheid of enige gevaarlike stof wat voortgebring mag word deur die bedryf van sy of haar besigheid, op 'n openbare plek mors en om te voorkom dat enige rook, damp, geur of geraas afkomstig van sy of haar bedrywighede 'n oorlas word.

(2) Die Munisipaliteit –

(a) voorsien houers by aangewese gebiede sodat die weggooi van rommel deur straathandelaars vergemaklik kan word;

(b) verseker dat houers by aangewese gebiede gereeld leeggemaak, skoongemaak en ontsmet word.

Versperring veroorsaak deur straathandel verbode

8. (1) Niemand doen sake as 'n straathandelaar op 'n plek waar dit –

(a) toegang tot of die gebruik van 'n straatfasiliteit soos 'n bushalte, skuiling of toustaanlaan, vullisdrom of ander gerief wat bedoel is vir gebruik deur die publiek sal versper nie;

(b) die sigbaarheid van 'n vertoonvenster, kennisgewingbord of perseel versper nie;

(c) toegang tot 'n gebou, outobank of toustaanlaan by so 'n outobank, voetgangeroorgang of voertuig versper nie;

(d) minder as 2 meter ruimte vir voetgangergebruik op 'n sypaadjie laat nie, of op enige ander manier voetgangers se gebruik van 'n sypaadjie versper nie;

(e) die sig van enige padgebruiker belemmer nie;

(f) 'n versperring van 'n verkeerslaan veroorsaak nie;

(g) toegang tot parkeerplekke of laaisones of ander geriewe vir motorverkeer beperk nie;

(h) enige padverkeersteken of merk, kennisgewing of teken wat ingevolge hierdie Verordening of enige ander wet vertoon word of gemaak is verberg nie; of

(i) op enige manier inbreuk maak op 'n voertuig wat langs so 'n plek geparkeer is nie.

Straathandel mag nie met bestaande besighede kompeteer nie

9. Niemand doen sake as 'n straathandelaar op 'n soom aanliggend tot 'n deel van 'n gebou waarin iemand besigheid, uitgesonderd die besigheid van afdelingswinkel, supermark of groothandelaar doen, en die ware of dienste wat die straathandelaar verkoop of lewer, van dieselfde aard of soortgelyk is aan die ware wat verkoop word of die dienste wat gelewer word deur die ander persoon nie.

Straathandel beperk tot toegewese persele of stalletjies in sekere aangewese gebiede

10. (1) Wanneer die Munisipale Bestuurder aan 'n aansoeker toestemming verleen om sake te doen as 'n straathandelaar, kan hy of sy 'n spesifieke afgebakende perseel of stalletjie in 'n aangewese gebied aan die aansoeker toeken, en geen ander persoon, uitgesonderd sy of haar assistent of werknemer, doen sake op of vanaf sodanige perseel of stalletjie nie.

(2) 'n Straathandelaar aan wie 'n spesifieke perseel of stalletjie toegeken is –

(a) doen sake alleen op of vanaf sodanige perseel of stalletjie;

(b) onderverhuur nie of dra nie aan enigiemand anders die reg om sake op of vanaf sodanige perseel of stalletjie te doen oor nie;

(c) moet in besit wees van bewys dat toestemming aan hom of haar verleen is om sake op of vanaf die betrokke perseel of stalletjie te doen en sodanige bewys op versoek aan 'n gemagtigde beampte toon.

(3) Die aangewese gebiede waarbinne straathandel alleen vanaf 'n spesifieke afgebakende perseel of stalletjie gedoen mag word, word in Deel 2 van die Bylae gelys.

Straathandel verbode naby plekke van aanbidding, monumente en sekere geboue

11. Niemand doen sake as 'n straathandelaar op 'n soom aanliggend aan –

(a) die plek van aanbidding van enige geloof of denominasie nie;

(b) 'n historiese monument nie;

(c) 'n gebou wat vir openbare doeleindes gebruik word nie;

(d) 'n gebou wat uitsluitlik vir bewoningsdoeleindes gebruik word nie, indien –

(i) die eienaar, persoon in beheer of bewoner van enige deel van die gebou wat op die betrokke soom front, skriftelik teen sodanige handel beswaar by die Munisipaliteit aangeteken het; en

(ii) die feit dat sodanige beswaar aangeteken is, skriftelik deur die Munisipaliteit aan die betrokke straathandelaar bekend gemaak is.

Vertoon van tekens deur die Munisipaliteit

12. Die Munisipaliteit kan enige teken of kennisgewing vertoon om gevolg te gee aan die bepalings van hierdie Verordening.

Straathandel vanaf beweegbare stalletjies

13. Ondanks die bepalings van hierdie Verordening, kan die Munisipaliteit tenders toeken aan persone om vanaf beweegbare stalletjies sake te doen, onderworpe aan die voorwaardes deur die Munisipaliteit bepaal.

Verwydering en skut

14. (1) 'n Gemagtigde beampte kan enige voorwerp, houer, voertuig of struktuur –

(a) wat hy of sy redelikerwys vermoed gebruik word of gebruik is vir of in verband met straathandel; en

(b) wat hy of sy op 'n plek aantref waar straathandel beperk of verbode is ingevolge hierdie Verordening, en wat, na sy of haar oordeel, 'n oortreding van hierdie Verordening uitmaak,

verwyder en skut.

(2) 'n Gemagtigde beampte wat ingevolge hierdie Verordening optree –

(a) hou behoorlik rekord van alle eiendom aldus verwyder en deel die persoon oënskynlik in beheer van die eiendom (indien daar so iemand is), mee wat die prosedure is wat gevolg moet word om die eiendom weer op te eis en waar dit geskut sal word; en

(b) gee sonder versuim die eiendom by die skut in paragraaf (a) bedoel af.

(3) Eiendom verwyder en geskut soos beoog in subartikel (1) –

(a) kan, indien dit bederfbaar is, binne 'n redelike tyd nadat dit geskut is, verkoop of vernietig word: Met dien verstande dat sodanige eiendom, behoudens subartikel (4), te eniger tyd voor die vernietiging of verkoop daarvan, teruggegee moet word by bewys van eienaarskap en: Met dien verstande voorts, dat die bederfbare goedere nog geskik is vir menslike gebruik;

(b) word, behoudens subartikel (4), indien dit nie-bederfbaar is nie, by bewys van eienaarskap, binne 1 maand vanaf die datum waarop dit geskut is, terugbesorg.

(4) Die Munisipaliteit behou die betrokke eiendom totdat vir alle uitgawes betaal is, by gebrek waarna die eiendom by openbare verkoping, waarvan 14 dae kennis gegee is, van die hand gesit word: Met dien verstande dat waar die goedere waarop beslaggelê is, bederfbaar is, die gemagtigde beampte die tydperk van 14 dae in so 'n mate kan verkort, as wat hy of sy goeddink, of die bederfbare goedere vernietig, wat ookal die lonendste is.

(5) Waar eiendom wat geskut is deur die Munisipaliteit verkoop word, word die opbrengs van die verkoping, min die redelike uitgawe deur die Munisipaliteit aangegaan in verband met die verwydering, skut of beskikking oor die eiendom, aan die persoon wat die eienaar van die eiendom was toe dit geskut is, betaal, maar indien die voormalige eienaar nie die genoemde opbrengs binne 3 maande vanaf die datum waarop die eiendom verkoop is, opeis nie, word die opbrengs aan die Munisipaliteit verbeur en in 'n spesiale fonds, deur die Munisipaliteit opgerig vir ontwikkeling van die informele sektor en sake wat daarmee in verband staan, inbetaal.

(6) Die eienaar van eiendom wat verwyder, geskut, verkoop of vernietig word, soos beoog in hierdie artikel, is verantwoordelik vir alle uitgawes deur die Munisipaliteit aangegaan in verband met die verwydering, skut, verkoop of vernietiging van die eiendom.

Misdrywe

15. Enigiemand wat –

(a) 'n bepaling van hierdie Verordening oortree of nie daaraan voldoen nie;

(b) 'n kennisgewing, teken of merk vertoon of opgerig ingevolge hierdie Verordening ignoreer, verontagsaam of nie gehoorsaam nie;

(c) 'n goedkeuring of voorwaarde ingevolge hierdie Verordening verleen of opgelê, oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(d) 'n geskrewe wettige opdrag van die Munisipaliteit om sy of haar eiendom te skuif of te verwyder verontagsaam;

(e) doelbewus valse of misleidende inligting aan 'n beampte of werknemer van die Munisipaliteit verstrek; of

(f) 'n beampte of werknemer van die Munisipaliteit dreig, teenstaan, dwarsboom of hinder in die uitoefening van sy of haar magte, pligte of werksaamhede kragtens hierdie Verordening,

is aan 'n misdryf skuldig.

Strafbepaling

16. Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf kragtens hierdie Verordening, is strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens 1 jaar of met beide 'n boete en daardie gevangenisstraf.

Middellike aanspreeklikheid van persone wat sake doen as straathandelaars

17. (1) Wanneer die werknemer of assistent van iemand wat as straathandelaar sake doen, iets wat 'n misdryf ingevolge hierdie Verordening sou wees, doen of nalaat, word dit geag dat daardie persoon self die handeling verrig of die versuim begaan het, tensy hy of sy die hof oortuig dat hy of sy –

(a) nóg die doen of late van die betrokke werknemer of assistent oogluikend toegelaat het, nóg dit veroorloof het; en

(b) alles redelik gedoen het om die doen of late te voorkom.

(2) Die feit dat die straathandelaar beweer dat hy of sy instruksies uitgereik het waardeur 'n doen of late verbied word, is nie insigself afdoende bewys dat hy of sy alles redelik gedoen het om die doen of late te voorkom nie.

Middellike aanspreeklikheid van werknemers en assistente

18. Wanneer iemand wat sake doen as straathandelaar ingevolge artikel 17 aanspreeklik is vir 'n doen of late van 'n werknemer of assistent, is daardie werknemer of assistent ook aanspreeklik asof hy of sy die persoon is wat aldus sake doen.

Kort titel

19. Hierdie Verordening heet die Verordening op die Beheer van Straathandel, 2007.

BYLAE

Deel 1
(artikel 5(1))

Gebiede aangewys vir straathandel:

1.
2.
3.
4.
5.
6.
7.
8.
9.
10.

Deel 2
(artikel 10(3))

Aangewese gebiede waar straathandel alleen van afgebakende persele of stalletjies gedoen mag word:

1.
2.
3.
4.
5.
6.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die beheer oor advertensietekens en die verbod op ontsiering van die voorkante of fronte van strate in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**diepte**" van 'n teken die vertikale afstand tussen die hoogste en laagste rande van so 'n teken;

"**dikte**" van 'n teken wat uitsteek die horisontale afmeting van sodanige teken, gemeet ewewydig met die vlak van die hoofmuur waaraan sodanige teken aangebring is;

"**flitsteken**" enige verligte teken waarvan die uitgestraalde lig nie in alle opsigte konstant bly nie;

"**gemagtigde werknemer**" enige werknemer wat deur die Munisipaliteit daartoe gemagtig is;

"**hoofmuur**" van 'n gebou enige buitemuur van sodanige gebou, maar nie ook 'n borswering, balustrade of reling van 'n veranda of 'n balkon nie;

"**lopende lig**" 'n deel van 'n advertensie in die vorm van 'n verligte strook, waarvan die verligting periodiek sodanig wissel dat dit die indruk wek van 'n patroon van liggies wat voordurend langs sodanige strook beweeg;

"**lugteken**" enige teken wat bokant die dak van 'n gebou, uitgesonderd 'n dak van 'n veranda of 'n balkon bevestig is en ook enige sodanige teken wat uit 'n enkel reël vrystaande, afsonderlike, uitgesnyde silhoeëtletters, simbole of embleme bestaan;

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit;

"**nuwe teken**" enige teken wat vir die eerste maal na die afkondiging van hierdie Verordening vertoon word;

"**onbelemmerde hoogte**" van 'n teken die vertikale afstand tussen die laagste rand van sodanige teken en die vlak van die grond, voetpad of ryweg onmiddellik onderkant sodanige teken;

"**openbare pad**" enige pad, straat of deurgang of enige ander plek wat gewoonlik deur die publiek of 'n deel daarvan gebruik word of waartoe die publiek of 'n deel daarvan die reg van toegang het en ook –

(a) die soom van enige sodanige pad, straat of deurgang;
(b) enige voetpad, sypaadjie of soortgelyke voetganger gedeelte van 'n padreserwe;
(c) enige brug, pont of drif waarvoor of waardeur enige sodanige pad, straat of deurgang loop;
(d) enige ander werk of voorwerp wat 'n deel uitmaak van of verbind is met of behoort tot daardie pad, straat, deurgang, voetpad of sypaadjie; en
(e) enige perseel, met of sonder geboue of strukture daarop, wat gebruik word of daargestel is as 'n openbare parkeerarea of openbare parkeerplek vir die parkering van motorvoertuie ongeag of toegang tot sodanige parkeerplek of parkeerarea gratis is al dan nie;

"**persoon**" met betrekking tot die vertoning of verandering van of die toevoeging tot 'n teken, of met betrekking tot die voorgenome of gepoogde vertoning of verandering van of toevoeging tot 'n teken, ook die persoon op wie se versoek sodanige teken vertoon, verander of daaraan toegevoeg word, of op wie se versoek dit die voorneme is of gepoog word om sodanige teken te vertoon, te verander of daaraan toe te voeg, na gelang van die geval en die persoon na wie, of na wie se goedere, produkte, dienste, bedrywighede, eiendom of perseel in sodanige teken verwys word, word geag sodanige persoon te wees tensy sodanige persoon die teendeel bewys;

"**plakkaat**" enige aanplakbiljet of dergelike middel wat aan die een of ander vaste voorwerp bevestig is en waardeur enige advertensie of kennisgewing in die openbaar vertoon word;

"**plat teken**" 'n teken wat aan 'n hoofmuur bevestig of regstreeks daarop geverf is, en wat nêrens meer as 250 mm voor die oppervlakte van sodanige muur uitsteek nie, maar nie ook 'n plakkaat nie: Met dien verstande egter dat 'n plakkaat wat aan 'n hoofmuur bevestig is, as 'n plat teken beskou word as sodanige plakkaat –

(a) 'n oppervlakte van minstens 0,80 m^2 het;
(b) omrand is deur 'n permanente omlysting wat aan sodanige hoofmuur bevestig is; en
(c) te alle tye in 'n ongeskonde en sindelike toestand gehou word;

"**sweefteken**" enige teken wat aan 'n vlieër, ballon, vliegtuig of enige ander toestel bevestig is waardeur dit in die lug hang bokant enige deel van die gebied onder die jurisdiksie van die Munisipaliteit;

"**teken**" enige teken, uithangbord, skerm, private lamp, blinding of ander toestel deur middel waarvan 'n advertensie of kennisgewing in die openbaar vertoon word;

"**teken wat uitsteek**" enige teken wat aan 'n hoofmuur bevestig is en wat op die een of ander punt meer as 250 mm voor die oppervlakte van sodanige muur uitsteek;

"**totale hoogte**" van 'n teken die vertikale afstand tussen die heel boonste rand van sodanige teken en die vlak van die grond, voetpad of ryweg onmiddellik onderkant sodanige teken; en

"**vertoning van 'n teken**" ook die oprigting van enige struktuur indien sodanige struktuur uitsluitend of hoofsaaklik bedoel is om sodanige teken te dra en die uitdrukking "**om 'n teken te vertoon**" het 'n ooreenstemmende betekenis.

Aanhegting van plakkate en tekens verbode

2. Behoudens die bepalings van hierdie Verordening, mag niemand 'n plakkaat of ander teken aanbring op die voorkant of front van enige openbare pad, muur, heining, grond, rots, boom of ander natuurvoorwerp, of op die voorkant, front of dak van enige gebou nie.

Indiening en goedkeuring van aansoek om 'n teken te vertoon

3. (1) Uitgesonderd soos in artikel 22(2) bepaal, moet iedereen wat voornemens is om 'n nuwe teken te vertoon of om 'n bestaande teken te verander of daaraan toe te voeg (hierna die "aansoeker" genoem), skriftelik op die vorm wat in die Bylae van hierdie Verordening voorgeskryf word, by die Munisipaliteit aansoek doen en daarmee planne indien wat in ooreenstemming met die volgende vereistes geteken is:

(i) (aa) Die planne moet met swart ink op natreklinne of stewige duursame tekenpapier geteken wees, of hulle moet linneafdrukke met swart strepe op 'n wit agtergrond wees.

(bb) Bedoelde vorm en planne moet in duplo wees (waarvan een stel die eiendom van die Munisipaliteit word) en moet deur die aansoeker, of deur iemand wat skriftelik deur die aansoeker gemagtig is om namens die aansoeker te teken, met ink gedateer en onderteken wees, en alle wysigings en verbeterings aan sodanige vorm en planne moet op dergelike wyse gedateer en onderteken wees.

(ii) (aa) Waar die teken aan 'n gebou bevestig moet word, moet die planne 'n vertikale aansig en 'n deursnee van die fasade en, waar nodig, van die dak van die gebou insluit, geteken volgens 'n skaal van 1:100, waarop die teken, enige ander tekens wat aan sodanige fasade of dak bevestig is, en genoeg van die vernaamste boukundige eienskappe van bedoelde fasade of dak geteken is om die posisie van die teken met betrekking tot sodanige ander tekens en eienskappe aan te dui.

(bb) Die posisie van die teken in verhouding tot die grondhoogte en, waar nodig, moet die randsteenlyn ook op sodanige vertikale aansig en deursnee aangetoon word.

(iii) Waar die teken nie aan 'n gebou bevestig gaan word nie, moet die posisie van die teken in verhouding tot die grondhoogte en, waar nodig, die randsteenlyn aangetoon word op 'n vertikale aansig, plan en deursnee wat volgens 'n skaal van 1:100 geteken is.

(iv) Aansigte, insluitende volledige besonderhede van die inhoud soos in artikel 6 omskryf, planne en deursnee van die teken self, soos wat nodig is om aan te dui of dit aan hierdie Verordening voldoen, akkuraat geteken volgens 'n skaal wat groot genoeg is (maar in geen geval minder as 1:50 nie), moet ook ingesluit word.

(v) Die planne moet volledige besonderhede van die struktuurstutte van die teken aantoon, geteken volgens 'n skaal van 1:20.

(vi) Die planne moet ook 'n terreinplan insluit, geteken volgens 'n skaal van 1:200 waarop die posisie van die teken en die gebou, indien daar is, waaraan dit bevestig gaan word, duidelik en akkuraat aangetoon word in verhouding tot enige van die grense van die erf wat deur sodanige posisie geraak word en waarop die naam van die aangrensende straat en die afstand na en die naam van die naaste dwarsstraat waaraan 'n naam toegewys is, vermeld word, en die rigting van die geografiese noorde aangedui word.

(vii) Op die planne moet aangedui word die materiaal waaruit die teken vervaardig gaan word, die wyse waarop die belettering daarop uitgevoer gaan word, die kleure wat gebruik gaan word, en of die teken verlig gaan wees al dan nie, en in laasgenoemde geval moet die planne aandui of die teken 'n flitsteken is of nie, en indien die teken 'n flitsteken is, moet volledige besonderhede van die periodisiteit daarvan en wisselings of veranderings in voorkoms verstrek word.

(2) (a) Ondanks die bepalings van subartikel (1), is dit wettig, onderworpe aan die bepalings van artikel 6(1), om sonder die toestemming van die Munisipaliteit enige plakkaat te vertoon en om 'n plakkaat deur 'n ander plakkaat van dieselfe grootte te vervang indien sodanige plakkaat soos voornoem, vertoon word by 'n bioskoop of skouburg, of ander openbare vermaaklikheidsplek, of op 'n skutting waarvan die oprigting en gebruik vir hierdie doel deur die Munisipaliteit gemagtig is, of as dit 'n plakkaat is wat ingevolge artikel 1 as 'n plat teken beskou word.

(b) Die Munisipaliteit kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy goed dink, toestemming daartoe verleen dat plakkate tydens spesiale geleenthede soos verkiesings, feesvierings, universiteite se jooloptogte, ens. vertoon word.

(3) Die Munisipaliteit moet, binne 21 dae na ontvangs van die vorm en planne waarna in subartikel (1) verwys word, aan die aansoeker besonderhede verstrek van die bepalings, indien daar is, van hierdie Verordening of van enige ander wet wat die Munisipaliteit gelas of gemagtig is om toe te pas, en waaraan sodanige vorm of planne nie voldoen nie en die Munisipaliteit kan, indien die Munisipaliteit dit nodig ag, die vorm en planne aan die aansoeker terugstuur.

(4) As die vorm en planne aan hierdie Verordening en enige ander wet soos voornoem, voldoen, moet die Munisipaliteit hulle goedkeur en een stel daarvan aan die aansoeker stuur.

(5) Goedkeuring wat ooreenkomstig subartikel (4) toegestaan word, is van nul en gener waarde indien die teken nie binne 12 maande van die datum van sodanige goedkeuring ooreenkomstig die goedgekeurde vorm en planne voltooi is nie.

Bestaande tekens moet aan Verordening voldoen

4. (1) (a) Elke teken wat op die datum van afkondiging van hierdie Verordening bestaan, moet in alle opsigte daarmee in ooreenstemming gebring word binne 'n tydperk van 1 jaar van die datum van sodanige afkondiging.

(b) Waar enige teken na voornoemde tydperk van 1 jaar nie aldus daaraan voldoen nie, moet dit onverwyld verwyder word.

(2) Waar 'n teken wat nie aan die bepalings van hierdie Verordening voldoen nie, nie binne bovermelde tydperk van 1 jaar daarmee in ooreenstemming gebring is nie, of waar 'n teken opgerig is wat nie daarmee in ooreenstemming is nie, kan die Munisipaliteit die eienaar daarvan gelas om sodanige teken te verwyder.

(3) Wanneer ook al 'n nuwe teken weens verandering van eiendomsreg of okkupasie of verandering in die aard van die besigheid, nywerheid, bedryf of beroep wat op 'n perseel uitgeoefen word of weens die oprigting van nuwe verkeerseinligte of weens 'n verandering in die hoogte of posisie van enige straat, voetpad of randsteen, of weens enige ander rede hoegenaamd, ophou om aan hierdie Verordening te voldoen, moet sodanige teken onmiddellik deur die persoon wat sodanige teken vertoon, verwyder, uitgewis of verander word om aan hierdie Verordening te voldoen.

Toepassing

5. (1) Iedereen wat sonder die voorafverkreë goedkeuring van die Munisipaliteit, verleen ingevolge artikel 3, waar sodanige goedkeuring ingevolge genoemde artikel 3 vereis word, 'n nuwe teken vertoon of probeer vertoon, of 'n bestaande teken verander of daaraan toevoeg of probeer om dit te verander of daaraan toe te voeg, is skuldig aan 'n misdryf.

(2) Enige sodanige persoon moet, nadat 'n skriftelike lasgewing te dien effekte gegee onder die hand van die gemagtigde werknemer van die Munisipaliteit op hom of haar gedien is, onmiddellik alle werk in verband met die vertoning van sodanige nuwe teken staak of laat staak, of enige verandering aan of toevoeging tot sodanige bestaande teken staak of laat staak, na gelang van die geval, en enige sodanige persoon wat in gebreke bly om sodanige lasgewing na te kom, is skuldig aan 'n misdryf.

(3) Iedereen wat, nadat so 'n persoon sodanige goedkeuring verkry het, enigiets in verband met 'n teken doen wat afwyk van enige vorm of plan wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, is skuldig aan 'n misdryf.

(4) Enige sodanige persoon moet, nadat 'n skriftelike lasgewing te dien effekte gegee onder die hand van die gemagtigde werknemer van die Munisipaliteit op sodanige persoon gedien is, onmiddellik sodanige afwyking staak of laat staak, en iedereen wat in gebreke bly om sodanige lasgewing na te kom, is skuldig aan 'n misdryf.

(5) Ongeag of sodanige lasgewing waarna in subartikels (2) en (4) verwys word, op enige sodanige persoon gedien is of nie, kan die Munisipaliteit op so iemand 'n skriftelike lasgewing dien, waarin van so iemand vereis word om onmiddellik 'n begin te maak met die verwydering of uitwissing van sodanige teken of enigiets waarna in subartikel (3) verwys word, en om sodanige verwydering of uitwissing te voltooi voor of op 'n datum wat in sodanige lasgewing bepaal word, en wat deur die Munisipaliteit verleng kan word al na hy goed dink.

(6) Indien sodanige persoon voor die datum vir die voltooiing van die verwydering of uitwissing wat ingevolge sodanige lasgewing vereis word, die Munisipaliteit daarvan oortuig dat so 'n persoon hierdie Verordening nagekom het, kan die Munisipaliteit sodanige lasgewing intrek.

(7) Waar iemand wat 'n teken vertoon, 'n bepaling van hierdie Verordening, uitgesonderd dié met betrekking tot die sake waarna in subartikels (1) en (3) verwys word, oortree, kan die gemagtigde werknemer van die Munisipaliteit 'n skriftelike kennisgewing onder sy of haar hand op sodanige persoon dien, en in sodanige kennisgewing moet hy of sy die bepalings aanhaal wat oortree is en in besonderhede die dinge vermeld wat gedoen moet word ten einde aan sodanige bepalings te voldoen.

(8) Iedereen wat in gebreke bly om 'n lasgewing waarna in subartikel (5) verwys word, of die bepalings van 'n kennisgewing waarna in subartikel (7) verwys word, na te kom, is skuldig aan 'n misdryf, en daarbenewens kan die Munisipaliteit self op koste van sodanige persoon gevolg gee aan sodanige lasgewing of kennisgewing.

Inhoud van tekens

6. (1) Geen teken op enige perseel mag enige woorde, letters, syfers, simbole, prente of ander middels (hierna die "inhoud" genoem) bevat nie, tensy elke deel van sodanige inhoud in een of meer van die volgende kategorieë val:

(a) Die naam, adres en telefoonnommer van sodanige perseel of gedeelte daarvan.

(b) Die naam van die okkupeerder van sodanige perseel of gedeelte daarvan.

(c) 'n Algemene beskrywing van die soort handel, nywerheid, besigheid of beroep wat wettiglik op sodanige perseel of gedeelte daarvan deur die okkupeerder daarvan gedryf of uitgeoefen word.

(d) Enige inligting, aanbeveling of aanprysing in verband met, of enige naam, beskrywing, besonderhede of ander aanduiding van –

(i) enige goedere wat nie monsters is nie en wat gereeld en wettiglik op sodanige perseel vervaardig, gehou en verkoop word, of vir verkoop gehou en aangebied word; of

(ii) enige dienste wat gereeld en wettiglik op sodanige perseel gelewer of aangebied word; of

(iii) enige verversingsdiens of enige onthaal of vermaaklikheid of enige kulturele, opvoedkundige, ontspannings-, sosiale of dergelike geriewe wat wettig op sodanige perseel verskaf of beskikbaar gestel word, of enige vergadering, byeenkoms of samekoms wat wettig op sodanige perseel plaasvind:

Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie uitgelê moet word as sou dit enige inhoud toelaat wat na die mening van die Munisipaliteit 'n ontwyking van of nie in ooreenstemming met die bedoeling van hierdie paragraaf is nie.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1), in die geval van 'n perseel wat gedeeltelik of geheel en al vir woondoeleindes gebruik word, mag geen teken behalwe die naam van sodanige perseel vertoon word op die deel van sodanige perseel wat vir woondoeleindes gebruik word nie.

(3) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op enige teken waarna in paragraaf (i), (ii), (iv), (vi), (vii), (viii), (ix), (x), (xi), (xv) of (xvi) van artikel 22(2) verwys word nie.

(4) Waar 'n teken vertoon word deur middel van 'n toestel waardeur 'n reeks opeenvolgende tekens op een plek vertoon word, is die bepalings van subartikel (1), onderworpe aan die volgende voorwaardes, nie van toepassing op enige sodanige teken wat aldus vertoon word nie:

(a) Geen teken in sodanige reeks, uitgesonderd 'n teken wat kragtens subartikel (1) toegelaat word, mag vir 'n tydperk van langer as 20 sekondes op 'n keer vertoon word nie.

(b) Die afsonderlike tekens wat agtereenvolgens binne enige bepaalde tydperk van 10 minute vertoon word, moet almal geheel en al van mekaar verskil vir sover dit inhoud betref: Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie van toepassing is op enige teken wat kragtens subartikel (1) toegelaat word nie.

(c) Waar sodanige toestel in staat is om nuus te vertoon of om vermaaklikheid te verskaf, mag dit nie in werking gestel word in 'n posisie of plek waar sodanige werking, na die mening van die Munisipaliteit, ophoping van voertuig- of voetgangerverkeer kan veroorsaak of vererger nie.

(d) Ongeag of sodanige toestel in staat is om nuus te vertoon of vermaaklikheid te verskaf of nie, mag dit nie in werking gestel word in 'n posisie of plek waar sodanige werking of enige samekoms van persone wat daardeur veroorsaak word, na die mening van die Munisipaliteit, afbreuk kan doen aan die geriewe van die omgewing of die waarde van eiendom kan laat verminder of 'n openbare oorlas kan veroorsaak nie.

(e) Geen sodanige teken mag 'n onbelemmerde hoogte van minder as 9 m hê nie.

(f) Ondanks die feit dat die Munisipaliteit goedkeuring verleen het vir die vertoning van die tekens waarna in hierdie subartikel verwys word, besit die Munisipaliteit die reg om te eniger tyd daarna sodanige goedkeuring in te trek as hy oortuig is dat die vertoning van sodanige tekens in stryd is met paragraaf (a), (b) of (e) of die oorsaak is dat die toestande waarna in paragraaf (c) of (d) verwys word, ontstaan of ontstaan het.

(5) (a) Waar die Munisipaliteit, deur middel van 'n skriftelike kennisgewing, enige persoon wat die tekens vermeld in subartikel (4) vertoon, in kennis stel dat sy of haar goedkeuring van sodanige vertoning ingetrek is, moet sodanige persoon onmiddellik ophou om sodanige tekens te vertoon en die toestel deur middel waarvan sodanige tekens vertoon word, verwyder voor of op 'n datum wat in sodanige kennisgewing bepaal moet word, en sodanige datum kan deur die Munisipaliteit na goeddunke verleng word.

(b) Iedereen wat in gebreke bly om aan 'n kennisgewing waarna in paragraaf (a) verwys word, te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en daarbenewens kan die Munisipaliteit self op koste van sodanige persoon aan sodanige kennisgewing uitvoering gee.

Tekens op geboue toegelaat

7. Die volgende tekens en geen ander nie kan aan geboue bevestig of daarop geverf word: Met dien verstande dat die Munisipaliteit die oprigting van enige van of al die onderstaande tekens of die gebruik van sekere kleure daarin kan verbied:

(a) Plat tekens.
(b) Tekens wat uitsteek.
(c) Lugtekens.
(d) Tekens wat aan verandas of balkonne bevestig of daarop geverf is.
(e) Tekens geverf op sonblindings wat aan geboue bevestig is.
(f) Enige teken waarna in paragrawe (i), (ii), (iv), (vi), (vii), (viii), (ix), (x), (xi), (xii), (xiii), (xiv) (xv) en (xvi) van artikel 22(2) verwys word, mits al die voorwaardes van toepassing op sodanige teken nagekom word.

Plat tekens

8. (1) Die totale oppervlakte van plat tekens mag hoogstens 40 m^2 wees of een-kwart van die totale oppervlakte van die hoofmuur waaraan hulle bevestig of waarop hulle geverf is, watter ook al die kleinste oppervlakte is: Met dien verstande dat die Munisipaliteit 'n kleiner totale oppervlakte vir enige plat teken kan vasstel.

(2) Geen plat teken mag bokant sodanige hoofmuur of verby enige ent van sodanige hoofmuur uitsteek nie.

(3) (a) Waar 'n gebou wat aan 'n ander gebou grens en wat uitsteek oor die grenslyn van die toekomstige breedte van 'n geproklameerde pad of openbare pad, of geheel en al of gedeeltelik gesloop word en op so 'n wyse herbou word dat dit nie meer oor voornoemde grenslyn uitsteek nie, word geen plat teken toegelaat op die symuur van sodanige ander gebou wat uitsien op die gebou wat aldus herbou is, vir sover genoemde symuur oor die voornoemde grenslyn uitsteek nie.

(b) Vir sover dit hierdie artikel betref, beteken –

(i) "toekomstige breedte" met betrekking tot 'n geproklameerde pad, die wetlike breedte soos beoog by enige wetgewing afgekondig deur enige wetgewende liggaam wat die wetlike bevoegdheid het om sodanige wetgewing oor sodanige saak te maak, en met betrekking tot 'n openbare pad beteken dit die breedte waartoe dit verbreed gaan word in ooreenstemming met 'n dorpsaanlegskema, ongeag of dit opgestel word, op goedkeuring wag of in werking is;

(ii) "aangrensend" of "grens aan" 'n afstand van 6 m of minder.

Tekens wat uitsteek

9. (1) Geen deel van 'n teken wat uitsteek, mag voor die hoofmuur waaraan sodanige teken bevestig is, verder uitsteek nie as –

(i) 1,5 m in die geval van 'n teken wat 'n onbelemmerde hoogte van minstens 7,5 m het; of

(ii) 1 m in die geval van enige ander teken:

Met dien verstande egter dat waar 'n teken 'n onbelemmerde hoogte van minder as 7,5 m het –

(a) enige deel van sodanige teken wat nie meer as 600 mm in diepte is nie, meer as 1 m maar nie meer as 1,5 m nie kan uitsteek soos voormeld: Met dien verstande voorts dat daar 'n onbelemmerde vertikale afstand van minstens 3,6 m moet wees tussen enige twee agtereenvolgende dele, indien daar is, wat aldus uitsteek; en

(b) enige sodanige teken wat nie meer as 600 mm in diepte is nie, meer as 1 m maar nie meer as 1,5 m nie kan uitsteek soos voormeld: Met dien verstande voorts dat daar 'n onbelemmerde vertikale afstand van minstens 3,6 m moet wees tussen enige twee sodanige tekens, indien daar is, wat in dieselfde vertikale vlak is.

(2) Geen teken wat uitsteek, mag bokant die bopunt van die hoofmuur waaraan dit bevestig is, uitsteek nie.

(3) Die diepte van 'n teken wat uitsteek, mag nie een-en-'n-kwart maal die onbelemmerde hoogte van sodanige teken oorskry nie.

(4) 'n Teken wat uitsteek, mag nie 'n dikte van meer as 600 mm hê nie.

Lugtekens

10. (1) Die diepte van 'n lugteken mag nie meer wees as een-sesde van die onbelemmerde hoogte van sodanige lugteken nie.

(2) Geen lugteken mag voor 'n hoofmuur van 'n gebou uitsteek sodat dit, volgens bo-aansig, verby die dak van sodanige gebou in enige rigting uitsteek nie.

(3) Die lengte van 'n lugteken mag nie meer wees as –

(i) 14 m as die diepte van sodanige lugteken nie meer as 4,5 m is nie; of

(ii) 18 m as die diepte van sodanige lugteken meer as 4,5 m is nie.

(4) Onderworpe aan die voorafgaande bepalings van hierdie artikel kan die Munisipaliteit 'n lugteken van langer as 18 m toelaat as die straatfront van 'n perseel 55 m oorskry: Met dien verstande dat –

(i) sodanige lugteken uit 'n enkele reël vrystaande, afsonderlike, uitgesnyde silhoeëtletters, simbole of embleme moet bestaan; en

(ii) die lengte van sodanige lugteken hoogstens een-derde van die lengte van die padfront van so 'n perseel mag wees; en

(iii) sodanige lugteken parallel met die padfront van sodanige perseel opgerig moet word; en

(iv) as sodanige lugteken nie langer voldoen aan die voorafgaande bepalings van hierdie artikel nie weens die vermindering van die lengte van die padfront van sodanige perseel, die eienaar van sodanige perseel onverwyld sodanige lugteken moet verwyder of dit moet verander sodat dit aan sodanige bepalings voldoen.

Tekens op verandas en balkonne

11. (1) Die volgende tekens en geen ander nie mag aan verandas en balkonne bevestig of daarop geverf word:

(i) Tekens wat plat bevestig is aan of geverf is op 'n borswering, balustrade of reling van 'n veranda of 'n balkon.

(ii) Tekens wat plat bevestig is aan of geverf is op 'n balk of fassie van 'n veranda of 'n balkon.

(iii) Tekens wat onderkant die dak van 'n veranda of die vloer van 'n balkon hang.

(2) Geen teken wat aan 'n borswering, balustrade of reling van 'n veranda of 'n balkon bevestig is, mag meer as 1 m in diepte wees, of bokant of onderkant of verby enige ent van sodanige borswering, balustrade of reling uitsteek of meer as 250 mm voor sodanige borswering, balustrade of reling uitsteek nie.

(3) (a) Geen teken wat aan 'n balk of fassie van 'n veranda of balkon bevestig is, mag meer as 600 mm in diepte wees, of bokant of onderkant of verby enige ent van sodanige balk of fassie uitsteek, of meer as 250 mm voor sodanige balk of fassie uitsteek nie.

(b) Waar enige sodanige teken bevestig is aan 'n balk wat reghoekig met die boulyn en onderkant die dak van 'n veranda of die vloer van 'n balkon is, mag sodanige teken nie langer as 1,8 m wees nie.

(4) Geen teken wat onderkant die dak van 'n veranda of die vloer van 'n balkon hang, mag meer as 1,8 m in lengte of 600 mm in diepte wees nie en elk sodanige teken moet reghoekig met die boulyn wees.

(5) Ondanks die voorafgaande is dit toelaatbaar om 'n teken op die dak van 'n veranda of balkon op te rig: Met dien verstande dat –

(i) sodanige teken uit 'n enkele reël afsonderlike, alleenstaande, uitgesnyde silhoeëtletters moet bestaan;

(ii) sodanige teken geplaas moet word in die vertikale vlak wat deur die voorste rand van sodanige dak gaan, naamlik 'n rand parallel met die randsteenlyn;

(iii) die inhoud van sodanige teken beperk moet wees tot die waarna in paragrawe (a), (b) en (c) van artikel 6(1) verwys word; en

(iv) die diepte van sodanige teken hoogstens 600 mm mag wees.

(6) Ondanks die bepalings van artikel 17(1), is dit toelaatbaar dat 'n advertensie wat onderkant die dak van 'n veranda of die vloer van 'n balkon hang, van 'n rand bestaande uit lopende lig voorsien kan wees: Met dien verstande dat sodanige lopende ligrand hoogstens 75 mm breed mag wees.

Tekens oor voetpaaie wat deel uitmaak van openbare paaie en openbare paaie

12. (1) Enige teken wat uitsteek oor 'n voetpad wat deel van 'n openbare pad uitmaak moet 'n onbelemmerde hoogte van minstens 2,4 m hê: Met dien verstande dat 'n plat teken in die vorm van 'n uitstalkas vir die vertoning van goedere hoogstens 50 mm bo sodanige voetpad mag uitsteek indien sodanige voetpad minstens 1,5 m breed is, ongeag die onbelemmerde hoogte van sodanige uitstalkas.

(2) Enige teken wat meer as 150 mm uitsteek oor enige plek waar mense kan loop, indien sodanige plek nie 'n voetpad is wat deel van 'n openbare pad uitmaak nie, moet 'n onbelemmerde hoogte van minstens 2,1 m hê.

(3) Geen deel van 'n teken wat uitsteek oor 'n voetpad wat deel van 'n openbare pad uitmaak, mag nader as 300 mm aan 'n vertikale vlak deur die randsteenlyn van sodanige voetpad wees nie.

(4) Waar 'n openbare pad geen voetpad het nie, kan tekens oor die ryvlak van sodanige openbare pad uitsteek as sodanige tekens 'n onbelemmerde hoogte van minstens 6 m het.

Verbode tekens

13. (1) Ondanks enigiets in hierdie Verordening vervat, word die volgende soorte tekens verbied:

(a) Swaaitekens, los draagbare tekens (uitgesonderd tekens wat ontwerp is vir die doel om deur die strate gedra te word en tekens op draagbare rame of ander voorwerpe om goedere te bevat en te vertoon), sweeftekens en ander tekens wat nie onbeweeglik bevestig is nie.

(b) Plakkate, uitgesonderd –

(i) enige plakkaat waarna in artikel 3(2) van hierdie Verordening verwys word;

(ii) enige plakkaat wat 'n teken behels waarna in paragraaf (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi), (vii), (x), (xv) of (xvi) van artikel 22(2) van hierdie Verordening verwys word.

(c) Enige teken wat so geplaas is dat dit die doeltreffende werking van enige verkeersteken versper, onduidelik maak, belemmer of andersins moontlike verwarring daarin kan veroorsaak.

(2) Niemand mag enige advertensie, aanplakbiljet, plakkaat, gravure, prent, tekening, afdruk of foto van 'n onbetaamlike, onsedelike, weersinwekkende, walglike of aanstootlike aard of van 'n aard wat 'n skadelike of verderflike invloed op die publiek of 'n bepaalde klas persone kan hê, vertoon op 'n plek waartoe die publiek toegang het of dit blootstel op 'n plek waar die publiek dit kan sien nie.

(3) Iedereen wat die bepalings van subartikel (2) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

Tekens aan mure, heinings en skuttings

14. (1) Uitgesonderd soos in artikel 22 bepaal, mag geen teken aan 'n muur (behalwe 'n muur van 'n gebou), 'n heining of 'n skutting bevestig of daarop geverf word nie, tensy sodanige muur, heining of skutting na die mening van die Munisipaliteit in die eerste plaas daartoe dien om 'n toestand of eienskap van die eiendom waarop sodanige muur, heining of skutting opgerig is, te verberg, waar sodanige toestand of eienskap onooglik is as gevolg van die doeleindes waarvoor sodanige eiendom wettig gebruik word, of tensy sodanige muur, heining of skutting 'n tydelike maatreël is om die publiek in die omgewing van bou- of slopingswerk of dergelike bedrywighede te beskerm.

(2) By die verlening van die Munisipaliteit se goedkeuring ooreenkomstig artikel 3 vir die bevestiging of verf van enige sodanige teken, kan die Munisipaliteit sodanige goedkeuring net vir 'n beperkte tydperk verleen, en die bepalings van artikel 6 is nie op sodanige teken van toepassing nie.

(3) Elk sodanige teken wat ooreenkomstig hierdie artikel bevestig of geverf is, moet aan die volgende vereistes voldoen:

(i) Geen sodanige teken mag meer as 3 m in diepte of 4,2 m in totale hoogte wees nie.

(ii) Plakkaattekens moet in bepaalde panele wat eenvormig van grootte en vlak moet wees, omsluit wees.

Advertensies aan pale en ander strukture

15. (1) Behalwe soos in artikel 22 bepaal, mag geen advertensie bevestig word aan of geverf word op 'n paal of enige ander struktuur wat nie 'n gebou, muur, heining of skutting is nie, tensy –

(i) sodanige advertensie onontbeerlik is vir die doeltreffende bestuur van die bedrywigheid in verband waarmee dit vertoon word; en

(ii) òf

(aa) dit ondoenlik is om 'n advertensie doeltreffend op die betrokke perseel te vertoon behalwe deur 'n advertensie aan 'n paal of ander struktuur soos voornoem, te bevestig of 'n advertensie daarop te verf; òf

(bb) na die mening van die Munisipaliteit 'n bepaalde advertensie wat bedoel is om aan 'n paal of ander struktuur soos voornoem, bevestig of daarop geverf te word, nie afbreuk sal doen aan die aantreklikheid van die omgewing of die waarde van aangrensende eiendomme in 'n groter mate sal verminder as wat 'n advertensie wat op die perseel vertoon kan word ooreenkomstig enige ander artikel van hierdie Verordening, sou doen nie.

(2) Waar, na die mening van die Munisipaliteit, ernstige moeilikheid deur die publiek ondervind word om die weg na 'n fabriek in 'n nywerheidsone te vind, kan die Munisipaliteit toelaat dat 'n advertensiebord aan 'n paal op 'n onbeboude erf in sodanige sone opgerig word met die doel om die rigting na sodanige fabriek aan te dui, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(i) Hoogstens een sodanige advertensiebord mag op een enkele erf opgerig word, maar dit is toelaatbaar om die rigting na meer as een fabriek op enige sodanige advertensiebord aan te dui.

(ii) Die inhoud van die advertensies op sodanige advertensiebord moet tot die name van die betrokke fabrieke, die name van hul okkupeerders, en noodsaaklike rigtingsinligting beperk wees en die letters wat gebruik word, mag nie meer as 100 mm hoog wees nie.

(3) Waar dit na die Munisipaliteit se mening redelikerwys vereis word, kan die Munisipaliteit die oprigting van 'n advertensiebord aan 'n paal op 'n onbeboude erf in 'n dorpsgebied toelaat met die doel om 'n kaart daarop te vertoon wat die straatname en erfnommers van sodanige dorpsgebied aantoon, tesame met die naam en adres van die eienaar van of agent vir sodanige dorpsgebied en sodanige advertensiebord mag nie 3,6 m^2 in oppervlakte oorskry nie, en die letters wat daarop gebruik word, mag nie 100 mm in hoogte oorskry nie.

(4) Wanneer die Munisipaliteit sy goedkeuring kragtens artikel 3 verleen vir die vertoning van enige advertensie waarna in subartikel (1), (2) of (3) van hierdie artikel verwys word, kan die Munisipaliteit sodanige goedkeuring net vir 'n beperkte tydperk verleen en by die verstryking van sodanige tydperk moet die persoon wat sodanige advertensie vertoon, dit onmiddellik verwyder.

Tekens op voertuie en tekens wat deur die straat gedra word

16. (1) Niemand mag 'n plakkaatbord, lantern, vlag, banier, skerm of ander beweegbare advertensiemiddel in 'n openbare pad dra of laat dra indien sodanige bord, lantern, vlag, banier, skerm of ander middel die verkeer in sodanige pad hinder of versper of dit waarskynlik kan doen nie.

(2) Niemand mag 'n advertensiebestelwa of ander beweegbare advertensietoestel in 'n openbare pad bestuur of aandryf of laat bestuur of aandryf indien sodanige bestelwa of toestel die verkeer in sodanige pad hinder of versper of dit waarskynlik kan doen nie.

(3) Iedereen wat die bepalings van subartikels (1) of (2) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

Verligte tekens

17. (1) Geen *flitsteken* mag 'n onbelemmerde hoogte van minder as 9 m hê nie, en geen verligte teken mag in so 'n posisie vertoon word dat dit 'n gevaar vir die verkeer is of waarskynlik kan wees of verwarring met die verkeerstekens kan veroorsaak nie.

(2) Geen teken wat so skerp verlig is dat dit 'n oorlas veroorsaak, mag vertoon word nie.

Struktuurvereistes

18. (1) (a) Elke teken wat aan 'n gebou of struktuur bevestig is, moet stewig daaraan vasgemaak wees.

(b) Elke teken wat aan die grond bevestig is en elke struktuur wat 'n teken stut en wat aan die grond bevestig is, moet onbeweeglik aan die grond geanker wees.

(c) Elke teken en die stutte en verankerings daarvan, en die gebou of struktuur, indien daar is, waaraan dit bevestig is, moet sterk genoeg wees om, met 'n veiligheidsfaktor van 4, die rustende belasting van die teken en 'n opgelegde horisontale winddruk van 1,5 kPa te kan weerstaan.

(2) Alle tekens en die stutte daarvan wat aan messel- of klipwerk bevestig is, moet daaraan bevestig wees deur middel van uitdyboute of deur middel van boute wat deur sodanige messel- of klipwerk loop en aan die teenoorgestelde kant daarvan bevestig is en sodanige boute moet minstens 12 mm in diameter wees.

(3) Elke teken wat aan 'n gebou of 'n muur bevestig is, moet gestut wees deur minstens 4 onafhanklike stutte wat op so 'n wyse ontwerp en geplaas is dat enige 2 van sodanige stutte die teken veilig sal stut met 'n veiligheidsfaktor van 2.

(4) Alle oop metaalwerk in 'n teken of die stutte daarvan moet geverf of op 'n ander wyse behandel word om korrosie te voorkom, en alle houtwerk in 'n teken of die stutte daarvan moet met kreosoot of 'n ander bewaarmiddel behandel word om verwering te voorkom.

(5) Iedereen wat 'n teken vertoon, moet sodanige teken en die stutte daarvan te alle tye in 'n veilige toestand laat onderhou, en iedereen wat die bepalings van hierdie subartikel oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

Gebruik van glas

19. Alle glas wat in tekens gebruik word (uitgesonderd glasbuise wat in neon- en dergelike tekens gebruik word), moet spieëlglas wees wat minstens 5 mm dik is.

Voorsorgmaatreëls teen brand

20. (1) Uitgesonderd soos in artikel 22 bepaal, moet alle verligte tekens en die stutte daarvan van onbrandbare materiaal wees: Met dien verstande dat die Munisipaliteit kan toelaat dat enige teken wat kragtens artikels 14 en 15 goedgekeur is en enige stut vir enige sodanige teken van brandbare materiaal mag wees.

(2) Niemand vertoon 'n teken op sò 'n manier of op sò 'n plek dat dit, geheel of gedeeltelik, 'n teken deur die Munisipaliteit vertoon om die ligging van noodtoerusting of 'n brandkraaneindpunt aan te dui verberg nie.

Elektrisiteitsvereistes

21. (1) Geen teken mag verlig word nie, behalwe deur middel van elektrisiteit van die Munisipaliteit se hoofleiding waar sodanige toevoer beskikbaar is.

(2) Elke teken in verband waarmee elektriese stroom gebruik word, moet voorsien wees van 'n buite-skakelaar in 'n posisie wat deur die Munisipaliteit vasgestel moet word, deur middel waarvan die elektrisiteitstoevoer na sodanige teken afgeskakel kan word.

Vrystellings

22. (1) Die bepalings van hierdie Verordening is nie op enige teken binne 'n gebou, uitgesonderd verligte tekens in winkelvensters, van toepassing nie.

(2) Enige teken wat onder die een of ander van die volgende kategorieë resorteer, word van die bepalings van artikels 3, 14, 15 en 20 vrygestel:

(i) Enige teken wat deur die Munisipaliteit of deur enige bus- of tremmaatskappy wat wettig gemagtig is om 'n vervoerstelsel vir gebruik deur die publiek te bestuur, vertoon word, en enige teken wat met die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit aan 'n straatpaal bevestig is.

(ii) Enige teken binne 'n winkelvenster.

(iii) Enige advertensie wat in 'n koerant of tydskrif wat in die strate verkoop word, verskyn, en enige plakkaat in verband daarmee.

(iv) Enige teken wat tydelik vertoon word by geleentheid van –

(aa) enige openbare danksegging, vreugde- of roubetoning; of

(bb) enige ander openbare plegtigheid of geleentheid waarop die Munisipaliteit die bepalings van hierdie paragraaf van toepassing maak.

(v) Enige teken wat vertoon word op 'n voertuig wat gewoonlik op die openbare paaie beweeg, en enige teken wat daardeur gedra word.

(vi) Enige onverligte teken wat nie oor 'n openbare pad uitsteek nie en hoogstens 0,60 m^2 in oppervlakte is, wat alleenlik bekend maak dat die perseel waaraan dit bevestig is, verkoop gaan word op 'n datum in sodanige teken vermeld, of dat 'n verkoping van meubels of huisraad daarin gaan plassvind op 'n datum in sodanige teken vermeld (geeneen van sodanige datums mag meer as 1 maand wees na die datum waarop die teken vir die eerste maal vertoon word nie): Met dien verstande dat net 1 sodanige teken op enige openbare padfront van sodanige perseel vertoon word en dat dit verwyder word binne 7 dae na genoemde datum wat vermeld moet word.

(vii) Enige onverligte teken wat nie oor 'n openbare pad uitsteek nie en hoogstens 0,20 m^2 in oppervlakte is, wat alleenlik bekend maak dat die perseel waaraan dit bevestig is, te koop of te huur is of dat loseerders en kosgangers daarin opgeneem kan word: Met dien verstande dat net 1 sodanige teken op enige openbare padfront van sodanige perseel vertoon word.

(viii) Enige onverligte teken wat nie oor 'n openbare pad uitsteek nie en hoogstens 1,2 m^2 in oppervlakte is, wat net die naam, adres en telefoonnommer bevat van 'n gebou of perseel wat nie vir nywerheids- of bedryfsdoeleindes gebruik word nie, en wat aan sodanige perseel bevestig is: Met dien verstande dat net 1 sodanige teken op enige openbare padfront van sodanige perseel vertoon word.

(ix) Enige onverligte teken wat nie oor 'n openbare pad uitsteek nie en hoogstens 0,20 m^2 in oppervlakte is, wat alleenlik die soort bedryf, besigheid, nywerheid of beroep bekend maak wat wettiglik deur enige okkupeerder van die perseel waaraan dit bevestig is, gedryf of uitgeoefen word, die naam van sodanige okkupeerder, die adres en telefoonnommer van sodanige perseel en die spreekure (indien daar is): Met dien verstande dat net 1 sodanige teken deur 'n okkupeerder op enige openbare padfront van sodanige perseel vertoon word.

(x) Enige onverligte teken wat nie oor 'n openbare pad uitsteek nie en hoogstens 0,60 m^2 in oppervlakte is, wat 'n byeenkoms adverteer wat op 'n datum in sodanige teken bepaal en op die perseel waaraan dit bevestig is, gaan plaasvind: Met dien verstande dat sodanige byeenkoms nie vir eie rekening van enige persoon plaasvind nie: Met dien verstande voorts dat sodanige datum nie later is as 1 maand na die datum waarop sodanige teken vir die eerste keer vertoon word nie en ten slotte: Met dien verstande laastens dat net 1 sodanige teken op enige openbare padfront van sodanige perseel vertoon word en dat dit binne 7 dae na genoemde bepaalde datum verwyder word.

(xi) Enige onverligte teken wat nie oor 'n openbare pad uitsteek nie, wat alleenlik bedoel is as 'n waarskuwing of aanduiding van rigting met betrekking tot die perseel waaraan sodanige teken bevestig is, en wat nie groter of hoër is as wat redelik nodig is vir die doeltreffende werkverrigting daarvan nie.

(xii) Enige teken wat regstreeks geverf is op, of deel uitmaak van die permanente struktuurwerk van 'n muur van 'n gebou.

(xiii) Enige teken wat op die glas van 'n venster geverf of op 'n ander wyse daarop uitgewerk is.

(xiv) Enige teken wat regstreeks op 'n veranda of balkon geverf is as dit aan artikel 11 voldoen.

(xv) Enige teken wat kragtens wet vertoon moet word.

(xvi) Enige teken wat op 'n perseel waarop bouwerksaamhede plaasvind, vertoon word in verband met enige dienste wat gelewer word, of enige werk wat verrig word, of enige goedere wat verskaf word in verband met sodanige werksaamhede: Met dien verstande dat enige sodanige teken onmiddellik verwyder moet word sodra die lewering van sodanige dienste of die verrigting van sodanige werk of die verskaffing van sodanige goedere, na gelang van die geval, opgehou het.

Voorbehoud

23. Geen bepaling van hierdie Verordening word uitgelê as sou dit op enige wyse enige regte wat behoort aan, of pligte wat opgelê is aan, die Munisipaliteit as die liggaam by wie die eiendomsreg op, of die beheer oor, enige openbare pad of ander plek of ding wat ook al binne sy regsgebied wettiglik berus, raak nie.

Afstanddoening van bepalings

24. (1) Die Munisipaliteit kan, indien hy dit wenslik ag in die openbare belang, afstand doen van voldoening aan die bepalings van hierdie Verordening of sodanige bepalings verslap: Met dien verstande dat enigeen wie se regte nadelig geraak word deur sodanige afstanddoening of verslapping nie daardeur gebind is nie.

(2) In elke geval waar sodanige afstand of verslapping aan 'n persoon toegestaan is moet die Munisipaliteit 'n skriftelike kennisgewing aan sodanige persoon beteken, waarin die betrokke bepaling waarvan afstand gedoen is of wat verslap is en die mate waarin daar van sodanige bepaling afstand gedoen is, aangegee word en daarbenewens moet die Munisipaliteit 'n register met 'n identiese afskrif van elk sodanige kennisgewing hou wat op die kantoor van die Munisipaliteit vir lede van die publiek ter insae beskikbaar moet wees.

Strafbepaling

25. Bykomend tot enige misdryf wat deur 'n spesifieke bepaling van hierdie Verordening geskep word, is iedereen wat enige bepaling van hierdie Verordening oortree of nalaat om daaraan te voldoen aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n straf van hoogstens –

(i) 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van 1 jaar, òf sodanige boete of sodanige gevangenisstraf òf beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;

(ii) in die geval van 'n voortdurende misdryf, met 'n addisionele boete van R50.00, of 'n addisionele tydperk van gevangenisstraf van 10 dae, òf sodanige addisionele boete of sodanige addisionele gevangenisstraf, òf beide sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur; en

(iii) 'n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat na bevinding van die hof deur die Munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim.

Kort titel

26. Hierdie Verordening heet die Verordening op die Beheer oor Advertensietekens en Ontsiering van Voorkante of Fronte van Strate, 2007.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir waterverskaffingsdienste vir die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

INDELING VAN ARTIKELS

HOOFSTUK I

ALGEMENE BEPALINGS

DEEL 1
WOORDOMSKRYWING

1. Woordomskrywing

DEEL 2
VOORSIENING VAN WATERDIENSTE

2. Aansoek vir waterverskaffingsdienste
3. Spesiale ooreenkomste vir waterdienste

DEEL 3
TARIEWE EN HEFFINGS

4. Voorgeskrewe tariewe en heffings vir waterdienste
5. Vaste heffings vir waterdienste

DEEL 4
BETALING

6. Betaling van deposito
7. Betaling vir waterdienste wat voorsien word

DEEL 5
REKENINGS

8. Rekenings
9. Navrae of klagtes in verband met rekenings
10. Appélle teen beslissings van Munisipale Bestuurder omtrent navrae of klagtes

11. Agterstallige betalings
12. Ooreenkoms vir betaling van agterstallige bedrae in paaiemente

DEEL 6
BEëINDIGING, BEPERKING EN STAKING VAN WATERVOORSIENINGSDIENSTE

13. Beëindiging van ooreenkoms vir watervoorsieningsdienste
14. Beperking of staking van gelewerde watervoorsieningsdienste
15. Hervatting van watervoorsieningsdienste

DEEL 7
ALGEMEEN

16. Verantwoordelikheid om aan hierdie Verordening te voldoen
17. Vrystellings
18. Ongemagtigde gebruik van water
19. Verandering van doel waarvoor watervoorsieningsdienste gebruik word
20. Inmenging met watervoorsieningstelsel of saniteitsdienste
21. Verhindering van toegang tot watervoorsieningstelsel of saniteitsdienste
22. Kennisgewing en dokumente
23. Bevoegdheid om te beteken en voldoening aan kennisgewings
24. Bevoegdheid om te betree en inspeksie
25. Vals verklarings of inligting
26. Misdrywe
27. Beskikbaarheid van Verordening

HOOFSTUK II

WATERVERSKAFFINGSDIENSTE

DEEL 1
VERBINDING MET WATERVERSKAFFINGSTELSEL

28. Verskaffing van verbindingspyp
29. Ligging van verbindingspyp
30. Voorsiening van enkele wateraansluiting vir voorsiening aan meerdere verbruikers op dieselfde perseel
31. Interkoppeling tussen persele of waterinstallasies
32. Ontkoppeling van waterinstallasie van verbindingspyp

DEEL 2
KOMMUNALE WATERDIENSTE WERKE

33. Voorsiening van waterdienste werke vir watervoorsiening aan meerdere verbruikers

DEEL 3
TYDELIKE VOORSIENING

34. Watervoorsiening van 'n brandkraan

DEEL 4
STANDAARDE EN ALGEMENE VOORWAARDES VIR VOORSIENING

35. Hoeveelheid, kwaliteit en drukking
36. Algemene voorwaardes vir voorsiening

DEEL 5
METING VAN WATERVOORSIENINGSDIENSTE

37. Meting van hoeveelheid water voorsien
38. Hoeveelheid water voorsien aan verbruiker
39. Foutiewe meting
40. Spesiale meting
41. Geen vermindering van bedrag betaalbaar vir water wat gemors is nie
42. Aanpassing van hoeveelheid water voorsien deur defekte meetinstrument

DEEL 6
INSTALLASIEWERKE

43. Goedkeuring van installasiewerke
44. Voorsiening en instandhouding van waterinstallasies
45. Gebruik van pype en wateraanhegtings moet goedgekeur wees
46. Etikettering van eindpuntwateraanhegtings en toestelle moet goedgekeur word

DEEL 7
WATERBESOEDELING, BEPERKING EN VERMORSENDE GEBRUIK VAN WATER

47. Eienaar moet besoedeling van water voorkom
48. Waterbeperkings
49. Mors van water onwettig

DEEL 8
WATEROUDIT

50. Wateroudit

DEEL 9
ALGEMEEN

51. Kennisgewing van boorgate
52. Neem van watermonsters
53. Voorsiening van water wat nie vir drink bedoel is nie deur die Munisipaliteit
54. Toets van drukking in watervoorsieningsisteem
55. Pype in strate of openbare plekke

HOOFSTUK III

SANITEITSDIENSTE

DEEL 1
STANDAARDE EN ALGEMENE BEPALINGS

56. Standaarde vir saniteitsdienste
57. Ontoelaatbare storting in rioolstelsel

DEEL 2
TERREINSANITEITSDIENSTE EN VERBANDHOUDENDE DIENSTE

58. Aansoek vir infrastruktuur
59. Dienste wat verband hou met terreinsaniteitsdienste
60. Heffings ten opsigte van dienste wat verband hou met perseelsaniteitsdienste

DEEL 3
VERWYDERING VAN RIOOLVUIL

61. Voorsiening van 'n aansluitingsriool
62. Ligging van aansluitingsriool
63. Voorsiening van een aansluitingsriool vir meerdere verbruikers op een perseel
64. Onderlinge aansluiting tussen persele
65. Ontkoppeling van rioolinstallasie van aansluitingsriool

DEEL 4
RIOOLVUIL GELEWER DEUR MIDDEL VAN PADVERVOER

66. Aanvaarding van rioolvuil gelewer deur middel van padvervoer
67. Skriftelike toestemming vir lewering van rioolvuil deur middel van padvervoer
68. Voorwaardes vir lewering van rioolvuil deur middel van padvervoer
69. Intrekking van toestemming vir lewering van rioolvuil deur middel van padvervoer

DEEL 5
AFVOER VAN NYWERHEIDSUITVLOEISEL

70. Vergunning om nywerheidsuitvloeisel te stort
71. Beheer van nywerheidsuitvloeisel
72. Afmeet en vasstel van die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel
73. Verbode storting
74. Perke vir permanganaatwaarde (PV), ph en elektriese geleidingsvermoë en maksimum konsentrasie van sekere stowwe
75. Heffings vir nywerheidsuitvloeisel
76. Aansoek om 'n permit om bedryfs- of nywerheidsuitvloeisel in die rioolstelsel af te voer
77. Permit om bedryfs- of nywerheidsuitvloeisel af te voer

DEEL 6
BEPALING VAN HOEVEELHEID UITVLOEISEL WAT IN DIE RIOOLSTELSEL GESTORT WORD

78. Bepaling van hoeveelheid standaard huishoudelike uitvloeisel gestort
79. Bepaling van hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel gestort
80. Vermindering in die hoeveelheid bepaal kragrens artikels 78(1) of (2) en 79(1)(a)

DEEL 7
RIOLERINGSINSTALLAISES

81. Konstruksie of installering van rioleringsinstallasies
82. Riole in strate of openbare plekke
83. Konstruksie deur die Munisipaliteit
84. Onderhoud van rioleringsinstallsies
85. Installering van 'n voorafbehandelingsfasiliteit
86. Beskerming teen invloei van vloedwater
87. Kort titel

HOOFSTUK I

ALGEMENE BEPALINGS

DEEL 1
WOORDOMSKRYWING

Woordomskrywing

1. (1) In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

"**aansluitingspunt**" die punt waar 'n dreineringsinstallsie aansluit by die aansluitingsriool;

"**aansluitingsriool**" 'n pyp wat aan die Munisipaliteit behoort en geïnstalleer is vir die doel om rioolvuil te gelei van 'n dreineringsinstallasie op 'n perseel na 'n riool buite die grense van daardie perseel of binne 'n serwituutgebied of 'n gebied onderworpe aan 'n vergunning van weg of deur ooreenkoms;

"**afloopwater**" gebruikte water wat nie besoedel is deur grondwater of nywerheidsuitvloeisel nie, maar nie ook stormwater nie;

"**bepaalde hoeveelheid waterverskaffingstelsel**" 'n waterinstallasie wat 'n bepaalde hoeveelheid water aan 'n verbruiker per dag lewer;

"**besoedeling**" die invoer van enige bestanddeel in die watervoorsieningstelsel, 'n waterinstallasie of waterbron wat direk of indirek die fisiese-, chemiese- of biologiese eienskappe van die water daarin mag verander, sodat dit –

(a) minder geskik is vir enige voordelige doel waarvoor dit redelikerwys bestem kon wees om gebruik te word; of

(b) skadelik of potensieël skadelik is –

(i) vir die welstand, gesondheid of veiligheid van mense;
(ii) vir akwatiese of nie-akwatiese organismes;

"**bewoningseenheid**" met betrekking tot 'n perseel, 'n gebou of gedeelte van 'n gebou wat bewoon of gebruik word of wat bedoel is vir bewoning of gebruik vir enige doel;

"**boorgat**" 'n gat in die grond gemaak om water op te spoor, te onttrek of ondergrondse water te gebruik en ook 'n fontein;

"**Bouregulasies**" die Nasionale Bouregulasies gemaak kragtens die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977);

"**brandkraan**" 'n installsie wat drinkbare water alleen vir doeleindes van brandbestryding gelei;

"**dienspyp**" 'n pyp wat deel is van 'n waterinstallasie wat deur die eienaar of okkupeerder voorsien en geïnstalleer is op 'n perseel en wat verbind is of verbind gaan word aan 'n verbindingspyp om die waterinstallsie op die perseel te bedien;

"**eienaar**" –

(a) die persoon in wie regtens die titel van die perseel van tyd tot tyd gevestig is;

(b) waar die persoon in wie die titel van die perseel regtens vestig insolvent of dood is, of vir watter rede ookal regsonbevoegd is, die persoon in wie die administrasie en beheer van die perseel gevestig is as kurator, trustee, eksekuteur, administrator, geregtelike bestuurder, likwidateur of ander regsverteenwoordiger;

(c) waar die Munisipaliteit nie kan bepaal wie sodanige persoon is nie, iemand wat geregtig is op die voordeel van gebruik van die perseel of 'n gebou of geboue daarop;

(d) waar 'n huurooreenkoms vir 30 jaar of langer aangegaan is, die huurder van die perseel;

(e) ten opsigte van –

(i) 'n stuk grond aangetoon op 'n deeltitelplan geregistreer kragtens die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986), die ontwikkelaar of regspersoon ten opsigte van die gemeenskaplike eiendom; of

(ii) 'n deel soos bedoel in die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986), die persoon in wie se naam die deel geregistreer kragtens 'n deeltitelakte en ook so 'n persoon se wettig aangestelde agent;

"**eindpuntwatersluitstuk**" 'n watersluitstuk by die uitlaat van 'n waterinstallasie wat die loslating van water van die waterinstallasie beheer;

"**gemagtigde agent**" iemand deur die Munisipaliteit gemagtig om enige handeling of werksaamheid te verrig, bevoegdheid uit te oefen of plig na te kom ooreenkomstig hierdie Verordening;

"**genoegsaam**" genoegsaam volgens die oordeel van die Munisipaliteit;

"**gewone huishoudelike uitvloeisel**" huishoudelike uitvloeisel met die voorgeskrewe konsentraateienskapppe met betrekking tot chemiese suurstofvereistes en stolbare vastestowwe soos vereis word van rioolvuil afvloeisel van 'n huishoudelike perseel binne die regsgebied van die Munisipaliteit, maar nie nywerheidsuitvloeisel nie;

"**goedgekeur**" goedgekeur deur 'n gemagtigde beampte;

"**hoofaansluiting**" 'n pyp, anders as 'n verbindingspyp, wat in die Munisipaliteit vestig en gebruik word om water na 'n verbruiker te gelei;

"**installasiewerk**" werk ten opsigte van die bou van of aan 'n waterinstallasie;

"**kommunale waterdienste werk**" 'n verbruikersaansluiting waardeur waterdienste aan meer as een persoon voorsien word;

"**meetinstrument**" 'n metode, prosedure, proses, instrument, apparaat of installasie wat dit moontlik maak om die kwantiteit van waterdienste wat gelewer word te bepaal en ook 'n metode, prosedure of proses waardeur kwantiteit gemeet of veronderstel word;

"**meter**" 'n watermeter soos omskryf in die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Handelsmetrologie , 1973 (Wet No. 77 van 1973), of, in die geval van 'n watermeter groter as 100 mm, 'n instrument wat die water wat deur dit vloei meet;

"**Munisipale Bestuurder**" die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais Munisipaliteit of, na gelang van die geval, sy gevolmagtigde agent, wat die waterdiensowerheid is soos bedoel in die Wet;

"**noodtoestand**" 'n situasie wat 'n gevaar of potensiële gevaar vir lewe, gesondheid, die omgewing of eiendom inhou;

"**nywerheidsuitvloeisel**" uitvloeisel afkomstig van nywerheidsgebruik van water en ook uitvloeisel anders dan gewone huishoudelike uitvloeisel of stormwater;

"**okkupeerder**" die persoon wat 'n perseel of gedeelte daarvan okkupeer, ongeag die titel van sy of haar okkupasie;

"**omgewingskoste**" die volle koste van alle stappe wat nodig is om die omgewing tot die toestand waarin dit was voordat die skadeveroorsakende insident plaasgevind het, te herstel;

"**openbare kennisgewing**" 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, en, waar prakties moontlik, in 'n dagblad in minstens twee van die amptelike tale wat algemeen in die Provinsie of gebied gebruik word en, waar moontlik, word die kennisgewing in 'n dagblad wat oorwegend verskyn in die taal van die kennisgewing geplaas;

"**openbare water**" 'n rivier, waterweg, baai, strandmeer, die see en enige ander water wat die publiek geregtig is om te gebruik of die waartoe die publiek reg van toegang het;

"**perseel**" 'n stuk grond waarvan die buite oppervlakte grense aangetoon word op –

(a) 'n algemene plan of diagram geregistreer kragtens die Opmetingswet, 1997 (Wet No. 8 van 1997), of kragtens die Akteswet, 1937 (Wet No. 47 van 1937);

(b) 'n deeltitelplan geregistreer kragtens die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986); of

(c) 'n register deur 'n stamowerheid bygehou;

"**persoon**" 'n natuurlike persoon, plaaslike regeringsliggaam of soortgelyke gesag, 'n maatskappy ingelyf onder enige wet, 'n liggaam van persone hetsy ingelyf of nie, 'n statutêre liggaam, openbare diensliggaam, vrywillige vereniging of trust;

"**rioleringsinstallasie**" 'n sisteem op 'n perseel wat in die eienaar van die perseel vestig en wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word met betrekking tot die ontvangs, stoor, behandeling of afvoer van rioolvuil op daardie perseel na die aansluitingspunt en ook riole, toebehore, hulpmiddels, septiese tenks, opgaartenks, pitlatrines en private installasies wat deel uitmaak van of bykomstig tot sodanige sisteme is;

"**rioleringstelsel**" die strukture, pype, kleppe, pompe, meters of ander apparaat gebruik by die vloei deur die rioolretikulasiesisteem en verwerking by 'n rioolvuilbehandelingsaanleg wat deur die Munisipaliteit beheer word en deur die Munisipaliteit gebruik kan word met betrekking tot die afvoer van rioolvuil en ook seeuitvloeisels;

"**rioleringswerk**" ook 'n riool, sanitêre toebehore, watervoorsieningsapparaat, 'n afval- of ander pyp of 'n werk wat in verband staan met die uitskeiding van vloeistowwe of vaste stowwe in 'n riool of straatriool, of wat andersins in verband staan met die dreinering van 'n perseel;

"**riool**" daardie deel van die rioleringsinstallsie wat rioolvuil binne 'n perseel afvoer;

"**rioolvuil**" afloopwater, nywerheidsuitvloeisel, gewone huishoudelike uitvloeisel en ander vloeibare afval, afsonderlik of gesamentlik, maar nie stormwater nie;

"**saniteitsdienste**" ook water vir nywerheidsdoeleindes en die afvoer van nywerheidsuitvloeisel, en het die woord verder die betekenis daaraan toegeken in die Wet;

"**stormwater**" water afkomstig van natuurlike neerslag of samevloei en ook reënwater, ondergrondse water of fonteinwater;

"**straatriool**" 'n pyp of geleiding wat aan die Munisipaliteit behoort of in die Munisipaliteit gevestig is en wat vir die geleiding van rioolvuil van die aansluitingsriool gebruik kan word, maar nie ook 'n riool soos omskryf nie;

"**tariefmonster**" 'n monster geneem ooreenkomstig artikel 74;

"**toestel**" 'n struktuur, kamer, tenk, slot, meter of maat kragtens hierdie Verordening opgerig of geïnstalleer;

"**uitvloeisel**" vloeistof van watter aard ookal, of dit nou stowwe in suspensie of opgeloste vorm bevat of nie;

"**verbindingspyp**" 'n pyp wat aan die Munisipaliteit behoort en geïnstalleer is vir die doel om water van 'n hoofaansluiting na 'n waterinstallasie te gelei en ook 'n "kommunikasiepyp" waarna in SABS 0252, Deel I verwys word;

"**verbruiker**" –

(a) 'n okkupeerder van 'n perseel waarvoor of waarop die Munisipaliteit ooreengekom het om waterdienste te voorsien of werklik waterdienste voorsien, of as daar nie 'n okkupeerder is nie, enigiemand wat 'n lopende ooreenkoms met die Munisipaliteit aangegaan het om waterdienste aan of op die perseel te voorsien, of, as daar nie so iemand is nie, die eienaar van die perseel: Met dien verstande dat waar waterdienste deur 'n enkelaansluiting aan meerdere okkupeerders voorsien word, die okkupeerder of persoon met wie die Munisipaliteit ooreengekom het om 'n waterdiens te voorsien; of

(b) iemand wat toegang tot waterdienste deur 'n kommunale waterdienste werk voorsien verkry;

"**vloedvlak (1 in 50 jaar)**" die vlak wat vloedwater, veroorsaak deur 'n storm wat een keer in 50 jaar voorkom, bereik;

"**vloedvlakte (1 in 50 jaar)**" die gebied wat deur vloedwater van 'n storm wat een keer in 50 jaar voorkom, oorspoel word;

"**voorgeskrewe tarief of heffing**" 'n heffing deur die Munisipaliteit voorgeskryf;

"**wateraanhegting**" 'n komponent van 'n waterinstallaise, wat nie 'n pyp is waardeur water vloei of waarin dit opgeberg word nie;

"**waterdienste**" waterdiente soos in die Wet omskryf en ook water vir nywherheidsdoeleindes en die afvoer van nywerheidsuitvloeisel;

"**waterinstallasie**" die pype en wateraanhegtings wat op 'n perseel is en gevestig is in die eienaar van die perseel en gebruik word of bedoel is om gebruik te word in verband met die verbruik van water op die perseel, en ook 'n pyp en wateraanhegting geleë buite die grense van die perseel, wat òf aansluit by die verbindingspyp wat aan die perseel verbonde is, òf gelê is met die toestemming van die Munisipaliteit;

"**waterverskaffingsdienste**" waterverskaffingsdienste soos in die Wet omskryf en, vir doeleindes van hierdie Verordening, ook water vir nywerheidsdoeleindes en die afvoer van nywerheidsuitvloeisel;

"**watervoorsieningsisteem**" die strukture, watergeleidingspype, kleppe, pompe, meters of ander toebehore wat daarmee verband hou, wat in die Munisipaliteit vestig en gebruik word of bedoel is om gebruik te word deur die Munisipliteit in verband met die voorsiening van water en ook enige deel van die sisteem;

"**werksdag**" 'n dag wat nie 'n Saterday, Sondag of openbare vakansiedag is nie;

"**Wet**" die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet No. 108 van 1997), soos van tyd tot tyd gewysig.

(2) Behoudens subartikel (1), het 'n woord of uitdrukking wat in hierdie Verordening gebruik word en waaraan 'n betekenis –

(a) in die Wet toegeken is, daardie betekenis; en

(b) in die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977), en die Bouregulasies kragtens daardie Wet uitgevaardig toegeken is, vir doeleindes van Hoofstuk III, daardie betekenis, behalwe waar die samehang anders aandui.

(3) 'n Verwysing in Hoofstuk I van hierdie Verordening na waterdienste of dienste, word uitgelê as 'n verwysing na watervoorsieningsdienste of saniteitsdienste, afhangende van die dienste waarop dit betrekking het.

DEEL 2
VOORSIENING VAN WATERDIENSTE

Aansoek vir waterdienste

2. (1) Niemand verkry toegang tot waterdienste van die voorsieningstelsel, rioleringstelsel of deur enige ander reinigingsdiens tensy hy of sy nie by die Munisipaliteit op die voorgeskrewe vorm vir die diens vir 'n spesifieke doel aansoek gedoen het en die aansoek toegestaan is nie.

(2) Waar 'n perseel of persoon (hierna die "verbruiker" genoem) voorsien word van waterdienste, word dit geag dat 'n ooreenkoms in subartikel (1) beoog, bestaan.

(3) By die aansoek deur 'n verbruiker vir die voorsiening van waterdienste, verwittig die Munisipaliteit die verbruiker van die verskillende vlakke van dienste wat beskikbaar is en die tariewe of gelde verbonde aan elkeen van die vlakke.

(4) 'n Verbruiker kies die vlak van diens wat aan hom of haar voorsien moet word.

(5) 'n Verbruiker kan te eniger tyd aansoek doen om die vlak van diens wat gekies is kragtens die ooreenkoms te wysig: Met dien verstande dat die betrokke diens beskikbaar moet wees en dat koste en uitgawe wat verband hou met die verandering van die vlak deur die verbruiker betaalbaar is.

(6) 'n Aansoek waartoe die Munisipaliteit ingestem het, beliggaam 'n ooreenkoms tussen die Munisipaliteit en die aansoeker en word van krag op die datum bepaal of gestipuleer in die ooreenkoms.

(7) 'n Verbruiker is verantwoordelik vir betaling van al die voorgeskrewe tariewe of heffings ten opsigte van waterdienste aan hom of haar gelewer, tot tyd en wyl die ooreenkoms beëindig is ooreenkomstig hierdie Verordening of totdat alle uitstaande betalings gemaak is.

(8) (a) Met die voorbereiding van 'n aansoekvorm vir lewering van waterdienste, moet die Munisipaliteit verseker dat die dokument en interaksie met die eienaar, verbruiker of enigeen wat aansoek doen deur die eienaar, verbruiker of ander persoon verstaan word.

(b) Waar iemand ongeletterd of aan 'n soortgelyke gebrek onderworpe is, moet die Munisipaliteit redelike maatreëls tref om te verseker dat daardie persoon bewus is van die inhoud van die aansoekvorm en dit verstaan.

(9) 'n Aansoekvorm maak voorsiening vir –

(a) 'n sertifikaat deur 'n gevolgmagtigde agent dat die aansoeker bewus is van en die inhoud van die vorm verstaan;

(b) aanvaarding deur die verbruiker van die bepalings van hierdie Verordening en volle verantwoordelikheid vir die koste van waterdienste gelewer totdat die ooreenkoms beëindig word of totdat enige uitstaande betalings gemaak is;

(c) die naam van die verbruiker;

(d) die adres of standplaasnommer van die perseel aan of waarop waterdienste gelewer moet word of die gemeenskaplike waterdienstewerk waar waterdienste gebruik sal word;

(e) die adres waarheen rekenings gestuur moet word;

(f) die bron van inkomste van die aansoeker;

(g) die naam en adres van die aansoeker se werkgewer, waar van toepassing;

(h) die doel waarvoor die water gebruik sal word indien water voorsien word; en

(i) die ooreengekome datum waarop die voorsiening van waterdienste sal begin.

(10) Waterdienste gelewer aan 'n verbruiker is onderhewig aan die bepalings van hierdie Verordening en die voorwaardes van die betrokke ooreenkoms.

(11) Indien die Munisipaliteit 'n aansoek om waterdienste van die hand wys omdat dit nie vir hom moontlik is om die waterdienste te voorsien op die datum wat versoek word vir die voorsiening daarvan of dit gladnie kan voorsien nie, verwittig die Munisipaliteit die verbruiker van sodanige weiering of onvermoë, die redes daarvoor en, indien van toepassing, wanneer die Munisipaliteit in 'n posisie sal wees om sodanige waterdienste te voorsien.

Spesiale ooreenkomste vir waterdienste

3. Die Munisipaliteit kan 'n spesiale ooreenkoms aangaan vir die lewering van waterdienste aan –

(a) 'n aansoeker binne sy regsgebied, indien die dienste waarvoor aansoek gedoen word die invoeging van voorwaardes wat nie in die voorgeskrewe vorm vervat word nie, noodsaak; en

(b) 'n aansoeker buite sy regsgebied, indien sodanige aansoek deur die munisipaliteit in wie se regsgebied die perseel geleë is, die aansoek goedgekeur het.

DEEL 3
TARIEWE EN HEFFINGS

Voorgeskrewe tariewe en heffings vir waterdienste

4. Alle tariewe en heffings betaalbaar ten opsigte van waterdienste deur die Munisipaliteit kragtens hierdie Verordening voorsien, insluitende, maar nie beperk tot die betaling van aansluitingsheffings, vaste heffings of enige bykomende heffings of rente ten opsgite van versuim om sodanige tariewe of heffings op die bepaalde datum te betaal nie, word deur die Munisipaliteit vasgestel ooreenkomstig –

(a) 'n tariefbeleid;

(b) 'n verordening daaromtrent, indien enige; en

(c) regulasies kragtens artikel 10 van die Wet, indien enige.

Vaste heffings vir waterdienste

5. (1) Die Raad van die Munisipaliteit kan, bykomend tot tariewe of heffings vir waterdienste werklik voorsien, 'n maandelikse vaste heffing, 'n jaarlikse vaste heffing of 'n eenmalige vaste heffing maak ten opsigte van die voorsiening van waterdienste ooreenkomstig –

(a) 'n tariefbeleid;

(b) 'n verordening daaromtrent, indien enige; en

(c) regulasies kragtens artikel 10 van die Wet, indien enige.

(2) Waar 'n vaste heffing kragtens subartikel (1) gemaak word, is dit betaalbaar deur elke eienaar of verbruiker ten opsigte van waterdienste aan hom of haar voorsien, ongeag of waterdienste deur hom of haar gebruik word of nie.

DEEL 4
BETALING

Betaling van deposito

6. (1) Behalwe in die geval waar 'n vooruitbetalingsmeetinstrument deur die Munisipaliteit gebruik word, deponeer elke verbruiker by aansoek vir die voorsiening van waterdienste en alvorens sodanige waterdienste deur die Munisipaliteit voorsien word, 'n bedrag geld gelyk aan die geskatte heffing vir 'n gemiddelde maand se waterdienste soos deur die Munisipaliteit bepaal.

(2) Die Munisipaliteit kan van 'n verbruiker aan wie dienste voorsien word en van wie, vir watter rede ookal, nie vroeër vereis is om 'n deposito te betaal nie, vereis om op versoek, binne 'n bepaalde tyd, 'n deposito te betaal.

(3) Die Munisipaliteit kan van tyd tot tyd die bedrag deur 'n verbruiker kragtens subartikel (1) gedeponeer hersien, en na aanleiding van die hersiening –

(a) vereis dat 'n bykomende bedrag deur die verbruiker gedeponeer word; of

(b) sodanige bedrag aan die verbruiker terugbetaal as wat deur die Munisipaliteit in oorskryding van die hersiene deposito gehou word.

(4) Behoudens subartikel (5), word 'n bedrag wat by die Munisipaliteit gedeponeer is kragtens subartikels (1) of (2) nie geag betaling of gedeeltelike betaling van 'n rekening uitstaande vir waterdienste gelewer te wees nie.

(5) Indien daar by die beëindiging van die ooreenkoms vir voorsiening van waterdienste, 'n bedrag aan die Munisipaliteit uitstaande is ten opsigte van waterdienste gelewer aan die verbruiker, kan die Munisipaliteit die deposito aanwend vir betaling of gedeeltelike betaling van die uitstaande bedrag en die balans, as daar is, aan die verbruiker terugbetaal.

(6) Geen rente is betaalbaar op 'n bedrag wat deur die Munisipaliteit gehou word kragtens hierdie artikel nie.

(7) 'n Ooreenkoms vir die voorsiening van waterdienste kan 'n voorwaarde bevat dat 'n deposito aan die Munisipaliteit verbeur sal word indien dit nie opgeëis is binne twaalf maande na beëindiging van die ooreenkoms nie.

Betaling vir waterdienste wat voorsien word

7. (1) Die verbruiker betaal vir waterdienste deur die Munisipaliteit voorsien teen die voorgeskrewe tarief of heffing ooreenkomstig artikel 4 en 5 vir die spesifieke kategorie waterdiens neergelê.

(2) 'n Verbruiker is verantwoordelik vir betaling van alle waterdienste wat aan hom of haar voorsien is, vanaf die datum van die ooreenkoms tot die datum van beëindiging daarvan.

(3) Die Munisipaliteit kan 'n skatting maak van waterdienste voorsien ten opsigte van 'n tydperk of tydperke binne die tussenpose tussen opeenvolgende meetings en kan 'n rekening aan die verbruiker lewer vir skattings van dienste op hierdie manier gemaak.

(4) Indien 'n verbruiker watervoorsieningsdienste vir 'n ander gebruikskategorie as waarvoor dit deur die Munisipaliteit voorsien word kragtens 'n ooreenkoms gebruik en gevolglik teen 'n laer tarief as die tarief wat gehef moes wees aangeslaan word, kan die Munisipaliteit die bedrag wat gehef word aanpas om in ooreenstemming te wees met die tarief wat gehef behoort te gewees het en die gewysigde tariewe en heffings van die verbruiker verhaal.

(5) Indien wysigings aan die voorgeskrewe tariewe of heffings vir waterdienste voorsien in werking tree op 'n datum tussen metings word, om 'n rekening ten opsigte van die tariewe en heffings te kan uitreik –

(a) dit geag dat dieselfde hoeveelheid waterdienste voorsien is in elke tydperk van vier-en-twintig uur gedurende die tussenpose tussen metings; en

(b) 'n vaste heffing, bereken op 'n *pro rata*-basis in ooreenstemming met die heffing wat onmiddellik voor die wysiging en gewysigde heffing gegeld het gemaak.

(6) (a) 'n Verbruiker betaal sy of haar rekening by die kantoor van die Munisipaliteit, of die kantoor van die goedgekeurde agent van die Munisipaliteit, na gelang van die geval.

(b) 'n Verbruiker bly verantwoordelik vir betaling wat nie by die Munisipaliteit, gevolgmagtigde agent of goedgekeurde agent betaal is nie.

(7) Die Munisipaliteit moet 'n verbruiker inlig wie die goedgekeurde agente vir betaling van rekenings is, indien van toepassing.

DEEL 5
REKENINGS

Rekenings

8. (1) Rekenings word maandeliks by die adres wat laaste by die Munisipaliteit opgegee is gelewer aan verbruikers vir die bedrag verskuldig en betaalbaar.

(2) Indien die Munisipaliteit versuim om 'n rekening te lewer, word 'n verbruiker nie kwytgeskeld van die verpligting om 'n bedrag wat verskuldig en betaalbaar is te betaal nie.

(3) 'n Rekening aan 'n verbruiker gelewer vir waterdienste voorsien, word betaal nie later nie as die laaste datum vir betaling soos op die rekening aangetoon, welke datum minstens een-en-twintig dae na die datum van die rekening moet wees.

(4) Indien 'n rekening na die datum in subartikel (3) genoem betaal word, betaal die verbruiker 'n laatbetalingsheffing of rente, soos voorgeskryf, aan die Munisipaliteit.

(5) Rekenings –

(a) toon –

(i) die verbruik of geskatte verbruik of veronderstelde verbruik soos vasgestel vir die metings- of verbruikstydperk;

(ii) die metings- of verbruikstydperk;

(iii) die toepaslike tarief;

(iv) die bedrag verskuldig ooreenkomstig die werklike-, geskatte- of veronderstelde verbruik;

(v) die bedrag verskuldig vir enige ander dienste deur die Munisipaliteit gelewer;

(vi) die agterstallige bedrag, as daar is;

(vii) die rente betaalbaar op agterstallige bedrae, as daar is;

(viii) die laaste datum vir betaling;

(ix) die metodes, plekke of goedgekeurde agente waar betaling gemaak kan word; en

(b) meld dat –

(i) die verbruiker 'n ooreenkoms, voor die laaste datum vir betaling, met die Munisipaliteit kan aangaan om die agterstallige bedrag in paaiemente te vereffen, indien die verbruiker nie in staat is om die volle bedrag verskuldig en betaalbaar te betaal nie;

(ii) die Munisipaliteit die waterdienste na 'n finale aanskrywing aan die verbruiker gestuur is en geen sodanige ooreenkoms aangegaan is nie sal beperk;

(iii) die verbruiker wat in versuim is se naam gelys kan word by 'n kredietburo of enige ander soortgelyke liggaam as wanbetaler;

(iv) die rekening aan 'n skuldinvorderaar oorhandig kan word vir invordering;

(v) regstappe ingestel kan word teen 'n verbruiker vir die verhaal van 'n bedrag wat 60 dae agterstallig is;

(vi) indien van toepassing, bewys van registrasie as 'n behoeftige verbruiker ooreenkomstig die Munisipaliteit se beleid rakende behoeftiges voor die laaste datum vir betaling ingelewer moet word; en

(vii) 'n behoeftige verbruiker alleen op basiese waterdienste geregtig is en dat 'n behoeftige verbruiker verantwoordelik is vir betaling van waterdienste wat in oorskryding van die hoeveelheid van basiese waterdienste gebruik word.

Navrae en klagtes in verband met rekenings

9. (1) 'n Verbruiker kan 'n navraag of klagte ten opsigte van die akkuraatheid van die bedrag uitstaande en verskuldig volgens 'n rekening aan hom of haar gelewer indien.

(2) 'n Navraag of klagte word by die Munisipale Bestuurder ingedien voor of op die datum waarop betaling van die rekening gedoen moet word, of so gou redelik moontlik daarna.

(3) Waar 'n navraag of klagte ingedien word na die datum waarop betaling van die rekening waaroor navraag gedoen of gekla word verskuldig geword het, word die navraag of klagte vergesel van minstens 'n bedrag gelyk aan die gemiddelde bedrag verskuldig en betaalbaar gedurende die vorige drie maande.

(4) Die Munisipale Bestuurder registreer die navraag of klagte en verstrek 'n verwysingsnommer aan die verbruiker.

(5) Die Munisipale Bestuurder –

(a) ondersoek of laat die navraag of klagte binne 14 dae nadat die navraag of klagte geregistreer is ondersoek; en

(b) lig die verbruiker, binne 30 dae nadat die navraag of klagte geregistreer is, skriftelik in oor sy of haar bevinding en, indien die navraag of klagte van die hand gewys is, oor die redes vir sy of haar bevinding.

Appélle teen bevindings van Munisipale Bestuurder omtrent navrae of klagtes

10. (1) 'n Verbruiker kan by die Munisipaliteit skriftelik teen 'n bevinding van die Munisipale Bestuurder bedoel in artikel 9 appél aanteken.

(2) 'n Appél kragtens subartikel (1) word skriftelik by die Munisipaliteit ingedien binne 21 dae nadat die verbruiker bewus geword het van die bevinding in artikel 9 genoem en –

(a) sit die redes vir die appél uiteen;

(b) gaan vergesel van 'n deposito vasgestel vir die toets van 'n meetinstrument, indien van toepassing.

(3) Die Munisipaliteit kan by appél deur 'n verbruiker, hom of haar versoek om die volle bedrag verskuldig en betaalbaar ooreenkomstig die rekening waarteen geappélleer word te betaal, hangende die uitslag van die appél.

(4) Die verbruiker is verantwoordelik vir alle ander bedrae, behalwe dit waarteen geappélleer word, wat gedurende beregting van die appél verskuldig en betaalbaar word.

(5) 'n Appél moet deur die Munisipaliteit bereg word binne 21 dae nadat dit aangeteken is en die verbruiker moet sonder versuim skriftelik van die uitslag verwittig word.

(6) Die bevinding van die Munisipaliteit is finaal en die verbruiker moet enige bedrag verskuldig en betaalbaar kragtens die bevinding binne 14 dae nadat hy of sy van die uitslag van die appél verwittig is, betaal.

(7) Die Munisipaliteit kan die laat indiening van 'n appél kondoneer.

(8) (a) Indien dit in 'n appél beweer word dat 'n meettoestel onakkuraat is, word die toestel aan 'n standaard nywerheidstoets onderwerp om sy akkuraatheid vas te stel.

(b) Die verbruiker word verwittig van die moontlike koste-implikasies sowel as die geraamde bedrag van so 'n toets, soos in subartikel 9(a) uiteengesit, alvorens so 'n toets uitgevoer word.

(9) Indien die uitslag van 'n toets toon dat die meettoestel –

(a) binne 'n voorgeskrewe perk van akkuraatheid is, is die verbruiker verantwoordelik vir die koste van die toets en alle ander uitstaande bedrae en word sodanige koste teen die rekening van die verbruiker gedebiteer;

(b) buite 'n voorgeskrewe perk van akkuraatheid is, is die Munisipaliteit verantwoordelik vir die koste van die toets en moet die verbruiker verwittig word van die bedrag krediet waarop hy of sy geregtig is.

(10) Die voorgeskrewe heffing wat in subartikel (2)(b) genoem word, indien van toepassing –

(a) kan deur die Munisipaliteit behou word indien daar bevind word dat die meettoestel nie defektief is nie; of

(b) word aan die aansoeker terugbetaal indien daar bevind word dat die meettoestel defektief is.

(11) 'n Meettoestel word geag defektief te wees, indien dit getoets word ooreenkomstig 'n standaard nywerheidstoets, of indien die meettoestel 'n meter is, die regulasies kragtens artikel 9 van die Wet afgekondig, en dit nie aan algemeen aanvaarde spesifikasies of die spesifikasies in die regulasies uiteengesit voldoen nie.

(12) Indien daar bevind word dat die toestel defektief is –

(a) herstel die Munisipaliteit die meettoestel of installeer 'n ander toestel wat in goeie werkende toestand is, sonder enige ksote aan die verbruiker, behalwe as die koste verhaalbaar van die verbruiker is as gevolg van oortreding van artikel 37(6); en

(b) bepaal die Munisipaliteit die hoeveelheid water waarvoor die verbruiker moet betaal in plaas van die hoeveelheid deur die defekte meettoestel gemeet en neem as grondslag vir sodanige bepaling, na gelang die Munisipaliteit mag besluit –

(i) die hoeveelheid wat die gemiddelde maandelikse verbruik van die verbruiker gedurende die 3 maande wat die maand in dispuut voorafgegaan het en pas sodanige hoeveelheid aan ooreenkomstig die mate van fout in die lesing van die defektiewe watermeter;

(ii) die gemiddelde verbruik van die verbruiker vir die opvolgende 3 gemeterde tydperke na die defektiewe watermeter herstel of vervang is; of

(iii) die waterverbruik op die perseel soos aangeteken vir die ooreenstemmende tydperk in die vorige jaar.

Agterstallige betalings

11. (1) Indien die verbruiker versuim om die bedrag verskuldig en betaalbaar voor die laaste datum vir betaling te betaal, is die onbetaalde bedrag agterstallig en kan 'n finale aanskrywing, binne 7 werksdae, per hand afgelewer word of per geregistreerde pos gestuur word na die jongste adres wat opgegee is as adres van die verbruiker.

(2) Versuim om binne 7 werksdae 'n finale aanskrywing af te lewer of te stuur, onthef nie die verbruiker van die verantwoordelikheid vir betaling van die agterstallige bedrag nie.

(3) Die finale aanskrywing meld –

(a) die agterstallige bedrag en rente betaalbaar;

(b) dat die verbruiker, binne 14 dae na die datum van die finale aanskrywing, 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit kan aangaan om die agterstallige bedrag in paaiemente te betaal;

(c) dat indien geen sodanige ooreenkoms binne die genoemde tyd aangegaan is nie, die waterdienste beperk kan word en dat regstappe geneem kan word teen 'n verbruiker vir die verhaal van 'n bedrag wat 60 dae agterstallig is;

(d) dat die verbruiker wat in versuim is se naam gelys kan word by 'n kredietburo of enige ander soortgelyke liggaam as wanbetaler;

(e) dat die rekening aan 'n skuldinvorderaar oorhandig kan word vir invordering;

(f) dat bewys van registrasie as 'n behoeftige verbruiker ooreenkomstig die Munisipaliteit se beleid rakende behoeftiges voor die laaste datum van die finale aanskrywing ingehandig moet word;

(g) dat 'n behoeftige verbruiker alleen op basiese waterdienste geregtig is en dat 'n behoeftige verbruiker verantwoordelik is vir betaling van waterdienste wat in oorskryding van die hoeveelheid van basiese waterdienste gebruik word.

(4) Rente kan gehef word op alle agterstallige bedrae teen 'n koers wat van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit vasgestel word.

(5) Die bedrag verskuldig en betaalbaar deur 'n verbruiker beliggaam 'n gekonsolideerde skuld en enige betaling deur die verbruiker gemaak vir 'n kleiner bedrag as die hele verskuldigde bedrag, word aangewend –

(a) tot betaling van die huidige rekening;

(b) tot betaling van agterstallige bedrae; en

(c) tot betaling van rente,

ter vermindering van die gekonsolideerde skuld.

(6) Binne 7 werksdae na verstryking van die 14 dae tydperk toegelaat vir betaling ind ie finale aanskrywing –

(a) beperk die Munisipaliteit die voorsiening van waterdienste aan die verbruiker in versuim; en

(b) oorhandig of stuur die Munisipaliteit per geregistreerde pos na die laaste adres deur die verbruiker opgegee, 'n kennisgewing dat waterdienste binne 14 dae na die kennisgewing ontkoppel gaan word indien –

(i) geen betaling ontvang word binne die toegelate tyd nie;

(ii) geen ooreenkoms aangegaan word vir betaling in paaiemente van agterstallige bedrae nie;

(iii) geen bewys van registrasie as behoeftige binne die toegelate 14 dae tydperk ingehandig word nie; of

(iv) geen betaling ooreenkomstig 'n ooreenkoms vir betaling van agterstallige bedrae ontvang word nie.

(7) Die kennisgewing om dienste te staak bevat –

(a) die agterstallige bedrag en enige rente wat betaalbaar mag wees;

(b) 'n verklaring dat die verbruiker 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit kan aangaan vir betaling van die agterstallige bedrag in paaiemente, binne 14 dae na die kennisgewing om dienste te staak;

(c) 'n verklaring dat indien geen sodanige ooreenkoms binne die genoemde tyd aangegaan word nie, die Munisipaliteit die voorsiening van waterdienste onmiddellik kan staak ondanks enige regsgeding om die agterstallige bedrag te verhaal, wat teen die verbruiker ingestel is of ingestel word; en

(d) 'n verklaring dat bewys van registrasie as behoeftige verbruiker binne 14 dae na die kennisgewing om dienste te staak, ingedien moet word.

(8) Die Munisipaliteit kan, binne 10 werksdae na die verstryking van die 14 dae wat toegelaat word vir betaling kragtens die kennisgewing om dienste te staak, waterdienste aan die verbruiker wat in versuim is, staak, indien –

(a) geen betaling van die uitstaande bedrag binne die toegelate tydperk ontvang is nie;

(b) geen ooreenkoms vir betaling van die agterstallige bedrag in paaiemente aangegaan is nie;

(c) geen bewys van registrasie as behoeftige verbruiker binne die toegelate 14 dae tydperk voorsien is nie; of

(d) geen betaling ontvang is ooreenkomstig 'n ooreenkoms vir betaling van agterstallige gelde nie.

(9) Indien 'n rekening wat aan 'n verbruiker gelewer is, vir meer as 60 dae uitstaande bly –

(a) kan die verbruiker wat in versuim is se naam gelys word by 'n kredietburo of enige ander soortgelyke liggaam as wanbetaler: Met dien verstande dat die ooreenkoms vir die voorsiening van waterdienste voorsiening daarvoor moet maak; en

(b) kan dit aan 'n skuldinvorderaar of prokureur oorhandig word vir invordering.

(10) 'n Verbruiker is verantwoordelik vir alle administrasiefooie, koste verbonde aan die neem van stappe om agterstallige gelde te verhaal en enige sanksie, insluitende die betaling van 'n hoër deposito.

(11) Waar die regspersoon van 'n deeltitelontwikkeling verantwoordelik is vir betaling van 'n agterstallige bedrag aan die Munisipaliteit, word die aanspreeklikheid van die regspersoon uitgebrei na die lede daarvan, gesamentlik en afsonderlik.

(12) Geen stappe geneem kragtens hierdie artikel as gevolg van wanbetaling, word teruggetrek alvorens die agterstallige bedrag, rente daarop, administrasiefooie, bykomende heffings, invorderingskoste en enige sanksie, met inbegrip van betaling van 'n hoër deposito, ten volle betaal is nie.

(13) Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige verlies deur 'n verbruiker gely deurdat sy of haar waterdienste ontkoppel is nie.

(14) 'n Ooreenkoms vir betaling van die agterstallige bedrag, wat aangegaan is nadat die waterdiens beëindig is, het nie tot gevolg dat die waterdiens herstel word alvorens die agterstallige bedrag, rente daarop, administrasiefooie, bykomende heffings, invorderingskoste en enige sanksie, met inbegrip van betaling van 'n hoër deposito, ten volle betaal is nie.

Ooreenkoms vir betaling van agterstallige bedrae in paaiemente

12. (1) Alleen 'n verbruiker met behoorlike bewys van identiteit of iemand wat skriftelik deur daardie verbruiker gemagtig is, word toegelaat om 'n ooreenkoms vir betaling van agterstallige gelde in paaiemente aan te gaan.

(2) Die bedrag verskuldig en betaalbaar deur 'n verbruiker beliggaam 'n gekonsolideerde skuld en enige betaling deur die verbruiker gemaak vir 'n kleiner bedrag as die hele verskuldigde bedrag, word aangewend –

(a) tot betaling van die huidige rekening;

(b) tot betaling van agterstallige bedrae;

(c) tot betaling van rente; en

(d) tot deling van koste aangegaan om stappe te neem vir verhaling van die bedrae verskuldig en betaalbaar.

(3) Daar kan van 'n verbruiker verwag word om 'n aftrekorder in werking te stel vir betaling van agterstallige gelde.

(4) Geen ooreenkoms vir betaling van agterstallige gelde word aangegaan vir 'n langer tydperk as 24 maande nie, mits die omstandighede genoem in subartikel (5) geld.

(5) Die Munisipaliteit kan, op 'n individuele grondslag, 'n langer tydperk as 36 maande vir die betaling van agterstallige gelde toelaat, indien buitengewone omstandighede geld, wat na die mening van die Munisipaliteit sodanige verlenging regverdig en welke omstandighede nie redelikerwys deur die verbruiker vermy of verhoed kon word nie, en dokumentêre bewys van die bestaan van sodanige buitengewone omstandighede moet deur die verbruiker aan die Munisipaliteit op versoek voorgelê word.

(6) By uitoefening van sy diskresie ingevolge subartikel (5), kan die Munisipaliteit oorweging skenk aan die verbruiker se –

(a) kredietrekord;

(b) verbruik;

(c) vlak van diens;

(d) vorige verbrekings van ooreenkomste vir die terugbetaling van agterstallige gelde in paaiemente (as daar is); en

(e) enige ander faktore.

(7) 'n Afskrif van die ooreenkoms word, op versoek, deur die Munisipaliteit aan die verbruiker beskikbaar gemaak.

(8) Indien 'n verbruiker in gebreke bly om uitvoering te gee aan 'n ooreenkoms om agterstallige gelde in paaiemente te betaal, word die totaal van alle bedrae, insluitende die agterstallige gelde, rente daarop, administrasiefooie, invorderingskoste en enige sanksie, met inbegrip van betaling van 'n hoër deposito, onmiddellik, sonder verdere kennisgewing of korrespondensie, verskuldig en betaalbaar.

(9) Indien 'n verbruiker nie uitvoering gee aan 'n ooreenkoms om agterstallige gelde in paaiemente terug te betaal na ontvangs van 'n kennisgewing dat dienste beëindig gaan word nie, kan dienste beëindig word sonder enige verdere kennisgewing of korrespondensie, bykomend tot enige ander stappe wat geneem is of geneem kan word teen so 'n verbruiker.

(10) Geen verbruiker word toegelaat om 'n ooreenkoms vir die terugbetaling van agterstallige gelde in paaiemente aan te gaan indien die verbruiker 'n vorige ooreenkoms vir die terugbetaling van agterstallige gelde in paaiemente verbreek het wat aangegaan is na 'n kennisgewing van beëindiging van dienste ontvang is nie.

DEEL 6
BEëINDIGING, BEPERKING EN STAKING VAN WATERDIENSTE

Beëindiging van ooreenkoms vir die voorsiening van waterdienste

13. (1) 'n Verbruiker kan 'n ooreenkoms vir die voorsiening van waterdienste beëindig deur die Munisipaliteit nie minder nie as 30 werksdae skriftelik kennis te gee van sy of haar voorneme om dit te doen.

(2) Die Munisipaliteit kan, by skriftelike kennisgewing van nie minder nie as 30 werksdae, 'n verbruiker van die beëindiging van sy of haar waterdienste verwittig –

(a) indien hy of sy nie die waterdienste vir die voorafgaande 6 maande gebruik het nie en nie tot bevrediging van die Munisipaliteit voorsiening vir die voortsetting van die diens gemaak het nie;

(b) indien hy of sy versuim het om aan die bepalings van hierdie Verordening te voldoen en nie so 'n versuim reggestel het na kennisgewing kragtens artikel 23 nie of versuim het om enige gelde of heffings te betaal nadat die prosedure in artikel 11 uiteengesit gevolg is;

(c) ooreenkomstig 'n reëling wat die Munisipaliteit met 'n ander waterdiensinstelling het om waterdienste aan die verbruiker te voorsien.

(3) Die Munisipaliteit kan, nadat kennis gegee is, 'n ooreenkoms vir dienste beëindig indien 'n verbruiker die perseel ontruim het waarop die ooreenkoms betrekking het.

Beperking of staking van waterdienste wat voorsien word

14. (1) Die Munisipaliteit kan waterdienste wat voorsien word kragtens hierdie Verordening, beperk of staak –

(a) by versuim om die voorgeskrewe gelde of heffings te betaal, nadat die bepalings van artikel 11 toegepas is;

(b) by versuim om aan enige ander bepaling van hierdie Verordening te voldoen, nadat kennis ooreenkomstig artikel 23 gegee is;

(c) op die skriftelike versoek van 'n verbruiker;

(d) indien die ooreenkoms vir voorsiening van dienste ooreenkomstig artikel 13 beëindig is en geen aansoek vir verdere dienste aan die perseel binne 'n tydperk van 90 dae na sodanige beëindiging ontvang is nie;

(e) indien die gebou op die perseel waaraan dienste gelewer is, gesloop is;

(f) indien die verbruiker ingemeng het met 'n diens wat beperk of gestaak is; of

(g) in 'n noodgeval.

(2) Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir skade of eise wat ontstaan na aanleiding van beperking of staking van waterdienste ooreenkomstig subartikel (1) nie.

Herstel van waterdienste

15. Sodra 'n verbruiker 'n ooreenkoms aangaan vir terugbetaling van agterstallige gelde in paaiemente na ontvangs van 'n finale aanskrywing of 'n kennisgewing van staking van dienste, word die waterdienste binne 7 werksdae herstel tot die soort diens wat die verbruiker versoek het ooreenkomstig die ooreenkoms vir die voorsiening van waterdienste.

DEEL 7
ALGEMEEN

Verantwoordelikheid om aan hierdie Verordening te voldoen

16. (1) Die eienaar van 'n perseel is daarvoor verantwoordelik dat aan hierdie Verordening voldoen word ten opsigte van alle of enige sake rakende installasies.

(2) Die verbruiker is verantwoordelik dat aan hierdie Verordening voldoen word ten opsigte van sake rakende die gebruik van enige installasie.

Kwytskelding

17. (1) Die Munisipaliteit kan 'n eienaar, verbruiker, enige ander persoon of klas van eienaars, verbruikers of ander persone onderworpe aan enige voorwaarde, skriftelik kwytskeld van voldoening aan 'n bepaling van hierdie Verordening indien die Munisipaliteit van mening is dat die uitvoering of aanwending daarvan onredelik sal wees: Met dien verstande dat die Munisipaliteit nie kwytskelding verleen van enige artikel van hierdie Verordening wat –

(a) die vermorsing of buitensporige gebruik van water;

(b) die omseiling of vermyding van waterbeperkings;

(c) noemenswaardige negatiewe effekte op publieke gesondheid, veiligheid of die omgewing;

(d) nie-betaling vir dienste;

(e) installering van pype en toebehore wat nie goedgekeur is nie kragtens hierdie Verordening;

(f) onregverdige diskriminasie; en

(g) nie-nakoming van die Wet of enige regulasie daarkragtens uitgevaardig,

tot gevolg sal hê nie.

(2) Die Munisipaliteit kan te eniger tyd na skriftelike kennisgewing van minstens 30 dae, 'n kwytskelding kragtens subartikel (1) verleen, terugtrek.

Ongemagtigde gebruik van waterdienste

18. (1) Niemand verkry toegang tot waterdienste vanaf die watervoorsieningstelsel, rioolstelsel of enige ander reinigingsdiens nie, tensy 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangegaan is vir die lewering van hierdie dienste.

(2) Die Munisipaliteit kan, ondanks enige ander stappe wat die Munisipaliteit kragtens hierdie Verordening teen so 'n persoon mag neem, by skriftelike kennisgewing 'n persoon wat toegang verkry het tot waterdienste vanaf die watervoorsieningstelsel, rioolstelsel of enige ander reinigingsdiens sonder 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit vir die lewering van daardie dienste, aansê –

(a) om aansoek te doen vir daardie dienste ingevolge artikel 2 of 3; en

(b) om sodanige werk te onderneem as wat nodig mag wees om die verbruikersinstallasie waardeur toegang verkry is aan die bepalings van hierdie Verordenign te laat voldoen.

(3) Die bepalings van artikel 23 geld ten opsigte van 'n kennisgewing kragtens subartikel (2).

Verandering van doel waarvoor waterdienste gebruik word

19. Die verbruiker gaan 'n nuwe ooreenkoms met die Munisipaliteit aan waar die doel of omvang waarvoor waterdienste gebruik word verander word.

Inmenging met watervoorsieningstelsel of saniteitsdienste

20. (1) Behalwe waar iemand deur hierdie Verordening gemagtig word, bestuur, bedryf of onderhou alleen die Munisipaliteit die watervoorsieningstelsel of 'n reinigingstelsel.

(2) Behalwe die Munisipaliteit doen niemand 'n aansluiting met die watervoorsieningstelsel of rioolvuilafvoerstelsel of lewer enige ander reinigingsdiens nie.

Verhindering van toegang tot watervoorsieningstelsel of reinigingstelsel

21. (1) Niemand verhoed of beperk fisiese toegang tot die watervoorsieningstelsel of rioolvuilafvoerstelsel nie.

(2) Indien iemand subartikel (1) oortree, kan die Munisipaliteit –

(a) by skriftelike kennisgewing van so 'n persoon vereis om op sy of haar koste, binne 'n bepaalde tyd, toegang te herstel; of

(b) indien hy van oordeel is dat die toestand 'n saak van dringendheid is, die toegang herstel, en die koste van so iemand verhaal.

Kennisgewings en dokumente

22. (1) Indien 'n dokument deur die Munisipaliteit kragtens hierdie Verordening uitgereik word, word dit geag behoorlik gemagtig te wees indien dit deur die Munisipale Bestuurder onderteken is.

(2) Indien 'n kennisgewing of dokument kragtens hierdie Verordening op 'n eienaar, verbruiker of iemand anders beteken moet word, word sodanige betekening gedoen deur –

(a) dit aan hom of haar persoonlik of aan sy of haar behoorlik gemagtigde agent te oorhandig;

(b) dit aan iemand van 16 jaar of ouer wat klaarblyklik daar werk of woon by daardie persoon se verblyfplek, dorpie of besigheidsplek te oorhandig;

(c) dit by die adres wat vir regsdoeleindes aangewys is, te beteken, indien hy of sy so 'n adres aangewys het;

(d) dit te beteken by die adres deur hom of haar in sy of haar aansoek vir die voorsiening van waterdienste opgegee vir die ontvangs van 'n rekening vir die voorsiening van waterdienste, indien hy of sy geen adres vir regsdoeleindes aangewys het nie;

(e) dit per geregistreerde of gesertifiseerde pos aan sy of haar laaste adres te stuur;

(f) in die geval van 'n regspersoon, dit by die geregistreerde kantoor of besigheidsperseel van die regspersoon te bestel; of

(g) dit aan die hoofdeur van die perseel vas te heg, indien betekening nie ooreenkomstig subartikels (a) tot (f) kan geskied nie.

(3) Waar voldoening aan 'n kennisgewing binne 'n bepaalde getal werksdae vereis word, word dit geag dat die tydperk begin loop het op die dag wanneer die kennisgewing bestel of afgestuur is.

Bevoegdheid om te beteken en voldoening aan kennisgewings

23. (1) Die Munisipaliteit kan, by skriftelike kennisgewing, 'n eienaar, verbruiker of enigeen wat, deur doen of late, versuim om aan die bepalings van hierdie Verordening of enige voorwaardes daarkragtens te voldoen, aansê om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, welke tydperk nie korter as 30 dae mag wees nie, sodanige breuk reg te stel.

(2) Indien iemand versuim om binne die bepaalde tyd aan 'n geskrewe kennisgewing deur die Munisipaliteit op hom of haar kragtens hierdie Verordening beteken te voldoen, kan die Munisipaliteit sodanige stappe doen, wat volgens sy oordeel nodig is om voldoening te verseker, met inbegrip daarvan om –

(a) self die nodige werk te onderneem en die koste van sodanige aktiwiteit of werk van die eienaar, verbruiker of ander persoon te verhaal;

(b) voorsiening van die diens te beperk of te staak; en

(c) regstappe te neem.

(3) 'n Kennisgewing kragtens subartikel (1) –

(a) dui die bepaling van hierdie Verordening waaraan nie voldoen word nie aan;

(b) gee aan die eienaar, verbruiker of ander persoon redelike geleentheid om binne 'n bepaalde tyd skriftelik sy of haar saak aan die Munisipaliteit te stel, mits die eienaar, verbruiker of ander persoon nie voor die kennisgewing uitgereik is so 'n geleentheid gegee is nie;

(c) dui die stappe wat die eienaar, verbruiker of ander persoon moet neem om die versuim om te voldoen reg te stel aan;

(d) dui die tydperk aan waarbinne die eienaar, verbruiker of ander persoon die stappe uiteengesit om die versuim reg te stel moet neem; en

(e) dui aan dat die Munisipaliteit –

(i) sodanige werk kan verrig as wat nodig mag wees om die versuim reg te stel indien nie aan die kennisgewing gehoor gegee word nie en dat enige koste verbonde aan sodanige werk van die eienaar, verbruiker of ander persoon verhaal kan word; en

(ii) enige ander stappe kan neem wat hy wenslik ag om voldoening te verseker.

(4) In 'n noodgeval, kan die Munisipaliteit sonder vooraf kennisgewing die werk in subartikel (3)(e)(i) bedoel onderneem en die koste van sodanige persoon verhaal.

(5) Die volle koste kan deur die Munisipaliteit vir werk kragtens subartikel (3) of (4) verhaal word en ook, sonder om daartoe beperk te wees, koste met betrekking tot 'n verkennende ondersoek, opmetings, planne, spesifikasies, hoeveelheidslyste, toesig, administrasiekoste, die gebruik van werktuie, die koste verbonde aan werk om die oppervlakte van 'n straat of enige grond wat deur die werk versteur word te herstel en omgewingskoste.

Bevoegdheid om te betree en inspeksie

24. Die Munisipaliteit kan enige perseel betree en inspekteer –

(a) vir die doeleindes in artikel 80 van die Wet aangedui en ooreenkomstig die bepalings van daardie artikel;

(b) vir enige doel wat verband hou met die uitvoering van hierdie Verordening, te enige redelike tyd, nadat redelike geskrewe kennis gegee is van die voorneme om dit te doen, behalwe in 'n noodsituasie.

Valse verklarings of inligting

25. Niemand maak 'n vals verklaring of verstrek vals inligting aan die Munisipaliteit of vervals 'n dokument kragtens hierdie Verordening uitgereik nie.

Misdrywe

26. Iemand wat –

(a) op 'n onregmatige manier en opsetlik of nalatiglik inmeng met waterdienswerke van die Munisipaliteit;

(b) versuim om inligting te verstrek of vals inligting wat redelikerwys deur die Munisipaliteit versoek word verstrek;

(c) versuim of weier om toegang deur die Munisipaliteit kragtens artikel 24 versoek te verleen;

(d) die Munisipaliteit hinder of dwarsboom in die uitvoering van sy magte of die verrigting van sy werksaamhede en pligte;

(e) 'n bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voloen;

(f) 'n voorwaarde of verbod kragtens hierdie Verordening opgelê oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(g) wat 'n voorwaarde opgelê by die toestaan van 'n aansoek, toestemming, goedkeuring, konsessie, vrystelling of magtiging kragtens hierdie Verordening oortree of verontagsaam; of

(h) versuim om te voldoen aan die bepalings van 'n kennisgewing op hom of haar kragtens hierdie Verordening beteken,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete en by versuim om dit te betaal, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van nie meer as 1 jaar nie en in die geval van 'n voortgesette misdryf, tot 'n verdere boete van nie meer as R1000.00 vir elke dag wat met die misdryf volhard word nadat 'n skriftelike kennisgewing van die Munisipaliteit uitgereik is, en in geval van 'n tweede misdryf, met 'n boete en by versuim om dit te betaal, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van nie meer as 2 jaar nie.

Beskikbaarheid van Verordening

27. (1) 'n Kopie van hierdie Verordening word by die Munisipaliteit se Munisipale Kode, soos deur wetgewing vereis, ingesluit.

(2) 'n Kopie van hierdie Verordening lê te alle redelike tye, ter insae by die munisipale kantore, of by die kantore van die gevolmagtigde agent van die Munisipaliteit, na gelang van die geval.

(3) 'n Kopie van hierdie Verordening is verkrygbaar van die Munisipaliteit by betaling van R10.00.

HOOFSTUK II

WATERVERSKAFFINGSDIENSTE

DEEL 1
VERBINDING MET WATERVERSKAFFINGSTELSEL

Verskaffing van verbindingspyp

28. (1) Indien 'n ooreenkoms vir waterverskaffingsdienste ten opsigte van 'n perseel aangegaan is en geen aansluitingspyp ten opsigte van daardie perseel bestaan nie, doen die eienaar op die voorgeskrewe vorm aansoek en betaal die voorgeskrewe heffing vir die installering van die pyp.

(2) Indien aansoek gedoen word vir waterverskaffingsdienste wat van sò 'n omvang of sò geleë is dat dit nodig is om die watervoorsieningstelsel uit te brei, aan te pas of dit op te gradeer om water aan die perseel te voorsien, kan die Munisipaliteit instem tot die uitbreiding onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag oplê.

Ligging van aansluitingspyp

29. (1) 'n Aansluitingspyp deur die Munisipaliteit voorsien en geïnstalleer –

(a) word gelê op 'n plek waarop die eienaar en Munisipaliteit ooreengekom het en is van 'n geskikte grote deur die Munisipaliteit bepaal;

(b) eindig by –

(i) die grens van die grond waarvan die Munisipaliteit die eienaar is of wat in die Munisipaliteit vestig of waarop hy 'n serwituut of ander reg het; of

(ii) die uitlaat van die watermeter indien dit op die perseel geleë is; of

(iii) die afsluitklep indien dit op die perseel geleë is.

(2) Wanneer die Munisipaliteit 'n ooreenkoms met 'n eienaar aangaan oor die ligging van 'n aansluitingspyp, verseker die Munisipaliteit dat die eienaar bewus is –

(a) van praktiese beperkings wat mag geld ten opsigte van die ligging van 'n aansluitingspyp;

(b) van die koste-implikasies van die onderskeie moontlike liggings van die aansluitingspyp;

(c) of die Munisipaliteit van die eienaar verlang al dan nie om die posisie van die aansluitingspyp aan te dui deur 'n gedeelte van sy of haar waterinstallasie by of buite die grens van sy of haar perseel te voorsien, of op sodanige ooreengekome plek binne of buite sy of haar perseel waar die aansluiting verlang word, vir die Munisipaliteit om by die installasie aan te sluit.

(3) Die Munisipaliteit kan, op versoek van enigeen, onderworpe aan enige voorwaardes wat hy mag oplê, toestem tot 'n aansluiting by 'n ander hoofaansluitingspunt as wat geredelik beskikbaar is vir watervoorsiening aan die perseel: Met dien verstande dat die aansoeker verantwoordelik is vir verlenging van die waterinstallasie na die aansluitingspunt deur die Munisipaliteit aangewys en om op sy of haar koste sodanige serwitute oor ander persele te verkry as wat nodig mag wees.

(4) 'n Eienaar betaal die voorgeskrewe aansluitingsheffing.

Voorsiening van enkele wateraansluiting vir voorsiening aan meerdere verbruikers op dieselfde perseel

30. (1) Ondanks die bepalings van artikel 29, kan slegs een aansluitingspyp na die watervoorsieningstelsel aangebring word vir die voorsiening van water aan 'n perseel, ongeag die getal wooneenhede, besigheidseenhede of verbruikers op so 'n perseel.

(2) Indien die eienaar, of iemand wat 'n perseel waarop meerdere bewoningseenhede geleë is beheer of bestuur, die voorsiening van water vir voorsiening aan die onderskeie bewoningseenhede verlang, kan die Munisipaliteit, na gelang hy mag besluit –

(a) 'n enkele meetinstrument vir die hele perseel of enige getal van die bewoningseenhede; of

(b) 'n aparte meetinstrument vir elke bewoningseenheid of getal bewoningseenhede,

voorsien en installeer.

(3) Die eienaar, of iemand wat 'n perseel waarop die Munisipaliteit 'n enkele meetinstrument in subartikel (2)(a) bedoel geïnstalleer het beheer, na gelang van die geval –

(a) installeer en onderhou, indien die Munisipaliteit dit vereis, in elke vertakkingspyp wat vanaf die aansluitingspyp na die onderskeie bewoningseenhede loop –

(i) 'n afsonderlike meettoestel; en
(ii) 'n afsluitklep; en

(b) is teenoor die Munisipaliteit aanspreeklik vir die gelde en heffings vir alle water deur so 'n enkele meettoestel aan die perseel voorsien, ongeag die verskillende hoeveelhede verbruik deur die onderskeie verbruikers wat deur die meettoestel bedien word.

(4) Ondanks subartikel (1), kan die Munisipaliteit magtiging verleen dat meer as een verbindingspyp voorsien word op die watervoorsieningstelsel vir voorsiening van water aan 'n perseel wat betstaan uit deeltitels of as die Munisipaliteit van oordeel is dat ongeregverdigde beslommernis of ongerief aan enige verbruiker op so 'n perseel veroorsaak sal word deur die voorsiening van slegs een verbindingspyp.

(5) Waar die voorsiening van meer as een aansluitingspyp kragtens subartikel (4) deur die Munisipaliteit gemagtig word, is die gelde en heffings vir die voorsiening van 'n aansluitingspyp ten opsigte van elke wateraansluiting sò voorsien betaalbaar.

Interkoppeling tussen persele of waterinstallasies

31. Die eienaar van 'n perseel verseker dat geen interkoppeling tussen –

(a) die waterinstallasie op sy of haar perseel en die waterinstallasie op 'n ander perseel; of

(b) waar meerdere bewoningseenhede op dieselfde perseel gelee is, die waterinstallasies van die onderskeie eenhede,

bestaan nie indien die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit nie vooraf verkry is nie en daar voldoen word aan die voorwaardes wat die Munisipaliteit mag opgelê het.

Ontkoppeling van waterinstallsie van verbindingspyp

32. Die Munisipaliteit kan 'n waterinstallsie van die verbindingspyp ontkoppel en die verbindingspyp verwyder indien –

(a) die ooreenkoms vir voorsiening ooreenkomstig artikel 13 beëindig is en die Munisipaliteit nie binne 90 dae na sodanige beëindiging 'n aansoek vir verdere voorsiening van water aan die perseel wat deur die pyp bedien word ontvang nie; of

(b) die gebou op die betrokke perseel gesloop is.

DEEL 2
KOMMUNALE WATERDIENSTE WERKE

Voorsiening van waterdienste werke vir watervoorsiening aan meerdere verbruikers

33. Die Munisipaliteit kan 'n kommunale waterdienste werk vir die voorsiening van waterdienste aan meerdere verbruikers op 'n plek wat hy geskik ag installeer: Met dien verstande dat die verbruikers aan wie waterdienste deur daardie waterdienste werk voorsien sal word geraadpleeg is oor die vlak van diens, tarief betaalbaar en ligging van die werk.

DEEL 3
TYDELIKE VOORSIENING

Watervoorsiening vanaf 'n brandkraan

34. (1) Die Munisipaliteit kan die tydelike voorsiening van water, wat vanaf een of meer brandkrane deur hom aangedui geneem kan word magtig, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy mag neerlê.

(2) Iemand wat 'n tydelike voorsiening van water genoem in subartikel (1) verlang, doen daarvoor kragtens artikel 2 aansoek.

(3) Die voorsiening van water ooreenkomstig subartikel (1) word gemeet.

(4) Die Munisipaliteit kan, vir die doel om water te meet, 'n draagbare watermeter voorsien wat aan die Munisipaliteit terugbesorg moet word by beëindiging van die tydelike voorsiening en welke draagbare meter en alle ander toebehore en apparaat gebruik vir die aansluiting van die draagbare watermeter aan 'n brandkraan die eiendom van die Munisipaliteit bly en voorsien word onderhewig aan enige voorwaardes deur die Munisipaliteit neergelê.

DEEL 4
STANDAARDE EN ALGEMENE VOORWAARDES VIR VOORSIENING

Hoeveelheid, kwaliteit en drukking

35. Watervoorsieningsdienste deur die Munisipaliteit gelewer, moet aan die minimum standaarde vir die lewering van watervoorsieningsdienste ooreenkomstig artikel 9 van die Wet voldoen.

Algemene voorwaardes vir voorsiening

36. (1) Die Munisipaliteit kan die maksimum hoogte tot waar water uit die watervoorsieningsisteem voorsien sal word bepaal en waar 'n verbruiker verlang dat water op 'n groter hoogte of teen hoër druk voorsien moet word, is die verbruiker daarvoor verantwoordelik.

(2) Die Munisipaliteit kan, in 'n noodgeval, sonder vooraf kennisgewing, die watervoorsiening aan 'n perseel onderbreek.

(3) Indien die Munisipaliteit van oordeel is dat die waterverbruik van 'n verbruiker die watervoorsiening aan 'n ander verbruiker nadelig raak, kan hy sodanige beperkings op die watervoorsiening as wat hy paslik ag op die eersgenoemde verbruiker toepas, ten einde redelike watervoorsiening aan die ander verbruiker te verseker en verwittig daardie verbruiker van sodanige beperkings.

DEEL 5
METING VAN WATERVOORSIENINGSDIENSTE

Meting van hoeveelheid water voorsien

37. (1) Die Munisipaliteit meet met gereelde tussenposes die hoeveelheid water voorsien.

(2) Enige meetinstrument en bykomende apparatuur waardeur water deur die Munisipaliteit aan 'n verbruiker voorsien word, word deur die Munisipaliteit voorsien en geïnstalleer, bly die eiendom van die Munusipaliteit en kan, wanneer hy dit nodig ag, deur die Munisipaliteit verander en onderhou word.

(3) Die Munisipaliteit kan op enige punt in die dienspyp op 'n perseel 'n meetinstrument en bykomende apparatuur installeer.

(4) Indien die Munisipaliteit kragtens subartikel (3) 'n meetinstrument in 'n dienspyp installeer, kan hy 'n lengte pyp met bybehore tussen die punt van sy verbindingspyp en die meter installeer en dit word geag dat daardie lengte deel uitmaak van die watervoorsieningstelsel.

(5) Indien die Munisipaliteit kragtens subartikel (3) 'n meetinstrument met bybehore in 'n dienspyp installeer –

(a) voorsien die eienaar 'n bevredigende plek vir die Munisipaliteit om dit in te installeer;

(b) verseker die eienaar dat daar altyd onbelemmerde toegang daartoe is;

(c) is die eienaar verantwoordelik vir beskerming daarvan en aanspreeklik vir koste wat voortvloei uit beskadiging daarvan, met uitsluiting van gewone verweer;

(d) verseker die eienaar dat geen aansluiting met die pyp waarin die meetinstrument geïnstalleer is, tussen die meetinstrument en die aansluitingspyp wat die installasie bedien gemaak word nie; en

(e) maak die eienaar voorsiening vir die afvoer van water wat mag ontsnap van die pyp waarin die meetinstrument geïnstalleer is wanneer die Munisipaliteit werk aan die meetinstrument sou doen.

(6) Behalwe die Munisipaliteit mag niemand –

(a) 'n meetinstrument met bybehore van die pyp waarin dit geïnstalleer is ontkoppel nie;

(b) 'n seël deur die Munisipaliteit op 'n meter aangebring breek nie; of

(c) op enige ander manier met 'n meetinstrument en sy bybehore peuter nie.

(7) Waar die meetinstrument 'n meter is en die Munisipaliteit meen dat dit in ag genome die hoeveelheid water wat aan die perseel voorsien word ongeskik is, kan hy 'n meter van 'n grootte wat hy as geskik beskou installeer en die voorgeskrewe heffing vir installasie van die meter van die eienaar verhaal.

(8) Die Munisipaliteit kan van die eienaar vereis om op sy of haar koste 'n meetinstrument by elke wooneenheid op die perseel wat afsonderlik bewoon word te installeer om die hoeveelheid water aan elke sodanige eenheid te bepaal: Met dien verstande dat waar bepaalde hoeveelheid waterverskaffingstelsels in gebruik is, 'n enkele meetinstrument gebruik kan word om meer as een eenheid te bedien.

Hoeveelheid water voorsien aan verbruiker

38. (1) Ten einde die hoeveelheid water, gemeet deur 'n meetinstrument deur die Munisipaliteit op die perseel van 'n verbruiker geïnstalleer of, waar van toepassing, deur die Munisipaliteit geskat of bepaal ooreenkomstig 'n bepaling van hierdie Verordening, te raam, word dit, vir doeleindes van hierdie Verordening, tensy die teendeel bewys word, geag dat –

(a) die hoeveelheid die verskil tussen meetings aan die begin en einde van die tydperk verteenwoordig;

(b) die meetinstrument akkuraat was gedurende die tydperk;

(c) inskrywings in die boeke van die Munisipaliteit korrek gemaak is; en

(d) waar water aan 'n verbruiker voorsien of deur hom of haar geneem word sonder dat dit deur 'n meettoestel gaan, die skatting deur die Munisipaliteit van die hoeveelheid korrek is.

(2) Waar water wat deur die Munisipaliteit aan 'n perseel verskaf word op enige wyse deur 'n verbruiker geneem word sonder dat dit deur 'n meetinstrument deur die Munisipaliteit voorsien vloei, kan die Munisipaliteit, om 'n rekening te kan lewer, ooreenkomstig subartikel (3) die hoeveelheid water aan die verbruiker voorsien gedurende die tydperk vanaf die vorige lesing van die watermeter tot die datum waarop ontdek is dat water op hierdie manier deur die verbruiker geneem word skat.

(3) Behoudens die besluit van die Munisipaliteit, word, vir doeleindes van subartikel (2), 'n skatting van die hoeveelheid water aan 'n verbruiker voorsien gegrond op –

(a) die gemiddelde maandelikse waterverbruik op die perseel gedurende enige 3 opeenvolgende meettydperke in die 12 maande voor die datum waarop die neem van water soos in subartikel (2) genoem ontdek is; of

(b) die gemiddelde maandelikse verbruik op die perseel aangeteken oor 3 opeenvolgende meettydperke na die datum in paragraaf (a) genoem.

(4) Geen bepaling van hierdie Verordening word sò uitgelê dat daar 'n verpligting op die Munisipaliteit geplaas word om 'n meetinstrument wat deur die Munisipaliteit op 'n perseel geïnstalleer is, aan die einde van elke maand of enige ander vasgestelde tydperk te laat lees nie en die Munisipaliteit kan die hoeveelheid water voorsien gedurende die tussenpose van twee opeenvolgende lesings van die meetinstrument skat en 'n rekening ooreenkomstig sò 'n skatting aan 'n verbruiker lewer.

(5) Die Munisipaliteit moet, by ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die verbruiker van nie minder as 7 dae nie en by betaling van die voorgeskrewe heffing, die hoeveelheid water aan die verbruiker voorsien op 'n ander tyd of dag as wat dit gewoonlik gelees word, lees.

(6) Indien 'n oortreding van artikel 37(6) plaasvind, betaal die verbruiker aan die Munisipaliteit die koste vir sodanige hoeveelheid water as wat die Munisipaliteit van oordeel is aan hom of haar voorsien is.

(7) Tot tyd en wyl 'n meetinstrument ten opsigte van water aan 'n verbruiker voorsien geïnstalleer is, word die geraamde of veronderstelde verbruik van daardie verbruiker gegrond op die gemiddelde verbruik van water voorsien aan die spesifieke gebied waarin die verbruiker se perseel geleë is, gedurende 'n bepaalde tydperk.

(8) Waar dit na die mening van die Munisipaliteit nie redelikerwys moontlik of koste-effektief is om water voorsien aan verbruikers in 'n bepaalde sone te meet nie, kan die Munisipaliteit 'n basiese tarief of heffing vasstel wat deur elke verbruiker binne die sone, ongeag werklike verbruik, betaal moet word.

(9) 'n Tarief of heffing kragtens subartikel (8) bepaal, word op die geskatte gemiddelde verbruik van water aan die sone voorsien gebaseer.

(10) Waar water deur 'n kommunale waterdienste werk voorsien word, is die bedrag verskuldig en betaalbaar deur verbruikers wat toegang tot watervoorsieningsdienste deur daardie kommunale waterdienste werk verkry, gebaseer op die geraamde gemiddelde verbruik van water aan daardie waterdienste werk voorsien.

Foutiewe meting

39. (1) Indien 'n verbruiker rede het om te glo dat 'n meetinstrument wat vir die meet van water gebruik word en deur die Munisipaliteit aan hom of haar voorsien is defek is, kan hy of sy, teen betaling van die voorgeskrewe heffing, skriftelik aansoek doen dat die meetinstrument getoets word.

(2) Die bepalings van artikel 10(8) tot (12) geld ten opsigte van so 'n aansoek.

Spesiale meting

40. (1) Indien die Munisipaliteit begerig is om vir ander doeleindes as heffing vir waterverbruik die hoeveelheid water wat in 'n gedeelte van 'n waterinstallasie gebruik word te bepaal, kan hy by skriftelike kennisgewing die betrokke eienaar verwittig van sy voorneme om 'n meetinstrument op 'n punt soos deur hom aangedui te installeer.

(2) Die installering van 'n meetinstrument in subartikel (1) genoem, die verwydering daarvan en die herstel van die waterinstallasie daarna, geskied op koste van die Munisipaliteit.

(3) Die bepalings van artikel 37(5) en (6) geld vir sover hulle van toepassing mag wees op 'n meetinstrument kragtens subartikel (1) geïnstalleer.

Geen vermindering van bedrag betaalbaar vir water wat gemors is nie

41. 'n Verbruiker is nie geregtig op vermindering van 'n bedrag betaalbaar vir water wat gemors is of verlore geraak het in 'n waterinstallasie nie: Met dien verstande dat sodanige vermorsing of verlies nie deur die skuld van die Munisipaliteit veroorsaak is nie.

Aanpassing van hoeveelheid water voorsien deur defekte meetinstrument

42. (1) Indien 'n meetinstrument kragtens artikel 10(10) defek bevind word, kan die Munisipaliteit die hoeveelheid water aan die betrokke verbruiker voorsien vir die tyd wat die meetinstrument volgens sy oordeel defek was, raam op sterkte van die daaglikse hoeveelheid water aan hom of haar voorsien gedurende –

(a) 'n tydperk tussen 2 opeenvolgende meetings na vervanging van die meetinstrument; of

(b) 'n ooreenstemmende tydperk in die vorige jaar met die tydperk waartydens die meetinstrument defek was; of

(c) die tydperk tussen 3 opeenvolgende meetings voor die meetinstrument defek geraak het,

wat ookal hy as die mees geskikte beskou.

(2) Indien die hoeveelheid water aan 'n verbruiker gedurende die tydperk waarin sy of haar meetinstrument defek was, nie kragtens subartikel (1) geraam kan word nie, kan die Munisipaliteit die hoeveelheid op enige redelike grondslag raam.

DEEL 6
INSTALLASIEWERKE

Goedkeuring van installasiewerke

43. (1) Indien 'n eienaar van voorneme is om installasiewerk te laat doen, verkry hy of sy eers die Munisipaliteit se skriftelike goedkeuring: Met dien verstande dat goedkeuring nie nodig is vir waterinstallasies in wooneenhede of installasies waar geen vuurinstallasies kragtens SABS Kode 0400 of vir herstel of vervanging van 'n pyp of watertoerusting ander dan 'n vaste waterverwarmer en sy bygaande beskermende toebehore vereis word nie.

(2) Aansoek vir die goedkeuring in subartikel (1) genoem, word op die voorgeskrewe vorm gedoen en gaan vergesel van –

(a) die voorgeskrewe heffing, indien van toepassing;

(b) afskrifte van die tekeninge deur die Munisipaliteit voorgeskryf wat inligting toon soos vereis deur klousule 4.1.1 van SABS Kode 0252, Deel I; en

(c) 'n sertifikaat wat bevestig dat die installasie ooreenkomstig SABS Kode 0252, Deel I of op 'n rasionele grondslag ontwerp is.

(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) bind nie 'n gekwalifiseerde loodgieter wat 'n waterverwarmer of sy bygaande beskermende toebehore vervang of herstel nie.

(4) Magtiging kragtens subartikel (1) verval na verloop van 'n tydperk van 24 maande na die eerste dag van die maand waarin die magtiging verleen is.

(5) In omstandighede waar goedkeuring kragtens subartikel (1) vereis word, moet 'n volledige stel goedgekeurde werkstekeninge te alle tye, totdat die werk voltooi is, op die perseel beskikbaar wees.

(6) Indien installasiewerk strydig met subartikel (1) of (2) gedoen is, kan die Munisipaliteit van die eienaar van die betrokke perseel vereis –

(a) om binne 'n bepaalde tyd aan subartikel (1) of (2) te voldoen;

(b) om werksaamhede te staak indien werk nog aan die gang is; of

(c) om al sodanige werk as wat nie aan hierdie Verordening voldoen nie te verwyder.

Voorsiening en instandhouding van waterinstallasies

44. (1) 'n Eienaar voorsien en onderhou sy of haar waterinstallasie op eie koste en waar moontlik kragtens subartikel (2), verseker dat die installasie binne die grense van sy of haar perseel geleë is.

(2) Voor werk met betrekking tot 'n gedeelte van sy of haar waterinstallasie wat buite die grens van sy of haar perseel geleë is gedoen word, verkry die eienaar, na gelang van die geval, geskrewe toestemming van die Munisipaliteit of die eienaar van die grond waarop die gedeelte geleë is.

Gebruik van pype en wateraanhegtings moet gemagtig wees

45. (1) Niemand mag, sonder die voorafverkreë skriftelike magtiging van die Munisipaliteit, 'n pyp of wateraanhegting in 'n waterinstallasie binne die regsgebied van die Munisipaliteit installeer of gebruik nie, as dit nie ingesluit is in 'n skedule van goedgekeurde pype en aanhegtings deur die Munisipaliteit saamgestel nie, indien daar so 'n skedule is.

(2) Aansoek vir insluiting van 'n pyp of wateraanhegting in die skedule in subartikel (1) genoem, word op die vorm deur die Munisipaliteit voorgeskryf gedoen en gaan vergesel van die voorgeskrewe heffing.

(3) 'n Pyp of wateraanhegting kan by die skedule in subartikel (1) genoem ingesluit word indien –

(a) dit die standaardisasiemerk van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde ten opsigte van die betrokke SABS-spesifikasie deur die Buro uitgereik dra; of

(b) dit oor 'n sertifikasiemerk deur die SABS uitgereik beskik wat sertifiseer dat die pyp of wateraanhegting voldoen aan die SABS-merk spesifikasie of 'n voorlopige spesifikasie deur die SABS uitgereik: Met dien verstande dat geen sertifikasiemerk vir 'n tydperk wat 2 jaar te bowe gaan uitgereik word nie.

(4) Die Munisipaliteit kan, ten opsigte van die gebruik of metode van installasie van 'n pyp of wateraanhegting wat by die lys in subartikel (1) genoem ingesluit is, na gelang hy dit nodig ag, verdere voorwaardes stel.

(5) 'n Pyp of wateraanhegting word van die lys in subartikel (1) genoem verwyder, indien dit –

(a) nie meer aan die criteria waarop sy insluiting gegrond was voldoen nie; of

(b) nie meer geskik is vir die doel waarvoor sy gebruik aanvaar is nie.

(6) Die huidige skedule, as daar so 'n skedule is, moet gedurende kantoorure by die kantoor van die Munisipaliteit beskikbaar wees vir insae.

(7) Die Munisipaliteit kan teen die voorgeskrewe tarief afskrifte van die huidige skedule, as daar een is, verkoop.

Etikettering van eindpuntwateraanhegtings en toestelle moet goedgekeur word

46. Alle eindpuntwateraanhegtings en toestelle wat water gebruik of vrylaat word gemerk of toon as deel van die verpakking van die item –

(a) die drukbestek, in kPa, waarteen die wateraanhegting of toestel ontwerp is om gebruik te word; en

(b) die vloeitempo, in liter per minuut, wat verband hou met die drukbestek van die ontwerp: Met dien verstande dat hierdie inligting minstens vir die volgende waterdruk gegee moet word:

(i) 20 kPa;

(ii) 100 kPa; en

(iii) 400 kPa.

DEEL 7
WATERBESOEDELING, BEPERKING EN VERMORSENDE GEBRUIK VAN WATER

Eienaar moet besoedeling van water voorkom

47. 'n Eienaar stel goedgekeurde maatreëls in werking om te voorkom dat 'n stof wat 'n gevaar vir die gesondheid mag inhou of die drinkbaarheid of geskiktheid vir gebruik van water mag benadeel –

(a) die watervoorsieningstelsel; en

(b) 'n deel van die waterinstallasie op sy of haar perseel,

binnedring.

Waterbeperkings

48. (1) Ten einde die vermorsende gebruik van water soos bedoel in artikel 49 of in geval van 'n watertekort of oorstroming te voorkom, kan die Munisipaliteit –

(a) die verbruik van water in sy hele regsgebied of in 'n gedeelte van sy regsgebied –

(i) in die algemeen of vir spesifieke doeleindes;

(ii) gedurende spesifieke ure gedurende die dag of op spesifieke dae; en

(iii) op 'n spesifieke manier,

verbied of beperk; en

(b) (i) perke op die hoeveelheid water wat gedurende 'n bepaalde tydperk verbruik mag word;

(ii) bykomende heffings vir verbruik van water in oorskryding van daardie perk; en

(iii) 'n algemene toeslag op die voorgeskrewe tariewe vir watervoorsiening,

vasstel en instel; en

(c) beperkings instel of 'n verbod plaas op die gebruik of manier van gebruik of opstel van 'n toestel deur middel waarvan water verbruik of gekonsumeer word, of op die koppeling van so 'n toestel met die waterinstallasie.

(2) Die Munisipaliteit kan, op redelike gronde, die toepassing van 'n kennisgewing bedoel in subartikel (1) tot spesifieke gebiede, klasse verbruikers, persele en aktiwiteite beperk en afwyking en kwytskelding van enige van die bepalings daarvan toelaat.

(3) Die Munisipaliteit kan –

(a) sodanige maatreëls tref, of van 'n verbruiker vereis om op sy of haar eie koste sodanige maatreëls, insluitende die installering van meetinstrumente en instrumente wat die vloei van water beperk te tref wat na sy mening nodig is vir voldoening aan 'n kennisgewing kragtens subartikel (1); of

(b) behoudens 'n kennisgewing kragtens artikel 23, by oortreding of verontagsaming van die bepalings van 'n kennisgewing kragtens subartikel (1) vir sodanige tydperk as wat hy dienstig ag, die watervoorsiening aan 'n perseel staak of beperk; en

(c) alleen wanneer die voorgeskrewe heffing vir staking en heraansluiting vir die voorsiening betaal is, die voorsiening hervat.

(4) Behalwe as dit anders in 'n kennisgewing kragtens subartikel (1) bepaal word en ondanks enige andersluidende voorwaardes vervat in die ooreenkoms wat die voorsiening reël, geld die bepalings van hierdie artikel ook ten opsigte van water wat direk deur die Munisipaliteit aan 'n verbruiker buite sy regsgebied voorsien word.

Mors van water onwettig

49. (1) Geen verbruiker laat toe dat –

(a) water doelloos of vermorsend uit eindpuntwateraanhegtings vloei nie;

(b) pype of wateraanhegtings lek nie;

(c) oningestelde of stukkende wateraanhegtings gebruik word nie;

(d) 'n wateroorloop voortduur nie; of

(e) 'n ondoeltreffende gebruik van water voortduur nie.

(2) 'n Eienaar herstel of vervang enige deel van sy of haar waterinstallasie wat sodanig vervalle is dat dit veroorsaak of waarskynlik sal veroorsaak dat 'n gebeurtenis in subartikel (1) gelys sal gebeur.

(3) Die Munisipaliteit kan, by skriftelike kennisgewing kragtens artikel 23, van 'n eienaar wat versuim om die maatreëls in subartikel (2) bedoel te neem, vereis om aan die bepalings van subartikel (1) te voldoen.

(4) 'n Verbruiker verseker dat enige toerusting of aanleg wat aan sy of haar waterinstallasie gekoppel is, water op 'n doeltreffende manier verbruik.

(5) Die Munisipaliteit kan, by skriftelike kennisgewing, die gebruik deur 'n verbruiker van enige toerusting in 'n waterinstallasie verbied indien, na sy mening, die waterverbruik van die toerusting ondoeltreffend is en daardie toerusting word nie teruggeplaas in gebruik alvorens doeltreffendheid herstel is en 'n skriftelike aansoek om dit terug te plaas deur die Munisipaliteit goedgekeur is nie.

DEEL 8
WATEROUDIT

Wateroudit

50. (1) Waterverbruikers, met uitsondering van verbruikers in veelvuldige bewoningseenhede, wat meer as 3 650 Kl per jaar verbruik, onderneem, op eie koste, binne 1 maand na die einde van elke finansiële jaar, 'n wateroudit.

(2) 'n Kopie van die oudit moet vir insae deur beamptes van die Departement Waterwese en Bosbou, die waterraad, indien van toepassing, en die Munisipaliteit beskikbaar wees.

(3) Die oudit bevat besonderhede oor –

(a) die hoeveelheid water gedurende die finansiële jaar verbruik;

(b) die bedrag geld betaal vir water vir die finansiële jaar;

(c) die aantal mense wat op die standplaas of perseel woonagtig is;

(d) die aantal mense wat voltyds op die standplaas of perseel werk;

(e) seisoenale veranderings in aanvraag deur maandelikse verbruikstatistiek;

(f) metodes waarop waterbesoedeling gemonitor word;

(g) lopende inisiatiewe om wateraanvraag te bestuur;

(h) planne om wateraanvraag te bestuur;

(i) skattings van verbruik deur die onderskeie gebruikskomponente; en

(j) 'n vergelyking van bogenoemde faktore met dit wat in elk van die vorige 3 jaar gerapporteer is, indien beskikbaar.

DEEL 9
ALGEMEEN

Kennisgewing van boorgate

51. (1) Die Munisipaliteit kan, by kennisgewing –

(a) van die eienaar van 'n perseel binne die regsgebied van die Munisipaliteit waarop 'n boorgat is, of, indien die eienaar nie die perseel okkupeer nie, die okkupeerder, vereis om hom op die voorgeskrewe vorm van die bestaan van 'n boorgat op die perseel te verwittig en hom van sodanige inligting as wat hy mag verlang te voorsien; en

(b) van die eienaar of okkupeerder van 'n perseel wat van voorneme is om 'n boorgat op die perseel te sink, vereis om hom op die voorgeskrewe vorm van sodanige voorneme te verwittig alvorens met die werk daaraan begin word.

(2) Die Munisipaliteit kan van die eienaar of okkupeerder van 'n perseel vereis om, tot bevrediging van die Munisipaliteit, voor die boorgat gesink word, ten opsigte van so 'n voorgenome boorgat 'n omgewingsimpakstudie te doen.

(3) Boorgate is onderworpe aan die vereistes van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998).

(4) Die Munisipaliteit kan, by kennisgewing aan eienaars of okkupeerders wat bestaande boorgate vir waterdienste laat gebruik –

(a) vereis dat, ooreenkomstig artikels 6, 7 en 22 van die Wet, goedkeuring van hom verkry moet word vir die gebruik van 'n boorgat vir waterdienste;

(b) voorwaardes ten opsigte van die gebruik van 'n boorgat vir waterdienste oplê; en

(c) 'n vaste heffing ten opsigte van die gebruik van 'n boorgat oplê.

Neem van watermonsters

52. (1) Die Munisipaliteit kan watermonsters, afkomstig van 'n ander bron as die watervoorsieningstelsel vir huishoudelike doeleindes, soos deur artikel 6 of 7 van die Wet gemagtig, neem en laat toets vir voldoening aan nasionale standaarde voorgeskryf deur artikel 9 van die Wet.

(2) Die voorgeskrewe heffing vir die neem en toets van die monsters in subartikel (1) genoem, word deur die persoon aan wie toestemming kragtens artikel 6(1) van die Wet verleen is om die water as drinkbare water te gebruik betaal.

Voorsiening van water wat nie vir drink bedoel is nie deur die Munisipaliteit

53. (1) Behoudens die bedinge en voorwaardes wat die Munisipaliteit bepaal, kan die Munisipaliteit, by aansoek kragtens artikel 3, instem om water wat nie vir drink bedoel is nie aan 'n verbruiker te voorsien.

(2) Water voorsien kragtens 'n ooreenkoms in subartikel (1) bedoel, word nie vir huishoudelike of enige ander doeleindes wat, volgens die mening van die Munisipaliteit, 'n gesondheidsrisiko kan inhou gebruik nie.

(3) Geen uitdruklike of stilswyende waarborg geld rakende die suiwerheid of geskiktheid vir die doel waarvoor water wat nie vir drink bedoel is nie voorsien word.

(4) Die voorsiening van water wat nie vir drink bedoel is nie, geskied uitsluitlik, sowel wat toestand as gebruik betref, op risiko van die verbruiker, wat vir enige gevolgskade direk of indirek, wat vir homself, haarself of andere daaruit mag voortspruit verantwoordelik is, met insluiting van die gevolge van enige *bona fide* fout van die Munisipaliteit of die foutiewe werking van 'n suiweringsaanleg.

Toets van drukking in watervoorsieningsisteem

54. Die Munisipaliteit kan, by aansoek en betaling deur die eienaar van die voorgeskrewe heffing, vir die tydperk deur die eienaar versoek, die sterkte van die druk in die watervoorsieningsisteem van sy of haar perseel vasstel en verstrek.

Pype in strate of openbare plekke

55. Behalwe met die voorafverkreë skriftelike magtiging van die Munisipaliteit en onderworpe aan die voorwaardes wat die Munisipaliteit mag stel, mag niemand, met die doel om water, verkry uit enige bron hoegenaamd, te gelei, in of onder 'n straat, openbare plek of ander grond waarvan die Munisipaliteit die eienaar is, wat in hom vestig of deur hom beheer word, 'n pyp of bykomende deel daarvan lê of aanlê nie.

HOOFSTUK III

SANITEITSDIENSTE

DEEL 1
STANDAARDE EN ALGEMENE BEPALINGS

Standaarde vir saniteitsdienste

56. Saniteitsdienste deur die Munisipaliteit voorsien moet aan die minimum standaarde vir voorsiening van saniteitsdienste deur artikel 9 van die Wet gestel voldoen.

Ontoelaatbare storting in rioolstelsel

57. (1) Niemand voer rioolvuil of ander stowwe in die rioolstelsel af, of laat die afvoer daarvan toe –

(a) wat nie aan die standaarde en maatstawwe in artikel 74 voorgeskryf voldoen nie;

(b) wat stowwe in sodanige konsentraat bevat as wat in uitvloeisel bedoel vir afvoer in 'n rioolvuilverwerkingsaanleg, of in openbare water, enige aanstootlike- of andersins ongewenste smaak, kleur, reuk, temperatuur of skuim teweeg sal bring nie;

(c) wat die hergebruik van behandelde rioolvuil in gevaar mag stel of enige proses waardeur rioolvuil gesuiwer word vir hergebruik of behandel word om slik vir afvoer te vorm nadelig mag raak nie;

(d) wat enige stof of ding van watter aard ookal bevat wat nie vatbaar is vir behandeling tot 'n bevredigende graad by 'n rioolvuilverwerkingsaanleg of wat 'n defek of belemmering van die prosesse in gebruik by so 'n aanleg sal veroorsaak of moontlik sal veroorsaak nie;

(e) wat enige stof of ding van watter aard ookal bevat wat van sodanige konsentraat is, of alleen in so 'n mate vir behandeling vatbaar is dat dit sal veroorsaak dat die uitvloeisel van die rioolvuilverwerkingsaanleg nie aan die voorgeskrewe standaarde ooreenkomstig die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998) voldoen nie;

(f) behalwe ter voldoening aan die magtigings kragtens hierdie Verordening uitgereik, wat gevaar vir die gesondheid of veiligheid van enigiemand mag inhou of skadelik vir die konstruksie of komponente van die rioolvuilafvoerstelsel mag wees of die gebruik van enige grond deur die Munisipaliteit vir die rioolvuilafvoerstelsel aangewend in gevaar stel nie; en

(g) wat die onbelemmerde afvoer van rioolvuil deur die rioolvuilafvoerstelsel mag verhinder nie.

(2) Niemand laat stormwater in die rioolvuilafvoerstelsel inloop of laat toe dat dit daar inloop nie.

(3) Die Munisipaliteit kan, by skriftelike kennisgewing, die bewoner of okkupeerder aansê om, op sy of haar eie koste, periodiek deskundige inspeksies van die perseel te laat doen, ten einde voorkomende stappe wat voldoening aan hierdie Verordening sal verseker vas te stel en die bevindings aan 'n gevolmagtigde agent te rapporteer.

(4) Indien iemand 'n bepaling van subartikel (1) of (2) oortree, verwittig hy of sy die Munisipaliteit binne 12 uur, of gouer, indien moontlik, van die besonderhede van die oortreding en die redes daarvoor.

DEEL 2
TERREINSANITEITSDIENSTE EN VERBANDHOUDENDE DIENSTE

Aansoek vir infrastruktuur

58. (1) Indien daar nie 'n ooreenkoms vir saniteits- en verwante dienste ten opsigte van 'n perseel ooreenkomstig artikel 2 is nie, en geen infrastruktuur wat daarmee verband hou bestaan nie, doen die eienaar onmiddellik op die goedgekeurde vorm aansoek en –

(a) betaal die voorgeskrewe heffing vir die installering van die nodige infrastruktuur; of

(b) installeer, ooreenkomstig die spesifikasies van die Munisipaliteit, die aansluitingsriool of terreinsaniteitsdienste waarvoor die Munisipaliteit goedkeuring verleen het.

(2) Die Munisipaliteit kan die tipe perseelsaniteitsdienste wat geïnstalleer moet word spesifiseer.

Dienste wat verband hou met perseelsaniteitsdienste

59. (1) Die verwydering van opgaartenkinhoud, nagvuil of die leegmaak van putlatrines word deur die Munisipaliteit ooreenkomstig 'n program deur hom vasgestel onderneem.

(2) Afskrifte van die program vir versameling en verwydering word op aanvraag beskikbaar gestel.

Heffings ten opsigte van dienste wat verband hou met perseelsaniteitsdienste

60. (1) Heffings ten opsigte van verwydering of afhaal van opgaartenkinhoud, nagvuil of die leegmaak van putlatrines dek alle bedryfs- en onderhoudskoste vir verwydering van die putinhoud, vervoer na die afvoereindpunt, die behandeling van die inhoud om dit skoon te kry en die uiteindelike beskikking oor vaste reste.

(2) Die heffings ten opsigte van die verwydering van opgaartenkinhoud, nagvuil of die leegmaak van putlatrines, word bereken ooreenkomstig die volume wat deur middel van vakuumtenk of andersins verwyder word.

(3) Indien die volume ten opsigte van die verwydering of afhaal van opgaartenkinhoud, nagvuil of die leegmaak van putlatrines nie gekwantifiseer kan word nie, kan die Munisipaliteit die voorgeskrewe vaste heffing oplê.

(4) Heffings kan die vorm van 'n maandelikse bydrae aanneem of 'n enkelbetaling, wanneer die diens gelewer word, wees.

DEEL 3
VERWYDERING VAN RIOOLVUIL

Voorsiening van aansluitingsriool

61. (1) Indien daar 'n ooreenkoms vir gebruik van die rioolvuilafvoerstelsel ooreenkomstig artikel 2 bestaan en geen aansluitingsriool ten opsigte van die perseel bestaan nie, doen die eienaar onmiddellik op die goedgekeurde vorm aansoek en –

(a) betaal die voorgeskrewe heffing vir die installering van die aansluitingsriool; of

(b) installeer, ooreenkomstig die spesifikasies van die Munisipaliteit, die aansluitingsriool waarvoor die Munisipaliteit goedkeuring verleen het.

(2) Indien aansoek gedoen word vir gebruik van die rioolvuilafvoerstelsel ten opsigte van 'n perseel wat sò geleë is dat dit nodig is om die straatriool te verleng ten einde die rioolvuilafvoerstelsel met die perseel te verbind, kan die Munisipaliteit die verlenging magtig onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag oplê.

Ligging van aansluitingsriool

62. (1) 'n Aansluitingsriool deur die Munisipaliteit voorsien en geïnstalleer, of wat kragtens artikel 61 besit word –

(a) word aangebring in 'n posisie deur die Munisipaliteit en die eienaar ooreengekom en is van die grootte deur 'n gemagtigde beampte van die Munisipaliteit bepaal;

(b) eindig by 'n aansluitingspunt ongeveer 1 meter van die grens van die grond deur die Munisipaliteit besit of wat in hom vestig of waaroor hy 'n serwituut of ander reg het of waar subartikel (3) geld, by die aansluitingspunt kragtens daardie subartikel bepaal.

(2) Wanneer ooreenkoms met 'n eienaar oor die ligging van 'n aansluitingsriool bereik word, maak die Munisipaliteit seker dat die eienaar bewus is van –

(a) praktiese beperkings wat mag geld rakende die ligging van 'n aansluitingsrioolpyp;

(b) die koste-implikasies van die onderskeie moontlike liggings van die aansluitingsriool;

(c) of die Munisipaliteit van die eienaar verwag om die ligging van die aansluitingsriool te bepaal deur 'n gedeelte van sy of haar waterinstallasie by of buite die grens van sy of haar perseel aan te bring, of op sodanige ooreengekome ligging binne of buite sy of haar perseel waar die aansluiting vereis word, vir die Munisipaliteit om by die installasie aan te sluit.

(3) Op versoek van enigeen en onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag oplê, kan die Munisipaliteit instem tot 'n aansluiting by 'n straatriool wat nie die mees gerieflike aansluiting vir dreinering van die perseel is nie: Met dien verstande dat die aansoeker verantwoordelik is vir 'n verlenging van die dreineringsinstallasie tot by die aansluitingspunt deur 'n gemagtigde beampte aangewys en om op sy of haar koste, sodanige serwitute oor ander persele as wat nodig mag wees te verkry.

(4) 'n Eienaar betaal die voorgeskrewe aansluitingsheffing.

(5) Waar daar van 'n eienaar verwag word om 'n rioolvuilhystoestel soos in die Bouregulasies bedoel te voorsien, is die tempo en tyd van storting in die straatriool onderworpe aan die goedkeuring van die Munisipaliteit.

Voorsiening van een aansluitingsriool vir meerdere verbruikers op een perseel

63. (1) Ondanks die bepalings van artikel 61, word slegs een aansluitingsriool by die rioolvuilafvoerstelsel vir die afvoer van rioolvuil van 'n perseel voorsien, ongeag die getal bewoningseenhede van verbruikers wat op die perseel geleë is.

(2) Waar die eienaar of iemand wat 'n perseel waarop meerdere bewoningseenhede geleë is beheer of bestuur, versoek dat afvoer van rioolvuil vir doeleindes van afvoer van die onderskeie bewoningseenhede moet geskied, kan die Munisipaliteit, soos hy goedvind –

(a) 'n enkele aansluitingsriool ten opsigte van die perseel as geheel of enige getal van die bewoningseenhede installeer; of

(b) 'n aparte verbindingsriool vir elke bewoningseenheid of enige getal van hulle installeer.

(3) Waar die Munisipaliteit 'n enkele aansluitingsriool soos in subartikel (2)(a) beoog geïnstalleer het, moet die eienaar of persoon wat die perseel beheer of bestuur, na gelang van die geval –

(a) indien die Munisipaliteit dit vereis, op elke vertakkingspyp wat van die aansluitingsriool na die onderskeie bewoningseenhede loop –

(i) 'n aparte aansluitingsriool; en

(ii) 'n afsluitklep,

installeer en onderhou; en

(b) verantwoordelikheid teenoor die Munisipaliteit aanvaar vir alle gelde en heffings vir alle rioolvuil wat deur so 'n enkele aansluitingsriool, ongeag die verskillende hoeveelhede wat deur die onderskeie verbruikers van die aansluitingsriool gestort word.

(4) Ondanks subartikel (1), kan die Munisipaliteit magtiging verleen dat meer as een aansluitingsriool na die rioolvuilafvoerstelsel voorsien word vir die afvoer van rioolvuil vanaf 'n perseel wat uit deeltiteleenhede bestaan, of, indien die Munisipaliteit van oordeel is dat ongeregverdigde ontbering of ongerief vir enige verbruiker op die perseel veroorsaak sal word deur die voorsiening van 'n enkele aansluitingsriool.

(5) Waar die voorsiening van meer as een aansluitingsriool kragtens subartikel (4) gemagtig is, is die gelde en heffings vir die voorsiening van 'n aansluitingsriool betaalbaar met betrekking tot elke rioolvuilaansluiting wat aldus voorsien is.

Onderlinge aansluiting tussen persele

64. 'n Perseeleienaar verseker dat daar geen tussenaansluiting tussen die rioolinstallasie op sy of haar perseel en die rioolinstallasie op 'n ander perseel bestaan nie, behalwe waar hy of sy vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit verkry het en aan die voorwaardes wat die Munisipaliteit mag oplê voldoen.

Ontkoppeling van rioolinstallasie van aansluitingsriool

65. Die Munisipaliteit kan 'n rioolinstallasie ontkoppel van die aansluitingsriool en die aansluitingsriool verwyder indien –

(a) die voorsieningsooreenkoms kragtens artikel 12 beëindig is en hy nie binne 'n tydperk van 90 dae vanaf sodanige beëindiging 'n aansoek vir verdere voorsiening aan die perseel deur die straatriool bedien, ontvang het nie; of

(b) die gebou op die betrokke perseel gesloop is.

DEEL 4
RIOOLVUIL GELEWER DEUR MIDDEL VAN PADVERVOER

Aanvaarding van rioolvuil gelewer deur middel van padvervoer

66. Die Munisipaliteit kan, soos hy goedvind en onderworpe aan voorwaardes wat hy mag oplê, rioolvuil wat deur middel van padvervoer aan die Munisipaliteit se rioolvuilverwerkingsaanleg gelewer word, aanvaar.

Skriftelike toestemming vir lewering van rioolvuil deur middel van padvervoer

67. (1) Behalwe met die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en onderworpe aan die tydperk en voorwaardes kragtens die skriftelike toestemming gespesifiseer, stort niemand, deur middel van padvervoer, rioolvuil in die Munisipaliteit se rioolvuilverwerkingsaanleg nie.

(2) Die heffing vir rioolvuil wat vir afvoer aan die Munisipaliteit se rioolvuilverwerkingsaanleg gelewer word, word deur die Munisipaliteit ooreenkomstig die voorgeskrewe gelde of heffings geraam.

Voorwaardes vir lewering van rioolvuil deur middel van padvervoer

68. Wanneer rioolvuil deur middel van padvervoer gelewer word –

(a) word die afleweringstyd met die Munisipaliteit gereël; en

(b) word die aard en samestelling, voor storting daarvan, tot bevrediging van die Munisipaliteit vasgestel en word geen rioolvuil wat nie aan die standaarde deur hierdie Verordening neergelê voldoen, gelewer nie.

Intrekking van toestemming vir lewering van rioolvuil deur middel van padvervoer

69. Die Munisipaliteit kan, nadat hy minstens 14 dae skriftelik kennis gegee het van sy voorneme, sy toestemming aan iemand wat toegelaat word om rioolvuil deur middel van padvervoer te stort, intrek indien sodanige persoon –

(a) versuim om te verseker dat die rioolvuil aldus gelewer voldoen aan die standaarde in artikels 73 en 74, soos van toepassing, of in die geskrewe toestemming voorgeskryf; of

(b) versuim of weier om aan 'n kennisgewing, wettiglik kragtens hierdie Verordening aan hom of haar beteken, te voldoen of 'n bepaling van hierdie Verordening of 'n voorwaarde aan hom of haar kragtens 'n toestemming aan hom of haar verleen oortree; en

(c) versuim om die geraamde heffings ten opsigte van gelewerde rioolvuil te betaal.

DEEL 5
AFVOER VAN NYWERHEIDSUITVLOEISEL

Toestemming om nywerheidsuitvloeisel te stort

70. (1) Niemand mag sonder die Munisipaliteit se skriftelike toestemming, in die vorm van 'n permit, nywerheidsuitvloeisel in enige riool of stormwatersloot regstreeks of onregstreeks stort of toelaat dat dit gestort word nie.

(2) Iemand wat begerig is om nywerheidsuitvloeisel in 'n straatriool te stort, moet skriftelik eers in duplikaat op die toepaslike vorm by die Munisipaliteit om 'n permit aansoek doen en moet sodanige bykomende inligting verstrek en sodanige monsters indien as wat die Munisipaliteit vereis.

(3) Die Munisipaliteit kan na goeddunke en met inagneming van die vermoë van die rioolstelsel of enige toestel wat vir rioolvuil gebruik word of die rioolsuiweringswerke, of dit aan die Munisipaliteit behoort of nie, en op sodanige voorwaardes as wat hy dienstig ag, skriftelik toestemming in die vorm van 'n permit verleen dat nywerheidsuitvloeisel in 'n riool gestort word.

(4) Die nywerheidsuitvloeisel moet ten alle tye voldoen aan die vereistes van die permit wat ten opsigte van die perseel uitgereik is.

(5) Die Munisipaliteit kan te eniger tyd vanweë 'n verandering wat voortspruit uit 'n wysiging in die rioolsuiweringsmetode, of die instel van nuwe, hersiene, of strenger, of ander standaarde deur die Munisipaliteit, of ingevolge die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998), soos gewysig of as gevolg van 'n wysiging van hierdie Verordening, of vanweë enige ander voldoende rede, 'n toestemming wat verleen is, of 'n voorwaarde wat opgelê is, hersien, wysig, verander of herroep of nuwe voorwaardes oplê vir die storting van nywerheidsuitvloeisel in die straatriool, of die storting van enige of al sodanige uitvloeisel in die straatriool, beperk of verbied deur vooraf 4 weke skriftelik kennis te gee van sy voorneme on dit te doen.

(6) Ondanks die bepalings van subartikel (1), maar behoudens die bepalings van subartikels (2), (3), (4) en (5), kan enige afvoer van nywerheidsuitvloeisel wat onmiddellik voor die datum van afkondiging van hierdie Verordening bestaan, indien 'n aansoek om sodanige afvoer voort te sit ingevolge subartikel (2) voorgelê is, voortgaan soos dit op die tydstip bestaan, tot tyd en wyl die Munisipaliteit die aansoeker skriftelik van die uitslag van sy of haar aansoek kennis gegee het.

Beheer van nywerheidsuitvloeisel

71. (1) Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarvandaan nywerheidsuitvloeisel in 'n straatriool gestort word, moet toereikende geriewe soos oorloopvlakverklikkers, gereedheidstoerusting, oorloopopvangputte, ghriesopvangputte, olie opvangputte verskaf of moet ander toepaslike maatreëls tref om op voldoende en doeltreffende wyse te voorkom dat 'n stof wat verbied of beperk word ingevolge hierdie Verordening in die straatriool gestort word.

(2) Die Munisipaliteit kan, deur 'n kennisgewing te beteken op die eienaar of okkupeerder van enige perseel waarvandaan nywerheidsuitvloeisel gestort word, sodanige eienaar of okkupeerder beveel om, behoudens ander bepalings van hierdie Verordening –

(a) nywerheidsuitvloeisel, voordat dit in die straatriool gestort word, op so 'n wyse vooraf te behandel dat dit in alle opsigte aan die bepalings in artikel 73(1) voldoen, of die uitvloeiselsiklus van die nywerheidsproses in so 'n mate en op so 'n manier te wysig wat na die Munisipaliteit se mening nodig is om te verseker dat die rioolsuiweringswerke wat die genoemde uitvloeisel ontvang, of sodanige werke onder die beheer van die Munisipaliteit is al dan nie, gesuiwerde uitvloeisel voortbring wat voldoen aan standaarde wat ingevolge die bepalings van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998), soos gewysig, vir sodanige werke voorgeskryf word;

(b) die storting van nywerheidsuitvloeisel tot sekere vasgestelde tye en die stortingstempo tot sekere vasgestelde maksimum te beperk en op sy of haar koste sodanige tenks, toestelle en ander toerusting wat na die Munisipaliteit se mening nodig of toereikend is om aan die genoemde beperkings te voldoen, aan te bring;

(c) 'n afsonderlike perseelrioolstelsel vir die wegvoer van nywerheidsuitvloeisel aan te bring en die uitvloeisel deur middel van 'n afsonderlike aansluiting, soos deur die Munisipaliteit bepaal in die straatriool te stort, en hom of haar daarvan te weerhou om sodanige uitvloeisel deur middel van enige perseelrioolstelsel wat vir die wegvoer van huishoudelike vuilwater of drekwater bedoel is of gebruik word, te stort, of enige huishoudelike vuilwater of drekwater deur middel van die genoemde afsonderlike stelsel vir nywerheidsuitvloeisel te stort;

(d) op sy of haar koste in enige perseelrioolstelsel wat nywerheidsuitvloeisel na die straatriool wegvoer, een of meer inspeksie-, monsterneming- of meterkamers van sodanige afmetings en materiaal en op sodanige plekke as wat die Munisipaliteit kan voorskryf, aan te bring;

(e) ten opsigte van nywerheidsuitvloeisel wat van die perseel af gestort word, gelde wat bereken word ooreenkomstig die bepalings van artikel 75 van hierdie Verordening te betaal: Met dien verstande dat as die presiese chemiese suurstofbehoefte, die permanganaatwaarde (suurstof geabsorbeer), die swewende vaste stowwe, die ammoniak, die fosfate en die geleidingsvermoë van die nywerheidsuitvloeisel vanweë die besondere omstandighede van enige bepaalde geval nie met behulp van die berekeningsmetode wat in artikel 75 voorgeskryf word, bepaal kan word nie, die Munisipaliteit van sodanige ander berekeningsmetode waarvolgens die genoemde sterkte wel bepaal kan word, gebruik kan maak, en die bedrag wat gevorder moet word, daarvolgens kan vasstel;

(f) alle inligting te verstrek wat die Munisipaliteit mag vereis om die gelde wat ingevolge die bepalings van artikel 75 betaalbaar is, te bereken; en

(g) vir die toepassing van paragraaf (f), op sy of haar koste 'n meter wat die totale hoeveelheid water afmeet wat uit 'n boorgat, fontein of ander natuurlike bron verkry en op die perseel gebruik word, te verskaf en te onderhou.

Afmeet en vasstel van die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel

72. Die Munisipaliteit kan op 'n plek wat hy aanwys in enige perseelrioolstelsel wat nywerheidsuitvloeisel na 'n straatriool wegvoer, en op koste van die eienaar of okkupeerder, 'n meter of ander toestel aanbring en onderhou met die doel om die volume of samestelling van die genoemde uitvloeisel te bepaal, en iemand wat so 'n meter of ander toestel uitskakel, oopmaak, oopbreek of op 'n ander manier daarmee peuter of dit beskadig, begaan 'n misdryf: Met dien verstande dat die Munisipaliteit na goeddunke met iemand wat nywerheidsuitvloeisel in die straatriool stort, 'n ooreenkoms kan aangaan waarby 'n ander metode vir die vasstel van die volume uitvloeisel aldus gestort, of die samestelling daarvan, bepaal kan word.

Verbode storting

73. (1) Niemand mag rioolvuil of enige stof in 'n straatriool stort of veroorsaak of toelaat dat dit daarin gestort word of daarin beland nie, indien –

(a) dit nie voldoen aan die spesifikasies vervat in artikel 74 nie: Met dien verstande dat die Munisipaliteit vir sodanige tydperk of op sodanige voorwaardes as wat hy mag bepaal sommige of al sodanige spesifikasies kan verslap of vrystelling daarvan verleen: Met dien verstande verder dat ondanks voldoening aan sodanige spesifikasies, die Munisipaliteit die totale massa van enige stof of onsuiwerheid wat gedurende enige vasgestelde tydperk in 'n riool vanaf enige perseel gestort word, mag beperk;

(b) dit wel aan sodanige spesifikasies voldoen, maar 'n stof van watter aard ookal bevat wat na die mening van die Munisipaliteit –

(i) nie vir behandeling deur die rioolsuiweringswerke vatbaar is nie, of wat die gewone rioolsuiweringsproses ontwrig of kan ontwrig of dit strem of kan strem; of

(ii) van so 'n aard is of slegs sodanig gesuiwer kan word dat dit verhoed dat die finale gesuiwerde uitvloeisel van die rioolsuiweringswerke in alle opsigte voldoen aan 'n vereiste wat ingevolge die bepaligns van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998), soos gewysig, gestel word; of

(iii) hetsy dit alleen, hetsy met ander stowwe -

(aa) 'n gifstof afgee of bevat wat skadelik kan wees vir die gesondheid van diegene wat by die rioolsuiweringswerke werksaam is, of wat die Munisipaliteit se riole of mangate in die uitvoering van hul pligte moet binnegaan; of

(bb) skadelik kan wees vir straatriole, suiweringswerke of vir die grond wat vir die wegdoening van gesuiwerde riooluitvloeisel gebruik word; of

(cc) 'n nadelige uitwerking het op die prosesse waarvolgens rioolvuil gesuiwer word of op die hergebruik van gesuiwerde riooluitvloeisel;

(c) dit na die mening van die Munisipaliteit aanstootlik is of 'n oorlas vir die publiek kan veroorsaak;

(d) dit in die vorm van stoom of dampe is;

(e) die temperatuur daarvan, waar dit die riool binnegaan, 44°C oorskry;

(f) dit 'n stof van watter aard ookal bevat wat na die mening van die Munisipaliteit ontplofbare, vlambare, giftige of aanstootlike gasse of dampe in die straatriool kan laat ontstaan;

(g) dit 'n stof wat 'n flitspunt laer as 93°C het of wat 'n giftige damp by 'n temperatuur laer as 93°C afgee;

(h) dit 'n stof van watter aard ookal, met inbegrip van olie, ghries, vet of reinigingsmiddels wat straatriole of perseelriole kan verstop, of die behoorlike funksionering van rioolsuiweringswerke kan belemmer, bevat;

(i) daar sigbare tekens van teer of aanverwante produkte of distillate, bitumen of asfalt aanwesig is;

(j) dit 'n stof bevat wat so gekonsentreerd is dat dit aan die finale behandelde uitvloeisel van die rioolsuiweringswerke na chlorering na die mening van die Munisipaliteit 'n ongewenste smaak of 'n ongewenste reuk of kleur gee of dat dit oormatige skuim kan veroorsaak.

(2) (a) Indien iemand strydig met 'n bepaling van hierdie Verordening, nywerheidsuitvloeisel in 'n straatriool stort, of veroorsaak of toelaat dat dit gestort word, of op die punt staan om dit te doen, kan die Munisipaliteit nadat hy die eienaar of okkupeerder van die betrokke perseel in kennis gestel het van sy voorneme om dit te doen, en in geval van nood, sonder kennisgewing, onverwyld die perseelriool wat sodanige uitvloeisel na die straatriool wegvoer, vir sodanige tydperk as wat hy dienstig ag, sluit en afdig ten einde te voorkom dat sodanige uitvloeisel die straatriool bereik.

(b) Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige skade wat deur enige stap wat ingevolge paragraaf (a) gedoen word, veroorsaak word nie.

(c) Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit die seël van 'n perseelriool wat ingevolge paragraaaf (a) gesluit en afgedig is, oopmaak of breek of veroorsaak of toelaat dat dit gedoen word nie.

Perke vir permanganaatwaarde (PV), pH en elektriese geleidingsvermoë en maksimum konsentrasie van sekere stowwe

74. Behoudens die bepalings van artikel 73(1)(a), is die volgende –

(a) die perke vir die PV, pH en elektriese geleidingsvermoë; en

(b) die stowwe en die maksimum toelaatbare konsentrasies daarvan, uitgedruk in milligram per liter (mg/l):

(i) **Algemeen**

PV – hoogstens	1000 mg/l
pH binne die bestek	6.0 – 10.0
Elektriese geleidingsvermoë – hoogstens	500 mS/m by 20°C
Bytende alkaliniteit(uitgedruk as $CaCO_3$)	1000 mg/l
Plantolies, vette, ghries of was	400 mg/l
Olie, ghries of was van minerale oorsprong	50 mg/l
Sulfiedes, hidrosulfiedes en polisulfiedes (uitgedruk as S)	5 mg/l
Stowwe wat blousuurgas in die perseel-rioolstelsel, straatriool of rioolsuiwerings-werke kan vrystel (uitgedruk as HCN)	20 mg/l
Formaldehiede (uitgedruk as HCHO)	50 mg/l
Nie-organiese vaste stowwe in suspensie	100 mg/l
Chemiese suurstofbehoefte (COD)	5000 mg/l
Alle suikers of stysels (uitgedruk as glukose)	1000 mg/l
Beskikbare chloor (uitgedruk as Cl_2)	100 mg/l
Sulfate (uitgedruk as SO_4)	1500 mg/l
Fluoorhoudende verbindings (uitgedruk as F)	5 mg/l
Swewende vaste stowwe (SS)	1000 mg/l
Fosfaat en fosfaat-bevattende verbindings (uitgedruk as P)	100 mg/l

(ii) **Metale**

Groep 1

Yster (uitgedruk as Fe)
Chroom (uitgedruk as CrO_3)
Koper (uitgedruk as Cu)
Nikkel (uitgedruk as Ni)
Sink (uitgedruk as Zn)
Silver (uitgedruk as Ag)
Kobalt (uitgedruk as Co)
Wolfram (uitgedruk as W)
Titaan (uitgedruk as Ti)
Kadmium (uitgedruk as Cd)

Die totale konsentrasie van al die metale in Groep 1 (uitgedruk soos hierbo) in enige monster van die uitvloeisel, mag nie 20 mg/l, en die konsentrasie van enige besondere metaal in enige monster nie 5 mg/l oorskry nie.

Groep 2

Lood (uitgedruk as Pb)
Selenium (uitgedruk as Se)
Kwik (uitgedruk as Hg)

Die totale konsentrasie van al die metale in Groep 2 (uitgedruk soos hierbo) in enige monster van die uitvloeisel, mag nie 20 mg/l, en die konsentrasie van enige besondere metaal in enige monster nie 5 mg/l oorskry nie.

(iii) **Ander elemente**

Arseen (uitgedruk as As)
Boor (uitgedruk as B)

Die totale konsentrasie van alle elemente (uitgedruk soos hierbo) in enige monster van die uitvloeisel, mag nie 5 mg/l oorskry nie.

(iv) **Radio-aktiewe afvalstowwe**

Radio-aktiewe afvalstowwe of isotope: 'n Konsentrasie soos deur die Raad op Atoomkrag of enige Staatsdepartement bepaal.

Nywerheidsuitvloeiselgelde

75. (1) Die eienaar of okkupeerder van enige perseel waarvandaan nywerheidsuitvloeisel afgevoer word, moet, ongeag of die Munisipaliteit sy toestemming tot die afvoer soos vermeld in artikel 70(3) gegee het, al dan nie, bykomstig tot enige ander gelde waarvoor daar in hierdie Verordening of enige ander wet voorsiening gemaak word, aan die Munisipaliteit 'n bedrag betaal wat onderworpe is aan die bepalings van hierdie Verordening.

(2) Die Munisipaliteit stuur 'n rekening vir die verskuldigde gelde, wat die datum waarop dit betaal moet word toon, aan die okkupeerder of eienaar, na gelang van die geval.

(3) Indien die okkupeerder of eienaar, na gelang van die geval, versuim om bogenoemde gelde op die vervaldatum soos aangegee te betaal, is rente teen die standaard rentekoers betaalbaar.

(4) Behoudens die onderstaande bepalings van hierdie artikel, word die gelde betaalbaar kragtens subartikel (1), bereken deur middel van die formule:

$$C = B \times V \times T$$

Waar:

C die nywerheidsuitvloeiselgelde wat betaalbaar is deur die eienaar of okkupeerder;

B die koste van die behandeling van een kiloliter rioolvuil;

V die totale getal kiloliter nywerheidsuitvloeisel wat gedurende die betrokke periode van nywerheidsuitvloeiselvrystelling afgevoer is waar die sterkte bepaal word;

T die sterkte van die uitvloeisel waar:

$$T = \frac{\left(1 + \left(\frac{COD(i-t)}{COD(t)} + \frac{PV(i-t)}{PV(t)} + \frac{SS(i-t)}{SS(t)} + \frac{NH_3(i-t)}{NH_3(t)} + \frac{PO_4(i-t)}{PO_4(t)} + \frac{COND(i-t)}{COND(t)}\right)\right)}{6}$$

Waar:

COD, PV, SS, NH_3, PO_4 en COND onderskeidelik die chemiese suurstofbehoefte, die permanganaatwaarde (suurstof geabsorbeer), die swewende vaste stowwe, die ammoniak en fosfate is, uitgedruk in milligram per liter, en COND die konduktiwiteit in mS/m by 20°C is ten opsigte van monsters wat deur enige behoorlik aangestelde verteenwoordiger van die Munisipaliteit versamel word, en soos deur die Munispaliteit vereis word:

i die tariefmonster van die eienaar of okkupeerder is; en

t die gemiddelde waarde van rou rioolwater by die rioolsuiweringswerke vir die betrokke tydperk waarvoor nywerheidsuitvloeiselgeld betaalbaar is.

Indien (i-t) van 'n betrokke parameter kleiner as nul is, val die betrokke parameter weg in die berekening van die sterkte van die uitvloeisel (T).

Wanneer die berekende waarde van (T) gelyk aan een is, sal die eienaar of okkupeerder nie nywerheidsuitvloeiselgelde betaal op grond van die sterkte van die uitvloeisel nie. (T) word dan gelyk aan 1 gestel en die eienaar of okkupeerder betaal nywerheidsgelde op grond van die volume van nywerheidsuitvloeisel geproduseer, mits die volume minder as 10 Kl per maand is, waarby geen gelde betaalbaar is nie.

(5) Die parameters van die nywerheidsuitvloeiselmonsters soos deur die Munisipaliteit bepaal ingevolge subartikel (4) is finaal en bindend.

(6) Die koste van behandeling van een kiloliter rioolvuil word gebaseer op die Munisipaliteit se jaarlikse begroting van uitgawes vir die daaropvolgende jaar soos goedgekeur deur die Munisipaliteit.

(7) Die Munisipaliteit dra die koste wat verbonde is aan die monsterneming en die toetsing van die monsters wat deur die Munisipaliteit vereis is, terwyl die koste wat verbonde is aan enige ander monsterneming en toetsing van monsters deur die eienaar of okkupeerder gedra word.

(8) Die Munisipaliteit bepaal die totale hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel wat gedurende elke tydperk vanaf die persele afgevoer word, en vir die doeleindes van sodanige vasstelling sal die Munisipaliteit –

(a) in geval waar nywerheidsuitvloeisel en ander rioolvuil saam gemeet word, die hele afvoer as nywerheidsuitvloeisel beskou;

(b) in 'n geval waar die hoeveelheid rioolvuil of nywerheidsuitvloeisel wat vanaf die perseel afgevoer word, nie regstreeks gemeet word nie –

(i) sodanige vasstelling baseer op die hoeveelheid water wat op die perseel gebruik word gedurende die betrokke tydperk, nadat daar sodanige rekening gehou is wat die Munisipaliteit billik ag ten opsigte van water wat vir besproeiing gebruik is, of verdamp het of wat in artikels wat op die perseel geproduseer word, aanwesig is; en

(ii) indien nywerheidsuitvloeisel vanaf meer as een punt op die perseel afgevoer word, genoemde hoeveelheid water aan die verskillende afvoerpunte so akkuraat as moontlik toewys;

(c) in enige geval waar 'n meettoestel as foutief bewys word, sodanige fout behoorlik in aanmerking neem.

(9) (a) Die Munisipaliteit hef op die rekenings vir nywerheidsuitvloeisel gelewer ooreenkomstig subartikel (2), die toeslag bereken kragtens paragraaf (b) ten opsigte van elke parameter waar die perke wat daarin gespesifiseer is, oorskry word in elkeen van die tariefmonsters daarin vermeld, op die nywerheidsuitvloeisel-rekenings gelewer.

(b) Enigiemand wat nywerheidsuitvloeisel in enige straatriool afvoer, moet, benewens enige boete wat aan hom of haar opgelê word, aan die Munisipaliteit 'n toeslag betaal wat volgens die volgende formule bereken word –

$$P = P1 + P2 + P3 + \ldots Pn$$

Waar:

P = die nywerheidsuitvloeiselgeld betaalbaar indien die maksimum standaard oorskry word van 'n parameter;

P1, P2, P3, P..., Pn = die parameters wat die maksimum standaard oorskry en as volg bereken word:

$$Pn = B \times V \times \frac{\text{Maksimum toelaatbaar} - \text{Analities bepaalde waarde}}{\text{Maksimum toelaatbaar}}$$; of

$$Pn = B \times V \times \frac{\text{Analities bepaalde waarde} - \text{Maksimum toelaatbaar}}{\text{Minimum toelaatbaar}}$$

Waar:

B die koste van die behandeling van een kiloliter rioolvuil;

V die totale getal kiloliter nywerheidsuitvloeisel wat gedurende die betrokke periode van nywerheidsuitvloeiselvrystelling afgevoer is waar die sterkte bepaal word.

(10) Die Munisipaliteit kan bepaal dat die formules wat in hierdie Verordening vermeld word, nie van toepassing is nie in enige geval waar die metode vir die bepaling van die sterkte van nywerheidsuitvloeisel soos in sodanige formule gespesifiseer, na die mening van die Munisipaliteit nie die ware sterkte van die betrokke uitvloeisel weergee nie.

76. Aansoek om 'n permit om bedryfs- of nywerheidsuitvloeisel in die rioolstelsel af te voer

//KHARA HAIS MUNISIPALITEIT

Aansoek om 'n permit om bedryfs- of nywerheidsuitvloeisel in die rioolstelsel af te voer

(Moet in blokletters ingevul word)

(1) ALGEMENE INLIGTING

LIGGING VAN BESIGHEID

Straatnaam: _____

Straatnommer: _____

Erfnommer: _____

Telefoonnommer: _____

POSADRES

_____

_____

_____

ADRES VIR REKENINGS

_____

_____

_____

EIENAARSREG OP DIE PERSEEL

Naam van eienaar: _____

Adres van eienaar: _____

_____

_____

AARD VAN DIE PROSESSE OF BEDRYF WAT OP DIE PERSEEL UITGEVOER WORD

_____

_____

_____

NAAM VAN DIE ONDERTEKENAAR: _____

BETREKKING IN DIE BESIGHEID: _____

GEREGISTREERDE NAAM VAN DIE BESIGHEID WAAROP DIE PERMIT BETREKKING SAL Hê:

_____

(2) HOEVEELHEID UITVLOEISEL EN AFVOERWAARDES

Verbindingspunt	MAKSIMUM AFVOERTEMPO PER		
	Maand in kiloliter	Dag in kiloliter	Uur in kiloliter

NORMALE WERKVERRIGTINGSTYDPERK VAN INSTALLASIE

DAE IN WEEK	TYD IN DAG

UITVLOEISELAFVOERFAKTOR

Water wat perseel binnegaan	%	Water op perseel verbruik (nie in rioolstelsel inloop nie)	%
Uit munisipale bronne Uit ander bronne		*Vir ketel gebruik* Met verdamping In produk agtergelaat Vir ander gebruike aangewend	
Totaal in perseel in	100	Totaal op perseel verbruik	
Uitvloeiselafvoerfaktor – K			

(3) VOORAFBEHANDELING VAN UITVLOEISEL VOOR AFVOER

(Vul in die groottes, inhoudsmate, ens., waar voorafbehandeling aangetref word. Maak 'n kruisie waar 'n besondere eenheid nie bestaan nie)

TIPE VOORAFBEHANDELING		VRYSTELLINGSPUNTE			
		1	2	3	4
Siwwe (met die hand gehark)	Oppervl (m^2)				
Siwwe (meganies)	Oppervl (m^2)				
Draaikerwers					
Grinttenks					
Vetput					
Besinktenks	Oppervl (m^2)				
Besinktenks	Vol (m^3)				
Biologiese prosesses					
Tipe:					

(4) FISIESE EN CHEMIESE EIENSKAPPE VAN UITVLOEISEL

(Vul die maksimum waardes in of maak 'n kruisie waar dit afwesig is)

	pH	**Temperatuur °C**	**Geleidingsvermoë mS/m by 20°C**	**PV 4 ure $KMnO_4$ mg/l**
Maksimum				
Minimum				

Besinkbare vaste stowwe (ml/l)

Konsentrasies in mg/l van die volgende:

Swewende vaste stowwe: _____
Bytende alkaliniteit as $CaCO_3$: _____
Suurgehalte as CaCO3: _____
Sulfiede, ens. as S: _____
Sulfate as SO4: _____
Chloriede as Cl_2: _____
Fluoorverbindings as F: _____
Beskikbare chloor as Cl_2: _____
Suiker, stysel as glukose: _____
Teer produkte en distillate: _____
Stowwe nie in oplossing nie: _____
Vet, plantolie, ens.: _____
Waterstofsianied as HCN: _____
Minerale olie en ghries: _____
Kleurstowwe: _____
Formaldehied as HCHO: _____

Konsentrasie in mg/l van die volgende:

GROEP 1 METALE

Yster as Fe: _____
Chroom as CrO_3 _____
Koper as Cu: _____
Nikkel as Ni: _____
Sink as Zn: _____
Kadmium as Cd: _____
Silwer as Ag: _____
Kobalt as Co: _____

GROEP 2 METALE

Lood as Pb: _____
Selenium as Se: _____
Kwik as Hg: _____

ANDER ELEMENTE

Arseen as As: _____

Wolfram as W: _____ Boor as B: _____

Titanium as Ti: _____

TOTALE KONSENTRASIE

Groep 1 metale: _____

Groep 2 metale: _____

Ander elemente: _____

Is radio-aktiewe afvalstowwe of isotope in die uitvloeisel teenwoordig? Ja Nee

(5) VIR AMPTELIKE GEBRUIK

PERMITNOMMER	UITGEREIK DEUR	DATUM
WATERTOEWYSINGS-FAKTOR	**TESOURIE VERWITTIG**	**DATUM**

//KHARA HAIS MUNISIPALITEIT

SPESIALE VOORWAARDES

Voorwaardes van aanvaarding van die afvoer van nywerheidsuitvloeisel in die rioolstelsel:

(i) 'n Geldige permit moet ten opsigte van die afvoer gehou word en die voorwaardes in die permit uiteengesit nagekom.

(ii) Enige spesiale voorwaardes wat die voorafbehandeling van die uitvloeisel vereis alvorens dit afgevoer word, moet nagekom word en die werk tot bevrediging van die Munisipaliteit gedoen.

(iii) Die bepalings van hierdie Verordening moet nagekom word.

(iv) Die aansoeker moet die Munisipaliteit onverwyld skriftelik in kennis stel van enige verandering wat plaasvind of sal plaasvind in die aard, hoeveelheid of tempo ten opsigte van die afvoer van uitvloeisel en wat enigeen van die beperkings in die permit vervat, sal oorskry.

(v) Die aansoeker moet binne 30 dae na die datum van ondertekening van hierdie aansoek 'n akkurate verteenwoordigende monster van minstens 5 liter van die uitvloeisel wat afgevoer sal word, verkry. Die een helfte van hierdie monster moet by die Munisipaliteit se laboratoriumdienste vir ontleding ingedien word en 'n verslag aan die laboratoriumdienste van ontleding van die ander helfte deur 'n analitikus wat die aansoeker op sy koste aangestel het.

(vi) Ek, (volle naam) ....., die ondergetekende, wat behoorlik gemagtig is om op te tree namens ....., wat as die aansoeker bekend sal staan, verklaar dat die inligting op hierdie vorm verstrek na my wete akkuraat is, en aanvaar dat gemelde inligting gebruik kan word as grondslag vir die uitreiking van 'n permit om nywerheidsuitvloeisel in die rioolstelsel af te voer.

....
DATUM **HANDTEKENING**

OUTORITEIT OF HOEDANIGHEID VAN ONDERTEKENAAR:

---

77. Permit om bedryfs- of nywerheidsuitvloeisel in die rioolstelsel af te voer

//KHARA HAIS MUNISIPALITEIT

(DIREKTORAAT TEGNIESE DIENSTE)

PERMIT OM NYWERHEIDSUITVLOEISEL IN DIE RIOOLSTELSEL AF TE VOER

(1)

GEREGISTREERDE NAAM VAN DIE BESIGHEID WAAROP DIE PERMIT BETREKKING HET			
Straatnaam	**Straatnommer**	**Erfnommer**	**Telefoonnommer**
Gemagtigde prosesse vir perseel		**Uitvloeiselfaktor**	

(2)

VOORWAARDES VAN UITVLOEISELAFVOER			
Verbindingspunt	**Maksimum afvoertemp in Kl**		
	Per maand	Per dag	Per uur
	Maandag tot Vrydag	Saterdag	Sondag
Gemagtigde afvoertye			

(3)

VOORAFBEHANDELING VEREIS VOOR AANNAME

(4)

FISIESE EN CHEMIESE VOORWAARDES WAT GELD VOORDAT UITVLOEISEL AANVAAR WORD	
Stowwe aanvaarbaar in geringe konsentrasie alleenlik	Stowwe wat in geheel afwesig moet wees in uitvloeisel

(5)

SPESIALE VOORWAARDES

Hierdie permit word ingevolge hierdie Verordening uitgereik en is onderworpe aan die voorwaardes daarin vervat.

....

DATUM **MUNISIPALE BESTUURDER**

Rekeningnommer	Adres vir rekenings	Vorige permitnommer

DEEL 6
BEPALING VAN HOEVEELHEID UITVLOEISEL WAT IN DIE RIOOLSTELSEL GESTORT WORD

Bepaling van hoeveelheid standaard huishoudelike uitvloeisel gestort

78. (1) Die hoeveelheid standaard huishoudelike uitvloeisel gestort word bepaal deur middel van 'n persentasie van die water deur die Munisipaliteit voorsien: Met dien verstande dat waar die Munisipaliteit van mening is dat sò 'n persentasie ten opsigte van spesifieke persele buitensporig is met inagneming van die doel waarvoor water op daardie persele gebruik word, die Munisipaliteit die persentasie op daardie persele van toepassing kan verminder na 'n getal wat volgens sy opinie en ooreenkomstig die beskikbare gegewens, die verhouding tussen die waarskynlike hoeveelheid rioolvuil van die perseel afgevoer en die hoeveelheid water daaraan voorsien reflekteer.

(2) Waar die perseel voorsien word van water van 'n ander bron of bykomend tot die Munisipaliteit se watervoorsieningstelsel, insluitende onttrekking uit 'n boorgat, is die hoeveelheid 'n persentasie van die totale waterverbruik op die perseel soos redelikerwys deur die Munisipaliteit geraam.

(3) Indien dit, na die mening van die Munisipaliteit, nie moontlik is om die hoeveelheid standaard huishoudelike uitvloeisel ooreenkomstig subartikel (1) of (2) te bepaal nie, kan dit geskat word deur die getal watergedrewe toilette op die betrokke perseel in ag te neem.

Bepaling van hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel gestort

79. (1) Die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel in die rioolvuilafvoerstelsel gestort word –

(a) waar 'n meetinstrument aangebring is, deur die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel vanaf 'n perseel losgelaat soos deur daardie meetinstrument gemeet bepaal; of

(b) tot tyd en wyl 'n meetinstrument aangebring is, deur middel van 'n persentasie van die water deur die Munisipaliteit aan die perseel voorsien bepaal.

(2) Waar 'n perseel voorsien word van water afkomstig van 'n ander bron of bykomend tot die Munisipaliteit se watervoorsieningstelsel, met insluiting van onttrekking uit 'n rivier of boorgat, is die hoeveelheid 'n persentasie van al die water op die perseel gebruik, soos redelikerwys deur die Munisipaliteit geraam.

(3) Waar 'n gedeelte van die water aan 'n perseel voorsien deel uitmaak van die eindproduk van 'n vervaardigingsproses of verlore gaan deur reaksie of verdamping gedurende die vervaardigingsproses, of vir enige ander rede, kan die Munisipaliteit, na ontvangs van 'n aansoek, die geraamde hoeveelheid van nywerheidsuitvloeisel verminder.

Vermindering in die hoeveelheid bepaal kragtens artikels 78(1) of (2) en 79(1)(a)

80. (1) 'n Verbruiker is geregtig op vermindering van die hoeveelheid kragtens artikels 78 en 79(1)(a) bepaal, indien die hoeveelheid water waarop die persentasie bereken word gemeet is gedurende 'n tydperk waartydens water vermors is of daar 'n onopgespoorde lekkasie was, indien die verbruiker tot bevrediging van die Munisipaliteit kan aantoon dat die genoemde water nie in die rioolvuilafvoerstelsel gestort is nie.

(2) Die vermindering word gegrond op die hoeveelhied waterverlies deur lekkasie of vermorsing tydens die lektydperk.

(3) Die lektydperk is òf die metingstydperk onmiddellik voordat die lekkasie herstel is, òf die metingstydperk waarbinne die lekkasie herstel word, welke tydperk ookal die grootste vermindering in die hoeveelheid tot gevolg het.

(4) (a) Die hoeveelheid waterverlies word bereken as die verbruik gedurende die lektydperk, min 'n gemiddelde verbruik, gegrond op die voorafgaande 3 maande, vir dieselfde tydsduur.

(b) Waar geen vorige gebruiksgeskiedenis bestaan nie, word waterverbruik, na deeglike oorweging van alle tersaaklike inligting, deur die Munisipaliteit bepaal.

(5) Geen vermindering in die hoeveelheid word toegestaan indien die waterverlies 'n direkte of indirekte gevolg van die verbruiker se verontagsaming of oortreding van hierdie Verordening is nie.

DEEL 7
RIOLERINGSINSTALLASIES

Konstruksie of installering van rioleringsinstallasies

81. (1) 'n Rioleringsinstallasie, gebou of geïnstalleer, moet voldoen aan alle toepaslike spesifikasies kragtens die Bouregulasies en standaarde kragtens die Wet voorgeskryf.

(2) (a) Indien die rioleringsinstallasie 'n putlatrine is, moet dit van die geventileerde, verbeterde tipe putlatrines, of soortgelyk wees, met –

(i) 'n put van $2m^3$ inhoud;

(ii) 'n wand soos vereis;

(iii) 'n blad ontwerp om die oorheenliggende belading te dra; en

(iv) beskerming om te verhoed dat kinders in die put kan val;

(b) die geventileerde, verbeterde putlatrine moet aan die volgende spesifikasies voldoen:

(i) die put moet deur middel van 'n pyp wat aan die bokant deur 'n duursame insekwerende sif wat stewig vasgeheg is geventileer word;

(ii) die ventilasiepyp moet minstens 0.5 m bo die naaste dak uitsteek, minstens 150 mm in deursnee wees en vertikaal, sonder 'n elmboog, geïnstalleer wees;

(iii) die binnekant van die gemakhuisie moet glad afgewerk wees, sodat dit skoon en higiënies onderhou kan word en die bostruktuur moet goed geventileerd wees om die vrye beweging van lug in die put, om deur die pyp ontlug te word, toe te laat;

(iv) die opening in die blad moet groot genoeg wees om bevuiling te voorkom en die rand moet verhewe wees sodat vloeistowwe wat gebruik word om die vloer mee te was nie in die put loop nie. Dit moet voorsien wees van 'n deksel sodat vlieë en ander insekte nie daar kan uitkom wanneer die toilet nie gebruik word nie;

(v) dit moet sò geplaas wees dat dit onafhanklik van die bewoonde struktuur staan;

(vi) dit moet sò geleë wees dat dit vir padvoertuie wat 3.0 m breed is toeganklik is om leegmaak van die put moontlik te maak;

(vii) waar daar 'n gevaar bestaan dat 'n watergeleiding, as gevolg van die sponsagtigheid van die grond, besoedel kan word, moet die put uitgevoer word met ondeurdringbare materiaal wat duursaam is en nie onder druk sal bars nie;

(viii) waar die grond waarin die put gegrawe gaan word onstabiel is, moet behoorlike strukturele ondersteuning wat sal voorkom dat die grond meegee voorsien word;

(c) 'n geventileerde putlatrine word as 'n reël nie deur meer as een huishouding gebruik nie; en

(d) toegang tot water vir die was van hande hê.

Riole in strate of openbare plekke

82. Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag oplê, lê niemand 'n riool aan of bou dit op, in of onder 'n straat, openbare plek of ander grond besit deur, gevestig in of onder beheer van die Munisipaliteit nie.

Konstruksie deur die Munisipaliteit

83. Die Munisipaliteit kan met die eienaar van 'n perseel ooreenkom dat, teen betaling, vooruit of op aanvraag, van alle koste wat verband hou met die konstruksie van enige dreineringswerk wat die eienaar verlang of gebou moet word kragtens hierdie Verordening of die Bouregulasies, deur die Munisipaliteit gebou sal word.

Onderhoud van rioleringsinstallasies

84. (1) Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel onderhou alle rioleringsinstallasies en straatrioolaansluitings op die perseel.

(2) Enigeen wat die Munisipaliteit versoek om 'n verstopping in 'n rioleringsinstallasie oop te maak, betaal die voorgeskrewe gelde.

(3) Die Munisipaliteit kan, by ontvangs van 'n skriftelike aansoek van die eienaar of okkupeerder van 'n perseel, die perseel se rioleringsinstallasie of enige gedeelte daarvan, inspekteer en toets en die koste van die inspeksie en toets, bereken ooreenkomstig die tarief deur die Munisipaliteit neergelê, verhaal.

Installering van 'n voorafbehandelingsfasiliteit

85. Die Munisipaliteit kan vereis dat 'n nuwe perseel van 'n minimumvoorafbehandelingsfasiliteit, van 'n soort deur hom gespesifiseer, voorsien word alvorens die perseel gekoppel word aan die rioolvuilafvoerstelsel.

Beskerming teen invloei van vloedwater

86. Waar 'n perseel binne die 1 in 50 jaar-vloedvlakte geleë is, moet die boonste vlakke van dienstoegangsgate, inspeksiekamers en rioolputte bo die 1 in 50 jaar-vloedvlak wees, uitgesonderd in die geval van dienstoegangsgate en inspeksiekamers waarvan die deksels deur middel van goedgekeurde metodes in plek gehou word.

Kort titel

87. Hierdie Verordening heet die Waterdiensteverordening, 2007.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die beheer oor geboue opgerig in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**boubeheerbeampte**" iemand wat ingevolge artikel 5 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977), as boubeheerbeampte aangestel is of geag word aangestel te wees;

"**gebou**" ook –

(a) enige ander struktuur, hetsy tydelik of permanent van aard en ongeag die materiale wat by die oprigting daarvan gebruik is, wat opgerig is of gebruik word vir of in verband met -

(i) die huisvesting of gerief van mense of diere;

(ii) die vervaardiging, verwerking, opberging, uitstalling of verkoop van enige goed;

(iii) die lewering van enige diens;

(iv) die vernietiging of behandeling van vullis of afvalstowwe;

(v) die kweek van enige plant of gewas;

(b) 'n muur, swembad, swempoel, reservoir of brug of 'n ander struktuur wat daarmee in verband staan;

(c) 'n brandstofpomp of 'n tenk wat in verband daarmee gebruik word;

(d) enige gedeelte van 'n gebou, met inbegrip van 'n gebou soos omskryf in paragraaf (a), (b) of (c);

(e) enige fasiliteite of stelsel, of gedeelte of deel daarvan, binne of buite maar gepaardgaande met 'n gebou, vir die verskaffing van 'n watervoorsienings-, dreinerings-, riool-, stormwaterafvoer-, elektrisiteitsvoorsienings- of ander soortgelyke diens ten opsigte van die gebou;

"**Munisipale Bestuurder**" die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit; en

"**Wet**" die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977) en ook 'n regulasie kragtens artikel 17 van die Wet gemaak.

Geboue op grond moet op planne aangetoon word

2. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Verordening, reik die Munisipaliteit nie 'n sertifikaat genoem in artikel 118(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), ten opsigte van grond uit nie, tensy die Munisipaliteit tevrede is dat –

(a) enige gebou op die grond ten opsigte waarvan planne en spesifikasies ingevolge die Wet opgestel en aan die Munisipaliteit vir goedkeuring voorgelê moet word, behoorlik ooreenkomstig daardie planne en spesifikasies opgerig is en onderhou word; en

(b) dat geen gebou in paragraaf (a) beoog, ten opsigte waarvan planne en spesifikasies nie deur die Munisipaliteit goedgekeur is op die grond opgerig is nie; en

(c) elke gebou wat op die grond opgerig is aan al die vereistes van die Wet voldoen; of

(d) daar geen gebou op die grond is nie,

en 'n skriftelike verklaring tot daardie effek maak.

(2) 'n Aansoek by die Munisipaliteit vir die uitreiking van 'n sertifikaat genoem in artikel 118(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), gaan, behoudens artikel 4, vergesel van die verklaring in subartikel (1) genoem.

Aansoek vir en uitreiking van verklaring

3. (1) 'n Aansoek vir die uitreiking van 'n verklaring in artikel 2(1) genoem –

(a) word aan die Munisipale Bestuurder gerig;

(b) word in skrif gedoen op die vorm deur die Munisipaliteit vir daardie doel voorsien; en

(c) gaan vergesel van die voorgeskrewe gelde.

(2) Die Munisipale Bestuurder verwys die aansoek na die boubeheerbeampte, wat 'n inspeksie van die onderhawige grond doen of laat doen en 'n aanbeveling aangaande die aansoek aan die Munisipaliteit maak.

(3) Nadat die Munisipaliteit die aanbeveling van die boubeheerbeampte oorweeg het –

(a) maak hy die verklaring in artikel 2(1) genoem; of

(b) weier hy om die verklaring te maak,

en verwittig dadelik die aansoeker per brief dienooreenkomstig.

(4) Indien die Munisipaliteit weier om die verklaring te maak, verstrek hy skriftelik redes vir sy besluit wanneer hy die aansoeker van die besluit verwittig en dui aan watter stappe geneem moet word alvorens 'n verdere aansoek kragtens subartikel (1) voorgelê kan word.

Versuim deur die Munisipaliteit om binne 'n sekere tydperk te handel

4. Sou die Munisipaliteit versuim om binne 'n tydperk van 30 dae nadat die aansoek kragtens artikel 3(1) gedoen is, ooreenkomstig artikel 3(3) te handel, word dit geag dat die Munisipaliteit die verklaring in artikel 2(1) genoem gemaak het.

Delegasie van bevoegdhede

5. Die Munisipaliteit kan, behoudens die voorwaardes wat hy bepaal, enige van sy bevoegdhede kragtens hierdie Verordening aan die Munisipale Bestuurder delegeer.

Kort titel

6. Hierdie Verordening heet die Verordening op Boubeheer, 2007.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die instelling, instandhouding en bestuur van munisipale taxistaanplekke in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**Bestuurder: Verkeersdienste**" die munisipale verkeersbeampte aangestel deur die Munisipaliteit as hoof van die komponent van die Munisipaliteit wat vir die administrasie van padverkeersaangeleenthede verantwoordelik is;

"**boekjaar**" 'n jaar wat op die eerste dag van Julie van enige jaar begin en op die laaste dag van Junie van die volgende jaar eindig;

"**bus**" 'n bus soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996);

"**hierdie Verordening**" ook die reëls beoog in artikel 2, wat nagekom moet word by munisipale taxistaanplekke;

"**motorvoertuig**" 'n motorvoertuig soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996);

"**Munisipale Bestuurder**" die persoon deur die Munisipaliteit aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**munisipale taxistaanplek**" 'n gebied afgebaken ingevolge artikel 2(2) vir die gebruik van taxis wat geldige parkeerpermitskyfies vertoon om te parkeer en passasiers op- en af te laai en ook die wagarea van so 'n taxistaanplek;

"**munisipale verkeersbeampte**" 'n verkeersbeampte deur die Munisipaliteit ingevolge die bepalings van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996), of, na gelang van die geval, 'n Wet deur daardie Wet herroep, aangestel;

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit;

"**parkeerpermitskyfie**" 'n skyfie uitgereik ingevolge artikel 4 wat deur 'n taxi wat gebruik maak van 'n munisipale taxistaanplek vertoon moet word; en

"**taxi**" 'n motorvoertuig, maar nie 'n bus nie, wat teen loon of vergoeding gebruik word vir die vervoer van passasiers of bagasie.

Munisipaliteit kan munisipale taxistaanplekke instel, in stand hou en bestuur

2. (1) Die Munisipaliteit kan, binne sy regsgebied, munisipale taxistaanplekke instel, in stand hou en bestuur.

(2) 'n Munisipale taxistaanplek word by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* afgebaken.

(3) By die ingang van elke munisipale taxistaanplek en ook by die ingang van die wagarea daarvan, word 'n kennisgewingbord vertoon waarop die reëls wat by daardie staanplek of area deur, onderskeidelik –

(a) bestuurders van taxis;

(b) eienaars van taxis; of

(c) lede van die publiek,

wat ingaan by, parkeer op of van taxidienste by daardie staanplek of area gebruik maak, nagekom moet word.

(4) Reëls in subartikel (3) beoog, word deur die Munisipaliteit aangeneem en in die *Provinsiale Koerant* afgekondig.

Taxis moet parkeerpermitskywe vertoon wanneer hulle by munisipale taxistaanplekke inbestuur of parkeer word

3. (1) Geen taxi word by 'n munisipale taxistaanplek inbestuur of parkeer nie, sonder dat dit 'n parkeerpermitskyf, aangebring ooreenkomstig die voorskrifte van subartikel (2), vertoon nie.

(2) Die parkeerpermitskyf in subartikel (1) genoem, word op sò 'n manier op die linkerkant van die voorruit van die taxi aangebring dat die gesig daarvan duidelik sigbaar en die inskrywings daarop maklik leesbaar is deur iemand wat voor- of links voor die taxi staan.

(3) 'n Parkeerpermitskyf –

(a) is van die ontwerp en bevat die besonderhede in die Bylae vervat; en

(b) is van die kleur of word saamgestel uit 'n kleurkombinasie deur die Munisipaliteit vir die betrokke boekjaar bepaal.

Aansoek om, uitreiking en duur van parkeerpermitskyf

4. (1) Die eienaar van 'n taxi wat begerig is om van die munisipale taxistaanplekke gebruik te maak moet skriftelik vir elke taxi wat van sodanige taxistaanplekke gebruik gaan maak, by die Munisipaliteit vir die uitreiking van 'n parkeerpermitskyf aansoek doen.

(2) 'n Aansoek vir die uitreiking van 'n parkeerpermitskyf –

(a) moet in die vorm deur die Munisipaliteit bepaal wees;

(b) word aan die Munisipale Bestuurder gerig;

(c) gaan vergesel van die gelde deur die Munisipaliteit bepaal;

(d) word, ten opsigte van die daaropvolgende boekjaar, nie later as die laaste dag van April van elke jaar gedoen nie.

(3) By ontvangs van die aansoek oorweeg die Munisipale Bestuurder die aansoek en, nie later as die laaste dag van Mei van die betrokke jaar nie –

(a) reik hy of sy die parkeerpermitskyf aan die aansoeker uit; of

(b) verwittig hy of sy die aansoeker skriftelik, met opgaaf van redes, dat die aansoek onsuksesvol was.

(4) Indien die Munisipale Bestuurder die aansoek afgekeur het –

(a) as gevolg van 'n tekortkoming in die aansoek wat deur die aansoeker reggestel kan word, kan die aansoeker die tekortkoming regstel en, sonder om enige verdere gelde te betaal, die aansoek weer indien;

(b) vir enige ander rede, kan 'n nuwe aansoek vir dieselfde tydperk ten opsigte van dieselfde taxi nie weer gebring word nie, maar die aansoeker kan teen die besluit van die Munisipale Bestuurder appelleer, in welke geval die bepalings van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), *mutatis mutandis* geld.

(5) Waar 'n aansoek vir die uitreiking van 'n parkeerpermitskyf gedurende 'n boekjaar vir die restant van daardie boekjaar gedoen word, word die aansoek binne 'n redelike tyd deur die Munisipale Bestuurder verwerk en afgehandel.

(6) Die eienaar van 'n taxi wat van 'n munisipale taxistaanplek gebruik maak –

(a) hou deurentyd geskrewe rekord van die identiteit van die bestuurder van sodanige taxi op enige gegewe tyd, indien hy of sy nie self die betrokke taxi bestuur nie;

(b) hou sodanige rekord ten minste vir 'n jaar na die einde van die boekjaar waarin dit gemaak is; en

(c) maak, op versoek van 'n munisipale verkeersbeampte, die rekords vir insae aan die Munisipaliteit beskikbaar.

(7) 'n Parkeerpermitskyf verval aan die einde van elke boekjaar.

Vermoede dat eienaar taxi bestuur of parkeer het

5. Ondanks die bepalings van artikel 4(6), geld die bepalings van artikel 73 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996), *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n taxi wat van 'n munisipale taxistaanplek gebruik maak.

Beslaglegging en skut van taxis by munisipale taxistaanplekke

6. (1) 'n Munisipale verkeersbeampte kan, ongeag enige vervolging ingevolge hierdie Verordening, op 'n taxi by 'n munisipale taxistaanplek beslag lê en dit vir 'n tydperk van 7 dae skut, indien –

(a) die taxi by 'n munisipale taxistaanplek inbestuur of parkeer word sonder dat dit 'n geldige parkeerpermitskyf ooreenkomstig die voorskrifte van artikel 3(2) vertoon;

(b) die taxi, strydig met 'n reël wat by daardie taxistaanplek deur die eienaar of bestuurder van 'n taxi wat van die taxistaanplek gebruik maak, geparkeer en sonder toesig gelaat word; of

(c) die eienaar of bestuurder van 'n taxi 'n reël wat by daardie taxistaanplek nagekom moet word oortree en na 'n teregwysing deur 'n munisipale verkeersbeampte om die oortreding te staak, daarmee volhou.

(2) 'n Taxi wat ingevolge subartikel (1) geskut is, word aan die eienaar daarvan terugbesorg by betaling van die skutgelde deur die Munisipaliteit ten opsigte van munisipale taxistaanplekke bepaal, indien dit verlang word dat die taxi voor verstryking van die 7-dae tydperk vrygestel moet word.

(3) Niemand mag 'n munisipale verkeersbeampte by die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge subartikel (1) hinder, pla of dwarsboom nie.

Delegasie

7. Die Munisipale Bestuurder kan skriftelik die bevoegdhede en werksaamhede by artikel 4 aan hom of haar verleen, aan die Bestuurder: Verkeersdienste delegeer.

Strafbepaling

8. (1) Iemand wat –

(a) 'n regmatige bevel van 'n munisipale verkeersbeampte by 'n munisipale taxistaanplek oortree of versuim om daaraan te voldoen; of

(b) 'n bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen,

is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1), is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

Kort titel

9. Hierdie Verordening heet die Munisipale Taxistaanplekverordening, 2007.

BYLAE

(Artikel 3(3)(a))

1. 'n Parkeerpermitskyf is sirkelvormig, met 'n deursneë van 75 millimeter.

2. Die woorde "PARKING PERMIT • ..... MUNICIPALITY/PARKEERPERMIT • ..... MUNISIPALITEIT" word op die skyf gedruk en voorsiening word op die skyf gemaak vir inskrywings wat –

   (a) die naam van die eienaar van die taxi;

   (b) die registrasienommer van die taxi;

   (c) die boekjaar ten opsigte waarvan die permit uigereik is; en

   (d) die nommer van die permit,

   aantoon.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die lewering van 'n elektrisiteitsdiens in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

INDELING VAN ARTIKELS

HOOFSTUK 1
ALGEMEEN

1. Woordomskrywing
2. Ander uitdrukkings
3. Opskrifte en titels

HOOFSTUK 2
ALGEMENE VOORWAARDES VIR VOORSIENING

4. Voorsiening van elektrisiteitsdienste
5. Voorsiening volgens ooreenkoms
6. Betekening van kennisgewing
7. Nakoming van kennisgewings
8. Aansoek om voorsiening van elektrisiteit
9. Verwerking van aansoeke om voorsiening
10. Deurgangsregte
11. Statutêre serwituut
12. Reg van toegang om inspeksie te doen, te toets of instandhoudingswerk te doen
13. Weiering of versuim om inligting te verstrek
14. Weiering van toegang
15. Onbehoorlike verbruik
16. Elektrisiteitstariewe en -gelde
17. Deposito's
18. Betaling van gelde
19. Rente op agterstallige rekeninge
20. Beginsels vir die herverkoop van elektrisiteit
21. Reg om die toevoer van elektrisiteit af te sluit
22. Nie-aanspreeklikheid van die Munisipaliteit
23. Lekkasie van elektrisiteit
24. Onderbreking van toevoer
25. Seëls van die Munisipaliteit

26. Peuter met diensaansluiting of hoofleiding
27. Beveiliging van die Munisipaliteit se hoofleiding
28. Voorkoming van peuter met die diensaansluiting of hoofleiding
29. Ongemagtigde aansluitings
30. Ongemagtigde heraansluitings
31. Tydelike afsluiting en heraansluiting
32. Tydelike voorsiening van elektrisiteit
33. Tydelike werk
34. Lasvermindering
35. Medium- en laespanningskakeltuig en –toerusting
36. Substasie-akkommodasie
37. Bedradingsdiagram en spesifikasie
38. Gereedsheidstoevoer
39. Verbruiker se toerusting vir noodgereedheidstoevoer
40. Omsendbriewe

HOOFSTUK 3
VERBRUIKERS SE VERANTWOORDELIKHEDE

41. Verbruiker moet elektriese installasie oprig en in stand hou
42. Fout in elektriese installasie
43. Beëindiging van verbruik uit die elektrisiteitstoevoer
44. Verandering van okkupeerder
45. Diensapparaat

HOOFSTUK 4
SPESIFIEKE VOORSIENINGSVOORWAARDES

46. Diensaansluiting
47. Meetakkommodasie

HOOFSTUK 5
TOEVOERSTELSELS

48. Lasvereistes
49. Lasbeperkings
50. Versteuring van andere se elektriese toerusting
51. Toevoer na motore
52. Arbeidsfaktor
53. Beveiliging

HOOFSTUK 6
ELEKTRISITEITSMETING

54. Meet van toevoer
55. Akkurate meting

56. Lees van kredietmeters
57. Kragbegroter

HOOFSTUK 7
ELEKTRIESE KONTRAKTEURS

58. Bykomende vereistes
59. Munisipaliteit nie aanspreeklik nie

HOOFSTUK 8
KOSTE VAN WERK

60. Koste van werk

HOOFSTUK 9
STRAFBEPALING

61. Strafbepaling
62. Kort titel

BYLAE 1

Wette wat herroep is

BYLAE 2

"**Toepaslike standaardspesifikasie**" beteken

HOOFSTUK 1

ALGEMEEN

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**bewys**" die noodsaaklike element van 'n kragbegroterstelsel wat gebruik word om inligting oor te dra van 'n verkooppunt vir elektrisiteitkrediet na 'n kragbegroter en *vice versa*;

"**diensaansluiting**" al die kabels en toerusting wat nodig is om die hoofleiding by die verbruiker se elektriese installasie aan te sluit by die voorsieningspunt;

"**diensbeveiligingstoestel**" enige sekering of stroombreker wat geïnstalleer word met die doel om die Munisipaliteit se toerusting te beskerm teen oorbelasting of foute wat op die installasie of op die interne diensaansluiting voorkom;

"**eienaar**" met betrekking tot 'n perseel, die persoon by wie die regstitel daarvan berus: Met dien verstande dat –

(a) in die geval van onroerende eiendom –

(i) wat vir 'n tydperk van minstens 50 jaar verhuur word, ongeag of die huurkontrak geregistreer is of nie, die huurder daarvan; of

(ii) wat voordelig geokkupeer word kragtens 'n serwituut of reg analoog daarmee, die okkupeerder daarvan;

(b) indien die eienaar soos hierbo omskryf –

(i) dood of insolvent is, sy of haar boedel tot voordeel van sy of haar skuldeisers afgestaan het, ingevolge 'n hofbevel onder kuratele geplaas is, of 'n maatskappy is wat gelikwideer of onder geregtelike bestuur geplaas is, die persoon by wie die administrasie van sodanige eiendom berus as eksekuteur, administrateur, trustee, regverkrygende, kurator, likwidateur of geregtelike bestuurder, na gelang van die geval; of

(ii) nie in die Republiek van Suid-Afrika aanwesig is nie, of indien sy of haar adres aan die Munisipaliteit onbekend is, iemand wat as agent of andersins die huurgeld ten opsigte van sodanige eiendom ontvang of geregtig is om dit te ontvang; en

(c) indien die Munisipaliteit nie kan vasstel wie sodanige persoon is nie, word die persoon wat geregtig is op die voordelige gebruik van sodanige eiendom geag die eienaar daarvan te wees met die uitsluiting van die persoon by wie die regstitel daarvan berus;

"**elektriese installasie**" 'n elektriese installasie soos omskryf in die Regulasies;

"**elektriese kontrakteur**" 'n elektriese kontrakteur soos omskryf in die Regulasies;

"**geakkrediteerde persoon**" 'n persoon wat ingevolge die Regulasies, na gelang van die geval, as 'n elektriese toetser vir enkelfase, 'n installasie-elektrisiën of 'n meesterinstallasie-elektrisiën, geregistreer is;

"**gereedsheidstoevoer**" 'n alternatiewe toevoer van elektrisiteit wat nie gewoonlik deur die verbruiker verbruik word nie;

"**hoë spanning**" die stel nominale spanningsvlakke wat in kragstelsels vir grootmaattransmissie van elektrisiteit in die omgewing van 44 kV < Un □ 220 kV gebruik word [SANS 1019];

"**hoofleiding**" enige deel van die Munisipaliteit se elektrisiteitsnetwerk;

"**kragbegroter**" 'n vooruitbetaalmeter wat geprogrammeer kan word om die vloei van hoeveelhede vooruitbetaalde energie in 'n elektriese stroomkring toe te laat;

"**kredietmeter**" 'n meter waar 'n rekening uitgereik word nadat elektrisiteit verbruik is;

"**lae spanning**" die stel nominale spanningsvlakke wat gebruik word vir die verspreiding van elektrisiteit en waarvan die boonste perk oor die algemeen aanvaar word as 'n ws-spanning van 1000 V (of 'n gs-spanning van 1500 V) [SANS 1019];

"**medium spanning**" die stel nominale spanningsvlakke bo lae spanning en benede hoë spanning in die omgewing van 1 kV < Un □ 44 kV [SANS 1019];

"**meetpunt**" die punt waar die verbruiker se elektrisiteitsverbruik gemeet word en wat by die voorsieningspunt of by enige ander punt op die verspreidingstelsel van die Munisipaliteit of die elektriese installasie van die verbruiker kan wees soos deur die Munisipaliteit of enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit aangedui met dien verstande dat dit alles, en slegs, die verbruiker se verbruik van elektrisiteit meet;

"**meter**" 'n toestel wat die aanvraag of die elektriese energie wat verbruik word, aandui en ook konvensionele meters en kragbegroters;

"**motoraansitstroom**" met betrekking tot wisselstroommotore, die gemiddelde vierkantwortelwaarde van die simmetriese stroom wat deur 'n motor verbruik word wanneer dit aangedryf word volgens die geraamde spanning daarvan met die aansitter in aansitposisie en die rotor gesluit;

"**motorlas totaal aangeskakel**" die somtotaal van die kW-vermoë van al die afsonderlike motore wat by 'n installasie aangesluit is;

"**motorvermoë**" die maksimum aanhoudende kW-lewering van 'n motor soos vermeld op die vervaardiger se kenplaatjie;

"**Munisipale Bestuurder**" die persoon deur die Munisipaliteit aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**Munisipaliteit**" beteken die //Khara Hais munisipaliteit;

"**nakomingsertifikaat**" 'n sertifikaat wat ingevolge die Regulasies ten opsigte van 'n elektriese installasie of gedeelte van 'n elektriese installasie deur 'n geakkrediteerde persoon uitgereik word;

"**okkupeerder**" met betrekking tot 'n perseel –

(a) iemand wat sodanige perseel werklik okkupeer;

(b) iemand wat wetlik daarop geregtig is om sodanige perseel te okkupeer;

(c) in geval van sodanige perseel wat onderverdeel is en wat aan loseerders of verskillende huurders verhuur word, die persoon wat die huurgeld ontvang wat deur sodanige loseerders of huurders betaalbaar is, hetsy vir sy of haar eie rekening of as agent vir iemand wat daarop geregtig is of belang daarby het; of

(d) iemand wat by die beheer of bestuur van sodanige perseel betrokke is, en behels ook die agent van sodanige persoon wanneer hy of sy nie in die Republiek aanwesig is, of as sy of haar verblyfplek onbekend is;

"**perseel**" enige grond of enige struktuur bo of benede grondvlak en behels ook enige voertuig, vliegtuig of vaartuig;

"**Regulasies**" die Regulasies opgestel ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en – Veiligheid, 1993 (Wet No. 85 van 1993) en afgekondig by G.K. R2920 van 23 Oktober 1992, soos gewysig;

"**spanning**" die gemiddelde vierkantswortelwaarde van elektriese potensiaal tussen twee geleiers;

"**tarief**" die Munisipaliteit se gelde gehef vir die voorsiening van elektrisiteit;

"**toepaslike standaardspesifikasie**" die standaardspesifikasie soos gelys in Bylae 2;

"**veiligheidstandaard**" die Gebruikskode vir die Bedrading van Persele SANS 10142-1 geïnkorporeer in die Regulasies;

"**verbruiker**", met betrekking tot 'n perseel –

(i) enige okkupeerder daarvan of enige ander persoon met wie die Munisipaliteit ooreengekom het om elektrisiteit daar te voorsien of dit inderdaad daar voorsien; of

(ii) indien sodanige perseel nie bewoon word nie, iemand wat 'n geldige bestaande ooreenkoms met die Munisipaliteit het vir die voorsiening van elektrisiteit aan sodanige perseel; of

(iii) indien daar geen sodanige persoon of okkupeerder is nie, die eienaar van die perseel;

"**verbruikspunt**" 'n verbruikspunt soos omskryf in die Regulasies;

"**voorsieningspunt**" die punt soos bepaal deur die Munisipaliteit of enige ander behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit vanwaar elektrisiteit aan enige perseel deur die Munisipaliteit voorsien word; en

"**wet**" enige toepaslike wet, proklamasie, ordonnansie, Wet van die Parlement of wetsbepaling wat regskrag het;

Ander uitdrukkings

2. Alle ander uitdrukkings wat in hierdie Verordening gebruik word, het, tensy die samehang andersins vereis, dieselfde betekenis wat daaraan geheg word in die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet No. 41 van 1987).

Opskrifte en titels

3. Die opskrifte en titels in hierdie Verordening beïnvloed nie die uitleg daarvan nie.

HOOFSTUK 2

ALGEMENE VOORWAARDES VIR VOORSIENING

Voorsiening van elektrisiteitsdienste

4. Slegs die Munisipaliteit mag elektrisiteit voorsien of 'n ooreenkoms aangaan om elektrisiteit binne sy regsgebied te voorsien.

Voorsiening volgens ooreenkoms

5. Niemand mag gebruik maak of voortgaan om gebruik te maak van 'n toevoer van elektrisiteit van die Munisipaliteit nie, tensy of totdat sodanige persoon 'n skriftelike ooreenkoms met die Munisipaliteit vir sodanige toevoer aangegaan het, en sodanige toevoer word in alle opsigte deur sodanige ooreenkoms saam met die bepalings van hierdie Verordening beheer. As 'n persoon 'n toevoer van elektrisiteit verbruik sonder om 'n ooreenkoms aan te gaan, is hy of sy aanspreeklik vir die koste van die elektrisiteit soos uiteengesit in artikel 44.

Betekening van kennisgewing

6. (1) Enige kennisgewing of ander dokument word geag as aan iemand beteken te wees wanneer dit ingevolge hierdie Verordening aan iemand beteken is indien –

(a) dit persoonlik by daardie persoon afgelewer is;

(b) dit by daardie persoon se woonplek of sakeonderneming in die Republiek gelaat is by 'n persoon wat klaarblyklik ouer as sestien jaar is;

(c) dit per geregistreerde of gesertifiseerde pos na daardie persoon se laaste bekende woonadres of sakeadres in die Republiek gepos is en 'n erkenning dat dit gepos is van die posdiens verkry is;

(d) indien daardie persoon se adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit op daardie persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek beteken word op 'n manier bepaal in paragrawe (a), (b) of (c); of

(e) daardie persoon se adres en agent of verteenwoordiger in die Republiek onbekend is, wanneer dit op 'n opsigtelike plek gepos is op die eiendom of perseel, indien enige, waarmee dit verband hou.

(2) Wanneer enige kennisgewing of ander dokument gemagtig of beteken word op die eienaar, okkupeerder of houer van enige eiendom of regte in enige eiendom, is dit voldoende as daardie persoon in die kennisgewing of ander dokument beskryf word as die eienaar, okkupeerder of houer van die eiendom of betrokke reg, en is dit nie nodig om daardie persoon se naam te verstrek nie.

(3) Enige prosesstuk is deugdelik aan die Munisipaliteit beteken as dit by die Munisipale Bestuurder se kantoor afgelewer word of by 'n persoon wat by die Munisipale Bestuurder se kantoor op diens is.

Nakoming van kennisgewings

7. Iemand aan wie 'n kennisgewing wat behoorlik uitgereik of gegee is ingevolge hierdie Verordening, beteken word, moet die bepalings daarvan binne die tydperk wat daarin vermeld word, nakom.

Aansoek om voorsiening van elektrisiteit

8. (1) Aansoek om die voorsiening van elektrisiteit moet skriftelik deur die voornemende verbruiker op die voorgeskrewe vorm verkrygbaar by die kantoor van die Munisipaliteit gedoen word en die installasie se geraamde las in kV.A moet op die aansoek vermeld word. Sodanige aansoek moet gerig word so lank as moontlik voor die toevoer verlang word ten einde die werk van die Munisipaliteit te vergemaklik.

(2) 'n Aansoek om voorsiening van elektrisiteit vir 'n tydperk van minder as 'n jaar word beskou as 'n aansoek om 'n tydelike voorsiening van elektrisiteit en word oorweeg na goeddunke van die Munisipaliteit of enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit wat enige spesiale voorwaardes mag stel wat in sodanige geval nagekom moet word.

Verwerking van aansoeke om voorsiening

9. Aansoeke om die voorsiening van elektrisiteit word verwerk en die toevoer beskikbaar gestel binne die tydperke soos in NRS 047 aangedui.

Deurgangsregte

10. (1) Die Munisipaliteit kan weier om 'n diensaansluiting bo of onder die grond op te rig of te lê op enige deurgang wat nie by die Munisipaliteit berus nie of op enige private eiendom, tensy en totdat die voornemende verbruiker die skriftelike toestemming verkry het van die eienaar van die genoemde private eiendom of van die persoon by wie die regstitel van die grond berus waarop enige sodanige deurgang soos bogemeld, bestaan, na gelang van die geval, en dit by die Munisipaliteit ingedien het, waardeur magtiging vir die lê of oprigting van 'n diensaansluiting daarop verleen word.

(2) As sodanige toestemming op enige tydstip teruggetrek word of as die bogemelde private eiendom of deurgang in ander hande oorgaan en die nuwe eienaar weier om sodanige toestemming te verleen of te laat voortduur, moet die koste van enige verandering wat aan die diensaansluiting aangebring moet word ten einde die toevoer van elektrisiteit in stand te hou, en van die verwydering daarvan wat onder omstandighede nodig mag wees, deur die verbruiker van die perseel waarna die toevoer voortgesit word, gedra word.

Statutêre serwituut

11. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (3) kan die Munisipaliteit binne sy munisipale gebied –

(a) elektrisiteitsdienste voorsien, vestig en in stand hou;

(b) 'n hoofleiding vir elektrisiteit verkry, oprig, lê, verleng, vergroot, omlei, in stand hou, herstel, die verbruik beëindig, sluit en vemietig;

(c) enige hoofleiding vir elektrisiteit aanlê, oprig of lê op, oor, deur, bo of onder enige straat of onroerende eiendom en die eienaarskap van enige sodanige hoofleiding berus by die Munisipaliteit;

(d) enigiets anders doen wat nodig of wenslik is vir of bykomstig of aanvullend tot of ondergeskik aan enige saak beoog by paragrawe (a) tot (c).

(2) Indien die Munisipaliteit enige hoofleiding vir elektrisiteit aanlê, oprig of lê op, oor, deur, bo of onder enige straat of onroerende eiendom wat nie aan die Munisipaliteit behoort of nie deur die Munisipaliteit beheer of bestuur word nie, betaal die Munisipaliteit die eienaar van sodanige straat of eiendom vergoeding volgens 'n bedrag waaroor die eienaar en die Munisipaliteit ooreengekom het of, by afwesigheid van 'n ooreenkoms, soos óf deur arbitrasie óf deur 'n geregshof bepaal.

(3) Die Munisipaliteit gee, voordat dit begin met enige werk behalwe herstelwerk of instandhouding aan of in verband met enige toevoer van elektrisiteit op onroerende eiendom wat nie aan die Munisipaliteit behoort nie, aan die eienaar of okkupeerder van sodanige eiendom redelike kennis van die voorgestelde werk en die datum waarop die Munisipaliteit beoog om met sodanige werk te begin.

Reg van toegang om inspeksie te doen, te toets of instandhoudingswerk te doen

12. (1) Die Munisipaliteit, deur sy werknemers, kontrakteurs en hul assistente en adviseurs, het toegang tot en oor enige eiendom ten einde –

(a) enigiets te doen wat gemagtig is of vereis word om deur die Munisipaliteit ingevolge hierdie Verordening of enige ander wet gedoen te word;

(b) enige dienshoofleiding en enigiets wat daarmee verband hou te inspekteer en te ondersoek;

(c) navraag te doen oor enige moontlike bron van toevoer van elektrisiteit of die geskiktheid van onroerende eiendom vir enige skema of onderneming van die Munisipaliteit, en enige nodige opname in verband daarmee te doen;

(d) vas te stel of daar enige oortreding van die bepalings van hierdie Verordening of enige ander wet is of was; en

(e) nakoming van die bepalings van hierdie Verordening of enige ander wet af te dwing.

(2) Die Munisipaliteit betaal aan iemand wat skade gely het as gevolg van die uitoefening van die reg van toegang ingevolge subartikel (1), behalwe waar die Munisipaliteit gemagtig is om op die betrokke eiendom enige werk te verrig op die koste van sodanige persoon of enige ander persoon, skadevergoeding ten bedrae van 'n bedrag waarop die Munisipaliteit en sodanige persoon ooreengekom het of, as daar nie 'n ooreenkoms aangegaan is nie, soos deur arbitrasie of 'n geregshof bepaal.

(3) 'n Werknemer van die Munisipaliteit wat deur sodanige Munisipaliteit daartoe gemagtig is, kan deur 'n skriftelike kennisgewing aan die eienaar of okkupeerder van enige eiendom te beteken, van sodanige eienaar of okkupeerder vereis om op die dag en uur soos in sodanige kennisgewing aangedui, toegang tot sodanige eiendom aan 'n persoon en vir 'n doel soos beoog in subartikel (1) te verskaf: Met dien verstande dat ingeval van nood, geen sodanige skriftelike kennisgewing vereis word nie.

Weiering of versuim om inligting te verstrek

13. Niemand weier of versuim om die inligting te verstrek wat 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit redelikerwys van hom of haar verlang nie, of verstrek vals inligting aan enige sodanige beampte insake enige installasiewerk wat voltooi is of beoog word nie.

Weiering van toegang

14. Niemand mag enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie Verordening of van enige pligte wat daarmee verband hou of in verband daarmee staan nie opsetlik hinder, belemmer, in die pad staan of toegang weier nie.

Onbehoorlike verbruik

15. As die Munisipaliteit redelike gronde het om te glo dat die verbruiker die elektrisiteit vir enige doel of op enige wyse gebruik wat op 'n onbehoorlike en onveilige wyse inmeng of daarop bereken is om op 'n onbehoorlike en onveilige wyse in te meng met die doeltreffende voorsiening van elektrisiteit aan enige verbruiker, kan die Munisipaliteit met of sonder kennisgewing sodanige toevoer afsluit, maar sodanige toevoer word weer herstel sodra die oorsaak van die afsluiting permanent reggestel of verwyder is. Die verbruiker betaal die gelde soos deur die Munisipaliteit voorgeskryf vir die afsluiting en aansluiting voor die toevoer van elektrisiteit herstel word, tensy dit bewys kan word dat die verbruiker nie die elektrisiteit op 'n onbehoorlike of onveilige wyse verbruik of hanteer het nie.

Elektrisiteitstariewe en –gelde

16. Afskrifte van heffings en gelde is gratis by die Munisipaliteit se kantore verkrygbaar.

Deposito's

17. Die Munisipaliteit hou die reg voor om te vereis dat die verbruiker 'n som geld deponeer as sekuriteit vir die betaling van enige gelde wat aan die Munisipaliteit betaalbaar is of betaalbaar kan word. Die bedrag van die deposito ten opsigte van elke elektrisiteitinstallasie word deur die Munisipaliteit bepaal en elke sodanige deposito kan verhoog word indien dit na die Munisipaliteit se mening onvoldoende is. Sodanige deposito word nie beskou as betaling of gedeeltelike betaling van enige rekeninge betaalbaar vir die voorsiening van elektrisiteit met die doel om enige afslag te kry ooreenkomstig die elektrisiteitstariewe gemeld in hierdie Verordening nie. By beëindiging van die toevoer van elektrisiteit word die bedrag van sodanige deposito rentevry en min enige betalings aan die Munisipaliteit verskuldig, aan die verbruiker terugbetaal.

Betaling van gelde

18. (1) Die verbruiker is aanspreeklik vir alle gelde aangedui in die voorgeskrewe tariewe vir die elektrisiteitsdiens soos deur die Munisipaliteit goedgekeur. 'n Afskrif van die voorgeskrewe tariewe is gratis by die Munisipaliteit verkrygbaar.

(2) Alle rekeninge word geag betaalbaar te wees wanneer dit deur die Munisipaliteit uitgereik word, en die betaaldatum moet op die voorkant van die elke rekening verskyn asook 'n waarskuwing wat aandui dat die toevoer van elektrisiteit afgesluit kan word indien die gelde ten opsigte van sodanige toevoer nie betaal is teen die betaaldatum nie.

(3) 'n Fout of weglating in 'n rekening of versuim om 'n rekening te lewer, onthef nie die verbruiker van sy of haar verpligting om die regte bedrag verskuldig vir die elektrisiteit wat aan die perseel voorsien is te betaal nie, en die onus rus op die verbruiker om hom of haar daarvan te vergewis dat die rekening wat gelewer is, ooreenkomstig die voorgeskrewe tariewe van gelde is ten opsigte van elektrisiteit aan die perseel voorsien.

(4) Waar 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit die perseel besoek met die doel om die toevoer van elektrisiteit af te sluit ingevolge subartikel (2) en hy of sy word op enige wyse verhinder of verhoed om die afsluiting te bewerkstellig, is die voorgeskrewe gelde betaalbaar vir elke daaropvolgende besoek wat nodig is om sodanige afsluiting te bewerkstellig.

(5) Nadat die elektrisiteit afgesluit is weens die wanbetaling van 'n rekening, is die voorgeskrewe gelde en alle bedrae verskuldig vir elektrisiteit wat verbruik is, betaalbaar voordat die toevoer van elektrisiteit weer aangesluit word.

Rente op agterstallige rekeninge

19. Die Munisipaliteit kan rente hef op rekeninge wat nie betaal is teen die betaaldatum soos dit op die rekening verskyn nie, teen 'n rentekoers wat van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit goedgekeur word.

Beginsels vir die herverkoop van elektrisiteit

20. (1) Tensy anders skriftelik deur die Munisipaliteit gemagtig, mag niemand elektrisiteit wat volgens 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aan sy of haar perseel voorsien word, aan enige ander persoon verkoop of voorsien vir verbruik op ander persele nie, of toelaat of duld dat sodanige herverkoop of voorsiening plaasvind nie. As elektrisiteit herverkoop word vir verbruik op dieselfde perseel, word die elektrisiteit deur 'n submeter gemeet van 'n soort wat deur Standaarde Suid-Afrika voorsien, geïnstalleer en geprogrammeer word ooreenkomstig die Munisipaliteit se standaarde.

(2) Die tariewe, gelde en bedrae waarteen en die verkoopvoorwaardes ingevolge waarvan die elektrisiteit aldus herverkoop word, mag nie minder gunstig vir die koper wees as dit wat betaalbaar en van toepassing sou wees indien die Munisipaliteit elektrisiteit direk aan die koper sou voorsien nie. Elke herverkoper verskaf aan die koper maandelikse state wat ten minste net soveel besonderhede bevat as die tersaaklike besonderhede oor rekeninginligting wat die Munisipaliteit aan sy elektrisiteitverbruikers verskaf.

Reg om die toevoer van elektrisiteit af te sluit

21. (1) Die Munisipaliteit kan die toevoer van elektrisiteit na enige perseel afsluit indien die persoon wat aanspreeklik is vir die betaling van sodanige toevoer, in gebreke bly om die bedrag wat aan die Munisipaliteit verskuldig is in verband met toevoer wat hy of sy te eniger tyd van die Munisipaliteit ontvang het ten opsigte van enige perseel, of waar enige van die bepalings van hierdie Verordening of die Regulasies oortree word: Met dien verstande dat die Munisipaliteit die persoon 14 dae kennis moet gee om sy of haar fout reg te stel en die persoon versuim om sodanige fout reg te stel nadat kennis gegee is, of in die geval van emstige gevaar vir mens of eiendom, of ingevolge artikel 26, sonder kennisgewing. Nadat die toevoer van elektrisiteit weens wanbetaling van 'n rekening of die onbehoorlike en onveilige verbruik van elektrisiteit afgesluit is, moet die voorgeskrewe gelde aan die Munisipaliteit betaal word.

(2) Indien 'n installasie op die verbruiker se perseel ongemagtig heraangesluit word nadat dit regmatig deur die Munisipaliteit afgesluit is, of indien daar met die Munisipaliteit se elektriese toerusting gepeuter word om te verhoed dat die meter die volle verbruik registreer, kan die toevoer van elektrisiteit fisiek van daardie perseel verwyder word.

Nie-aanspreeklikheid van die Munisipaliteit

22. Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige regstreekse of daaruit voortspruitende verlies of skade wat deur die verbruiker gely of opgedoen word as gevolg van of voortspruitend uit die beëindiging en onderbreking van of enige ander abnormaliteit aan die toevoer van elektrisiteit nie, tensy dit deur skuld aan die kant van die Munisipaliteit veroorsaak is.

Lekkasie van elektrisiteit

23. Onder geen omstandighede word enige korting op die rekening vir elektrisiteit wat voorsien en gemeet is, toegelaat ten opsigte van 'n vermorsing van elektrisiteit wat te wyte is aan 'n lekkasie of 'n ander fout in die elektriese installasie nie.

Onderbreking van toevoer

24. Die Munisipaliteit is nie verplig om aandag te skenk aan 'n onderbreking in die toevoer van elektrisiteit as dit as gevolg van 'n fout in die verbruiker se elektriese installasie is nie, behalwe wanneer sodanige onderbreking te wyte is aan die werking van die Munisipaliteit se diensbeveiligingstoestel. Indien enige onderbreking van die toevoer van elektrisiteit die gevolg is van 'n fout in die verbruiker se elektriese installasie of van die gebrekkige werking van die apparaat wat in verband daarmee gebruik word, kan die Munisipaliteit die gelde van die verbuiker verhaal soos voorgeskryf deur die Munisipaliteit vir elke herstel van die toevoer van elektrisiteit bykomend tot die koste van die regmaak of herstel van enige skade wat aan die dienshoofleiding en –meter aangerig is deur sodanige fout of foutiewe werking.

Seëls van die Munisipaliteit

25. Die meter, diensbeveiligingstoestelle en alle apparaat wat aan die Munisipaliteit behoort, word deur 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit verseël of gesluit en niemand wat nie 'n beampte van die Munisipaliteit is wat behoorlik daartoe gemagtig is nie, mag op enige wyse of om enige rede hoegenaamd sodanige seëls of slotte verwyder, breek, skend, daaraan peuter of hom of haar daarmee bemoei nie.

Peuter met diensaansluiting of hoofleiding

26. (1) Niemand mag op enige wyse of om enige rede hoegenaamd met enige meter, meettoerusting of dienshoofleiding of diensbeveiligingstoestel of hoofleiding van die Munisipaliteit peuter of daarmee inmeng nie.

(2) Waar *prima facie*-bewys bestaan dat 'n verbruiker of iemand anders subartikel (1) oortree het, kan die Munisipaliteit die toevoer van elektrisiteit onmiddellik en sonder vooraf kennisgewing aan die verbruiker afsluit en sodanige verbruiker of persoon is aanspreeklik vir alle gelde en koste wat deur die Munisipaliteit vir sodanige afsluiting gehef word.

(3) Waar 'n verbruiker of iemand anders subartikel (1) oortree en sodanige oortreding lei daartoe dat die meter minder verbruik as die regte verbruik registreer, het die Munisipaliteit die reg om die volle koste van sy of haar geraamde verbruik van die verbruiker te verhaal.

Beveiliging van die Munisipaliteit se hoofleiding

27. (1) Niemand mag, behalwe met die Munisipaliteit se goedkeuring en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat opgelê mag word –

(a) enige konstruksie bou, oprig of lê of die oprigting of lê van enige gebou, struktuur of ander voorwerp toelaat, of bome en ander plantegroei oor of in sodanige posisie of op sodanige manier plant dat dit sal inmeng met die hoofleiding of dit bedreig nie;

(b) enige deel van die hoofleiding uitgrawe, oopmaak of die grond bo, langsaan, onder of naby dit verwyder nie;

(c) enige deel van die hoofleiding beskadig, bedreig, verwyder of vernietig nie, of iets doen wat na alle waarskynlikheid die hoofleiding sal beskadig, bedreig of enige deel daarvan vernietig nie;

(d) 'n ongemagtigde aansluiting aan enige deel van die hoofleiding maak of elektrisiteit daarvandaan omlei of veroorsaak dat dit omlei word nie.

(2) Die eienaar of okkupeerder moet die hoogte van die bome of die lengte van die takke wat uitsteek naby bogrondse lyne beperk of voorsiening maak vir beveiliging wat na die mening van die Munisipaliteit voldoende daarin sal slaag om te verhoed dat die boom met die geleiers inmeng sou die boom of tak val of afgekap word. Indien die eienaar versuim om hierdie bepaling na te kom, het die Munisipaliteit die reg, na vooraf skriftelike kennisgewing, of te eniger tyd in 'n noodgeval, om die bome of ander plantegroei af te kap of te snoei op die wyse in hierdie bepaling beoog.

(3) Die Munisipaliteit kan, onderworpe aan die verkryging van 'n hofbevel, enige gebou, struktuur of enige ander voorwerp wat strydig met hierdie Verordening gebou, opgerig of gelê is, afbreek, verander of op enige ander wyse daarmee handel.

(4) Die Munisipaliteit kan, in 'n noodgeval of ramp, enigiets verwyder wat enige deel van die elektrisiteitsverspreidingstelsel beskadig, belemmer of bedreig of wat dit waarskynlik kan beskadig, belemmer, bedreig of vernietig.

Voorkoming van peuter met die diensaansluiting of hoofleiding

28. Indien die Munisipaliteit dit nodig of wenslik ag om spesiale voorsorgmaatreëls te tref om te verhoed dat daar met enige deel van die hoofleiding, dienshoofleiding of diensbeveiligingstoestel of meter of meettoerusting gepeuter word, moet die verbruiker óf die nodige beveiliging verskaf en installeer, óf die koste betaal waar sodanige beveiliging deur die Munisipaliteit verleen word.

Ongemagtigde aansluitings

29. Niemand, behalwe iemand spesifiek skriftelik deur die Munisipaliteit daartoe gemagtig, mag regstreeks of onregstreeks enige elektriese installasie of deel daarvan by die hoofleiding of diensaansluiting aansluit, probeer aansluit of sodanige aansluiting veroorsaak of toelaat nie.

Ongemagtigde heraansluitings

30. (1) Niemand, behalwe iemand spesifiek skriftelik deur die Munisipaliteit daartoe gemagtig, mag enige elektriese installasie wat deur die Munisipaliteit afgesluit is, weer by die hoofleiding of diensaansluiting heraansluit, probeer heraansluit of sodanige heraansluiting veroorsaak of toelaat nie.

(2) Waar dit blyk dat die toevoer van elektrisiteit wat voorheen deur die Munisipaliteit afgesluit is, weer aangesluit is, is die verbruiker wat die toevoer van elektrisiteit verbruik, aanspreeklik vir alle koste van die elektrisiteitsverbruik van die datum van afsluiting tot die datum waarop daar gevind is dat die toevoer heraangesluit is, en ook vir enige ander koste wat in dié verband aangegaan is. Voorts kan die Munisipaliteit enige deel van of al die toevoertoerusting verwyder tot tyd en wyl volle betaling ontvang is. Hierbenewens is die verbruiker ook verantwoordelik vir die koste wat met die herinstallering van sodanige toevoertoerusting gepaard gaan.

Tydelike afsluiting en heraansluiting

31. (1) Die Munisipaliteit moet op versoek van die verbruiker die toevoer van elektrisiteit na die verbruiker se elektriese installasie tydelik afsluit en dit weer heraansluit teen betaling van die gelde soos voorgeskryf deur die Munisipaliteit vir elke afsluiting en daaropvolgende aansluiting.

(2) Indien die Munisipaliteit genoodsaak word om die toevoer van elektrisiteit na 'n verbruiker se elektriese installasie tydelik af te sluit en weer aan te sluit en die verbruiker is geensins verantwoordelik vir die ontstaan van hierdie noodsaak nie, is die verbruiker nie verantwoordelik vir betaling van enige gelde nie.

(3) Die Munisipaliteit kan slegs onder buitengewone omstandighede die toevoer van elektrisiteit na enige perseel sonder kennisgewing tydelik afsluit ten einde herstelwerk te doen, of toetse uit te voer, of vir enige ander regmatige doel. In alle ander gevalle moet genoegsame kennis gegee word.

Tydelike voorsiening van elektrisiteit

32. Dit is 'n voorwaarde vir enige tydelike voorsiening van elektrisiteit ingevolge hierdie Verordening dat, indien daar gevind word dat sodanige voorsiening inbreuk maak op die doeltreffende en ekonomiese toevoer van elektrisiteit na ander verbruikers, die Munisipaliteit die reg het om, met kennisgewing, of onder buitengewone omstandighede sonder kennisgewing, sodanige tydelike voorsiening te eniger tyd te beëindig en die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige skade of verlies wat die verbruiker as gevolg van sodanige beëindiging mag ly nie.

Tydelike werk

33. 'n Elektriese installasie wat 'n tydelike toevoer van elektrisiteit nodig het, mag nie sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit regstreeks of onregstreeks by die hoofleiding aangesluit word nie. Volledige inligting oor die redes vir en die aard van sodanige tydelike werk moet die aansoek om die bogemelde toestemming vergesel, en die Munisipaliteit kan sodanige toestemming weier of verleen behoudens die bedinge en voorwaardes wat wenslik en noodsaaklik blyk.

Lasvermindering

34. (1) Gedurende tye van spitslas, of in 'n noodgeval, of wanneer dit na die mening van die Munisipaliteit om enige rede nodig is om die las op die Munisipaliteit se elektrisiteitsvoorsieningstelsel te verminder, kan die Munisipaliteit die voorsiening sonder kennisgewing onderbreek vir sodanige tydperk as wat die Munisipaliteit nodig ag, en die toevoer van elektrisiteit na enige verbruiker se warmwatersilinder wat deur elektrisiteit verwarm word of na enige spesifieke toestel of die hele installasie beëindig.

(2) Die Munisipaliteit kan sodanige apparaat en toerusting op die perseel van die verbruiker installeer as wat nodig geag word om gevolg te gee aan die bepalings van subartikel (1), en enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit kan op enige redelike tyd enige perseel betree met die doel om sodanige apparaat en toerusting te installeer, te inspekteer, te toets, te verstel of te verander.

(3) Ondanks die bepalings van subartikel (2), moet die verbruiker of eienaar, na gelang van die geval, wanneer hy of sy 'n watersilinder installeer wat deur elektrisiteit verwarm word, die nodige akkommodasie en bedrading ooreenkomstig die Munisipaliteit se keuse verskaf ten einde die installasie van die apparaat en toerusting bedoel in subartikel (2) later moontlik te maak.

Medium- en laespanningskakeltuig en –toerusting

35. (1) In die gevalle van hoë-, medium- of laespanningelektrisiteitsvoorsiening moet die verbruiker betaal vir die verskaffing en installasie van die skakeltuig, kabels en toerusting wat deel van die diensaansluiting uitmaak, tensy dit anders deur die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit goedgekeur word.

(2) In die gevalle van mediumspanningelektrisiteitsvoorsiening, word al sodanige toerusting deur die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit goedgekeur, en deur of onder die toesig van 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit geïnstalleer.

(3) Niemand bedryf mediumspanningskakeltuig sonder die skriftelike magtiging van die Munisipaliteit nie.

(4) Die aarding en toetsing van mediumspanningskakeltuig wat aan die Munisipaliteit se netwerk gekoppel is, word deur of onder die toesig van 'n gemagtigde beampte van die Munisipaliteit gedoen.

(5) In die geval van laespanningvoorsiening van elektrisiteit moet die verbruiker 'n laespanninghoofskakelaar of enige ander toerusting soos vereis deur die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit verskaf en installeer.

Substasie-akkommodasie

36. (1) Die Munisipaliteit kan, behoudens die voorwaardes wat hy goedvind, van die eienaar vereis om akkommodasie te verskaf en in stand te hou vir 'n substasie met 'n afsonderlike kamer of kamers uitsluitlik vir die doel om mediumspanningkabels en -skakeltuig, transformators, laespanningkabels en –skakeltuig en ander toerusting noodsaaklik vir die voorsiening van elektrisiteit deur die aansoeker aangevra, te akkommodeer. Die akkommodasie moet geleë wees by 'n punt met vrye, voldoende en onbeperkte toegang te alle tye vir die doeleindes wat met die bedryf en instandhouding van die toerusting verband hou.

(2) Die Munisipaliteit kan egter sy eie netwerke uit sy eie toerusting wat in sodanige akkommodasie geïnstalleer is voorsien, en as die Munisipaliteit bykomende akkommodasie verlang, moet sodanige akkommodasie deur die aansoeker op die koste van die Munisipaliteit verskaf word.

Bedradingsdiagram en spesifikasie

37. (1) Wanneer meer as een elektriese installasie of toevoer van elektrisiteit van 'n gemeenskaplike hoofleiding verkry word, of meer as een verdeelbord of -meter nodig is vir 'n gebou of blok geboue, moet die bedradingdiagram van die stroomkringe wat by die hoofskakelaar begin en 'n spesifikasie aan die Munisipaliteit verskaf word vir goedkeuring voordat daar met die werk begin word.

(2) Waar 'n elektriese installasie sy toevoer elektrisiteit vanaf 'n substasie op dieselfde perseel moet kry as waarop die stroom van hoë spanning getransformeer word, of van een van die Munisipaliteit se substasies deur 'n hoofleiding afsonderlik van die algemene verspreidingstelsel, moet, indien dit vereis word, 'n volledige spesifikasie en tekeninge van die aanleg wat deur die verbruiker geïnstalleer gaan word, aan die Munisipaliteit vir goedkeuring gestuur word voordat enige tersaaklike benodigdhede bestel word.

Gereedsheidstoevoer

38. Niemand is geregtig op gereedheidstoevoer van elektrisiteit van die Munisipaliteit vir enige perseel met 'n afsonderlike bron van toevoer van elektrisiteit nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en behoudens die voorwaardes wat die Munisipaliteit mag stel.

Verbruiker se toerusting vir noodgereedheidstoevoer

39. (1) Geen toerusting deur 'n verbruiker vir noodgereedheidstoevoer ingevolge die Regulasies of vir sy of haar eie bedryfsvereistes verskaf, mag by enige installasie aangesluit word sonder die skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit nie. 'n Aansoek om sodanige goedkeuring moet skriftelik gerig word en moet 'n volledige spesifikasie van die toerusting en 'n bedradingsdiagram bevat. Die gereedsheidstoerusting moet so ontwerp en geïnstalleer word dat dit onmoontlik vir die Munisipaliteit se hoofleiding is om uit die terugvoer van sodanige toerusting energie te ontvang. Die verbruiker is verantwoordelik vir die voorsiening en installasie van al sodanige beveiligingstoerusting.

(2) Waar daar ooreenkomstig 'n spesiale ooreenkoms met die Munisipaliteit toegelaat word dat die verbruiker se toerusting vir gereedsheidsontwikkeling elektries gekoppel word aan en parallel loop met die Munisipaliteit se hoofleiding, is die verbruiker verantwoordelik om die vereiste sinchroniese- en beveiligingstoerusting vir veilige parallelle werking te verskaf en te installeer tot die Munisipaliteit se bevrediging.

Omsendbriewe

40. Die Munisipaliteit kan van tyd tot tyd omsendbriewe uitstuur waarin besonderhede verskaf word oor die Munisipaliteit se vereistes met betrekking tot sake wat nie spesifiek in die Regulasies of in hierdie Verordening bepaal word nie, maar wat nodig is vir die veilige en doeltreffende bedryf en bestuur van elektrisiteitsvoorsiening.

HOOFSTUK 3

VERBRUIKERS SE VERANTWOORDELIKHEDE

Verbruiker moet elektriese installasie oprig en in stand hou

41. 'n Elektriese installasie wat by die hoofleiding aangesluit is of aangesluit gaan word, en enige byvoegings daartoe of wysigings daaraan wat van tyd tot tyd gemaak word, word deur die verbruiker op eie koste verskaf, opgerig en in 'n goeie toestand in stand gehou ooreenkomstig die bepalings van hierdie Verordening en die Regulasies.

Fout in elektriese installasie

42. (1) Indien daar enige fout in die elektriese installasie ontstaan wat 'n gevaar vir mense, diere of eiendom inhou, moet die verbruiker onmiddellik die elektrisiteitstoevoer afsluit. Die verbruiker moet onverwyld die Munisipaliteit daarvan in kennis stel en onmiddellik stappe doen om die fout reg te stel.

(2) Die Munisipaliteit kan van die verbruiker verwag om hom te vergoed vir enige uitgawes wat hy mag aangaan ten opsigte van 'n fout in die elektriese installasie.

Beëindiging van verbruik uit die elektrisiteitstoevoer

43. Wanneer 'n verbruiker die verbruik uit die toevoer van elektrisiteit wil beëindig, moet hy of sy ten minste twee volle werksdae skriftelike kennis aan die Munisipaliteit gee van sodanige beoogde beëindiging, by gebreke waarvan hy of sy aanspreeklik bly vir alle betalings verskuldig ooreenkomstig die tarief vir die voorsiening van elektrisiteit totdat die twee volle werksdae nadat sodanige kennis gegee is verstryk het.

Verandering van okkupeerder

44. (1) 'n Verbruiker wat 'n perseel ontruim, gee die Munisipaliteit nie minder as twee volle werksdae skriftelike kennis van sy of haar voorneme om die verbruik van die toevoer van elektrisiteit te beëindig nie, by gebreke waarvan hy of sy aanspreeklik bly vir sodanige toevoer.

(2) Indien die persoon wat die okkupasie van die perseel oorneem wil voortgaan om die toevoer van elektrisiteit te verbruik, moet hy of sy ingevolge die bepalings van artikel 5 daarom aansoek doen en indien hy of sy versuim om binne tien werksdae nadat hy of sy die nuwe okkupeerder van die perseel geword het, aansoek te doen om 'n toevoer van elektrisiteit, word die toevoer van elektrisiteit afgesluit, en is hy of sy teenoor die Munisipaliteit aanspreeklik vir die toevoer van elektrisiteit vanaf die datum van okkupasie tot en met sodanige tyd as wat die toevoer so afgesluit is.

(3) Waar daar kragbegroters op 'n perseel geïnstalleer is, word iemand wat op daardie tydstip die perseel okkupeer, geag 'n verbruiker te wees. Tot tyd en wyl dié persoon aansoek doen om 'n toevoer van elektrisiteit ingevolge artikel 5 is hy of sy is aanspreeklik vir alle bedrae en gelde aan die Munisipaliteit verskuldig vir daardie meetpunt asook vir enige uitstaande bedrae en gelde of dit deur die persoon opgeloop is of nie.

Diensapparaat

45. (1) Die verbruiker is aanspreeklik vir al die Munisipaliteit se koste voortspruitend uit skade aan of verlies van enige meettoerusting, diensbeveiligingstoestel, diensaansluiting of ander apparaat op die perseel, tensy daar aangetoon kan word dat sodanige skade of verlies veroorsaak is deur oormag of 'n handeling of versuim deur 'n werknemer van die Munisipaliteit of deur 'n abnormaliteit in die toevoer van elektrisiteit na die perseel.

(2) Indien die hoofleiding, die dienshoofleiding, meettoerusting of enige ander diensapparaat wat aan die Munisipaliteit behoort en tevore gebruik is gedurende 'n tydperk dat die installasie van die hoofleiding afgesluit was, sonder die Munisipaliteit se toestemming verwyder is, of in so 'n mate beskadig is dat heraansluiting gevaarlik is, moet die eienaar of okkupeerder van die perseel, na gelang van die geval, gedurende sodanige tydperk die koste dra van die herstel of vervanging van sodanige toerusting.

(3) Waar daar 'n gemeenskaplike meetposisie is, berus die aanspreeklikheid ingevolge subartikel (1) by die eienaar van die perseel.

HOOFSTUK 4

SPESIFIEKE VOORSIENINGSVOORWAARDES

Diensaansluiting

46. (1) Die verbruiker dra die koste van die diensaansluiting soos deur die Munisipaliteit bepaal.

(2) Nieteenstaande die feit dat die verbruiker die koste dra van die diensaansluiting wat deur die Munisipaliteit aangelê of opgerig is, berus die eienaarskap van die diensaansluiting by die Munisipaliteit wat verantwoordelik is vir die instandhouding van sodanige diensaansluiting tot by die voorsieningspunt. Die verbruiker is nie geregtig op enige vergoeding van die Munisipaliteit ten opsigte van sodanige diensaansluiting nie.

(3) Die werk wat deur die Munisipaliteit op die verbruiker se koste gedoen word ten opsigte van 'n diensaansluiting op die verbruiker se perseel, word deur die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit bepaal.

(4) 'n Diensaansluiting word ondergronds aangelê ongeag of die hoofleiding ondergronds aangelê of bogronds opgerig word, tensy 'n bogrondse diensaansluiting spesifiek deur die Munisipaliteit vereis word.

(5) Die verbruiker moet op sy of haar perseel sodanige leibane, bedradingskanale, vore, hegstukke en vry ruimte vir die bogrondse hoofleiding voorsien, vassit en in stand hou soos wat deur die Munisipaliteit vir die installasie van die diensaansluiting vereis word.

(6) Die geleier wat vir die diensaansluiting gebruik word, moet 'n deursneeoppervlakte ooreenkomstig die omvang van die elektriese toevoer hê, maar moet nie minder as 10 mm² (koper of koperekwivalent) wees nie, en al die geleiers moet dieselfde deursneeoppervlakte hê tensy andersins deur 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit goedgekeur.

(7) Tensy andersins goedgekeur, verskaf die Munisipaliteit slegs een diensaansluiting na elke geregistreerde erf. Met betrekking tot twee of meer erwe wat aan een eienaar behoort en op aangrensende erwe geleë is, kan 'n enkele grootmaattoevoer van elektrisiteit voorsien word indien die erwe gekonsolideer of notarieel verbind is.

(8) 'n Bedekking op 'n bedradingskanaal wat die toevoerstroomkringe van die voorsieningspunt na die meettoerusting dra, word gemaak sodat die seëls van die Munisipaliteit daarop sal pas.

(9) Binne in die meterkas moet die diensgeleier of –kabel, na gelang van die geval, in 'n opsigtelike posisie eindig, en die hele lengte van die geleiers moet sigbaar wees as die dekplate, indien daar is, verwyder word.

(10) In die geval van 'n gebouekompleks geokkupeer deur 'n aantal individuele verbruikers, moet afsonderlike bedradingskanale en geleiers of kabels van die gemeenskaplike meetkamer of –kamers na elke individuele verbruiker in die gebouekompleks geïnstalleer word. As hoofleibane egter gebruik word, moet die geleiers van individuele stroomkringe duidelik (elke 1,5 m saamgebind) vir die hele lengte daarvan aangedui word.

Meetakkommodasie

47. (1) Die verbruiker moet, indien so vereis deur die Munisipaliteit of enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit, akkommodasie op 'n goedgekeurde plek vir die meterbord, en voldoende geleiers vir die Munisipaliteit se meettoerusting, diensapparaat en beveiligingstoestelle verskaf. Sodanige akkommodasie word tot bevrediging van die Munisipaliteit op die verbruiker of eienaar se koste, na gelang van omstandighede, verskaf en in stand gehou, en moet in die geval van kredietmeters op 'n plek geleë wees waartoe daar te alle redelike tye vrye en onbelemmerde toegang vir die lees van meters is, maar te alle tye vir doeleindes wat met die bedryf en instandhouding van die dienstoerusting verband hou. Toegang vir die inspeksie van kragbegroters word te alle redelike tye gebied.

(2) Waar submeettoerusting geïnstalleer is, word akkommodasie afsonderlik van die Munisipaliteit se meettoerusting verskaf.

(3) Die verbruiker of, in die geval van die plek van 'n gewone meter, die eienaar van die perseel, moet voldoende elektriese beligting voorsien in die ruimte waar die meettoerusting en diensapparaat geakkommodeer word.

(4) Wanneer, volgens die mening van die Munisipaliteit, die plek van die meter, diensaansluiting of beveiligingstoestelle of hoofverspreidingbord nie maklik bereikbaar is nie, of 'n bron van gevaar vir lewe of eiendom is of op enige wyse ongeskik is, moet die verbruiker dit na 'n nuwe plek verskuif, en die koste van sodanige verskuiwing wat met redelike spoed uitgevoer moet word, word deur die verbruiker gedra.

(5) Die ruimte vir die Munisipaliteit se meettoerusting en beveiligingstoestelle kan, indien goedgekeur, die verbruiker se hoofskakelaar en hoofbeveiligingstoestelle insluit. Geen apparaat behalwe dit wat in verband met die toevoer en verbruik van elektrisiteit gebruik word, mag in sodanige ruimte geïnstalleer of geberg word nie tensy dit goedgekeur is.

HOOFSTUK 5

TOEVOERSTELSELS

Lasvereistes

48. Wisselstroomtoevoer word ingevolge die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet No. 41 van 1987), voorsien en as daar nie 'n ooreenkoms oor gehaltetoevoer aangegaan is nie, ooreenkomstig die toepaslike standaardspesifikasie.

Lasbeperkings

49. (1) Waar die geraamde las, bereken ingevolge die veiligheidstandaard, nie 15 kV.A oorskry nie, moet die elektriese installasie ingerig word vir 'n dubbeldraad-enkelfasige-toevoer van elektrisiteit, tensy dit andersins deur die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit goedgekeur is.

(2) Waar 'n driefasige-vierdraad-toevoer van elektrisiteit verskaf word, moet die las min of meer gebalanseer word oor die drie fases, maar die maksimum ongebalanseerde las moet nie 15 kV.A oorskry nie, tensy dit andersins deur die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit goedgekeur word.

(3) Geen toestel wat 'n stroom verbruik, inherent enkelfasig van aard is en 'n aanslag het wat 15 kV.A oorskry, mag by die elektriese installasie aangesluit word sonder dat die Munisipaliteit vooraf toestemming verleen het nie.

Versteuring van andere se elektriese toerusting

50. (1) Niemand mag elektriese toerusting bedryf wat laseienskappe het wat individueel of gesamentlik tot spanningvariasie, bofrekwensiestrome of -spanning, of ongebalanseerde fasestrome wat buite die toepaslike standaardspesifikasie val, aanleiding gee nie.

(2) Die evaluering van die steuring van ander persone se elektriese toerusting word deur middel van metings by die gemeenskaplike koppelpunt gedoen.

(3) Indien daar vasgestel word dat onbehoorlike steuring wel plaasvind, moet die verbruiker op sy of haar eie koste die nodige toerusting installeer om die steuring te filtreer en te verhoed dat dit die hoofleiding bereik.

Toevoer na motore

51. Tensy anders goedgekeur deur die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit, word die aangeslane vermoë van motore as volg beperk:

(1) **Beperkte grootte van laespanningmotore**

Die aangeslane vermoë van 'n laespanning-enkelfasige motor word tot 2kW beperk en die aansitstroom mag nie 70 A oorskry nie. Alle motore wat hierdie perke oorskry, word vir drie fases teen lae spanning of sodanige hoër spanning as wat vereis word, bewikkel.

(2) **Maksimum aansit- en versnelstrome van driefasige wisselstroommotore**

Die aansitstrome van driefasige-laespanningmotore wat toegelaat word, hou as volg met die kapasiteit van die verbruiker se diensaansluiting verband:

Grootte van geïsoleerde dienskabel (koperekwivalent)	Maksimum toelaatbare aansitstroom	Maksimum motoraanslag in kW		
		Direk op die lyn (6 x volle lasstroom)	Ster/Delta (2,5 x volle lasstroom)	Ander middele (1,5 x volle lasstroom)
mm^2	A	kW	kW	kW
16	72	6	13,5	23
25	95	7,5	18	30
35	115	9	22	36,5
50	135	10	25	45
70	165	13	31	55
95	200	16	38	67
120	230	18	46	77
150	260	20	52	87

(3) **Verbruikers word teen mediumspanning voorsien**

In 'n installasie waaraan elektrisiteit teen mediumspanning voorsien word, word die aansitstroom van 'n laespanningmotor tot 1,5 keer die aangeslane vollasstroom van die transformator wat sodanige motor voorsien, beperk. Die aansitreëling vir mediumspanningmotore is aan die goedkeuring van die Munisipaliteit onderworpe.

Arbeidsfaktor

52. (1) Indien vereis deur die Munisipaliteit, word die arbeidsfaktor van enige las binne die perke van 0,85 naloop en 0,9 voorloop gehandhaaf.

(2) Waar dit, ingevolge subartikel (1), nodig is om arbeidsfaktor-korrektiewe toestelle te installeer, word sodanige korrektiewe toestelle by die individuele verbruiksterminale aangesluit tensy die herstel van die arbeidsfaktor outomaties beheer word.

(3) Die verbruiker moet op sy of haar eie koste sodanige korrektiewe toestelle installeer.

Beveiliging

53. Elektriese beveiligingstoestelle vir motore moet so ontwerp word dat dit op 'n doeltreffende wyse waar toepaslik volgehoue oorstroom en eenfasewerking voorkom.

HOOFSTUK 6

ELEKTRISITEITSMETING

Meet van toevoer

54. (1) Die Munisipaliteit verskaf, installeer en hou toepaslik aangeslane meettoerusting by die meetpunt in stand vir die meet van die elektrisiteit wat voorsien word op koste van die verbruiker by wyse van 'n direkte heffing of deur middel van voorgeskrewe gelde.

(2) Die elektrisiteit wat 'n verbruiker in enige meettydperk verbruik, word, behalwe in die geval van kragbegroters, bepaal deur die toepaslike meter of meters wat deur die Munisipaliteit verskaf en geïnstalleer is, aan die einde van sodanige tydperk te lees, behalwe waar daar 'n fout in die meettoerusting is of die Munisipaliteit hom op die bepalings van artikel 58(2) beroep, in welke geval die verbruik vir die tydperk geskat word.

(3) Waar verskillende tariewe gehef word vir die elektrisiteit wat deur 'n verbruiker verbruik word, word die verbruik afsonderlik vir elke tarief gemeet.

(4) Die Munisipaliteit kan die toevoer van elektrisiteit aan blokke winkels en woonstelle, skakelhuise en soortgelyke geboue vir die geboue as 'n geheel meet, of vir individuele eenhede, of vir groepe eenhede.

(5) Geen veranderings, herstelwerk of toevoegings of elektriese verbindings van enige aard mag aan die voorsieningskant van die meetpunt aangebring word nie, tensy dit spesifiek skriftelik deur die Munisipaliteit of enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit goedgekeur word nie.

Akkurate meting

55. (1) Dit word vermoed dat 'n meter akkuraat registreer indien daar by die toetsing daarvan ingevolge subartikel (5) bevind word dat die fout binne die foutgrens is ooreenkomstig die toepaslike standaardspesifikasies.

(2) Die Munisipaliteit kan van tyd tot tyd sy meettoerusting toets. Indien daar by wyse van 'n toets of andersins vasgestel word dat sodanige meettoerusting foutief is, moet die Munisipaliteit ingevolge die bepalings van subartikel (6) –

(a) in die geval van 'n kredietmeter, die rekening wat gelewer is aanpas;

(b) in die geval van kragbegroters –

(i) 'n rekening lewer as die meter te min geregistreer het; of

(ii) 'n gratis bewys uitreik indien die meter te veel geregistreer het.

(3) Die verbruiker kan teen betaling van die voorgeskrewe gelde die meettoerusting deur die Munisipaliteit laat toets. Indien daar bevind word dat die meettoerusting nie voldoen aan die vereistes vir stelselakkuraatheid ooreenkomstig die toepaslike standaardspesifikasies nie, word 'n aanpassing ingevolge die bepalings van subartikels (2) en (6) gemaak en die bogemelde gelde word terugbetaal.

(4) In geval van 'n geskil het die verbruiker die reg om op eie koste die meettoerusting waaroor die geskil gaan, deur 'n onafhanklike toetsowerheid te laat toets, en die resultaat van sodanige toets is bindend op albei partye.

(5) Meters word getoets op die wyse soos deur die toepaslike standaardspesifikasie bepaal.

(6) Wanneer die elektrisiteitsverbruik soos geregistreer op 'n meter ingevolge subartikel (2) of (3) aangepas word, word sodanige aanpassing óf gegrond op die meter se persentasiefout bepaal deur die toets ingevolge subartikel (5), óf op 'n berekening deur die Munisipaliteit gegrond op verbruiksdata in sy besit. Waar van toepassing word daar, waar moontlik, behoorlik rekening gehou met seisoenale of ander veranderinge wat die verbruik van elektrisiteit kan beïnvloed.

(7) Enige aanpassings ingevolge subartikel (6) word gemaak ten opsigte van 'n tydperk wat nie ses maande voor die datum waarop bevind is dat die meettoerusting onakkuraat is, mag oorskry nie. Die toepassing van hierdie artikel verhinder nie die verbruiker om oorbetaling deur middel van die normale regsproses terug te eis nie waar 'n langer tydperk bewys kan word.

(8) Waar 'n verbruiker se werklike las in so 'n mate van die aanvanklik geraamde las ingevolge subartikel 8(1) verskil dat die Munisipaliteit dit nodig ag om sy meettoerusting te verander of te vervang ten einde by die las aan te pas, dra die verbruiker die koste van sodanige verandering of vervanging.

(9) (a) Voordat die raad enige opwaartse aanpassing aan enige rekening ingevolge subartikel (6) maak, moet die Munisipaliteit –

(i) die verbruiker skriftelik in kennis stel van die geldelike waarde van die aanpassing wat gemaak gaan word en die redes daarvoor;

(ii) in sodanige kennisgewing voldoende besonderhede verskaf sodat die verbruiker vertoë op grond daarvan kan rig; en

(iii) die verbruiker in sodanige kennisgewing versoek om redes, indien enige, skriftelik binne 21 dae of sodanige langer tydperk as wat die Munisipaliteit mag toelaat, te verskaf waarom sy of haar rekening nie aangepas moet word ooreenkomstig die kennisgewing nie.

(b) Indien die verbruiker versuim om gedurende die tydperk beoog in paragraaf (a)(iii) enige vertoë te rig, het die Munisipaliteit die reg om die rekening aan te pas volgens die kennisgewing ingevolge paragraaf (a)(i).

(c) Die Munisipaliteit oorweeg enige redes verskaf deur die verbruiker ingevolge paragraaf (a) en pas die rekening op 'n gepaste wyse aan indien die Munisipaliteit tevrede is dat daar grondige redes daarvoor verskaf is.

(d) Indien 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit na oorweging van die vertoë gerig deur die verbruiker besluit dat sodanige vertoë nie 'n saak uitmaak om 'n wysiging aan die monetêre waarde ingevolge paragraaf (a)(i) aan te bring nie, het die Munisipaliteit die reg om die rekening ooreenkomstig 'n kennisgewing ingevolge paragraaf (a)(i) aan te pas.

Lees van kredietmeters

56. (1) Tensy anders voorgeskryf, word kredietmeters gewoonlik met tussenposes van een maand gelees, en die vaste of minimum koste verskuldig ingevolge die tarief word dienooreenkomstig bepaal. Die Munisipaliteit is nie verplig om enige aanpassings aan sodanige koste te maak nie.

(2) Indien die kredietmeter om die een of ander rede nie gelees kan word nie, kan die Munisipaliteit 'n geraamde rekening lewer. Die elektriese energie wat verbruik is, word in 'n daaropvolgende rekening aangepas ooreenkomstig die elektriese energie wat werklik verbruik is.

(3) Wanneer 'n verbruiker 'n eiendom ontruim en 'n finale lesing van die meter is onmoontlik, kan 'n geraamde verbruik bepaal word en die finale rekening dienooreenkomstig gelewer word.

(4) Indien 'n verbruiker 'n finale meterlesing verlang, kan dit teen betaling van die voorgeskrewe gelde gedoen word.

(5) Indien 'n berekeningsfout, fout met die lees van die meter of meetfout ontdek word ten opsigte van 'n rekening wat aan 'n verbruiker gelewer is, word die fout in daaropvolgende rekeninge reggestel. Sodanige regstelling is slegs van toepassing op rekeninge vir 'n tydperk van 6 maande voor die datum waarop die fout in die rekeninge ontdek is, en is gegrond op die werklike tariewe van toepassing gedurende die tydperk. Die toepassing van hierdie artikel verhoed nie 'n verbruiker om oorbetaling terug te eis vir 'n langer tydperk nie indien die verbruiker die eis in die normale regsproses kan bewys.

Kragbegroter

57. (1) Geen terugbetaling van die bedrag wat vir die aankoop van elektrisiteitkrediet aangebied is, geskied by die verkooppunt nadat die proses waardeur die kragbegroterbewys uitgereik word, reeds begin het nie.

(2) Afskrifte van die bewyse wat vroeër vir die oorplasing van krediet na die kragbegroter uitgereik is, kan op versoek van die verbruiker beskikbaar gestel word.

(3) Wanneer 'n verbruiker enige perseel ontruim waar 'n kragbegroter geïnstalleer is, betaal die Munisipaliteit geen krediet wat in die meter oorbly, aan die verbruiker terug nie.

(4) Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir die herstel van krediet wat in 'n kragbegroter verlore gegaan het omdat daar met die kragbegroter of bewyse gepeuter is nie, of omdat dit verkeerd gebruik of misbruik is nie.

(5) Waar die verbruiker geld aan die Munisipaliteit verskuldig is vir elektrisiteit verbruik of vir enige diens wat deur die Munisipaliteit verskaf word (onder meer diensgeld) of vir enige gelde wat voorheen teen hom of haar gehef is betreffende enige diens verskaf, kan die Munisipaliteit 'n persentasie van die bedrag wat aangebied word, aftrek totdat die verskuldigde bedrag verhaal is soos uiteengesit in die artikel 5-ooreenkoms vir die voorsiening van elektrisiteit.

(6) Die Munisipaliteit kan na goeddunke verkopers vir die verkoop van bewyse vir kragbegroters aanstel en sodanige aanstellings na redelike kennisgewing beëindig.

HOOFSTUK 7

ELEKTRIESE KONTRAKTEURS

Bykomende vereistes

58. Benewens die vereistes van die Regulasies is die volgende vereistes van toepassing:

(1) Waar daar om nuwe of verhoogde toevoer van elektrisiteit by die Munisipaliteit aansoek gedoen word, kan 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit na sy of haar goeddunke kennisgewing aanvaar van die voltooiing van enige deel van die elektriese installasie waarvan die kringontwerp toelaat dat die elektriese installasie in duidelik afgebakende afsonderlike gedeeltes verdeel word, en sodanige gedeelte van die elektriese installasie kan na goeddunke van die behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit geïnspekteer, getoets en by die hoofleiding aangesluit word asof dit 'n volledige installasie is.

(2) Die ondersoek, toets en inspeksie wat na goeddunke van die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit uitgevoer mag word, onthef geensins die elektriese kontrakteur of geakkrediteerde persoon of die verbruiker of huurder, na gelang van die geval, van sy of haar verantwoordelikheid vir enige gebrek in die installasie nie. Sodanige ondersoek, toets en inspeksie word onder geen omstandighede (selfs waar die elektriese installasie aan die hoofleiding verbind is) beskou as 'n aanduiding of waarborg dat die elektriese installasiewerk doeltreffend met die geskikste benodigdhede vir die doel uitgevoer is of dat dit ooreenkomstig hierdie Verordening of die veiligheidstandaard is nie, en die Munisipaliteit word nie aanspreeklik gehou vir enige gebrek of fout in sodanige elektriese installasie nie.

Munisipaliteit nie aanspreeklik nie

59. Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir die werk wat deur 'n elektriese kontrakteur of geakkrediteerde persoon op die perseel van 'n verbruiker verrig word nie of vir enige verlies of skade te wyte aan 'n brand of ongeluk voortspruitend uit die toestand van die bedrading op die perseel nie.

HOOFSTUK 8

KOSTE VAN WERK

Koste van werk

60. Die Munisipaliteit kan skade voortspruitend uit 'n handeling strydig met hierdie Verordening of voortspruitend uit 'n oortreding van hierdie Verordening, herstel of vergoed. Die koste van sodanige werk verrig deur die Munisipaliteit en genoodsaak deur 'n oortreding van hierdie Verordening, kan deur die Munisipaliteit van die persoon wat strydig met hierdie Verordening opgetree het verhaal word.

HOOFSTUK 9

STRAFBEPALING

Strafbepaling

61. (1) Iemand wat enige van die bepalings van artikels 5, 7, 13, 14, 20, 25, 26, 27, 29 en 30 oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

(2) Iemand wat voortgaan om 'n misdryf te pleeg nadat hy of sy in kennis gestel is om sodanige misdryf te staak of nadat hy of sy skuldig bevind is aan sodanige misdryf, is skuldig aan 'n voortdurende misdryf.

(3) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n oortreding ingevolge hierdie Verordening waarvoor geen straf uitdruklik bepaal word nie, is strafbaar met 'n boete of tronkstraf vir 'n tydperk van nie langer as ses maande nie of met sodanige tronkstraf sonder die keuse van 'n boete of beide 'n boete en sodanige tronkstraf en, in die geval van 'n voortgesette misdryf, met 'n bykomende boete of bykomende tronkstraf vir 'n tydperk van nie meer as tien dae nie of met sodanige tronkstraf sonder die keuse van 'n boete of met beide 'n bykomende boete en tronkstraf vir elke dag waarop sodanige misdryf verder gepleeg word.

(4) Elkeen wat die bepalings van hierdie Verordening oortree, is aanspreeklik daarvoor om die Munisipaliteit te vergoed vir enige verlies of skade deur die Munisipaliteit gely as gevolg van sodanige oortreding.

Kort titel

62. Hierdie Verordening heet die Elektrisiteitsverordening, 2007.

BYLAE 1

"**Toepaslike standaardspesifikasie**" beteken

SANS 1019 Standaardspanning, - stroomkringe en isolasievlakke vir die toevoer van elektrisiteit;

SABS 1607 Elektromeganiese watt-uurmeters;

SABS 1524 Dele 0,1 & 2 – Kragbegroterstelsels;

SABS IEC 60211 Maksimumaanvraagaanwysers, Klas 1.0;

SABS IEC 60521 Wisselstroom-elektromeganiese-watt-uurmeter (Klasse 0,5,1 & 2);

SANS 10142-1 Gebruikskode vir die bedrading van persele;

NRS 047 Nasionale gerasionaliseerde spesifikasie vir elektrisiteitsvoorsiening – gehalte van diens;

NRS 048 Nasionale gerasionaliseerde spesifikasie vir elektrisiteitsvoorsiening – gehalte van diens; en

NRS 057 Meet van elektrisiteit: minimum vereistes.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir 'n brandweerdiens in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

INDELING VAN ARTIKELS

1. Woordomskrywing
2. Samestelling van diens
3. Plig om bystand te verleen
4. Prosedure by uitbreek van 'n brand
5. Belemmering of skade
6. Dra van uniform en kentekens
7. Brandbare materiaal
8. Veiligheid van persele en geboue
9. Uitgange
10. Gasgevulde toestelle
11. Maak van vure
12. Brande in skoorstene, pype en rookkanale
13. Teenwoordigheid van brandweerman
14. Verwydering van vloeistof of ander stowwe
15. Betaling vir bywoning en dienste
16. Vrystelling van betaling van tariewe
17. Vals inligting
18. Telefone, brandalarms en ander toestelle
19. Strafbepaling
20. Kort titel

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**brandweerhoof**" die persoon ingevolge artikel 5(1) van die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987), deur die Munisipaliteit aangestel as hoof van die diens;

"**diens**" die brandweerdiens van die Munisipaliteit ingestel ingevolge artikel 3 van die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987), wat bedoel is om aangewend te word vir –

(a) die voorkoming van die uitbreek of verspreiding van 'n brand;

(b) die bestryding of blus van 'n brand;

(c) die beskerming van lewe of eiendom teen brand of ander dreigende gevaar;

(d) die red van lewe of eiendom van 'n brand of ander gevaar;

(e) behoudens die bepalings van enige ander wet, die lewering van 'n ambulansdiens as 'n integrerende deel van die brandweerdiens; of

(f) die verrigting van enige ander funksie wat in verband staan met enige van die aangeleenthede in paragrawe (a) tot (e) bedoel;

"**eienaar**" 'n eienaar soos omskryf in artikel 18(4) van die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987);

"**goedgekeur**" deur die brandweerhoof goedgekeur;

"**Munisipale Bestuurder**" die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit;

"**noodgeval**" 'n geval of gebeurlikheid wat ernstige gevaar vir lewe of eiendom inhou of kan inhou;

"**okkupeerder**" enige persoon wat enige perseel of gedeelte van so 'n perseel okkupeer ongeag die titel van okkupasie;

"**tariewe**" die tarief van gelde van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal; en

"**Wet**" die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987).

Samestelling van diens

2. Die diens word saamgestel uit –

(a) die voltydse lede van die diens deur die Munisipaliteit aangestel ooreenkomtig artikel 6 van die Wet; en

(b) lede van die brandweer reserwemag, aangestel deur die Munisipaliteit ooreenkomstig artikel 6A van die Wet, as tydelike lede van die diens,

om sodanige werksaamhede te verrig as wat die brandweerhoof van tyd tot tyd aan hulle mag opdra.

Plig om bystand te verleen

3. Enige lid van die diens of van 'n brandweerorganisasie, hetsy dit deur die Munisipaliteit beheer word, al dan nie, moet, wanneer daartoe versoek word deur die brandweerhoof, alle bystand binne sy of haar vermoë verleen in verband met die bestryding of bekamping van 'n brand of enige ander noodgeval.

Prosedure by die uitbreek van 'n brand

4. (1) Waar die diens in kennis gestel word van, of daar rede is om te glo dat 'n brand uitgebreek het, of 'n ander toestand ontstaan het waar die dienste van die diens benodig word, gaan die brandweerhoof onverwyld tesame met sodanige personeel en toerusting as wat hy of sy nodig ag, na die plek waar die brand of toestand plaasvind of bestaan, of waar hy of sy rede het om te glo dat dit plaasvind of bestaan.

(2) Die brandweerhoof kan bevel oorneem van, of inmeng met, of 'n einde maak aan enige bestaande toestand of enige handeling wat verrig word ten opsigte van 'n brand, deur enige persoon wat nie in diens van die diens is nie, insluitende die eienaar van die perseel en sy of haar werknemer of agent, en niemand mag versuim om enige wettige bevel of opdrag na te kom wat deur die brandweerhoof gegee word in die uitvoering van hierdie subartikel nie.

Belemmering of skade

5. (1) Niemand mag met 'n lid van die diens inmeng of hom of haar hinder in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie Verordening nie.

(2) Niemand mag 'n voertuig oor enige brandslang bestuur of enige brandslang of ander toestel of toerusting van die diens beskadig, daarmee peuter of hom of haar daarmee inmeng nie.

Dra van uniform en kentekens

6. (1) Die brandweerhoof en elke lid van die diens dra die uniform, rang- en kentekens deur die Munisipaliteit voorgeskryf en verskaf.

(2) Niemand, behalwe 'n lid van die diens, mag 'n uniform van die diens dra nie, of enige uniform bedoel om die indruk te skep dat hy of sy so 'n lid is dra nie, of op enige ander wyse homself of haarself voordoen as 'n lid van die diens nie.

Brandbare materiaal

7. (1) Waar die brandweerhoof van mening is dat enige persoon –

(a) enige hout, kratte, voer, strooi of ander brandbare materiaal, hetsy binne of buite enige gebou, berg of veroorsaak of toelaat dat dit geberg word in hoeveelhede of in 'n posisie of op 'n wyse wat 'n gevaar van brand aan enige gebou skep;

(b) in okkupasie of beheer van enige perseel toelaat dat gras, onkruid, bome of ander plantegroei op 'n perseel groei, of enige rommel daarop laat ophoop op 'n wyse of in hoeveelhede wat 'n brandgevaar vir enige gebou of enige perseel skep,

kan die brandweerhoof, by skriftelike kennisgewing, so 'n persoon gelas om die gemelde brandbare materiaal te verwyder, of om voor 'n vasgestelde datum sodanige ander redelike stappe soos wat hy of sy in sodanige kennisgewing voorskryf, te doen om die brandgevaar te verwyder.

(2) Waar daar nie aan die voorskrifte van so 'n kennisgewing voldoen word nie, kan die brandweerhoof sodanige stappe doen as wat hy of sy nodig ag om die gevaar te verwyder, en die koste daaraan verbonde word deur die persoon aan wie die kennisgewing gerig was, aan die Munisipaliteit betaal.

Veiligheid van persele en geboue

8. (1) Die brandweerhoof kan, wanneer hy of sy dit nodig ag, en te enige tyd wat volgens sy of haar mening redelik is in die omstandighede –

(a) enige grond, perseel of gebou binnegaan en –

(i) sodanige grond, perseel of gebou inspekteer om vas te stel of enige toestand bestaan wat 'n brand of noodgeval kan veroorsaak of die gevaar kan verhoog van, of bydra tot, die verspreiding van brand of skepping van 'n noodgeval, of die ontsnapping van persone na veiligheid in gevaar kan stel of verhinder;

(ii) enige brandalarm, sprinkelblusstelsel of enige ander brandbestrydings- of brandopsporingstoestel inspekteer;

(iii) enige vervaardigingsproses wat die gevaar van brand of ontploffing inhou, inspekteer;

(iv) die wyse van berging van enige vlambare gas, chemikalieë, olie, plofstowwe, vuurwerke of enige ander gevaarlike stowwe, inspekteer; en

(v) enige aanleg wat gebruik maak van enige van die stowwe na verwys in subparagraaf (iv), inspekteer;

(b) sodanige opdragte gee as wat hy of sy nodig ag vir die vermindering van 'n brand-risiko of vir die beskerming van lewe en eiendom.

(2) Waar die brandweerhoof vind dat op enige perseel –

(a) enige vlambare, brandbare of plofbare stowwe sò geberg of gebruik word dat die risiko op brand of gevaar vir lewe of eiendom in geval van brand verhoog word; of

(b) enige toestand of gebruik bestaan, wat na sy of haar mening, waarskynlik sodanige risiko of gevaar kan skep of vergroot of, waarskynlik met die werking van die diens kan inmeng, of die ontsnapping van persone na veiligheid kan belemmer; of

(c) enige blustoestelle gebrekkig, minderwaardig of van onvoldoende aantal is,

moet die brandweerhoof, behoudens die bepalings van subartikel (3), die eienaar of die okkupeerder van sodanige grond, perseel of gebou opdrag gee om onverwyld sodanige stappe te doen as wat hy of sy nodig ag om die gevaar uit te skakel.

(3) Waar die brandweerhoof in enige gebou of op enige perseel –

(a) enige versperring op of in enige brandtrap, trap, gang, deur of venster vind; of

(b) 'n nooduitgang vind wat na sy of haar mening, in geval van 'n brand, onvoldoende sal wees vir die ontsnapping na veiligheid van die getal persone wat waarskynlik te enige tyd in so 'n gebou of op so 'n perseel sal wees; of

(c) enige ander voorwerp of toestand van 'n strukturele aard of andersins vind wat, na sy of haar mening, die brandrisiko of die gevaar vir lewe of eiendom kan vergroot; of

(d) vind dat 'n brandalarm of ander stelsel van kommunikasie benodig word,

stel hy of sy die eienaar of okkupeerder van so 'n gebou of perseel skriftelik in kennis van sy of haar bevindings en vereis van hom of haar om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, sodanige stappe as wat in die kennisgewing vermeld word, te doen om die wantoestand reg te stel, op die koste van so 'n eienaar of bewoner.

(4) Waar die eienaar of okkupeerder versuim of weier om binne 'n redelike tydperk te voldoen aan 'n opdrag gegee ingevolge subartikel (2), of om binne die tydperk vermeld in 'n kennisgewing ingevolge subartikel (3), gevolg te gee aan die vereistes daarin vermeld, kan die Munisipaliteit sodanige stappe doen as wat, na die mening van die brandweerhoof, nodig is om die risiko of gevaar te verwyder en die Munisipaliteit kan enige uitgawe aangegaan, verhaal van sodanige eienaar of okkupeerder.

Uitgange

9. Elke deur wat 'n ontsnappingsroete na veiligheid vanuit 'n openbare gebou bied, word ongesluit gehou en word duidelik aangedui met goedgekeurde uitgangtekens: Met dien verstande dat so 'n deur gesluit kan wees deur middel van 'n goedgekeurde toestel op so 'n wyse geïnstalleer dat so'n deur te alle tye van die binnekant van so 'n gebou oopgemaak kan word.

Gasgevulde toestelle

10. (1) Niemand mag enige ballon, speelgoed of ander toestel met vlambare gas vul, sonder die skriftelike toestemming van die brandweerhoof, wat sodanige voorwaardes kan oplê as wat hy of sy mag vereis, met inagneming van al die omstandighede van die geval.

(2) Niemand mag enige ballon, speelgoed of ander toestel wat met vlambare gas gevul is, aanhou, berg, gebruik of vertoon of toelaat dat dit aangehou, gebruik, geberg of vertoon word op of in enige grond, gebou of perseel waartoe die publiek toegang het of wat as 'n klub of enige plek van samekoms gebruik word nie.

(3) Niks in hierdie artikel vervat, word so uitgelê dat dit die gebruik van ballonne wat met waterstof gevul is vir weerkundige of ander *bona fide* wetenskaplike of opvoedkundige of ander doeleindes, verbied nie.

Maak van vure

11. (1) Niemand mag 'n vuur maak of toelaat of veroorsaak dat 'n vuur gemaak word, in 'n plek of op 'n wyse wat 'n gevaar skep vir enige gebou, perseel of eiendom nie.

(2) Behoudens die bepalings van enige ander wet, mag niemand sonder die skriftelike toestemming van die brandweerhoof enige vuilgoed, hout, strooi of ander materiaal in die buitelug verbrand of veroorsaak, of toelaat dat dit gedoen word nie, behalwe vir doeleindes van voedselbereiding.

(3) 'n Toestemming ingevolge subartikel (2) verleen, is onderhewig aan die voorwaardes wat die brandweerhoof oplê.

Brande in skoorstene, pype en rookkanale

12. Geen eienaar of okkupeerder van 'n gebou mag toelaat dat roet of enige ander brandbare stof in enige skoorsteenpyp of rookkanaal van so 'n gebou versamel in hoeveelhede of op so 'n wyse dat dit 'n gevaar van brand inhou nie.

Teenwoordigheid van brandweerman

13. (1) Waar daar by 'n byeenkoms, gehou by 'n plek van vermaaklikheid of ontspanning, uitgesonderd 'n filmvertoning in 'n bioskoop of 'n opvoering in 'n teater, waarskynlik 'n honderd of meer persone teenwoordig sal wees, moet die persoon wat sodanige byeenkoms belê, 'n skriftelike kennisgewing, minstens 48 uur voor sodanige byeenkoms, aan die brandweerhoof aflewer waarin die tyd en die perseel waarop sodanige byeenkoms gaan plaasvind, gemeld word.

(2) Waar, na die mening van die brandweerhoof, die teenwoordigheid van 'n brandweerman op grond van veiligheid noodsaaklik is, kan hy of sy een of meer brandweermanne voorsien om teenwoordig te wees op enige perseel vir die volle duur of gedeelte van die byeenkoms.

(3) Die persoon in beheer van sodanige byeenkoms, betaal aan die Munisipaliteit die tariewe uiteengesit in die toepaslike tarief.

Verwydering van vloeistof of ander stowwe

14. Die brandweerhoof kan, op versoek van die eienaar of okkupeerder van enige perseel, enige vloeistof of ander stof uitpomp of op 'n ander wyse vanaf so 'n perseel verwyder, teen betaling van die gelde uiteengesit in die tarief.

Betaling vir bywoning en dienste

15. (1) Behoudens die bepalings van artikel 16, moet die eienaar of okkupeerder van grond of 'n perseel, of beide sodanige eienaar en okkupeerder gesamentlik en afsonderlik, of die eienaar van 'n voertuig, na gelang van die geval, waarvoor of in verband waarmee die bywoning van die diens versoek is of enige dienste gelewer is, aan die Munisipaliteit vir sodanige bywoning of diens, insluitende die gebruik en voorsiening van water, chemikalieë, uitrusting en ander middele, die tariewe betaal wat die brandweerhoof as verskuldig vasstel in ooreenstemming met die gelde uiteengesit in die tarief.

(2) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1), kan die brandweerhoof die hele of 'n gedeelte van die tariewe soos beoog in artikel (1) aanslaan: Met dien verstande dat sodanige gedeelte nie meer as negentig persent laer mag wees nie as die totaal van tariewe wat ingevolge subartikel (1) betaalbaar sou gewees het: Met dien verstande voorts dat by die aanslaan van sodanige tariewe of gedeelte daarvan, behoorlike aandag benewens ander toepaslike faktore, geskenk moet word aan –

(a) die feit dat die bedrag so aangeslaan eweredig met die gelewerde diens moet wees:

(b) die wyse en plek van oorsprong van die brand: en

(c) die verlies vir die persoon aanspreeklik om die tariewe te betaal wat deur die brand veroorsaak kon gewees het indien die dienste nie gelewer was nie.

Vrystelling van betaling van tariewe

16. Nieteenstaande die bepalings van artikel 15 is geen tariewe betaalbaar nie –

(a) waar 'n vals alarm te goeder trou gemaak is;

(b) waar die diens benodig is as gevolg van burgerlike opstand, oproer of natuurlike ramp;

(c) waar die diens gelewer is in belang van openbare veiligheid;

(d) waar die brandweerhoof van mening is dat die diens wat gelewer is van 'n suiwer menslike aard was of gelewer is uitsluitlik om 'n lewe te red;

(e) deur die eienaar van 'n voertuig, indien hy of sy tot die bevrediging van die brandweerhoof, bewys lewer dat sodanige voertuig gesteel is en dat dit nog nie deur hom of haar teruggevind is ten tye van die lewering van die diens ten opsigte daarvan nie;

(f) deur enige persoon, insluitende die Staat, waarmee die Munisipaliteit ingevolge artikel 12 van die Wet 'n ooreenkoms aangegaan het, waarby die dienste van die diens beskikbaar gestel word aan so 'n persoon teen betaling soos bepaal in sodanige ooreenkoms.

Vals inligting

17. Niemand mag opsetlik aan enige lid van die diens, enige kennis gee of enige inligting verskaf in verband met die uitbreek van 'n brand of van enige ander noodgeval wat die teenwoordigheid van die diens benodig, wat volgens sy of haar kennis, vals of onjuis is nie en sodanige persoon is, nieteenstaande die bepalings van artikel 16, aanspreeklik vir betaling van die uitroepgeld voorgeskryf in die tariewe.

Telefone, brandalarms en ander toestelle

18. (1) Die Munisipaliteit kan enige telefoon, brandalarm of ander toestel vir die geleiding van oproepe met betrekking tot brand, asook enige kennisgewing wat die naaste brandkraan of ander brandbestrydingstoerusting aanwys, aan enige gebou, muur, heining of ander struktuur aanheg of daarvan verwyder.

(2) Niemand mag enigiets wat aangeheg is ingevolge subartikel (1) beweeg, verwyder, skend, beskadig of daarmee peuter nie.

Strafbepaling

19. Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete, of by wanbetaling, met gevangenisstraf vir hoogstens 6 maande of tot beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

Kort titel

20. Hierdie Verordening heet die Brandweerverordening, 2007.

VERORDENING OP DIE VERWYDERING VAN AFVALSTOWWE, 2007 **Verordening No. 12, 2007**

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir 'n diens vir die verwydering van afvalstowwe in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

INDELING VAN ARTIKELS

HOOFSTUK 1
VULLISVERWYDERINGSDIENS

1. Woordomskrywing
2. Vullisverwydering
3. Kennisgewing aan die Munisipaliteit
4. Verskaffing van vullisblikke of houereenhede
5. Plasing van vullisblikke, houereenhede, ens.
6. Gebruik en versorging van houers en plastiese voerings

HOOFSTUK 2
AFVALVERDIGTING

7. Afvalverdigting

HOOFSTUK 3
TUINAFVAL, LYWIGE TUINAFVAL EN ANDER LYWIGE AFVAL

8. Verwydering van tuinafval, lywige tuinafval en ander lywige afval
9. Die Munisipaliteit se buitengewone diens
10. Aanspreeklikheid vir bouersafval
11. Houers
12. Wegdoening van bouersafval

HOOFSTUK 4
SPESIALE BEDRYFSAFVAL

13. Kennisgewing van die ontstaan van spesiale bedryfsafval
14. Opberging van spesiale bedryfsafval
15. Verwydering van spesiale bedryfsafval

HOOFSTUK 5
STORTINGSTERREINE

16. Gedrag by stortingsterreine
17. Eiendomsreg op afval

HOOFSTUK 6
ROMMELSTROOIERY, STORTING EN VERWANTE AANGELEENTHEDE

18. Rommelstrooiery en storting
19. Goed wat laat vaar is

HOOFSTUK 7
ALGEMENE BEPALINGS

20. Toegang tot 'n perseel
21. Ophoping van afval

HOOFSTUK 8
GELDE EN STRAFBEPALINGS

22. Gelde
23. Strafbepaling
24. Kort titel

HOOFSTUK 1

VULLISVERWYDERINGSDIENS

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**besigheidsafval**" afval, uitgesonderd bouersafval, lywige afval, huisafval of bedrysafval wat voortgebring word deur die gebruik van 'n perseel wat nie 'n private woonhuis is wat uitsluitlik vir woondoeleindes gebruik word nie;

"**bouersafval**" afval wat weens slopings-, uitgrawings- of boubedrywighede op 'n perseel voortgebring word;

"**eienaar**" –

(a) die persoon in wie die wettige eiendomstitel van die perseel van tyd tot tyd gevestig is;

(b) in die geval waar die persoon in wie die wettige eiendomstitel gevestig is, insolvent of oorlede is, of in enige toestand van regsonbevoegdheid is, die persoon in wie die administrasie en beheer van die perseel gevestig is as kurator, trustee, eksekuteur, administrateur, geregtelike bestuurder, bestuurder, likwidateur of ander regsverteenwoordiger;

(c) in enige geval waar die Munisipaliteit nie die identiteit van so 'n persoon kan vasstel nie, 'n persoon wat geregtig is op die voordeel van so 'n perseel of 'n gebou daarop;

(d) in die geval van 'n perseel waarop 'n huurkontrak van 30 jaar of langer aangegaan is, die huurder daarvan;

(e) met betrekking tot –

(i) 'n stuk grond wat op 'n deeltitelplan aangedui is ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986), sonder om bogenoemde te beperk, die ontwikkelaar of die bestuursliggaam met betrekking tot die gemeenskaplike eiendom;

(ii) 'n deel soos omskryf in daardie Wet, die persoon in wie se naam sodanige deel geregistreer is in 'n deeltitelakte en ook die wettig aangestelde agent van so 'n persoon;

(f) enige regspersoon met inbegrip van, maar nie beperk nie tot –

(i) 'n maatskappy geregistreer ingevolge die Wet op Maatskappye, 1973 (Wet No. 61 van 1973), 'n trust *inter vivos*, 'n trust *mortis causa*, 'n beslote korporasie geregistreer ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), 'n vrywillige assosiasie;

(ii) 'n Staatsdepartement;

(iii) 'n raad of direksie ingestel ooreenkomstig wetgewing van toepassing in die Republiek van Suid-Afrika; en

(iv) 'n ambassade of ander buitelandse entiteit;

"**huisafval**" afval wat normaalweg afkomstig is van 'n gebou wat vir woondoeleindes gebruik word, insluitende woonstelle, hospitale, skole, hostelle, kampongs, liefdadigheidsorganisasies, kerke en sale geleë op privaatgrond en wat met gemak sonder beskadiging van die plastiese voering, daarin verwyder kan word;

"**lywige afval**" afval, uitgesonderd bedryfsafval, afkomstig vanaf enige perseel, maar wat vanweë die massa, vorm, grootte of hoeveelheid daarvan nie maklik in 'n vullissak met 'n plastiese voering opgegaar of verwyder kan word nie;

"**lywige tuinafval**" afval soos boomstompe, boomtakke, laningstompe en -takke en enige tuinafval in hoeveelhede van meer as 2 kubieke meter;

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit;

"**okkupeerder**" iemand wat 'n perseel of gedeelte daarvan okkupeer, ongeag in watter hoedanigheid hy of sy okkupeer;

"**openbare plek**" enige pad, straat, plein, park, ontspanningsgronde, sportgronde, sanitêre steeg of oop ruimte wat –

(a) met betrekking tot enige onderverdeling of uitleg van grond in erwe, persele of hoewes voorsien is, gereserveer is of opsy gesit is vir die gebruik van die publiek of vir gebruik deur die eienaars of okkupeerders van sodanige erwe, persele of hoewes, hetsy aangetoon op 'n algemene plan, 'n plan van onderverdeling of diagram, al dan nie;

(b) op enige tydstip aan die publiek toegewys is;

(c) ononderbroke vir 'n tydperk van 30 jaar na verstryking van 31 Desember 1959 deur die publiek gebruik is; of

(d) op enige tydstip as sodanig deur die Munisipaliteit of enige bevoegde gesag verklaar of toegewys is;

"**plastiese voering**" 'n plastiese sak deur die Munisipaliteit voorgeskryf wat binne-in 'n houer met 'n opgaarinhoud van hoogstens 0,1 kubieke meter geplaas kan word. Die sakke moet donkerkleurig wees met 'n grootte van 950 mm x 750 mm, lae digtheid materiaal, minimum dikte van 40 dikrometer of 20 dikrometer hoë digtheid;

"**spesiale bedryfsafval**" afval wat bestaan uit 'n vloeistof of slyk wat voortgebring word as gevolg van 'n vervaardigingsproses of die voorafbeplanning vir wegdoendoeleindes van bedryfsvloei-afval wat ingevolge die Munisipaliteit se Verordeninge nie in 'n perseelriool of in 'n straatriool losgelaat mag word nie;

"**tarief**" die tarief van gelde soos van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit vasgestel;

"**tuinafval**" afval wat voortgebring word deur normale tuinbedrywighede soos gesnyde gras, blare, plante en blomme; en

"**vullisblik**" 'n standaard vullisblik met inhoudsmaat 0,1 kubieke meter of 85 liter soos deur die Munisipaliteit goedgekeur en wat deur die Munisipaliteit voorsien kan word. Die blik kan van gegalvaniseerde yster, rubber of politeen vervaardig wees.

Vullisverwydering

2. (1) Die Munisipaliteit lewer 'n diens vir die versameling en verwydering van besigheids- en huisafval van persele ooreenkomstig die tarief deur die Munisipaliteit bepaal.

(2) Die okkupeerder van 'n perseel waarop besigheids- of huisafval voortgebring word, moet van die Munisipaliteit se diens vir die versameling en verwydering van sodanige vullis gebruik maak, behalwe waar spesiale vrystelling deur die Munisipaliteit verleen word.

(3) Die eienaar van 'n perseel waarop besigheids- of huisafval voortgebring word, is aanspreeklik teenoor die Munisipaliteit vir betaling van alle gelde wat ten opsigte van die versameling en verwydering van afval van sodanige perseel betaalbaar is.

Kennisgewing aan die Munisipaliteit

3. Die okkupeerder, of waar die perseel deur meer as een mens geokkupeer word, die eienaar van die perseel waarop besigheids- of huisafval voortgebring word, stel binne 7 dae vanaf die dag waarop die afval begin ontstaan, die Munisipaliteit in kennis dat –

(a) die perseel geokkupeer word; en

(b) of daar besigheids- of huisafval op die perseel voortgebring word.

Verskaffing van vullisblikke en houereenhede

4. (1) Die Munisipaliteit bepaal die soort en aantal houers wat op 'n perseel benodig word.

(2) Indien die Munisipaliteit 'n houer verskaf, word sodanige houer gratis, òf teen die heersende pryse, òf 'n huurtarief, na gelang die Munisipaliteit mag bepaal, verskaf.

(3) Indien die Munisipaliteit dit vereis, is die eienaar van 'n perseel verantwoordelik vir die verskaffing van 'n voorafbepaalde soort en aantal houers.

(4) Die Munisipaliteit kan houereenhede aan 'n perseel verskaf as hy, met inagneming van die hoeveelheid besigheidsafval wat op die betrokke perseel voortgebring word, die opbergbaarheid van die afval in vullisblikke en die toeganklikheid vir die Munisipaliteit se afvalverwyderingsvoertuie na die plek deur die eienaar van die perseel ingevolge artikel 5 voorsien, van mening is dat die houereenhede geskikter as vullisblikke is om die afval in te berg: Met dien verstande dat houereenhede nie op 'n perseel verskaf word nie, tensy die plek deur die eienaar ingevolge artikel 5 voorsien, vir die Munisipaliteit se afvalverwyderingsvoertuie vir houereenhede toeganklik is.

Plasing van vullisblikke, houereenhede, ens.

5. (1) Die eienaar van 'n perseel moet op die perseel voorsiening maak vir genoeg plek vir die vullisblikke wat die Munisipaliteit ingevolge artikel 4 verskaf of vir die uitrusting en houers wat in artikel 7(1) genoem word.

(2) Die plek waarvoor daar ingevolge subartikel (1) voorsiening gemaak word moet –

(a) so geleë wees op die perseel dat die vullisblikke wat daarop geberg word nie van 'n straat of ander opbenbare plek af sigbaar is nie;

(b) waar huisafval op 'n perseel voortgebring word –

(i) so geleë wees dat die Munisipaliteit se werknemers die afval onbelemmerd kan versamel en verwyder;

(ii) nie verder as 20 m van die ingang van die perseel wat die Munisipaliteit se werknemers gebruik, geleë wees nie;

(c) as die Munisipaliteit dit vereis, so geleë wees dat daar 'n gerieflike in- en uitgang vir die Munisipaliteit se afvalverwyderingsvoertuie by so 'n plek is;

(d) groot genoeg wees sodat 'n houer wat vir die sorteer en opberg van afval by artikel 6(1)(a)(i) en 7(9) beoog word, daar gehou kan word, benewens die afval wat nie in 'n houer opgeberg word nie: Met dien verstande dat hierdie vereiste nie geld vir geboue wat opgerig is, of geboue waarvan die bouplanne goedgekeur is voordat hierdie Verordening van krag geword het nie.

(3) Die okkupeerder van die perseel, of as daar meer as een okkupeerder is, die eienaar van so 'n perseel, moet die vullisblikke wat ingevolge artikel 4 verskaf is, op die plek wat ingevolge subartikel (1) verskaf moet word, plaas en hulle te alle tye daar hou.

(4) Ondanks enige andersluidende bepaling van subartikel (3), kan die Munisipaliteit –

(a) waar geboue opgerig is, of waarvan die bouplanne goedgekeur is voordat hierdie Verordening van krag geword het; en

(b) as die Munisipaliteit na sy mening nie besigheidsafval van die plek af waarvoor daar ingevolge subartikel (1) voorsiening gemaak is, kan versamel en verwyder nie,

'n plek op of buitekant die perseel aanwys waar die vullisblikke geplaas moet word waar hulle nie 'n oorlas sal skep nie en waarvandaan dit gerieflik sal wees om die afval te versamel en te verwyder, en die vullisblikke moet op daardie plekke geplaas word op die tye en vir die tydperke soos deur die Munisipaliteit bepaal.

Gebruik en versorging van houers en plastiese voerings

6. (1) Die okkupeerder van 'n perseel, of as daar meer as een okkupeerder is, die eienaar van so 'n perseel, moet sorg dat –

(a) alle huis- of besigheidsafval wat op die perseel voortgebring word, in die plastiese voerings geplaas en gehou word, sodat die Munisipaliteit dit kan verwyder: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie verhoed dat 'n okkupeerder of eienaar, na gelang van die geval –

(i) wat vooraf van die Munisipaliteit skriftelike toestemming verkry het, draf, riffelkarton, papier, glas of ander materiaal wat 'n bestandeel van besigheidsafval is, verkoop of dit andersins mee wegdoen sodat dit deur 'n vervaardigingsproses herwin kan word, of, in die geval van draf, vir verbruikersdoeleindes gebruik kan word nie; of

(ii) van die huisafval wat vir komposdoeleindes geskik is, gebruik maak nie;

(b) geen warm as, glasskerwe of ander besigheids- of huisafval wat die plastiese voering kan beskadig of die Munisipaliteit se werknemers kan beseer terwyl hulle hul pligte ingevolge hierdie Verordening uitvoer, in die voerings geplaas word tensy hy of sy die nodige stappe geneem het om sodanige skade of beserings te voorkom nie;

(c) geen materiaal, insluitende vloeistof, wat weens die massa of ander eienskappe daarvan, dit waarskynlik vir die Munisipaliteit se werknemers onredelik moeilik sal maak om die plastiese voerings te hanteer of te dra, in sodanige voerings geplaas word nie;

(d) elke houer op die perseel toe is, behalwe wanneer afval daarin geplaas of daaruit verwyder word, en dat elke houer skoon en higiënies gehou word;

(e) niemand enige afval op 'n ander plek stort as in die vullishouer wat vir daardie doel voorsien is nie.

(2) Geen houer mag vir 'n ander doel, as om besigheids- of huis- of tuinafval in te hou, gebruik word nie en geen vuur mag daarin gemaak word nie.

(3) Waar 'n houer ingevolge artikel 4(4) op 'n perseel verskaf is, moet die okkupeerder van sodanige perseel, 24 uur voordat die houer waarskynlik heeltemal vol sal wees, die Munisipaliteit daarvan verwittig.

(4) Die eienaar van 'n perseel waar vullisblikke of houereenhede ingevolge artikel 4 of 11 verskaf is, is teenoor die Munisipaliteit aanspreeklik vir die verlies daarvan, asook enige skade daaraan, behalwe vir verlies of skade wat deur die Munisipalitcit se werknemers veroorsaak is.

(5) Plastiese voerings met huis- of tuinafval, of albei, word behoorlik toegebind en moet slegs op die dag van verwydering, soos deur die Munisipaliteit bepaal, teen die omheining aan die buitekant van die perseel naby die perseelingang of toegangspad, nie later nie as 07:00, geplaas word.

(6) Niemand maak 'n plastiese voering wat buite 'n perseel geplaas is ooreenkomstig subartikel (5) oop, peuter daarmee of verwyder enigiets daaruit nie.

HOOFSTUK 2

AFVALVERDIGTING

Afvalverdigting

7. (1) Indien die hoeveelheid huis- of besigheidsafval wat op 'n perseel voortgebring word sodanig is dat die grootste gedeelte van sodanige afval na die mening van die Munisipaliteit verdigbaar is, of indien die eienaar of okkupeerder van die perseel verlang om sodanige afval te verdig, moet sodanige eienaar of okkupeerder, na gelang van die geval, die digtheid van daardie gedeelte van sodanige afval verhoog deur middel van goedgekeurde toerusting wat ontwerp is om afval te kerf, of te verdig, en moet die afval wat so behandel is in 'n goedgekeurde plastiese, papier- of ander vernietigbare houer, of in 'n verdigtingsgeenheidhouer plaas en is die bepalings van artikel 4 nie op sodanige verdigte afval van toepassing nie.

(2) Die inhoudsvermoë van die plastiese, papier- of ander vernietigbare houer waarna in subartikel (1) verwys word, moet nie 0,1 kubieke meter oorskry nie.

(3) Nadat die afval soos in subartikel (1) beoog, behandel en in 'n plastiese, papier- of ander vernietigbare houer geplaas is, moet sodanige houer in 'n houer of houereenheid geplaas word.

(4) Die bepalings van subartikel (1) is, vir sover dit die verdigting van huis- of besigheidsafval verpligtend maak, nie van toepassing nie, voordat 'n tydperk van 6 maande verloop het vanaf die datum van betekening van 'n kennisgewing tot dien effekte deur die Munisipaliteit.

(5) "Goedgekeur" beteken, vir die toepassing van subartikel (1), goedgekeur deur die Munisipaliteit met inagneming van die doelmatigheid van die toerusting of houer vir die doel waarvoor dit gebruik gaan word, asook die redelike vereistes van die besondere geval vanuit 'n openbare gesondheids-, bergings- vullisversamelings- en verwyderingsoogpunt.

(6) Die eienaar of die okkupeerder, na gelang van die geval, moet die houers in subartikel (1) vermeld, verskaf.

(7) Indien die houer waarna in subartikel (1) verwys word van staal vervaardig is, moet sodanige houer, nadat dit deur die Munisipaliteit afgehaal en leeggemaak is, na die perseel teruggebring word.

(8) Die Munisipaliteit verwyder en maak die houers waarna in subartikel (1) verwys word leeg met sodanige tussenpose as wat die Munisipaliteit onder die omstandighede nodig mag ag.

(9) Die bepalings van hierdie artikel verhoed nie enige eienaar of okkupeerder, na gelang van die geval, om nadat die Munisipaliteit se skriftelike toestemming vooraf verkry is, draf, riffelkarton, papier, glas of ander materiaal wat 'n bestanddeel van besigheidsafval is, te verkoop of andersins mee weg te doen sodat dit deur 'n vervaardigingsproses herwin kan word, of, in die geval van draf, vir verbruikersdoeleindes gebruik kan word nie.

HOOFSTUK 3

TUINAFVAL, LYWIGE TUINAFVAL EN ANDER LYWIGE AFVAL

Verwydering van tuinafval, lywige tuinafval en ander lywige afval

8. (1) Die okkupeerder, of as daar meer as een okkupeerder is, die eienaar van 'n perseel waarop tuinafval, lywige tuinafval of ander lywige afval voortgebring word, moet toesien dat die afval ingevolge hierdie hoofstuk mee weggedoen word binne 'n redelike tydperk nadat dit ontstaan het.

(2) Enigiemand kan tuinafval, lywige tuinafval of ander lywige afval verwyder en daarmee wegdoen.

(3) Tuinafval, lywige tuinafval of ander lywige afval moet, nadat dit van die perseel waarop dit voortgebring is, verwyder is, mee weggedoen word op 'n terrein wat deur die Munisipaliteit as stortingsterrein vir sodanige afval aangewys is.

Die Munisipaliteit se buitengewone diens

9. Die Munisipaliteit verwyder, mits hy dit met sy afvalverwyderingsuitrusting kan doen, op versoek van 'n eienaar of 'n okkupeerder van 'n perseel, lywige tuinafval of ander afval van die perseel af. Alle sodanige afval moet binne 'n afstand van 3 m vanaf die grenslaaipunt geplaas word, maar nie op die sypaadjie nie.

Aanspreeklikheid vir bouersafval

10. (1) Die eienaar van die perseel waarop bouersafval voortgebring word en die persoon wat betrokke is by die bedrywigheid wat sodanige afval laat ontstaan, moet sorg dat –

(a) binne 'n redelike tydperk nadat dit voortgebring is, met die afval weggedoen word ooreenkomstig die bepalings van artikel 12;

(b) tot tyd en wyl met die bouersafval weggedoen word, dit asook die houers waarin dit gehou en verwyder word, op die perseel waar dit voortgebring is, gehou word.

(2) Enigiemand kan 'n diens vir die verwydering van bouersafval lewer. Indien die Munisipaliteit so 'n diens lewer, geskied dit teen die voorgeskrewe tarief.

Houers

11. (1) Indien houers of ander vraghouers wat gebruik word vir die verwydering van bouersafval, lywige tuinafval of ander afval van 'n perseel af, na die Munisipaliteit se mening nie op die perseel gehou kan word nie, kan die houers of ander vraghouers, met die Munisipaliteit se skriftelike toestemming, vir die duur van die toestemming langs die straat gehou word.

(2) Toestemming wat ingevolge subartikel (1) verleen word, is onderworpe aan die voorwaardes wat die Munisipaliteit nodig mag ag: Met dien verstande dat indien die Munisipaliteit sy toestemming verleen of weier of voorwaardes stel, die gerief en veiligheid van die publiek in ag geneem moet word.

(3) Elke houer of ander vraghouer wat vir die verwydering van bouersafval gebruik word, moet –

(a) duidelik gemerk wees met die naam en adres of telefoonnommer van die persoon wat verantwoordelik is vir die houer of ander vraghouer;

(b) toegerus wees met kaatschevrons of kaatsers wat die hele voor- en agterkant daarvan duidelik belyn; en

(c) te alle tye toegemaak wees, sodat daar geen verplasing van die inhoud of 'n stofoorlas kan ontstaan nie, behalwe wanneer dit werklik met afval gevul of wanneer dit leeggemaak word.

Wegdoening van bouersafval

12. (1) Alle bouersafval moet, behoudens die bepalings van subartikel (2), op die Munisipaliteit se afvalstortingsterreine gestort word, nadat die storter die tarief daarvoor betaal het.

(2) Bouersafval mag, met die Munisipaliteit se skriftelike toestemming, vir grondherwinningsdoeleindes op 'n ander plek as die Munisipaliteit se afvalstortingsterreine gestort word.

(3) Toestemming wat ingevolge subartikel (2) verleen word, word verleen onderworpe aan die voorwaardes wat die Munisipaliteit nodig mag ag: Met dien verstande dat die Munisipaliteit –

(a) die openbare veiligheid;

(b) die omgewing van die beoogde stortingsterrein;

(c) die geskiktheid van die gebied met inbegrip van dreinering daarvan;

(d) die verwagte tye en wyse waarop afval op die terrein gestort word;

(e) die gelykmaking van die terrein;

(f) stofbeheer; en

(g) enige ander tersaaklike faktore,

in ag moet neem wanneer hy sy toestemming verleen of dit weier of wanneer voorwaardes gestel word.

HOOFSTUK 4

SPESIALE BEDRYFSAFVAL

Kennisgewing van die ontstaan van spesiale bedryfsafval

13. (1) Die persoon wat betrokke is by bedrywighede wat spesiale bedryfsafval voortbring, moet die Munisipaliteit verwittig waaruit dit bestaan, die hoeveelheid voortgebring, hoe dit opgeberg word en wanneer dit verwyder sal word.

(2) Die kennisgewing waarna in subartikel (1) verwys word, moet, as die Munisipaliteit dit vereis, gestaaf word deur 'n ontleding wat deur 'n gekwalifiseerde bedryfskeikundige gewaarmerk is.

(3) Iemand wat deur die Munisipaliteit behoorlik daartoe gemagtig is, kan behoudens die bepalings van hierdie Verordening, 'n perseel te enige redelike tyd betree ten einde vas te stel of spesiale bedryfsafval op so 'n perseel voortgebring word, om monsters te neem en om afval wat op die perseel gevind word, te toets om vas te stel waaruit dit bestaan.

(4) Die persoon in subartikel (1) genoem, verwittig die Munisipaliteit van enige verandering in die samestelling en die hoeveelheid spesiale bedryfsafval wat van tyd tot tyd voortgebring mag word.

Opberging van spesiale bedryfsafval

14. (1) Die persoon in artikel 13(1) genoem, moet sorg dat die spesiale bedryfsafval wat op die perseel voortgebring word, ingevolge subartikel (2) op die perseel gehou en opgeberg word totdat dit ingevolge artikel 15 van die perseel verwyder word.

(2) Spesiale bedryfsafval wat op 'n perseel opgeberg word, moet op so wyse opgeberg word dat dit nie 'n oorlas veroorsaak of die omgewing besoedel nie.

(3) Indien spesiale bedryfsafval nie ingevolge subartikel (2) op die perseel waarop dit voortgebring is opgeberg word nie, kan die Munisipaliteit die eienaar van die perseel, en die persoon in artikel 13(1) genoem, gelas om die afval binne 'n redelike tydperk te verwyder en indien die afval nie binne die tydperk verwyder is nie, kan die Munisipaliteit dit op koste van die eienaar verwyder.

Verwydering van spesiale bedryfsafval

15. (1) Niemand mag sonder, of anders as ooreenkomstig die Munisipaliteit se skriftelike toestemming, spesiale bedryfsafval verwyder van die perseel waarop dit voortgebring word nie.

(2) Die Munisipaliteit verleen toestemming ingevolge subartikel (1), onderworpe aan die voorwaardes wat hy nodig mag ag. Wanneer die Munisipaliteit voorwaardes stel, neem hy –

(a) die samestelling van die spesiale bedryfsafval;

(b) die geskiktheid van die voertuig en die houer wat gebruik sal word;

(c) die plek waar die afval gestort gaan word; en

(d) bewys aan die Munisipaliteit van sodanige storting,

in ag.

(3) Die Munisipaliteit verleen nie ingevolge subartikel (1) toestemming nie, tensy hy oortuig is dat die persoon wat om toestemming aansoek doen, in staat is om die spesiale afval te verwyder, oor die uitrusting wat vir verwydering van die spesiale bedryfsafval nodig is beskik, en aan die voorwaardes van die Munisipaliteit kan voldoen.

(4) Die persoon in artikel 13(1) genoem, moet die Munisipaliteit so dikwels as wat die Munisipaliteit mag bepaal, met inagneming van die inligting wat ingevolge artikel 13(1) aan die Munisipaliteit verstrek moet word, inlig in verband met die verwydering van spesiale bedryfsafval, die identiteit van die verwyderaar, die verwyderingsdatum, die hoeveelheid en die samestelling van die spesiale afval wat verwyder word.

(5) Indien iemand op heterdaad betrap word terwyl hy of sy die bepalings van hierdie artikel oortree, moet hy of sy met die afval op die wyse deur die Munisipaliteit bepaal, wegdoen.

HOOFSTUK 5

STORTINGSTERREINE

Gedrag by stortingsterreine

16. (1) Iemand wat 'n stortingsterrein waaroor die Munisipaliteit beheer uitoefen, vir afvalstortdoeleindes betree, moet –

(a) die stortingsterrein slegs by die gemagtigde ingangsplek binnegaan;

(b) al die besonderhede wat die Munisipaliteit betreffende die samestelling van die afval verlang, verstrek; en

(c) alle opdragte aan hom of haar in verband met toegang tot die werklike stortingsplek, die plek waar en die manier waarop die afval gestort moet word, nakom.

(2) Niemand mag sterk drank na 'n stortingsterrein waaroor die Munisipaliteit beheer uitoefen, bring nie.

(3) Niemand mag 'n stortingsterrein waaroor die Munisipaliteit beheer uitoefen, binnegaan nie, behalwe met die doel om afval ingevolge hierdie Verordening mee weg te doen en dan slegs op die tye wat die Munisipaliteit van tyd tot tyd mag bepaal.

Eiendomsreg op afval

17. (1) Alle afval deur die Munisipaliteit verwyder en alle afval op afvalstortingsterreine waaroor die Munisipaliteit beheer uitoefen, is die eiendom van die Munisipaliteit en niemand wat nie behoorlik deur die Munisipaliteit daartoe gemagtig is nie, mag dit verwyder of hom of haar daarmee bemoei nie.

(2) Slegs afval voortgebring op persele wat binne die regsgebied van die Munisipaliteit geleë is, mag op die Munisipaliteit se stortingsterreine mee weggedoen word.

HOOFSTUK 6

ROMMELSTROOIERY, STORTING EN VERWANTE AANGELEENTHEDE

Rommelstrooiery en storting

18. Niemand mag –

(a) afval van enige aarde in of op 'n openbare plek, leë standplaas, leë erf, stroom of waterloop gooi, laat val, stort of mors nie;

(b) afval in 'n straatvoor op 'n openbare plek invee nie; of

(c) iemand oor wie hy of sy beheer uitoefen, toelaat om enigiets in paragrawe (a) en (b) genoem, te doen nie.

Goed wat laat vaar is

19. (1) Enigiets, met uitsondering van 'n voertuig, wat in 'n openbare plek agtergelaat is, en wat, met inagneming van –

(a) die plek waar dit agtergelaat is;

(b) die tydperk wat dit agtergelaat is;

(c) die aard en toestand daarvan,

geag kan word as verlate, kan deur die Munisipaliteit verwyder en mee weggedoen word.

(2) Indien die Munisipaliteit bewus is van die identiteit van die eienaar van die verlate ding, kan die Munisipaliteit die koste in verband met die verwydering en wegdoening van die ding, indien enige, van die eienaar verhaal.

(3) By die uitleg van subartikel (1), word 'n winkeltrollie geag nie 'n voertuig te wees nie.

HOOFSTUK 7

ALGEMENE BEPALINGS

Toegang tot 'n perseel

20. (1) Die okkupeerder van 'n perseel moet, as die Munisipaliteit 'n afvalverwyderingsdiens lewer, aan die Munisipaliteit toegang verleen vir afhaal- en verwyderingsdoeleindes, en hy of sy moet sorg dat niks die Munisipaliteit in die lewering van sy dienste dwarsboom, fnuik of hinder nie.

(2) As die versameling of verwydering van afval van 'n perseel na die mening van die Munisipaliteit waarskynlik skade aan die perseel of aan die Munisipaliteit se eiendom tot gevolg kan hê, of kan lei tot die besering van die afvalverwyderaars, of iemand anders, kan die Munisipaliteit as 'n voorwaarde vir die lewering van 'n afvalverwyderingsdiens aan die perseel, van die eienaar of okkupeerder vereis dat hy of sy die Munisipaliteit skriftelik vrywaar teen sodanige skade of beserings of teen 'n eis wat uit een of albei hiervan mag voortspruit.

Ophoping van afval

21. As enige kategorie afval wat in Hoofstuk 1 van hierdie Verordening omskryf word, op 'n perseel ophoop sodat dit 'n oorlas veroorsaak of waarskynlik 'n oorlas sal veroorsaak, kan die Munisipaliteit sodanige afval spesiaal verwyder en die eienaar is ten opsigte van sodanige spesiale verwydering aanspreeklik vir die betaling van die gelde daarvoor.

HOOFSTUK 8

GELDE EN STRAFBEPALINGS

Gelde

22. (1) Iemand aan wie die Munisipaliteit 'n diens ingevolge hierdie Verordening gelewer het, is behoudens andersluidende bepalings van hierdie Verordening, aanspreeklik vir die gelde wat vir sodanige diens aan die Munisipaliteit betaal moet word.

(2) Die Munisipaliteit staak 'n diens wat gelewer word en waarvoor maandeliks gelde voorgeskryf is, slegs nadat 'n skriftelike kennisgewing van die eienaar of okkupeerder van die perseel waar die diens gelewer word, ontvang is, dat daar nie meer huis- of besigheidsafval voortgebring word nie, of as dit vir die Munisipaliteit duidelik blyk dat daar nie meer afval op die perseel voortgebring word nie.

(3) Die maandelikse gelde is betaalbaar totdat die Munisipaliteit die kennisgewing in subartikel (2) vermeld, ontvang het, of dit vir die Munisipaliteit duidelik blyk dat daar nie meer afval op die perseel voortgebring word nie.

Strafbepaling

23. Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete, of by wanbetaling, met gevangenisstraf vir hoogstens 6 maande of tot beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

Kort titel

24. Hierdie Verordening heet die Verordening op Verwydering van Afvalstowwe, 2007.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir uitleg van karavaanparke in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**karavaan**" 'n voertuig wat toegerus is vir die gebruik deur mense vir slaap- en woondoeleindes, hetsy die voetuig 'n sleepwa is, al dan nie, en ook sy trekvoertuig;

"**karavaanpark**" 'n karavaanpark uitgelê of geag uitgelê te wees kragtens artikel 2;

"**munisipale grond**" grond geleë binne die regsgebied van die Munisipaliteit, waarvan die Munisipaliteit die eienaar is of waarvan die beheer, tot die volle uitsluiting van die eienaar, in die Munisipaliteit gevestig is;

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit;

"**opsigter**" 'n beampte deur die Munisipaliteit as opsigter van 'n karavaanpark ingevolge artikel 3 aangestel; en

"**staanplek**" enige stuk grond wat gereserveer is binne 'n karavaanpark vir –

(i) die parkering van 'n karavaan; of

(ii) die oprig van 'n tent en parkering van die voertuig van sy bewoners.

Uitleg van karavaanparke

2. (1) Die Munisipaliteit kan karavaanparke op munisipale grond uitlê, in stand hou en bedryf.

(2) 'n Karavaanpark op munisipale grond geleë, wat reeds deur die Munisipaliteit bedryf word wanneer hierdie Verordening in werking tree, word, vir alle doeleindes, geag ooreenkomstig subartikel (1) uitgelê te wees.

(3) Die Munisipaliteit verdeel 'n karavaanpark in staanplekke en voorsien die noodsaaklike ablusie- en ander geriewe wat deur besoekers benodig mag word.

Aanstelling van opsigter en ander beamptes

3. (1) Die Munisipaliteit stel 'n opsigter en sodanige ander beamptes aan as wat nodig mag wees vir die bedryf van elke karavaanpark.

(2) Die opsigter ingevolge subartikel (1) vir 'n karavaanpark aangestel, is verantwoordelik –

(a) vir invordering van die gelde van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal vir gebruik van die karavaanpark en sy geriewe;

(b) vir onderhoud van die ablusie- en ander geriewe van die karavaanpark;

(c) daarvoor om plekbesprekings te doen vir besoekers wat begerig is om voorafbesprekings te doen;

(d) vir toewysing van staanplekke aan besoekers; en

(e) vir enige ander aangeleentheid wat op die alledaagse bedryf van die karavaanpark betrekking het.

Tariewe

4. Die gelde betaalbaar vir die gebruik van die karavaanpark word deur die Munisipaliteit bepaal. Sodanige gelde is aan die opsigter vooruitbetaalbaar en 'n kwitansie daarvoor word deur hom of haar uitgereik.

Toestemming om langer as 30 dae te bly

5. Iemand wat vir 'n langer tydperk as 30 dae in die karavaanpark wil bly, moet skriftelik aansoek vir goedkeuring by die Munisipaliteit doen.

Reëls wat deur gebruikers van karavaanparke nagekom moet word

6. (1) Niemand mag –

(i) 'n karavaan parkeer of 'n tent opslaan op 'n ander plek as op die staanplek aan hom of haar deur die opsigter toegewys nie;

(ii) 'n draadheining of enige ander heining in of rondom die karavaanpark beskadig of oor of deur sodanige heining klim nie;

(iii) 'n vuur in 'n karavaanpark aansteek, behalwe in die vuurmaakplekke wat vir die doeleindes voorsien word nie;

(iv) enige steurnis, oorlas, belemmering of hindernis veroorsaak wat aanstoot aan enige ander persoon in die karavaanpark kan gee nie;

(v) 'n troeteldier of ander dier in 'n karavaanpark aanhou nie, met uitsondering van 'n hond, en dan slegs op voorwaarde dat die hond te alle tye aan 'n leiband gehou word;

(vi) enige kledingstuk elders was of uithang om droog te word as op die plek wat daarvoor voorsien is nie;

(vii) met vullis wegdoen op enige ander plek in 'n karavaanpark as in die vullisdromme wat vir hierdie doeleindes voorsien is nie;

(viii) natuurlike voorwerp, enige flora, fauna, nes, voorwerp van historiese-, argeologiese- of wetenskaplike belang of enige eiendom van die Munisipaliteit binne die grense van die karavaanpark verwyder, beskadig, ontsier of vernietig nie.

(2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, kan –

(a) deur die opsigter gelas word om summier die karavaanpark te verlaat; en

(b) deur die Munisipaliteit vir 'n bepaalde tydperk, of in geval van ernstige of volgehoue oortreding, permanent verbied word om die karavaanpark binne te gaan en sy geriewe te gebruik.

Kort titel

7. Hierdie Verordening heet die Karavaanparkverordening, 2007.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die oprigting van munisipale swembaddens in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**munisipale grond**" grond geleë binne die regsgebied van die Munisipaliteit, waarvan die Munisipaliteit die eienaar is of waarvan die beheer, tot die volle uitsluiting van die eienaar, in die Munisipaliteit gevestig is;

"**munisipale swembad**" 'n swembad opgerig of geag opgerig te wees kragtens artikel 2;

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit;

"**opsigter**" die beampte deur die Munisipaliteit ingevolge artikel 3(1) aangestel; en

"**reëls**" reëls ingevolge artikel 5(1) gemaak.

Oprigting van munisipale swembaddens

2. (1) Die Munisipaliteit kan op munisipale grond, munisipale swembaddens oprig, in stand hou en bedryf.

(2) 'n Swembad op munisipale grond geleë, wat reeds deur die Munisipaliteit bedryf word wanneer hierdie Verordening in werking tree, word vir alle doeleindes geag ooreenkomstig subartikel (1) opgerig te wees.

(3) Die Munisipaliteit voorsien kleedkamers, toilette en ander geriewe vir besoekers by 'n munisipale swembad.

Aanstelling van opsigter

3. (1) Die Munisipaliteit stel vir elke munisipale swembad 'n opsigter aan.

(2) Die opsigter ingevolge subartikel (1) aangestel, is verantwoordelik –

(a) vir die behoorlike en higiëniese onderhoud van die swembad en sy geriewe;

(b) vir die instel en byhou van voldoende veiligheidsmaatreëls by die swembad;

(c) vir die invordering van gelde wat 'n besoeker aan die swembad moet betaal;

(d) daarvoor om toe te sien dat die reëls nagekom word; en

(e) vir die alledaagse bedryf van die swembad en aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Gelde

4. Die Munisipaliteit kan gelde wat deur 'n besoeker aan 'n munisipale swembad betaal moet word, hef.

Reëls wat deur besoekers aan munisipale swembaddens nagekom moet word

5. (1) Die Munisipaliteit kan reëls wat deur 'n besoeker aan 'n munisipale swembad nagekom moet word, maak.

(2) Reëls ingevolge subartikel (1) gemaak, kan voorsiening maak vir sake aangaande die veiligheid en algemene gedrag van besoekers aan munisipale swembaddens.

(3) 'n Afskrif van die reëls wat by 'n munisipale swembad geld, word in vetskrif vertoon op 'n kennisgewingbord opgerig by die ingang en aan die binnekant van die munisipale swembad.

(4) 'n Besoeker aan 'n munisipale swembad wat die reëls wat by daardie swembad nagekom moet word, oortree of versuim om daaraan te voldoen –

(a) kan deur die opsigter gelas word om die swembad summier te verlaat;

(b) kan deur die Munisipaliteit vir 'n bepaalde tydperk, of in geval van ernstige of volgehoue oortreding, permanent verbied word om die swembad te besoek.

Kort titel

6. Hierdie Verordening heet die Swembadverordening, 2007.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir 'n munisipale meent vir die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**dorp**" 'n dorp soos omskryf in artikel 1 van die Opmetingswet, 1997 (Wet No. 8 van 1997);

"**hierdie Verordening**" ook die voorskrifte ingevolge artikel 7 uitgereik;

"**Munisipale Bestuurder**" die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**munisipale grond**" grond geleë binne die regsgebied van die Munisipaliteit, maar buite die grense van 'n dorp, waarvan die Munisipaliteit die eienaar is of waarvan die beheer, tot die volle uitsluiting van die eienaar in die Munisipaliteit gevestig is; en

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit.

Aanwysing van grond as gemeenskaplike weiveld

2. (1) Die Munisipaliteit kan, behoudens die bepalings van die een of ander wet of 'n beperking op die gebruik van grond vervat in die titelakte van die grond, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en met ingang van 'n datum in die kennisgewing vermeld –

(a) munisipale grond as gemeenskaplike weiveld aanwys;

(b) te eniger tyd 'n verdere omskrewe stuk of stukke munisipale grond by enige aldus aangewese gemeenskaplike weivel toevoeg;

(c) behoudens die bepalings van subartikel (2), te eniger tyd grond wat deel vorm van die gemeenskaplike weiveld, gedeeltelik of in die geheel aan die aanwysing daarvan as so 'n weiveld onttrek.

(2) Die Munisipaliteit mag nie met die grond bedoel in subartikel (1)(a) of (b) kragtens subartikel (1)(c) handel of dit vervreem nie –

(a) alvorens 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer is nie wat –

(i) stipuleer watter stuk of stukke grond hy oorweeg om te onttrek of vervreem;

(ii) belanghebbende persone uitnooi om 'n vergadering op 'n plek en datum in die kennisgewing vermeld by te woon ten einde die voorgenome onttrekking of vervreemding te bespreek;

(iii) die voorgenome datum of datums noem waarop daar beoog word om sodanige stuk of stukke grond te onttrek of te vervreem; en

(b) alvorens elke permit vir die weiding van vee op die stuk of stukke grond wat hy beoog om te onttrek of vervreem verval het nie.

Kantoor van die Meentbestuurder

3. (1) Die Munisipaliteit stel of wys iemand as Meentbestuurder, wat direk aan die Munisipale Bestuurder verantwoordelik is, aan.

(2) Die Meentbestuurder moet sorg vir die behoorlike bestuur en onderhoud van alle grond wat deel van die meent uitmaak.

(3) Die Munisipaliteit stel, in die Kantoor van die Meentbestuurder –

(a) vir elke stuk grond wat deel van die meent uitmaak, 'n veldwagter aan om die dag-tot-dag bestuur van die stuk grond te behartig;

(b) die persone aan wat nodig mag wees om behoorlik rekord te hou ten opsigte van grond wat deel uitmaak van die meent, kaarte, kampe, toewysing van vee, beweging van vee, houers van weidingspermitte op die meent, die merk van vee, veesiektes, betalings en ander aangeleenthede rakende die bestuur van die meent;

(c) 'n voltydse of deeltydse veearts aan, om die werksaamhede soos voorgeskryf by of kragtens die een of ander wet wat op vee betrekking het, te verrig: Met dien verstande dat hierdie werksaamhede ook deur 'n beampte van die Nasionale- of Provinsiale Departement van Landbou verrig kan word.

(4) Een veldwagter kan vir meerdere stukke grond aangestel word indien die stukke grond sò geleë is dat dit prakties moontlik is vir een veldwagter om behoorlike beheer oor elke stuk grond uit te oefen.

(5) 'n Veldwagter moet die grond waarvoor hy of sy aangestel is gereeld besoek en, behoudens die arbeidswetgewing aangaande verlof, moet gedurende elke week van die jaar vir ten minste 'n volle werksdag op die grond teenwoordig wees.

(6) Die veearts deur die Munisipaliteit aangestel, moet op 'n gereelde grondslag, maar minstens een keer elke drie maande, ten opsigte van die gesondheidstoestand van elke dier op die meent, 'n ondersoek doen, daaroor verslag doen en aanbevelings aan die Meentbestuurder maak.

Weidingspermit word vereis om vee op die meent te laat wei

4. Niemand laat vee op die meent van die Munisipaliteit wei nie, behalwe –

(a) as hy of sy die houer van 'n weidingspermit deur die Munisipaliteit uitgereik is en behoudens die voorwaardes van die permit;

(b) as die dier die aanteelt van 'n vroulike dier is wat kragtens 'n weidingspermit in paragraaf (a) bedoel laat wei word en nie ouer as 6 maande is nie; en

(c) as hy of sy die meentgelde, soos deur die Munisipaliteit bepaal, ten opsigte van die tydperk waarvoor die weidingspermit uitgereik is, betaal het: Met dien verstande dat 'n permithouer gedeeltelik of in geheel ooreenkomstig die Munisipaliteit se behoeftigheidsbeleid van sodanige betaling kwytgeskeld kan word.

Aansoek om- en uitreiking van weidingspermit

5. (1) 'n Aansoek vir die uitreiking van 'n weidingspermit moet –

(a) aan die Munisipale Bestuurder gerig word;

(b) in skrif gedoen word op die vorm deur die Munisipaliteit vir daardie doel voorsien;

(c) genoegsame bewys bevat dat die aansoeker 'n permanente inwoner binne die regsgebied van die Munisipaliteit is; en

(d) sodanige verdere besonderhede as wat die Munisipaliteit mag vereis bevat.

(2) By ontvangs van die aansoek, verwys die Munisipale Bestuurder dit na die Meentbestuurder, wat die besonderhede in die aansoek vervat nagaan en daaromtrent aan die Munisipale Bestuurder verslag doen.

(3) Wanneer die Munisipale Bestuurder die verslag oorweeg, neem hy of sy –

(a) die verslag van die Meentbestuurder;

(b) die beskikbaarheid en toestand van grond in die meent van die Munisipaliteit om die vereiste getal vee waarvoor aansoek gedoen word te akkommodeer;

(c) die maatstawwe vir klasse van voorkeur wat aansoekers moet toeval soos aangedui in 'n kennisgewing deur die Munisipaliteit in die *Provinsiale Koerant*,

in ag.

(4) Na oorweging van die aansoek, moet die Munisipale Bestuurder –

(a) die permit soos voor aansoek gedoen deur die aansoeker uitreik;

(b) 'n permit vir minder vee as waarvoor aansoek gedoen is uitreik; of

(c) die aansoeker skriftelik verwittig dat sy of haar aansoek nie suksesvol was nie en die redes daarvoor verstrek.

(5) Iemand wie se regte geraak word mag teen 'n bevinding van die Munisipale Bestuurder by die Munisipaliteit appelleer en, ten opsigte van sò 'n appèl, geld die bepalings van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), *mutatis mutandis*.

(6) 'n Permit vir weiding van vee op die meent van die Munisipaliteit word uitgereik –

(a) vir 'n tydperk van een jaar of minder en verval op die laaste dag van Junie van elke jaar;

(b) behoudens die voorwaardes in die permit uiteengesit;

(c) onderworpe aan vooruitbetaling van die gelde deur die Munisipaliteit bepaal.

(7) 'n Permit vir weiding van vee op die meent van die Munisipaliteit kan twee keer hernieu word sonder om weer aansoek te doen deur die hernuwingsgelde deur die Munisipaliteit bepaal nie later nie as die laaste dag van Mei van die jaar waarin die permit verval te betaal: Met dien verstande dat die Munisipale Bestuurder kan weier om die permit te hernieu indien hy of sy van oordeel is dat die permit nie hernieu behoort te word nie –

(a) as gevolg van die toestand van die grond waaraan die permithouer se vee toegewys is; of

(b) aangesien daar genoegsame getuienis bestaan dat die omstandighede van die permithouer tot so 'n mate verander het dat die aansoek van 'n nuwe aansoeker ingevolge 'n kennisgewing in subartikel (3)(c) genoem voorrang moet geniet.

(8) 'n Permit vir die weiding van vee op die munisipale meent kan ingetrek word indien die permithouer –

(a) 'n voorwaarde waarkragtens die permit uitgereik is oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(b) 'n bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen; of

(c) 'n wettige bevel van die veldwagter in beheer van die grond waarop sy of haar vee wei, of die veearts deur die Munisipaliteit aangestel verontagsaam of versuim om daaraan te voldoen.

(9) 'n Permit om vee op die meent van die Munisipaliteit te laat wei, is nie oordraagbaar nie.

Spesifieke werksaamhede van die Meentbestuurder

6. Die Meentbestuurder moet –

(a) elke stuk grond wat ingevolge artikel 2(1) as meent aangewys is, in kampe wat geskik is vir beweiding deur vee verdeel en aan elk so 'n kamp 'n nommer toeken;

(b) in elke kamp sodanige fasiliteite as wat nodig mag wees vir die onderhoud van vee in daardie kamp voorsien;

(c) behoorlike kaarte van elke stuk grond wat as deel van die meent aangewys is en wat ten minste die grense van kampe, hekke en suipings aantoon optrek of laat optrek;

(d) die vee van elke permithouer aan 'n spesifieke kamp of kampe toewys en die permithouer dienooreenkomstig verwittig;

(e) 'n behoorlike rotasieprogram vir beweiding van grond deur die Munisipaliteit aangewys as meent ontwikkel, implementeer en na gelang van veranderende omstandighede aanpas;

(f) behoorlike rekords, oop vir insae deur enigiemand wat 'n belang daarin het, byhou ten opsigte van –

(i) alle permithouers;

(ii) vervaldatums van alle permitte;

(iii) betalings of vrystelling van betalings van alle permithouers,

en enige ander saak wat, volgens sy of haar oordeel, op rekord geplaas moet word.

Voorskrifte

7. (1) Die Munisipaliteit kan voorskrifte uitvaardig betreffende die beheer, bestuur en gebruik van die munisipale meent, met inbegrip van –

(a) die bou en instandhouding van dipbakke, die gelde betaalbaar in verband met die gebruik daarvan, en die persone wat vir die betaling daarvan aanspreeklik is;

(b) die merk van die vee daarop aangehou;

(c) die verbod op die aanhou van gevaarlike en ongewenste diere daarop, en die omskrywing van sodanige diere;

(d) die voorkoming en behandeling van veesiektes ten opsigte van vee daarop aangehou, en die uitsluiting van vee wat na die oordeel van die veearts deur die Munisipaliteit aangestel, sulke siektes kan versprei;

(e) die vernietiging van karkasse van diere;

(f) die skut van diere wat daarop oortree of sonder 'n permit daarop wei;

(g) die plant, versorging en beskerming, en die vernietiging, afkap of afsny van gras, bome, struike of enige ander plante of gewasse, en die verkoop daarvan;

(h) die brand van gras en die uitroeiing van skadelike onkruid;

(i) die jag van wild daarop op enige manier, met inbegrip van die gebruik van vuurwapens of honde;

(j) die pligte en werksaamhede van veldwagters;

(k) die verbod op die uitsit van gif; en

(l) in die algemeen enige aangeleentheid wat die Munisipaliteit in verband met die beheer, bestuur of gebruik van die gemeenskaplike weiveld, of die bereiking van die oogmerke van hierdie Verordening, nodig of dienstig ag.

(2) 'n Voorskrif ingevolge subartikel (1) uitgevaardig moet in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word.

(3) Indien die Munisipaliteit van mening is dat dit in die openbare belang is kan hy, vir sodanige tydperk en behoudens die voorwaardes wat hy wenslik ag, enige persoon, groep of kategorie persone skriftelik vrystel van voldoening aan 'n voorskrif ingevolge subartikel (1) uitgevaardig.

Strafbepaling

8. (1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie Verordening of 'n vereiste of voorwaarde daarkragtens oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1), is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

Kort titel

9. Hierdie Verordening heet die Verordening op die Munisipale Meent, 2007.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir beheer oor die afvuur van vuurwerke binne die regsgebied van die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**Munisipale Bestuurder**" die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit;

"**ontwikkelde gebied**" dié gedeelte van die regsgebied van die Munisipaliteit wat –

(a) deur werklike opmeting in erwe onderverdeel is;

(b) omring is deur opgemete erwe; of

(c) 'n informele nedersetting is;

"**vuurwerk**" 'n saamgestelde vuurwerk of vervaardigde vuurwerk genoem in Afdeling 1 of 2 van regulasie 1.10 van die regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956 (Wet No. 26 van 1956), en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R1604 van 8 September 1972, soos gewysig; en

"**vuurwerkvertoning**" die afvuur van 'n aantal vuurwerke vir godsdienstige-, publieke- of private doeleindes.

Afvuur van vuurwerke binne of naby ontwikkelde gebiede gereël

2. Uitgesonderd as deel van 'n vuurwerkvertoning en behoudens hierdie Verordening, mag niemand, binne 'n ontwikkelde gebied of binne 500 meter van sodanige gebied, 'n vuurwerk afvuur nie.

Toestemming om vuurwerkvertoning te hou

3. (1) Niemand mag, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, 'n vuurwerkvertoning hou nie.

(2) Enige persoon of groep persone wat begerig is om 'n vuurwerkvertoning te hou, moet skriftelik, op die vorm deur die Munisipaliteit voorsien, minstens 30 dae voor die vertoning gehou gaan word, aansoek doen vir toestemming.

(3) 'n Aansoek in subartikel (2) genoem –

(a) word aan die Munisipale Bestuurder gerig; en

(b) gaan vergesel van die gelde deur die Munisipaliteit bepaal.

(4) Na ontvangs van die aansoek, kan die Munisipale Bestuurder –

(a) (i) die perseel waarop die vuurwerkvertoning gehou gaan word; en

(ii) die geriewe en toerusting wat gedurende die vuurwerkvertoning gebruik gaan word,

inspekteer of laat inspekteer; en

(b) die toestemming skriftelik verleen behoudens die voorwaardes wat hy of sy in belang van die veiligheid en welstand van die gemeenskap nodig ag; of

(c) skriftelik weier om toestemming te verleen en sy of haar redes vir weiering aanstip.

(5) Die Munisipale Bestuurder moet –

(a) wanneer die aansoek oorweeg word, onder andere in ag neem welke nadelige gevolge die vuurwerkvertoning mag hê op –

(i) die veiligheid van inwoners van die buurt en hul eiendom;

(ii) diere in die omgewing;

(iii) die rus en vrede van die buurt; en

(b) indien die aansoek toegestaan word, voorwaardes stel om sodanige nadelige gevolge te voorkom of te remedieer.

Strafbepaling

4. (1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie Verordening of 'n vereiste of voorwaarde daarkragtens oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1), is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

Kort titel

5. Hierdie Verordening heet die Verordening op Vuurwerke, 2007.

VERORDENING OP TARIEWE, KREDIETBEHEER EN SKULDINVORDERING, 2007 Verordening No. 17, 2007

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die implementering en uitvoering van sy beleide rakende tariewe, kredietbeheer en skuldinvordering deur die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**die Wet**" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000); en

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit.

Implementering en uitvoering van beleide

2. (1) Behoudens artikel 3 en enige nasionale of provinsiale wetgewing wat plaaslike owerheidsfinansies reël, gee die Munisipaliteit gevolg aan –

(a) sy tariefbeleid; en

(b) sy kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid,

opgestel en aangeneem in ooreenstemming met, onderskeidelik, artikels 74 en 97 van die Wet, deur die beleide te implementeer en uit te voer.

(2) Iemand wat aanspraak maak op 'n korting of toegewing ooreenkomstig 'n beleid in subartikel (1) genoem, verskaf die inligting vereis en voldoen aan die verpligtinge deur sodanige beleid opgelê.

Publikasie van beleide

3. 'n Beleid in artikel 2 genoem en enige wysiging daarop word in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer.

Kort titel

4. Hierdie Verordening heet die Verordening op Tariewe, Kredietbeheer en Skuldinvordering, 2007.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir beheer oor die oprigting van antennestelsels in die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**antennestelsel**" 'n toestel wat gebruik word of ontwerp is om radio- of televisieuitsendings of –ontvangs te verbeter en ook 'n skottelantenne;

"**gebou**" ook –

(a) enige ander struktuur, hetsy tydelik of permanent van aard en ongeag die materiale wat by die oprigting daarvan gebruik is, wat opgerig is of gebruik word vir of in verband met -

(i) die huisvesting of gerief van mense of diere;

(ii) die vervaardiging, verwerking, opberging, uitstalling of verkoop van enige goed;

(iii) die lewering van enige diens;

(iv) die vernietiging of behandeling van vullis of afvalstowwe;

(v) die kweek van enige plant of gewas;

(b) 'n muur, swembad, swempoel, reservoir of brug of 'n ander struktuur wat daarmee in verband staan;

(c) 'n brandstofpomp of 'n tenk wat in verband daarmee gebruik word;

(d) enige gedeelte van 'n gebou, met inbegrip van 'n gebou soos omskryf in paragraaf (a), (b) of (c);

(e) enige fasiliteite of stelsel, of gedeelte of deel daarvan, binne of buite maar gepaardgaande met 'n gebou, vir die verskaffing van 'n watervoorsienings-, dreinerings-, riool-, stormwaterafvoer-, elektrisiteitsvoorsienings- of ander soortgelyke diens ten opsigte van die gebou;

"**skottelantennestelsel**" 'n konkawe toestel wat gebruik word of ontwerp is om satellietuitsendings te ontvang.

Toestemming vir sekere antennestelsels

2. (1) Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en behoudens die voorwaardes bepaal in sodanige toestemming, rig niemand op enige perseel 'n antennestelsel op, laat dit oprig of laat toe dat dit opgerig word –

(a) wat hoër is as 3 m vanaf die grond indien dit nie op 'n gebou gemonteer is nie;

(b) wat, indien dit op 'n gebou gemonteer is, meer as 3 m bokant die hoogste punt van daardie gebou uitsteek nie;

(c) wat 'n skottelantennestelsel met 'n deursnee van meer as 1 m is nie.

(2) Aansoek om toestemming moet by die Munisipaliteit gedoen word op die vorm deur die Munisipaliteit vir daardie doel voorsien en gaan vergesel van die gelde deur die Munisipaliteit bepaal.

(3) Iemand wat nie aan die bepalings van subartikel (1) voldoen nie, moet binne 12 maande na inwerkingtreding van hierdie Verordening aan genoemde bepalings voldoen.

Strafbepaling

3. (1) Iemand wat 'n bepaling van artikel 2(1) of 'n vereiste of voorwaarde daarkragtens oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1) is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

Kort titel

4. Hierdie Verordening heet die Verordening op Antennestelsels, 2007.

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir 'n reglement van orde vir die afhandeling van werksaamhede deur die Raad van die //Khara Hais munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die //Khara Hais munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**begroting**" die beraamde inkomste en uitgawe van die Raad deur die Uitvoerende Komitee opgestel en ingedien ingevolge nasionale wetgewing;

"**Burgemeester**" die persoon wat voorsitter is by 'n Uitvoerende Komitee vergadering soos bedoel in artikel 49 van die Wet;

"**lid**" 'n lid van die Raad of die Uitvoerende Komitee, na gelang van die geval;

"**mosie**" 'n mosie skriftelik ingedien ingevolge artikel 21 of 50;

"**Munisipale Bestuurder**" 'n persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet;

"**Munisipaliteit**" die //Khara Hais munisipaliteit;

"**Raad**" die Munisipale Raad van die Munisipaliteit;

"**Speaker**" die Speaker van die Raad soos bedoel in artikels 36 en 37 van die Wet;

"**Stelsels Wet**" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000);

"**Uitvoerende Komitee**" die komitee in artikel 42 van die Wet bedoel;

"**vergadering**" 'n vergadering van die Raad of die Uitvoerende Komitee, na gelang van die geval;

"**voorsitter van die Uitvoerende Komitee**" die Burgemeester;

"**voorstel**" 'n voorstel, behalwe 'n mosie, voorgestel en gesekondeer gedurende 'n vergadering van die Raad of 'n komitee daarvan; en

"**Wet**" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998).

Verwydering van persone van die Raadsaal

2. Die Speaker kan, behoudens artikel 160(7) van die Grondwet, te eniger tyd gedurende 'n vergadering, soos wat hy of sy nodig ag, ter wille van die handhawing van orde, gelas dat enigiemand anders as 'n lid van die Raadsaal verwyder word.

Teken van aantekenregister en dra van ampsdrag gedurende vergaderings

3. Elke lid wat 'n vergadering bywoon, moet –

(a) sy of haar naam in die aantekenregister teken; en

(b) ampsdrag dra indien so deur die Raad besluit en die ampsdrag vir die doel voorsien word.

Vergadering in die geval waar daar geen kworum is nie

4. Indien, na verstryking van 15 minute na die tyd waarop 'n vergadering bedoel is om te begin, daar geen kworum teenwoordig is nie, word geen vergadering gehou nie, tensy die lede teenwoordig ooreenkom om 'n verdere tyd van hoogstens 10 minute toe te laat vir 'n kworum om te vergader. Die lede teenwoordig kan, na afloop van die voornoemde 10 minute, die Munisipale Bestuurder versoek om 'n vergadering op 'n geleë datum en tyd te belê, waarvan kennis soos voorsien in artikel 115 van die Stelsels Wet gegee moet word, en die bepalings van artikel 7 geld *mutatis mutandis* ten opsigte van sodanige vergadering.

Tel van lede

5. Indien die Speaker se aandag gedurende 'n vergadering op die getal lede teenwoordig gevestig word, word die teenwoordige lede getel en, indien daar bevind word dat daar geen kworum is nie, laat die Speaker hierdie feit in die notule opteken en die roepklok vir een minuut lui en indien daar na 'n pouse van 5 minute na die gelui nog nie 'n kworum teenwoordig is nie, kan die lede teenwoordig met 'n meerderheid van stemme besluit om die vergadering te verdaag. Indien so 'n besluit nie geneem word nie en daar na 'n pouse van 10 minute nie 'n kworum teenwoordig is nie, word die vergadering as verdaag geag tot 'n tyd deur die Munisipale Bestuurder bepaal.

Kennisgewing van verdaagde vergadering

6. Wanneer 'n vergadering verdaag word, word 'n kennisgewing van die verdaagde vergadering soos voorsien in artikel 115 van die Stelsels Wet beteken, behalwe waar 'n voorstel wat die datum en tyd van die vergadering vasstel, goedgekeur is deur ten minste drie-kwart van die lede teenwoordig (breuke word verminder na die naaste getal).

Verdaagde vergadering

7. Behoudens artikel 8 word geen werksaamhede op 'n verdaagde vergadering hanteer nie, behalwe die werksaamhede gespesifiseer in die kennisgewing van die verdaagde vergadering.

Besigheid beperk deur kennisgewing

8. Behoudens artikel 50(1) word geen saak wat nie in die kennisgewing van 'n vergadering gespesifiseer is, hanteer op die verdaagde vergadering nie, behalwe 'n dringende verslag van die Uitvoerende Komitee.

Volgorde van werksaamhede in 'n vergadering

9. (1) Die volgorde van werksaamhede van 'n gewone vergadering is soos volg:

(a) Opening;

(b) Aanvaarding van die kennisgewing van die vergadering as gelees;

(c) Aansoeke om verlof tot afwesigheid;

(d) Amptelike kennisgewings –

(i) deur die Speaker;

(ii) deur lede;

(iii) deur die Munisipale Bestuurder;

(e) Onbestrede voorstelle van die Speaker;

(f) Goedkeuring van notule van vorige vergadering;

(g) Vrae waarvan kennis gegee is;

(h) Mosies of voorstelle verwys vanaf vorige vergaderings;

(i) Verslag van die Uitvoerende Komitee;

(j) Nuwe mosies;

(k) Petisies;

(l) Afsluiting.

(2) Na die hantering van werksaamhede genoem in paragrawe (a) tot (f) van subartikel (1), kan die Raad volgens eie diskresie die volgorde van die ander werksaamhede op die agenda verander.

Notule van vergadering

10. (1) Tensy die notule van 'n vergadering op dieselfde vergadering goedgekeur word, word die notule as gelees beskou met die oog op goedkeuring: Met dien verstande dat 'n afskrif van die notule op elke lid beteken word, soos in artikel 115 van die Stelsels Wet voorsien, minstens 24 uur voor die aanvang van die vergadering.

(2) Geen mosie, voorstel of bespreking word oor die notule toegelaat nie, behalwe met betrekking tot die akkuraatheid daarvan.

Vrae deur lede

11. (1) 'n Lid kan tydens 'n vergadering 'n vraag stel –

(a) aangaande 'n saak voortvloeiend uit of wat betrekking het op 'n item vervat in 'n verslag van die Uitvoerende Komitee wanneer die item aan die beurt kom of gedurende die bespreking daarvan;

(b) betreffende die algemene werk van die Raad wat nie voortvloeiend uit of betrekking het op 'n item vervat in 'n verslag van die Uitvoerende Komitee nie: Met dien verstande dat sodanige vraag slegs gestel kan word indien ten minste 7 dae vooraf 'n skriftelike kennisgewing by die Munisipale Bestuurder ingedien is, wat onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing aan die Speaker en die voorsitter van die Uitvoerende Komitee voorsien.

(2) 'n Vraag wat, na die mening van die Speaker, van dringende openbare belang is, kan op 'n vergadering gevra word alleen nadat daar in tweevoud skriftelik van kennis gegee is aan die Munisipale Bestuurder, minstens tien minute voor die aanvang van die vergadering en die Munisipale Bestuurder voorsien dadelik 'n afskrif daarvan aan die Speaker en die voorsitter van die Uitvoerende Komitee.

(3) Enige vraag ingevolge hierdie artikel gestel, word deur of namens die voorsitter van die Uitvoerende Komitee beantwoord.

(4) Nadat 'n lid se vraag beantwoord is, kan hy of sy 'n verduideliking daarvan versoek en die volledigheid van die antwoord word nie gedebateer nie, tensy die Speaker toestemming daartoe verleen.

(5) Die Speaker mag 'n vraag weier, indien hy of sy van mening is dat sodanige vraag buite orde of onduidelik gestel is.

Verslagdoening aan die Uitvoerende Komitee

12. (1) 'n Verslag van 'n departementshoof word aan die Munisipale Bestuurder gerig en die Munisipale Bestuurder lê sodanige verslag aan die Uitvoerende Komitee voor.

(2) Die Munisipale Bestuurder kan 'n verslag terugverwys na 'n departementshoof vir feiteregstelling of verduideliking en hy of sy kan, indien hy of sy dit nodig ag, kommentaar daarop lewer en 'n aanbeveling in verband met 'n verslag in subartikel (1) bedoel, maak.

Samestelling van 'n verslag van die Uitvoerende Komitee

13. (1) 'n Verslag deur die Uitvoerende Komitee voorgelê ingevolge die Wet, saamgelees met artikel 160(6)(a) tot (c) van die Grondwet, moet eerstens die sake met betrekking waartoe aanbevelings gemaak word, vervat (hierna die "eerste gedeelte" genoem) en daarna sake wat gedelegeer is na –

(a) die Uitvoerende Komitee; en

(b) komitees soos bedoel in artikel 79 van die Wet.

(2) Behalwe waar 'n item slegs vir kennisname aan die Raad voorgelê word, bevat elke item van die eerste gedeelte 'n aanbeveling wat deur die Raad aanvaar kan word.

Verslag word ingedien

14. 'n Verslag van die Uitvoerende Komitee, behalwe 'n verslag wat deur die Speaker as dringend aanvaar word, word ingedien op die wyse soos in die Wet voorsien.

Voorstel op verslag

15. (1) Die voorsitter van die Uitvoerende Komitee of 'n lid deur hom of haar daartoe versoek, lê 'n verslag van die Uitvoerende Komitee voor en met die voorlegging word voorgestel:

"dat die verslag oorweeg word".

(2) Die voorstel in subartikel (1) bedoel, word nie bespreek nie en indien die Raad die voorstel aanvaar, moet die Speaker die aanbevelings van die eerste gedeelte van die verslag punt vir punt aan die orde stel, behalwe as hy of sy vir 'n goeie rede die volgorde sou verander.

(3) Indien 'n aanbeveling in subartikel (2) bedoel deur die Raad aanvaar word, word dit 'n besluit van die Raad.

(4) Na afloop van die eerste gedeelte van die verslag in subartikel (2) bedoel, moet die Speaker besprekings van die daaropvolgende gedeeltes toelaat: Met dien verstande dat –

(a) sodanige besprekings beperk word tot –

(i) een uur vir sake bedoel in artikel 13(1)(a); en

(ii) 30 minute per gedeelte bedoel in artikel 13(1)(b);

(b) met uitsondering van die voorsitter van die Uitvoerende Komitee, 'n lid nie, behalwe met toestemming van die Raad, vir langer as 10 minute mag praat nie en wanneer 'n lid wel toegelaat word om langer as 10 minute te praat, besluit die Raad oor die tydsduur;

(c) gedurende sodanige bespreking, geen ander voorstel ingedien word nie, behalwe 'n voorstel dat die Uitvoerende Komitee of 'n komitee in artikel 13(1)(b) bedoel, na gelang van die geval, versoek word om sy besluit te heroorweeg;

(d) gedurende sodanige bespreking 'n lid kan versoek dat sy of haar teenstem teen 'n besluit in sodanige daaropvolgende gedeelte en sy of haar redes daarvoor, genotuleer word en die Munisipale Bestuurder notuleer sodanige teenstem.

Aanbevelings van die Uitvoerende Komitee word as voorstelle beskou

16. Dit word geag dat die voorstel van 'n lid ingevolge artikel 15, elke aanbeveling in die verslag voorstel en dat sodanige voorstel gesekondeer is.

Onttrekking of wysiging van aanbeveling

17. Die lid wat 'n voorstel ingevolge artikel 15 gemaak het, kan 'n aanbeveling in die verslag vervat, met toestemming van die Raad onttrek of wysig.

Repliek op debat

18. (1) Die voorsitter van die Uitvoerende Komitee of 'n lid wat 'n voorstel ingevolge artikel 15 maak, moet repliek lewer en die debat sluit op enige item in 'n verslag van die Uitvoerende Komitee, sonder om nuwe sake aanhangig te maak.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel(1), kan die Speaker of die lid daarin genoem, 'n verduidelikende verklaring of aankondiging maak voor die oorweging van 'n spesifieke item vervat in die verslag van die Uitvoerende Komitee of gedurende die bespreking van sodanige verslag.

Afvaardiging

19. (1) (a) 'n Afvaardiging wat 'n onderhoud met die Raad verlang, dien 'n memorandum in wat die vertoë wat hulle gaan lewer, uiteensit.

(b) Die Munisipale Bestuurder lê die memorandum aan die Uitvoerende Komitee voor wat die afvaardiging kan ontvang en die sake vervat in die memorandum kan hanteer ingevolge die magte gedelegeer: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee kan afsien van die nodigheid vir voorlegging van 'n memorandum.

(c) Indien die Uitvoerende Komitee van mening is dat die saak aan die Raad voorgelê behoort te word, doen hy so aan die Raad verslag en indien die Raad dit gelas, word die onderhoud aan die afvaardiging toegestaan.

(2) 'n Afvaardiging bestaan hoogstens uit 3 lede en slegs een lid voer die woord, behalwe in antwoord op 'n vraag van 'n lid. Die saak word nie verder oorweeg alvorens die afvaardiging onttrek het nie.

Petisie

20. 'n Petisie kan deur 'n lid voorgelê word, maar geen toespraak of kommentaar daaroor word deur die lid aan die Raad gelewer nie. Sodanige petisie word na die Uitvoerende Komitee verwys, wat verslag daaromtrent aan die Raad moet lewer.

Vorm van kennisgewing van mosie

21. (1) 'n Kennisgewing van mosie moet in skrif wees en deur die lid wat dit indien, onderteken wees.

(2) 'n Mosie moet by die Munisipale Bestuurder ingedien word, wat dit in 'n boek vir hierdie doel moet inskryf en die boek moet beskikbaar wees ter insae van lede. Die Munisipale Bestuurder voorsien elke lid onverwyld van 'n afskrif van die mosie.

(3) Op die versoek van die lid wat die mosie ingedien het, moet die Munisipale Bestuurder skriftelik ontvangs erken.

(4) Behalwe waar 'n kennisgewing van mosie minstens 10 dae voor 'n vergadering ontvang is, word dit nie gespesifiseer in die kennisgewing van die vergadering nie.

(5) 'n Mosie moet betrekking hê op 'n vraag aangaande die administrasie of toestande in die Munisipaliteit.

(6) Die lid wat 'n mosie indien, kan repliek lewer: Met dien verstande dat indien 'n voorstel met betrekking tot sodanige mosie ingevolge artikel 43(1)(b), (c), (d), (e), (f) of (g) aanvaar word, sodanige lid vir hoogstens 10 minute repliek kan lewer.

Volgorde van mosies

22. Elke mosie word by ontvangs gedateer en genommer en moet deur die Munisipale Bestuurder in die agenda opgeneem word in volgorde van ontvangs, behalwe in die geval van 'n kennisgewing van 'n wysiging wat opgeneem word direk na sodanige kennisgewing van mosie, ongeag die tyd wanneer die kennisgewing van mosie om te wysig, ontvang is.

Beperking van kennisgewings

23. Geen lid mag meer as een mosie anders as 'n terugverwysde mosie op die agenda plaas nie en geen lid mag meer as ses mosies, insluitende 'n mosie soos bedoel in artikel 50(1), in enige jaar voorstel nie.

Mosie om 'n besluit geneem in die voorafgaande drie maande te herroep

24. (1) Wanneer 'n lid 'n voorstel indien ingevolge artikel 21 wat –

(a) die herroeping of wysiging van 'n besluit van die Raad wat in die voorafgaande drie maande geneem is ten doel het; of

(b) dieselfde doel het as 'n mosie wat verwerp is in die voorafgaande drie maande,

word sodanige mosie slegs op die agenda geplaas indien die kennisgewing van so 'n mosie geteken is deur drie lede addisioneel tot die lid wat die mosie voorgestel het.

(2) 'n Mosie soortgelyk aan die een wat verwerp is ingevolge subartikel (1), word nie weer voorgestel binne 6 maande na sodanige verwerping nie.

(3) Ondanks die bepalings van subartikels (1) en (2), kan die Raad op enige tydstip 'n besluit herroep of wysig na aanleiding van 'n aanbeveling van die Uitvoerende Komitee vervat in 'n verslag ooreenkomstig artikel 15.

Prosedure met betrekking to die behandeling van mosies

25. (1) Wanneer mosies bespreek word, lees die Speaker die nommer van elke mosie en die naam van die voorsteller uit en stel vas watter mosies onbestrede is.

(2) 'n Onbestrede mosie word onmiddellik, sonder bespreking, deurgevoer.

(3) Indien daar 'n bestrede mosie is, moet die Speaker vir 'n sekondant vra en hy of sy stel daarna elke gesekondeerde mosie aan die orde.

(4) 'n Lid wat 'n mosie sekondeer, kan vervolgens oor sodanige mosie praat, behalwe waar 'n voorstel ingevolge artikel 43(1)(b), (c), (d), (e), (f) of (g) met betrekking tot sodanige mosie gemaak en deurgevoer is voordat die sekondant aan die woord gekom het.

(5) 'n Mosie wat nie deur die voorsteller daarvan gestel word nie of wat nie gesekondeer word nie, verval.

Onreëlmatige mosies of voorstelle

26. Die Speaker weier 'n mosie of voorstel –

(a) wat volgens sy of haar mening –

(i) kan lei tot die bespreking van 'n saak wat reeds op die agenda is of wat nie betrekking het op 'n vraag in verband met die administrasie of toestande in die Munisipaliteit nie; of

(ii) wat 'n saak uitmaak vir, 'n opinie weergee of wat onnodige feitlike, inkriminerende, afbrekende of onbehoorlike aantuigings bevat;

(b) met betrekking tot –

(i) sake waaroor die Raad geen jurisduksie het nie; of

(ii) 'n besluit deur 'n geregtelike of *quasi*-geregtelike liggaam hangende is; of

(c) wat, indien dit deurgevoer word, teenstrydig met die bepalings in hierdie Reglement van Orde of 'n ander wet sal wees of wat nie afdwingbaar sal wees nie.

Sake dien voor die Raad by wyse van voorstel

27. (1) Behoudens die bepalings van artikels 15(2) en 16, word 'n saak nie geag voor die Raad vir 'n besluit te dien nie, behalwe waar 'n voorstel oor sodanige saak behoorlik gemaak en gesekondeer is.

(2) Die bepalings van artikel 25(4) geld *mutatis mutandis* vir 'n lid wat 'n voorstel sekondeer.

Bepalings met betrekking tot die oorweging van die begroting

28. Ondanks andersluidende bepalings hierin vervat, geld die volgende bepalings wanneer die Raad die begroting oorweeg:

(a) 'n Voorstel wat tot gevolg sal hê dat geraamde inkomste of uitgawe van die Raad, vermeerder of verminder, word nie ingedien alvorens die debat oor die begroting afgesluit is nie.

(b) Nadat die debat oor die begroting afgesluit is, stel die Speaker elke voorstel soos bedoel in paragraaf (a) in volgorde.

(c) Indien sodanige voorstel aanvaar word, word die begroting nie ooreenkomstig die besluit as gewysig beskou nie en die vergadering word uitgestel tot 'n datum en tyd deur die Speaker bepaal, behalwe waar die voorsitter van die Uitvoerende Komitee, of 'n lid van die komitee deur hom of haar gemagtig, beslis dat sodanige uitstel onnodig is.

(d) Indien ingevolge paragraaf (c) besluit word dat 'n uitstel van die vergadering onnodig is, word die begroting as gewysig beskou ooreenkomstig 'n besluit in daardie paragraaf bedoel.

(e) Na 'n uitstel in paragraaf (c) bedoel, ondersoek die Uitvoerende Komitee die implikasie van ieder sodanige besluit en doen verslag daaroor aan die Raad by die hervatting van die vergadering.

(f) Nadat die Uitvoerende Komitee verslag gedoen het ingevolge paragraaf (e), moet die Speaker –

(i) 'n debat daaroor toelaat;

(ii) daarna weer elke voorstel in paragraaf (c) bedoel, stel en indien sodanige voorstel aanvaar word, word die begroting ingevolge daardie besluit gewysig.

Verwysing van voorstel wat die begroting raak na Uitvoerende Komitee

29. 'n Mosie of voorstel, anders as 'n voorstel in artikel 16 bedoel wat die gevolg sal hê dat die goedgekeurde begroting vermeerder of verminder, word nie aanvaar alvorens die Uitvoerende Komitee daaroor verslag gedoen het nie.

Verwysing van voorstel of mosie na Uitvoerende Komitee betreffende aangeleenthede in artikel 30(5) van die Wet bedoel

30. 'n Mosie of voorstel, anders dan 'n aanbeveling van die Uitvoerende Komitee, wat 'n aangeleentheid in artikel 30(5) van die Wet bedoel raak, moet voordat die Raad 'n besluit daaroor aanvaar, na die Uitvoerende Komitee verwys word om daaroor verslag te doen en 'n aanbeveling te maak.

Onttrekking of wysiging van mosie of voorstel

31. (1) 'n Voorsteller kan, met die toestemming van die Raad, 'n voorstel of mosie onttrek en slegs die voorsteller word toegelaat om die versoek tot sodanige toestemming te verduidelik.

(2) Nadat toestemming vir onttrekking op voornoemde wyse versoek is, word geen verdere bespreking oor sodanige mosie of voorstel toegelaat nie en die toestemming soos versoek, word sonder verdere bespreking verleen of geweier.

Toespreek van die vergadering

32. 'n Lid kan sit terwyl hy of sy praat en spreek die Speaker aan.

Voorrang van Speaker

33. Wanneer die Speaker praat, moet enige lid wat besig is om te praat of aangedui het dat hy of sy wil praat, sy of haar sitplek inneem indien hy of sy staan en die lede moet 'n stilte handhaaf sodat die Speaker sonder onderbreking aangehoor kan word.

Lengte van toesprake

34. (1) Behoudens artikels 15 en 43, kan 'n lid vir hoogstens 10 minute praat: Met dien verstande dat –

(a) 'n Lid wat 'n mosie indien, vir hoogstens 15 minute kan praat om sy of haar mosie toe te lig; en

(b) die Raad toestemming kan verleen dat 'n verdere 5 minute vir sodanige toespraak toegelaat word.

(2) Die Raad kan afstand doen van die bepalings van subartikel (1) met betrekking tot 'n verklaring wat met toestemming van die Raad deur die voorsitter of enige ander lid van die Uitvoerende Komitee in verband met 'n saak voortvloeiend uit 'n verslag gemaak word.

(3) 'n Lid wat aan 'n debat deelneem, kan gedurende sy of haar toespraak van notas gebruik maak, maar geen lid word toegelaat om sy of haar toespraak af te lees nie. Die Speaker kan 'n lid wat sy of haar toespraak aflees, versoek om die toespraak onmiddellik te beëindig.

(4) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op –

(a) die voorsitter van die Uitvoerende Komitee wanneer hy of sy die begroting voordra en die debat daaroor open nie;

(b) die voorsitter van die Uitvoerende Komitee wanneer hy of sy of enige ander lid van die komitee deur hom of haar gemagtig om die begrotingsrede te lewer, of repliek te lewer op die debat betreffende die oorweging van die begroting nie;

(c) die voorsitter van die Uitvoerende Komitee wanneer hy of sy die debat betreffende oorweging van die begroting afsluit nie; en

(d) die persoon wat ingevolge artikel 18(1) repliek lewer en die debat afsluit soos bedoel in genoemde artikel.

Relevansie

35. (1) 'n Lid wat praat, moet sy of haar toespraak streng rig op die saak onder bespreking of op 'n verduideliking of op 'n punt van orde.

(2) Die Speaker laat nie 'n bespreking toe –

(a) wat 'n saak op die agenda voortuitloop nie; of

(b) oor 'n saak ten opsigte waarvan 'n besluit deur 'n geregtelike- of *quasi*-geregtelike liggaam hangende is nie.

Irrelevansie, herhaling en versteuring van orde

36. (1) Indien die Speaker van mening is dat 'n lid –

(a) nie voldoen aan die bepalings van artikel 35(1) nie of skuldig is aan irrelevansie of langdradige herhaling tydens sy of haar toespraak, kan die Speaker hom of haar gelas om aan genoemde bepalings te voldoen of om die irrelevansie of langdradige herhaling te staak;

(b) poog om 'n bespreking teenstrydig met artikel 35(2) te voer, moet die Speaker hom of haar gelas om die bespreking te staak;

(c) terwyl hy of sy in die Raadsaal teenwoordig is, ongeag of hy of sy die Raad toespreek –

(i) onbehoorlike of aanstootlike taal besig;

(ii) 'n inkriminerende, lasterlike of afbrekende opmerking, beskuldiging of insinuasie ten opsigte van 'n ander lid of persoon maak;

(iii) die orde versteur of die gesag van die Speaker verontagsaam; of

(iv) onbehoorlik geklee is,

gelas die Speaker die lid om onmiddellik sodanige gedrag te staak of reg te stel.

(2) Indien 'n lid nie gehoor gee aan 'n lasgewing in subartikel (1) bedoel nie, kan die Speaker –

(a) in 'n geval in subartikel 1(a) of (b) bedoel, gelas dat die betrokke lid sy of haar toespraak staak; of

(b) in 'n geval in subartikel 1(c) bedoel, gelas dat die betrokke lid vir die verdere duur van die vergadering onttrek.

Die Speaker kan 'n lid laat verwyder

37. (1) Indien 'n lid weier om 'n lasgewing ingevolge artikel 36(2)(a) of (b) na te kom, kan die Speaker 'n beampte aansê om sodanige lid te verwyder en om stappe te neem om te voorkom dat sodanige lid na die vergadering terugkeer.

(2) Artikel 36(1)(c), 36(2) en subartikel (1) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n lid van die publiek.

Uitsluiting van lede

38. (1) 'n Lid wat opsetlik die gesag van die Speaker verontagsaam of opsetlik die orde by 'n vergadering versteur, kan deur die Raad uitgesluit word van Raadsvergaderings vir 'n tydperk van hoogstens 45 dae soos deur die Raad bepaal: Met dien verstande dat die betrokke lid binne 7 dae vanaf die vergadering waar daar op sy of haar uitsluiting besluit is, 'n skriftelike appèl aan die Burgemeester kan rig, wat op sy of haar beurt 'n spesiale Raadsvergadering moet belê om die appèl te oorweeg binne 7 dae vanaf datum waarop die appèl ontvang is.

(2) Die Raad kan op voornoemde spesiale vergadering die oorspronklike Raadsbesluit bevestig, verwerp of wysig.

(3) By oorweging van die appèl, moet die Raad die reëls van natuurlike geregtigheid toepas.

(4) 'n Voorstel vir die uitsluiting van 'n lid kan op enige stadium van 'n vergadering ingedien word.

Lid mag slegs een keer praat

39. (1) Behoudens andersluidende bepalings of die voorafverkreë goedkeuring van die Speaker, kan 'n lid hoogstens een keer oor enige mosie of voorstel praat en die Speaker se besluit om aan sodanige lid toestemming te verleen om te praat of te weier is finaal en is nie vir bespreking oop nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing op 'n lid van die Uitvoerende Komitee wanneer die Raad die begroting oorweeg nie.

'n Punt van orde en persoonlike verduideliking

40. (1) 'n Lid kan 'n punt van orde stel of 'n verduideliking gee, maar sodanige verduideliking word beperk tot die wesenlike inhoud van sy of haar vorige toespraak.

(2) Sodanige lid word versoek om onmiddellik te praat.

Beslissing van die Speaker oor 'n orde reëling

41. Die beslissing van die Speaker oor 'n punt van orde of oor die toelaatbaarheid van 'n verduideliking is finaal en is nie oop vir bespreking nie.

Hoe gestem word

42. (1) 'n Bestrede mosie of voorstel word aan die Raad gestel deur die Speaker, wat die lede versoek om by wyse van opsteek van hande (tensy die Raad anders besluit) aan te dui of hulle vir of teen sodanige mosie stem of buite stemming bly, waarna die Speaker die uitslag van die stemming aankondig.

(2) Nadat die Speaker die uitslag van stemme ingevolge subartikel (1) aangekondig het, kan 'n lid versoek dat –

(a) sy of haar stem teen die besluit genotuleer word; of

(b) 'n hoofdelike stemming gehou word deur op te staan en so 'n eis aan die Speaker te stel.

(3) Wanneer 'n hoofdelike stemming behoorlik ingevolge subartikel (2)(b) versoek is, moet die Speaker daartoe toestem; die verdelingsklok word vir minstens een minuut gelui, waarna alle ingange tot die Raadsaal toegemaak word en geen lid die Raadsaal mag verlaat of binnekom, alvorens die uitslag van die verdeling bekend gemaak is nie.

(4) Na die verstryking van die tydsduur in subartikel (3) vermeld, bring die Speaker weer die mosie of voorstel tot stemming soos in subartikel (5) bepaal word en maak daarna die uitslag van die hoofdelike stemming bekend.

(5) 'n Hoofdelike stemming vind soos volg plaas: Die Munisipale Bestuurder lees die naam van elke lid afsonderlik in alfabetiese volgorde uit. Elke lid moet by wyse van 'n hoorbare "vir" of "teen" of "buite stemming" aandui of hy of sy ten gunste of teen die voorstel stem of buite stemming bly en die Munisipale Bestuurder notuleer die stem van elke lid asook die name van elke afwesige lid.

(6) Wanneer 'n hoofdelike stemming ooreenkomstig die voorafgaande bepalings plaasvind, is elke aanwesige lid, met inbegrip van die Speaker, verplig om sy of haar stem ten gunste of teen die mosie of voorstel uit te bring of aan te dui dat hy of sy buite stemming bly.

(7) 'n Lid wat 'n hoofdelike stemming aanvra, verlaat nie die Raadsaal alvorens sodanige stemming afgehandel is nie.

(8) Indien daar 'n staking van stemme is ten opsigte van 'n voorstel waaroor daar ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) of (4) gestem is, moet die Speaker, ooreenkomstig die bepalings van artikel 30(4) van die Wet, 'n beslissende stem uitbring.

Voorstelle wat gemaak kan word

43. (1) Wanneer 'n mosie of voorstel by 'n vergadering bespreek word, kan geen ander voorstel ingedien word nie, behalwe 'n voorstel –

(a) dat die mosie of voorstel gewysig word;

(b) dat die oorweging van die saak uitgestel word;

(c) dat die vergadering verdaag word;

(d) dat die debat verdaag word;

(e) dat die vraag gestel word;

(f) dat die Raad na die volgende saak oorgaan;

(g) dat die vraag terugverwys word vir verdere oorweging;

(h) dat, om die saak te hanteer, die Raad in komitee sal gaan ingevolge artikel 54; of

(i) dat die oorweging van die saak oorstaan totdat die Raad al die sake op die agenda afgehandel het:

Met dien verstande dat die voorstelle in paragrawe (b) tot (g) vermeld, nie ingedien word voordat die voorsteller van die mosie of voorstel onder bespreking daaroor gepraat het nie: Met dien verstande voorts dat 'n tweede voorstel ingevolge paragrawe (b) tot (f) nie binne'n halfuur na 'n dergelike voorstel oor dieselfde saak ingedien kan word nie, tensy die omstandighede na die mening van die Speaker ingrypend verander het.

(2) 'n Lid wat nie aan die debat oor die betrokke mosie of voorstel deelgeneem het nie, kan gedurende daardie debat aan die einde van enige toespraak, voorstel dat –

(a) oorweging van die vraag uitgestel word tot 'n vasgestelde datum; of

(b) die vergadering nou verdaag: Met dien verstande dat die vergadering nie verdaag alvorens die debat oor die mosie of voorstel verdaag het nie; of

(c) die debat verdaag word.

(3) 'n Lid wat 'n voorstel ingevolge subartikel (2) ingedien het, kan hoogstens 5 minute daaroor praat, maar die sekondant word nie toegelaat om daaroor te praat nie.

(4) 'n Lid wat 'n voorstel ingevolge subartikel (2) ingedien het, kan tydens die debat oor sodanige voorstel vir hoogstens 5 minute daaroor praat en daarna word die voorstel sonder enige verdere debat gestel.

Oorweging van saak wat oorgehou gaan word

44. 'n Lid wat 'n voorstel ingevolge subartikel 43(1)(i) maak, kan hoogstens 3 minute daaroor praat, maar die sekondant kan glad nie daaroor praat nie en daarna word oor die voorstel gestem sonder enige verdere debat.

Wysiging van 'n mosie of voorstel

45. (1) 'n Wysiging wat voorgestel word moet betrekking hê op die mosie of voorstel ten opsigte waarvan dit voorgestel word.

(2) 'n Wysiging wat voorgestel word, moet op skrif gestel, deur die voorsteller onderteken en aan die Speaker oorhandig word.

(3) 'n Wysiging wat voorgestel word, moet duidelik deur die Speaker aan die vergadering gestel word, voordat daaroor gestem word.

(4) (a) Waar 'n wysiging voorgestel en gesekondeer is, word geen verdere wysigings voorgestel nie, alvorens 'n besluit aanvaar is waarop 'n verdere wysiging voorgestel kan word.

(b) Indien die wysiging aanvaar word, neem die gewysigde mosie of voorstel die plek van die oorspronklike mosie of voorstel in en word dit die substantiewe mosie of voorstel waarop 'n wysiging voorgestel kan word.

(5) 'n Lid kan slegs een wysiging op 'n mosie of voorstel indien.

(6) Die voorsteller van 'n wysiging op 'n voorstel of mosie het geen reg tot repliek nie.

Uitstel van oorweging van vraag

46. Wanneer 'n mosie aanvaar is dat 'n vraag uitgestel word na 'n vasgestelde datum, word die mosie of voorstel eerste onder die mosies of voorstelle vervat in die veslag van daardie komitee aan die Raad op die vasgestelde datum geplaas.

Verdaging van vergadering

47. Geen lid stel by enige vergadering meer as een keer voor of sekondeer dat die vergadering moet verdaag nie.

Verdaging van debat

48. (1) Indien 'n voorstel aanvaar word dat die debat verdaag word, hanteer die Raad die volgende saak wat op die agenda verskyn en word die saak ten opsigte waarvan die debat verdaag is, eerste geplaas op die lys van mosies of voorstelle van die volgende vergadering en die bespreking daarvan word by daardie vergadering hervat.

(2) Wanneer 'n debat wat verdaag is, hervat word, is die lid wat voorgestel het dat dit verdaag word, geregtig om eerste te praat.

(3) Geen lid maak meer as een voorstel ter verdaging van dieselfde debat of sekondeer meer as een sodanige voorstel nie.

Stel van die vraag

49. (1) Behoudens die bepalings van artikel 43(1) kan 'n lid wat nie aan die debat oor 'n mosie of voorstel deelgeneem het nie, aan die einde van 'n toespraak gedurende die debat, voorstel dat die vraag gestel word.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3) is 'n voorstel ingevolge subartikel (1) gemaak, nie vir bespreking oop nie.

(3) Die voorsteller van 'n vraag onder bespreking kan, wanneer 'n voorstel ingevolge subartikel (1) gemaak is, vir hoogstens 5 minute oor sodanige voorstel praat en vervolgens word die voorstel sonder enige verdere debat gestel.

Die Raad gaan oor na volgende saak

50. (1) Behoudens die bepalings van artikel 43(1) kan 'n lid wat nie aan 'n debat oor 'n mosie of voorstel deelgeneem het nie, aan die einde van 'n toespraak voorstel dat die Raad oorgaan na die volgende saak.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3) is 'n voorstel ingevolge subartikel (1) gemaak nie vir bespreking oop nie.

(3) Die voorsteller van 'n vraag onder bespreking kan, wanneer 'n voorstel ingevolge subartikel (1) gemaak is, vir hoogstens 5 minute oor sodanige voorstel praat en daarna word die voorstel sonder enige verdere bespreking gestel.

(4) Indien 'n voorstel ingevolge subartikel (1) aanvaar word, verval die vraag onder bespreking.

Terugverwysing van 'n vraag vir verdere oorweging

51. (1) Wanneer 'n aanbeveling van die Uitvoerende Komitee voor die Raad dien, kan 'n lid voorstel dat die vraag vir verdere oorweging na die Uitvoerende Komitee terugverwys word.

(2) Die voorsteller van sodanige vraag het geen reg tot repliek nie.

(3) So 'n voorstel word nie gestel alvorens aan die bepalings van artikel 18 voldoen is nie.

(4) Wanneer sodanige voorstel aanvaar word, sluit die debat oor die aanbeveling en gaan die Raad oor na die volgende saak.

Opskorting van artikel 8

52. (1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Reglement van Orde, maar behoudens die bepalings van hierdie artikel, kan 'n lid in'n gewone vergadering of met die verdaging daarvan, voorstel dat die bepalings van artikel 8 opgeskort word om hom of haar in staat te stel om 'n voorstel in te dien, waarvan kennis nie ingevolge artikel 21gegee kon word nie weens die dringendheid van sodanige voorstel.

(2) Die voorstel en mosie genoem in subartikel (1) moet op skrif gestel word, deur die voorsteller en ten minste een sekondant onderteken word en aan die Speaker minstens 10 minute voor die aanvang van die vergadering waarop sodanige voorstel of mosie bedoel is om te dien, oorhandig word, tensy die Speaker 'n korter tydsduur toelaat.

(3) Beide word deur die Speaker afgewys, indien hy of sy sodanige mosie ingevolge artikel 26 kon afwys.

(4) Onmiddellik voordat die verslag van die Uitvoerende Komitee ingevolge artikel 15 voorgelê word, maak die Speaker bekend dat 'n voorstel en mosie ingevolge subartikel (1), indien enige, aan hom of haar oorhandig is en of hy of sy dit toegelaat of afgewys het en indien sodanige voorstel en mosie wel toegelaat is, hulle voor of na die afhandeling van die verslag van die Uitvoerende Komitee sal dien.

(5) Indien die Speaker die voorstel en mosie toelaat ingevolge subartikel (4), moet die betrokke lid, wanneer die Speaker so aandui, die mosie aflees en nadat hy of sy vir hoogstens 5 minute oor slegs die rede van die dringendheid van die oorweging van die mosie gepraat het, wat die aflees van die mosie insluit, kan hy of sy voorstel dat die bepalings van artikel 8 opgeskort word.

(6) Die sekondant van die voorstel en mosie ingevolge subartikel (1) kry nie 'n spreekbeurt daaroor nie, behalwe om dit formeel te sekondeer.

(7) Die voorstel tot opskorting word geag aanvaar te wees, indien die lede wat daarvoor stem 'n meederheid van al die lede van die Raad uitmaak.

(8) Indien die voorstel tot opskorting aanvaar word, word die mosie geag behoorlik gestel te wees en daarna kan die bespreking daarvan voortgaan ooreenkomstig die bepalings van hierdie Reglement van Orde.

Vertolking van Reglement van Orde

53. (1) (a) 'n Lid kan versoek dat die Speaker se beslissing oor die vertolking van die Reglementvan Orde in die notule aangeteken word en die Munisipale Bestuurder hou 'n register van sodanige beslissings by.

(b) Die Speaker onderteken die inskrywing in die register van elke beslissing wat hy of sy gegee het.

(2) 'n Lid wat 'n versoek ingevolge subartikel (1) gerig het, kan mondelings gedurende daardie vergadering of skriftelik binne 5 dae daarna, eis dat die Munisipale Bestuurder die saak aan die Uitvoerende Komitee voorlê, en in sodanige geval oorweeg die Uitvoerende Komitee die beslissing en doen daaroor aan die Raad verslag.

Bespreking van sake in komitee

54. (1) Wanneer 'n lid voorstel dat die Raad in komitee gaan om 'n saak op die agenda te oorweeg, insluitend 'n voorstel ingevolge artikel 52(1), kan hy of sy vir hoogstens 3 minute oor sodanige voorstel praat, maar die sekondant praat nie daaroor nie.

(2) Nadat 'n voorstel in subartikel (1) bedoel aanvaar is, kan die Speaker na oorweging, indien dit redelik en nodig blyk te wees om die regte van die persoon of onderwerp onder bespreking te beskerm, die pers, die publiek en enige ander persoon wie se teenwoordigheid volgens sy of haar mening nie gedurende die bespreking vereis word nie, gelas om die Raadsaal te verlaat en nadat hy of sy tevrede is dat die instruksie uitgevoer is, stel hy of sy die betrokke saak weer aan die orde.

(3) 'n Bespreking van 'n saak in komitee skort geen ander bepaling van hierdie Reglement van Orde op nie.

(4) Die Speaker moet, indien daar nadat die Raad die sake in komitee afgehandel het nog ander sake op die agenda verskyn, weer die pers, die publiek en ander persone toelaat om die Raadsaal binne te gaan.

(5) 'n Besluit van die Raad om in komitee te gaan word met deeglike inagneming van artikel 160(7) van die Grondwet geneem.

Kworum van die Raad of die Raad as komitee

55. Die kworum van die Raad en die Raad as komitee is die meerderheid van al die lede van die Raad.

Bedanking van setel op komitee

56. 'n Lid van 'n komitee wat van die komitee wil bedank, rig sy of haar bedanking skriftelik aan die Munisipale Bestuurder waarna dit nie weer teruggetrek kan word nie.

Vul van vakature in 'n komitee

57. Die Uitvoerende Komitee moet aan die Raad kennis gee dat daar 'n vakature op 'n komitee ontstaan het, uitgesonderd 'n vakature op die Uitvoerende Komitee, nie later nie as die tweede vergadering na die vergadering van die komitee waarop die vakature bekend geword het en die Raad kan die vakature vul.

Vul van 'n vakature in 'n komitee gedurende die afwesigheid van 'n lid

58. Wanneer 'n lid, uitgesonderd 'n lid van die Uitvoerende Komitee verlof tot afwesigheid van 'n vergadering van 'n komitee verkry het, kan die Raad 'n ander lid aanwys om waar te neem gedurende sy of haar afwesigheid op enige komitee waarop die afwesige lid dien.

Datums en tye van vergaderings van die Uitvoerende Komitee

59. (1) Die voorsitter van die Uitvoerende Komitee bepaal die datums, tye en plekke van vergaderings.

(2) Geen vergadering van die Uitvoerende Komitee word gehou gedurende 'n Raadsvergadering, sonder die Raad se toestemming nie.

Kennisgewing van vergadering van die Uitvoerende Komitee

60. (1) Die Munisipale Bestuurder reik 'n kennisgewing uit waarin 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee belê en die werksaamhede wat deur die komitee oorweeg moet word aangedui word.

(2) Die kennisgewing word by elke lid van daardie komitee afgelewer of dit word gelaat by sy of haar besigheids- of residensiële adres minstens 24 uur voor die aanvang van 'n gewone vergadering, maar indien die kennisgewing per toeval nie so afgelewer of gelaat is nie, word die geldigheid van die vergadering nie daardeur geraak nie.

Bywoningsregister vir vergaderings van die Uitvoerende Komitee

61. (1) Die Munisipale Bestuurder hou 'n bywoningsregister waarin elke lid van die Uitvoerende Komitee wat 'n vergadering van die komitee bywoon, sy of haar naam teken.

(2) 'n Lid wat nie 'n lid van die Uitvoerende Komitee is nie, wat 'n vergadering van die komitee bywoon, skryf sy of haar naam in die bywoningsregister en moet agter sy of haar naam die woorde "nie lid" skryf.

Deelname aan besprekings op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee

62. Iemand wat versoek word of toegelaat word deur die Uitvoerende Komitee om 'n vergadering van die komitee by te woon, kan met die toestemming van die voorsitter van die Uitvoerende Komitee die vergadering toespreek.

Geen kworum by vergadering van die Uitvoerende Komitee

63. Indien daar na verstryking van 10 minute na die aanvangstyd van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee nog geen kworum is nie, word die vergadering gehou op 'n datum en tyd deur die Munisipale Bestuurder bepaal.

Wyse van stemming by vergaderings van die Uitvoerende Komitee

64. Die voorsitter van die Uitvoerende Komitee laat die lede van die Uitvoerende Komitee by wyse van opsteek van hande stem en 'n lid van daardie komitee wat daar teenwoordig is en stem kan versoek dat 'n hoofdelike stemming gehou word, in welke geval die bepalings van artikel 42(5), (6) en (7) *mutatis mutandis* geld: Met dien verstande dat geen bepaling hiervan die reg van 'n lid om sy of haar teenstem te laat notuleer sal beïnvloed nie.

Goedkeuring van notule van vergadering van Uitvoerende Komitee

65. (1) By 'n gewone vergadering van die Uitvoerende Komitee, nadat aansoeke vir verlof tot afwesigheid oorweeg is, word die notule van 'n vergadering van die komitee wat nog nie bekragtig is nie gelees, goedgekeur met of sonder wysigings en deur die voorsitter van die Uitvoerende Komitee onderteken.

(2) Die notule genoem in subartikel (1), kan as gelees beskou word indien dit beskikbaar was vir ondersoek deur die lede van die komitee minstens een uur voor die aanvang van die vergadering: Met dien verstande dat die notule gelees moet word indien 'n lid dit so versoek, tensy die komitee die oorweging uitstel na die volgende vergadering: Met dien verstande voorts dat indien die notule uitgestuur is op 'n wyse soos in artikel 115 van die Stelsels Wet voorsien, 'n lid nie kan aandring dat die notule gelees moet word, tensy die meerderheid van die lede teenwoordig dit so besluit nie.

Notule kan teruggehou word weens werksdruk

66. Die notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee kan weens werksdruk of 'n ander toepaslike rede teruggehou word vir goedkeuring op 'n latere vergadering.

Bespreking van notule van vergadering van Uitvoerende Komitee

67. Geen voorstel of bespreking oor die notule word toegelaat nie, behalwe oor die akkuraatheid daarvan.

Verslae mag aan die pers verskaf word

68. Die Munisipale Bestuurder kan, op aansoek deur 'n geregistreerde nuusblad, die agenda van die Raad aan 'n verteenwoordiger van sodanige nuusblad voor die aanvang van die vergadering verskaf: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee of die Burgemeester hom of haar kan aansê om nie die besondere agenda of item op die agenda te voorsien nie of om die agenda te weerhou tot na afloop van die betrokke vergadering.

Uitsluiting van lede wat dokumente openbaar

69. (1) 'n Lid wat ten opsigte van 'n saak genoem in artikel 10 van die Gedragskode vir Raadslede, aangeheg as Bylae 1 tot die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), 'n dokument of rekord van die Raad, of van die verrigtinge van ' n komitee van die Raad, of van die Raad in komitee publiseer of dit bekend maak of toelaat dat dit gepubliseer of bekend gemaak word, is skuldig aan oortreding van hierdie subartikel.

(2) Die Raad kan 'n lid wat skuldig is aan oortreding van subartikel (1), uitsluit vir 'n tydperk van hoogstens 45 dae soos deur die Raad bepaal: Met dien verstande dat die appèlprosedures soos bedoel in artikel 38 *mutatis mutandis* geld vir hierdie artikel.

(3) Indien 'n lid 'n vergadering bywoon ondanks 'n besluit ingevolge subartikel (2), kan die Speaker 'n beampte opdrag gee om die lid te verwyder en om die nodige stappe te neem om te voorkom dat die lid na die vergadering terugkeer.

Verslag van bywoning van vergaderings

70. (1) Die Munisipale Bestuurder stel jaarliks 'n verslag op oor die aantal Raadsvergaderings gehou en die bywoning daarvan deur elke lid en die aantal vergaderings gehou deur die Uitvoerende Komitee en die bywoning van elke lid van sodanige komitee.

(2) Die Munisipale Bestuurder sluit die verslag by die agenda van die gewone vergadering wat in Januarie van elke jaar gehou word in.

Sekretariaat

71. (1) Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die doeltreffende funksionering van die aktiwiteite van die Raad en sy komitees.

(2) Die Munisipale Bestuurder kan 'n aantal beamptes in die voltydse diens van die Munisipaliteit aanwys om as 'n sekretariaat vir die Raad op te tree.

(3) Die Munisipale Bestuurder kan aan 'n lid van die sekretariaat 'n werksaamheid soos die hou van notules of die verspreiding van dokumente opdra, maar bly teenoor die Raad verantwoordelik vir die doeltreffende verrigting van 'n werksaamheid aan hom of haar by of kragtens hierdie Reglement van Orde toevertrou.

Kort titel

72. Hierdie Verordening heet die Reglement van Orde, 2007.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel: (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515
Also available at the **Northern Cape Provincial Legislature, Private Bag X5066, Nobengula Extension, Kimberley, 8301.**
Tel. (direct line): (053) 839-8073. Fax: (053) 839-8094
Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001. Tel: (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515
Ook verkrygbaar by die **Noord-Kaap Provinsiale Wetgewer, Privaatsak X5066, Nobengula-uitbreiding, Kimberley, 8301.**
Tel. (direkte lyn): (053) 839-8073. Faks (053) 839-8094